MAATSKAPLIKE WERKERS SE SIENINGS OOR DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS IN DIE MIDDELKINDERJARE

deur

Susanna Maria Theron

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Maatskaplike Werk in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Dr Marianne Strydom

Maart 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie tesis in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2013

Kopiereg © 2013 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ERKENNING EN BEDANKINGS

Hiermee wil ek erkenning en eer gee aan die Almagtige God vir die tesis, sonder wie hierdie werk nie moontlik sou wees nie.

Ek wil my opregte dank en waardering uitspreek aan die volgende persone en instansies vir hulle volgehoue ondersteuning en hulp in die voltooiing van hierdie tesis:

- My Here en My God
- My studieleier, Dr Marianne Strydom
- My geliefde man
- My moeder
- My familie en skoonfamilie
- Elke organisasie, departement en maatskaplike werker wat bereid was om deel te neem aan hierdie studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die seksuele mishandeling van seuns word as ‘n wêreldwye probleem beskou. Ook in Suid-Afrika word die seksuele mishandeling van seuns as ‘n epidemie beskryf wat net soos die maatskaplike werk verskynsel van vroue oortreders, nie meer as raar beskou kan word nie. Alhoewel wetgewing soos Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006), asook Die Wysigingswet op die Strafreg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede), 32 van 2007, bygedra het tot ‘n groter bewustheid van die seun as slagoffer van seksuele mishandeling, bestaan daar steeds baie wanbegrippe ten opsigte van die die seun as slagoffer van seksuele mishandeling. ‘n Behoefte aan formele wetenskaplike navorsing met betrekking tot hierdie probleem is geïdentifiseer met die gevolg dat hierdie studie onderneem is. Vir die doel van hierdie studie is daar gefokus op die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, aangesien die middelkinderjare as die mees weerloosste ontwikkelingsfase beskou word vir die seun om seksueel mishandel te word. Maatskaplike werkers speel ‘n primêre rol in die voorkoming, vroeë intervensie, intervensie en nasorg in hierdie verband.

Hierdie studie het daarom ten doel gehad om maatskaplike werkers se sienings oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare te bepaal. Die doel van die studie is bereik na aanleiding van vyf doelwitte wat gestel is. Die doelwitte van die studie was om die middelkinderjare as ontwikkelingsfase binne ‘n menslike ontwikkelingsperspektief te bespreek en om die seksuele mishandeling van die seun as maatskaplike werk verskynsel te verduidelik ten einde begrip met betrekking tot die probleem van seksuele mishandeling van seuns te ontwikkel. Doelwitte wat gestel is ten einde die doel van die studie te bereik, het onder andere behels om seksuele mishandeling van seuns as maatskaplike werk verskynsel te beskou, deur te fokus op die definiëring van seksuele mishandeling, aanleidende faktore tot seksuele mishandeling, die vorme van seksuele mishandeling en die konteks en motivering van seksuele mishandeling van seuns. Om die verskillende tipes oortreders in die seksuele mishandeling van seuns te bespreek en om ondersoek in te stel na die motiverings van oortreders ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns, was ook as doelwit gestel. Hierdie studie se doelwitte was ook om ‘n ondersoek te doen na die sienings van maatskaplike werkers ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare en om aanbevelings te maak ten opsigte van die bevordering van maatskaplike werk dienslewering aan die seksueel mishandelde seun.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die literatuurstudie wat gedoen is het ‘n fondasie geskep om die probleem van die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, in die regte konteks te kan beskou. ‘n Verkennende en beskrywende studie is gedoen en het sewe-en-twintig maatskaplike werkers in die Wes-Kaap, Olifantsriviervallei area as geografiese gebied ingesluit. Semi-gestruktureerde vraelyste is benut om inligting in te samel. Die resultate was volgens ‘n kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingsmetode verwerk en geanaliseer. Die empiriese ondersoek se bevindinge het die navorser in staat gestel om sekere gevolgtrekkings te maak.

Na aanleiding van die literatuurstudie, die empiriese ondersoek, die bevindinge en die gevolgtrekkings wat daarop gevolg het, kon aanbevelings gemaak word aan maatskaplike werkers ten einde die maatskaplike werk dienslewering aan die seksueel mishandelde seun in sy middelkinderjare te bevorder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The sexual abuse of boys is regarded as a worldwide problem. Even in South Africa the sexual abuse of boys is described as an epidemic that as the social work phenomenon of women as perpetrators, can no longer be seen as rare. Although legislation, The South African Children's Act, 38 of 2005 (2006) and The Sexual Offences Amendment Act, 32 of 2007, have contributed to a greater awareness with regards to the boy as victim of sexual abuse, there still is a lot of misconceptions with regards to the boy as victim of sexual abuse. A need for formal scientific research with regards to this problem was therefore identified and lead to the conducting of this study. Focusing on the sexual abuse of the boy in middle childhood was the purpose of this study, because the middle childhood is seen as the most vulnerable developmental phase for the boy to be sexually abused in. Social workers play a primary role in the prevention, early intervention, intervention and after care in this regard.

This study was aimed at determining social workers' opinions on the sexual abuse of boys in middle childhood. The purpose of the study was met through the five goals that were determined. The goals of the study were to discuss the middle childhood as developmental phase within a human developmental perspective and to describe the sexual abuse of boys as social work phenomenon, in order to develop insight with regards to the sexual abuse of boys. Goals determined for the purpose of this study also included the discussion of the sexual abuse of boys as social work phenomenon, focusing on the definition of sexual abuse, inclining factors to sexual abuse, the types of sexual abuse and the context and motivation for sexual abuse of boys. To discuss the different types of perpetrators in the sexual abuse of boys and to investigate the motivations of perpetrators with regards to the sexual abuse of boys were also goals that were determined. This study's goals were also to investigate the opinions of social workers with regards to the sexual abuse of boys in middle childhood and to make recommendations regarding the promoting of social work service delivery to the sexually abused boy.

The literature study that was undertaken builds a foundation for the problem of the sexual abuse of the boy in middle childhood to be seen, within the right context. An explorative and descriptive study was conducted with twenty seven social workers in the Western Cape, Olifantsrivervalley area as geographical area. Semi-structured questionnaires were used for

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

data collection. The results were purposefully processed and analyzed according to a qualitative- and quantitative research method. The empirical study's findings enabled the researcher to come to certain conclusions.

Using the literature study, the empirical study, findings and conclusions that followed on that, recommendations could be made to social workers in order to promote social work service delivery to the sexually abused boy in middle childhood.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
MAATSKAPLIKE WERKERS SE SIENINGS OOR DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS IN DIE MIDDELKINDERJARE

BLADSY

1.1 INLEIDING 1
1.2 VOORAFSTUDIE EN RASIONAAL 1
1.3 PROBLEEMSTELLING EN FOKUS 5
1.4 DOELWITTE, TEORETIESE UITGANGSPUNTE EN NAVORSINGSVRAE 6
1.5 OMSKRYWING VAN KONSEPTE 6
1.5.1 Ontwikkelingsfase 7
1.5.2 Middelkinderjare 7
1.5.3 Seksuele mishandeling 7
1.5.4 Sienings 7
1.6 NAVORSINGSMETODE -EN ONTWERP 7
1.6.1 Navorsingsbenaderinge 8
1.6.2 Navorsingsontwerp 9
1.7 NAVORSINGSMETODIEK 9
1.7.1 Literatuurstudie 9
1.7.2 Steekproef en steekproefneming 10
1.7.3 Data-insameling 10
1.7.4 Loodsstudie 11
1.7.5 Dataverwerking en -analise 11
1.8 HOOFSTUKUITEENSETTING 11

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2
DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE VANUIT 'N MENSLIKE ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING 13
2.2 VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSFASES 14
2.2.1 Fase 1: Vertroue teenoor wantroue 15
2.2.2 Fase 2: Onafhanklikheid teenoor twyfel en skaamte 16
2.2.3 Fase 3: Inisiatief teenoor skuld 17
2.2.4 Fase 4: Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid 17
2.2.5 Fase 5: Identiteit teenoor rolverwarring 18
2.2.6 Fase 6: Intimiteit teenoor isolasie 19
2.2.7 Fase 7: Reproduksie teenoor stagnasie 19
2.2.8 Fase 8: Integriteit teenoor hooploosheid 20
2.3 DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE 21
2.3.1 Ontwikkelingsareas binne die middelkinderjare as ontwikkelingsfase 23
2.3.1.1 Fisiologiese ontwikkeling 24
a. Groot motoriese vaardighede 27
b. Klein motoriese vaardighede 28
c. Taal- en skryfvaardighede 29
d. Ruimtelike vaardighede 30
2.3.1.2 Kognitiewe ontwikkeling 31
2.3.1.3 Sosiale ontwikkeling 32
a. Ouers 33
b. Portuurgroep 34
c. Media 36
d. Sosiale persepsies 37
2.3.1.4 Emosionele ontwikkeling 38
a. Emosies 38
b. Behoefte aan 'n vader 40
2.3.1.5 Seksuele ontwikkeling 42
2.4 SAMEVATTING 43

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3
SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL

3.1 INLEIDING 44
3.2 DEFINIëRING VAN SEKSUELE MISHANDELING 46
3.2.1 Definiëring van kindermishandeling 46
3.2.2 Definiëring van seksuele mishandeling 47
3.2.2.1 Suid-Afrikaanse definisies 49
3.2.2.2 Europese- en Amerikaanse definisies 51
3.2.2.3 Ooreenkomste en verskille tussen definisies 52
3.3 AANLEIDENDE FAKTORE TOT SEKSUELE MISHANDELING 54
3.3.1 Individuele faktore 54
3.3.2 Gesinsfaktore 57
3.3.3 Gemeenskapsfaktore 61
3.4 VORME VAN SEKSUELE MISHANDELING 63
3.4.1 Kontak seksuele mishandeling 64
3.4.1.1 Verkragting 64
3.4.1.2 Molestering 66
3.4.1.3 Seksuele aanranding 66
3.4.1.4 Bloedskande 67
3.4.2 Nie-kontak seksuele mishandeling 68
3.4.2.1 Pornografie 69
a. Toegang tot pornografie deur die internet, media en tegnologie 69
b. Die rol van pornografie in seksuele mishandeling 74
3.5 KONTEKS VAN SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS 75
3.5.1 Konteks waarbinne seksuele mishandeling plaasvind 76
3.5.2 Konteks waar vanuit seksuele mishandeling plaasvind 76
3.5.2.1 Identiteit van die oortreder 76
3.5.2.2 Duurte en intensiteit van die seksuele mishandeling 77
3.5.2.3 Motivering van die oortreder 78
3.6 SAMEVATTING 79

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4
KLASSIFIKASIE VAN OORTREDERS IN DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS

4.1 INLEIDING 81
4.2 VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN OORTREDERS 82
4.2.1 Geslagsverskille 82
4.2.2 Ouderdomsverskille 83
4.2.3 Sosio-ekonomiese verskille 85
4.3 KLASSIFIKASIE VAN OORTREDERS 85
4.3.1 Adolessente oortreder 86
4.3.1.1 Die eksperimenteerder 87
4.3.1.2 Die buitestaander 87
4.3.1.3 Die buurseun 87
4.3.1.4 Die aggressor 88
4.3.1.5 Die groepoortreder 88
4.3.1.6 Die vroulike adolessente oortreder 89
4.3.2 Volwasse oortreder 89
4.3.2.1 Volwasse gefikseerde oortreder 89
4.3.2.2 Geregresseerde volwasse oortreder 91
4.3.2.3 Vroulike oortreder 92
4.4 GEVOLGE VAN SEKSUELE MISHANDELING 93
4.4.1 Fisiologiese gevolge 94
4.4.2 Emosionele gevolge 95
4.4.3 Seksuele gevolge 98
4.4.4 Sosiale gevolge 100
4.4.5 Gedragsgevolge 101
4.5 BEKENDMAKING VAN SEKSUELE MISHANDELING 103
4.5.1 Verskillende tipes bekendmaking 103
4.5.1.1 Onbeplande bekendmaking 104
4.5.1.2 Beplande bekendmaking 104
4.5.2 Die proses van bekendmaking 105
4.5.3 Redes vir beperkte bekendmaking 107

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5.3.1 Persoon 109
4.5.3.2 Gedrag 110
4.5.3.3 Omgewing 111
4.6 SAMEVATTING 113

HOOFSTUK 5
EMPIRIESE BEVINDINGE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS SE SIENINGS OOR DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS IN DIE MIDDELKINDERJARE

5.1 INLEIDING 114
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK 115
5.2.1 Navorsingsmetode en -ontwerp 115
5.2.1.1 Navorsingsbenaderinge 116
5.2.1.2 Navorsingsontwerp 117
5.2.2 Navorsingsmetodiek 117
5.2.2.1 Literatuurstudie 117
5.2.2.2 Steekproef en steekproefneming 118
5.2.2.3 Doelgerigte steekproefneming 118
5.2.2.4 Loodsstudie 118
5.2.2.5 Data-insameling 119
5.2.2.6 Dataverwerking en -analise 119
5.3 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 119
5.3.1 Ouderdom en werkondervinding 120
5.3.1.1 Ouderdom 120
5.3.1.2 Jare ondervinding as maatskaplike werker 121
5.3.1.3 Tydperk verbonde aan huidige organisasie 121
5.3.2 Kwalifikasies en opleiding 122
5.3.2.1 Hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk 122
5.3.2.2 Ander kwalifikasies wat bekom is en verbandhoudend met maatskaplike werk is 123

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2.3 Opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun 125
5.3.2.4 Inhoud van opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun 126
5.3.3 Huidige werksituasie 128
5.3.3.1 Tipe organisasie in diens as maatskaplike werker 128
5.3.3.2 Hoeveelheid individuele kliënte waaraan dienste gelewer word 129
5.3.4 Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase vanuit ‘n menslike ontwikkelingsperspektief 130
5.3.4.1 Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waar die meeste probleme voorkom met voorbeelde daarvan 130
5.3.5 Seksuele mishandeling van seuns as maatskaplike werk verskynsel 137
5.3.5.1 Verskillende vorme van kindermishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom 137
5.3.5.2 Aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare 140
5.3.5.3 Ander faktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare 143
5.3.5.4 Vorme van seksuele mishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom 153
5.3.5.5 Ander vorme van mishandeling wat saam met seksuele mishandeling by die seun voorkom 155
5.3.5.6 Gevolge van seksuele mishandeling wat by die seun voorkom 156
5.3.6 Klassifikasie van oortreders in die seksuele mishandeling van die seun 162
5.3.6.1 Die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is 163
5.3.6.2 Die oortreder se ontwikkelingsfase en geslag in die meeste gevalle van seksuele mishandeling van die seun 165
5.4 SAMEVATTING 167

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING 168
6.2 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 169
6.2.1 Werkondervinding van maatskaplike werkers 169
6.2.2 Kwalifikasies en opleiding van maatskaplike werkers 170
6.2.3 Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waar die meeste probleme voorkom 172
6.2.4 Aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare 174
6.2.5 Seksuele mishandeling van seuns as maatskaplike werk verskynsel 177
6.2.6 Gevolge van seksuele mishandeling 178
6.2.7 Klassifikasie van oortreders 180
6.2.8 Aanbevelings vir verdere studie 182
6.3 SAMEVATTING 183

BIBLIOGRAFIE 184

BYLAES

Bylae A: Afrikaanse ingeligte toestemmingsvorm 194
Bylae B: Afrikaanse vraelys 198
Bylae C: Engelse ingeligte toestemmingsvorm 204
Bylae D: Engelse vraelys 208

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

Figuur 5.1: Ouderdom van respondente 120
Figuur 5.2: Werkondervinding van respondente 121
Figuur 5.3: Hoeveelheid individuele kliënte waaraan dienste gelewer word 129
Figuur 5.4: Verskillende vorme van kindermishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom op grond van die hoogste voorkoms 137
Figuur 5.5: Verskillende vorme van kindermishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom op grond van die laagste voorkoms .. 138
Figuur 5.6: Verskillende vorme van kindermishandeling wat nie in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom nie 139
Figuur 6.1: Ontwikkelingsfeer 173

LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1: Tydperk verbonde aan huidige organisasie 121
Tabel 5.2: Hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk 123
Tabel 5.3: Ander kwalifikasies wat bekom is en verbandhoudend met maatskaplike werk is 124
Tabel 5.4: Opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun 125
Tabel 5.5: Inhoud van opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun 126
Tabel 5.6: Tipe organisasie in diens as maatskaplike werker 128
Tabel 5.7: Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waar die meeste probleme voorkom met voorbeelde daarvan 131
Tabel 5.8: Aanleidende faktore tot seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare 141
Tabel 5.9: Ander faktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare 143
Tabel 5.10: Vorme van seksuele mishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom 153
Tabel 5.11: Ander vorme van mishandeling wat saam met seksuele mishandeling by die seun voorkom 155
Tabel 5.12: Gevolge van seksuele mishandeling wat by die seun voorkom 156
Tabel 5.13: Die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is 163
Tabel 5.14: Die oortreder se ontwikkelingsfase en geslag in die meeste gevalle van seksuele mishandeling by die seun 165

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

MAATSKAPLIKE WERKERS SE SIENINGS OOR DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS IN DIE MIDDELKINDERJARE

1.1 INLEIDING

Navorsing oor die seksuele mishandeling van seuns het agterwee gebly in vergelyking met dié van dogters aangesien die mishandeling van seuns as ‘n ongewone en selfs raar probleem beskou is, volgens Price, Maddocks, Davies en Griffiths (2002:164). Die persepsie dat seksuele mishandeling van seuns raar is, kan beslis nie meer in ag geneem word nie. Aangesien die seun in sy middelkinderjare spesifieke ontwikkelingsbehoeftes het wat hom weerloos maak ten opsigte van seksuele mishandeling, is groter begrip van die seksuele mishandeling van seuns nodig en hierdie navorsingstudie word daarom onderneem.

Ten einde ‘n duideliker begrip te kry van die omvang van die navorsingsprobleem word literatuur met betrekking tot die middelkinderjare as ontwikkelingsfase beskou, asook oor die seksuele mishandelding van seuns as maatskaplike werk verskynsel en die klassifikasie van oortreders in die seksuele mishandeling van seuns. Verskillende ontwikkelingsfases word geïdentifiseer, máár daar sal slegs op seuns in die middelkinderjare gefokus word, waarna spesifieke areas van belang vir hierdie navorsing verder beskou sal word.

1.2 VOORAFSTUDIE EN RASIONAAL

Die **verskillende ontwikkelingsfases** van die seun word deur Bezuidenhout en Joubert (2008:9) geïdentifiseer as vyf fases, wat bestaan uit die *neonatale fase*, die paar dae na geboorte, die *babafase* wat insluit die geboorte tot agtien of vier en twintig maande, die *kleuter- en vroeë kinderjare* wat die ouderdomme vanaf twee jaar tot ses jaar insluit, die *middel- en laat kinderjare* wat die ouderdomme vanaf sewe jaar tot twaalf jaar insluit en die *adolessentefase* wat die ouderdomme elf tot dertien jaar en selfs agtien tot een en twintig jaar insluit. Vir die doel van hierdie studie gaan daar egter gesteun word op Louw, Van Ede en Louw (1998:326) en Erikson (1971:96) se agt verskillende ontwikkelingsfases wat deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skrywers geïdentifiseer is as die babafase; die kleuterfase; die vroeë kinderjare; die middelkinderjare; die adolessentefase; die vroeë volwassenheid; die middel volwassenheid en die laat volwassenheid. Hierdie studie sal egter gefokus wees op die seun in die middelkinderjare, die ouderdomme tussen ses jaar en twaalf jaar, aangesien dit as die méés weerloosste stadium ten opsigte van seksuele mishandeling beskou word.

Volgens Heitritter en Vought (2006:32,248) verskil 'n seun se persepsie van seksuele mishandeling afhangende van sy **ouderdom en ontwikkelingsvlak,** alhoewel dit voorkom dat hoe jonger 'n seun is, hoe meer weerloos is hy tot die trauma van seksuele mishandeling. Die weerloosste ouderdomme vir die seksuele mishandeling van seuns word deur die skrywers beskou as die ouderdomme tussen sewe jaar en dertien jaar. Dit wil sê die middel- en laat kinderjare, tot selfs vroeë adolessensie.

Met verwysing na die seksuele mishandeling van seuns noem Burke Draucker en Steele Marisol (2006:9) dat verskeie empiriese studies en literatuur, op die seksuele mishandeling van dogters fokus. Hierdie fokus op dogters het tot gevolg dat geslagsverskille wat ervaar word binne kindermishandeling, nie uitgebreid genoeg geëksploreer is nie. Daar is volgens die skrywers **te veel navorsing** oor die **seksuele mishandeling van dogters** in vergelyking met navorsing oor die seksuele mishandeling van seuns.

"Prevent Child Abuse America" (2010) beveel 'n **verhoogde bewusmaking en navorsing** ten opsigte van die **seksuele mishandeling van seuns** aan. Hierdie skrywers is van mening dat spesifieke navorsing met betrekking tot die evaluering van seuns wat seksueel mishandel is, 'n leemte is en dat spesifieke bestuurstrategieë vir dienslewering aan hierdie seuns benodig word.

Aanbevelings deur "Prevent Child Abuse America" (2010) sluit ook in verbeterde metodes om **seksuele mishandelinggeskiedenis** in te samel en die identifisering van vroue as oortreders. Beter definisies van mishandeling, goedgekeurde steekproewe, meer uitgebreide data-insameling en meer gesofistikeerde data-analises word ook aanbeveel. Die skrywers is ook van mening dat gesondheidsdienswerkers wat betrokke is by mediese ondersoeke van seksueel mishandelde seuns, meer opleiding moet ontvang ten opsigte van seksuele mishandeling van seuns, en dat hulle ook meer sensitief ingestel moet wees met betrekking tot die moontlikheid van seksuele mishandeling van seuns. Hierdie aanbeveling word gemaak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangesien gesondheidsdienswerkers en maatskaplike werkers dikwels nou met mekaar saamwerk in hierdie verband.

Die **beduidende verhoging in seksuele mishandeling van seuns** het volgens McAlpine (2006) wat verwys na Lalor (2004:13) te doen met beperkte kennis by professionele persone soos maatskaplike werkers wat in die veld van kinderbeskerming werk. Die gemeenskap, asook die verlies aan kinderbeskermingstrukture om die seun as slagoffer van kindermishandeling te identifiseer, te assesseer, en hulp aan hom te verleen, dra volgens hulle by tot die verhoging in seksuele mishandeling Die skrywer is van mening dat seksuele mishandeling voorkóm kan word, vroeg geïdentifiseer en bekend gemaak kan word, indien kinderbeskermingstrukture in plek is en indien professionele persone soos maatskaplike werkers oor voldoende kennis beskik ten opsigte van seksuele mishandeling van seuns.

Seksuele mishandeling van seuns is volgens Dube, Anda, Whitfield, Brown, Felitti, Dong en Giles (2005:430,436) 'n **wêreldwye probleem**. Hulle is van mening dat die meeste studies oor die gevolge van seksuele mishandeling van kinders, oor die langtermyn slegs gefokus het op die vroulike geslag alhoewel seksuele mishandeling van seuns algemeen is. Dube et al. (2005:430,436) is van mening dat navorsing oor seksuele mishandeling van seuns sal bydra tot die ontwikkeling van maatskaplike werk dienslewering aan seksueel mishandelde seuns soos byvoorbeeld deur die implementering van voorkomingsprogramme.

Sekere instansies neem 'n duidelike standpunt in dat seksuele- en ander vorme van mishandeling van seuns meer aandag moet geniet, aangesien dit nie slegs 'n wêreldwye probleem is nie, maar ook 'n **enorme probleem in Suid-Afrika**. Daar bestaan in Suid-Afrika dus 'n behoefte aan navorsing ten opsigte van die probleem van seksuele mishandeling van seuns. Richter, Dawes en Higson-Smith (2004:8) verwys onder andere na die Ford Stigting (2002) wat seksuele mishandeling van seuns beskou as 'n probleem wat gekoördineerde, geïntegreerde en sorgvuldige antwoorde vereis. Dokter Gerry Salole van die Ford Stigting is van mening dat die antwoorde deur grondige en suiwer navorsing en beleid geformuleer en gerig moet word. Volgens Richter et al. (2004:8,21) is die begrip, seksuele mishandeling van seuns dikwels onvoldoende gedefinieer en word inligting nie sistematies ingesamel nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Nasionale Misdaad Voorkoming Strategie (1996) het misdaad teen kinders **reeds in 1996** as ‘n **prioriteit in Suid-Afrika** aangedui. Spies (2006:27) dui aan dat volgens statistiek, een uit elke drie dogters en een uit elke vyf seuns in Suid-Afrika vóór die ouderdom van dertien jaar seksueel mishandel sal word. Navorsing oor die sekuele mishandeling van seuns is daarom nie slegs belangrik ten opsigte van die seun se huidige funksionering en beskerming nie, maar ook met betrekking tot sy volwassenheid en die impak wat hy as volwassene op ander seuns kan hê (Spies, 2006:27).

Na aanleiding van ‘n studie wat in 2002 gedoen is in een duisend een honderd een en negentig skole in **Suid-Afrika**, noem Anderson en Ho-Foster (2008) dat seksuele mishandeling van seuns meer algemeen in landelike gebiede was, terwyl seksuele mishandeling van dogters, meer algemeen in die stedelike gebiede was. Hulle is van mening dat die seksuele mishandeling van seuns as ‘n bedekte “inheemse siekte” beskou kan word, wat tot dusver swak gedokumenteer was. Volgens die studie was slagoffers wat tussen die ouderdomme tien en veertien jaar oud was se oortreders meer geneig om manlik te wees, teenoor die oortreders van slagoffers tussen die ouderdomme van vyftien tot negentien jaar. Anderson en Ho-Foster (2008) is van mening dat hulle bevindinge op grond van dié studie sterk ondersteuning bied aan Die Wysigingswet op die Strafreg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede), 32 van 2007, aangesien hierdie wet die seun as ’n slagoffer van seksuele mishandeling insluit, byvoorbeeld ten opsigte van verkragting, molestering en blootstelling aan pornografie. Die skrywers beskou bewusmaking ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns as ‘n groot behoefte in Suid-Afrika.

Een van die grootste redes waarom daar so ‘n **beperkte begrip** vir seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare is, is volgens Richter et al. (2004:8,21) omdat daar oor seksuele mishandeling van kinders van alle ouderdomme, ontwikkelingsvlakke en geslagte gedink en gepraat word asof dit een ding is. Verwarring met betrekking tot die konsep van seksuele mishandeling kan volgens Richter et al. (2004:8,21) ook daaraan toegeskryf word, dat daar na alle seksuele mishandeling van seuns gekyk word asof dit dieselfde patroon volg, voorafgegaan is deur dieselfde motivering en tot dieselfde gevolge gelei het.

Volgens Richter et al. (2004:55) is seksuele mishandeling van seuns algemeen, maar bestaan daar **verskillende redes** waarom seuns wat in hulle middelkinderjare is, seksueel mishandel word teenoor waarom seuns in hulle adolessentefase seksueel mishandel word. Daar word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

byvoorbeeld aangedui dat die meeste seuns se eerste ervaring van seksuele mishandeling op ‘n jong ouderdom plaasvind en dat die oortreder dikwels ‘n volwassene of ‘n adolessent is. Te midde van die uitgebreide aandag wat seksuele mishandeling vanaf internasionale navorsingsgemeenskappe ontvang, blyk die oorsake daarvan kompleks en ontwykend. Daarbenewens is die Suid-Afrikaanse navorsingsbewyse (Anderson & Ho-Foster, 2008) ongelukkig uitsonderlik beperk.

Uit die bogenoemde skrywers se sienings word dit beklemtoon dat daar besef moet word dat daar veelsydige **verskille voorkom** in terme van die **ervaring** van die **seun wat seksueel mishandel** is. Die omstandighede waaronder die mishandeling plaasgevind het, die ouderdom van die seun, die duurte van die mishandeling, en spesifieke aspekte eie aan die gebeure en die effek wat die mishandeling op die seun en sy gesin het, is verskille waarna gekyk moet word. Hierdie verskille wat voorkom en wat begrip vir die seksuele mishandeling van seuns kan bevorder kom egter nie na vore nie. Die spesifieke kennis en detail ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns bly volgens Richter et al. (2004:55) hoofsaaklik in polisiedokumente, notas van diensverskaffers soos maatskaplike werkers, fluistergesprekke tussen vriende en familie en in die seun en die oortreder se geheue. Baie min van hierdie kennis en detail word deel van die formele wetenskaplike verhandelinge en bied tans aanbevelings en teorie vir praktyk in Suid-Afrika.

‘n Tentatiewe samevatting waartoe Richter et al. (2004:79) kom na bespreking van verskeie navorsingsuitkomstes, is dat seksuele mishandeling van seuns ‘n bydraende faktor in die ontwikkeling van pedofilia kan wees, veral met betrekking tot dié wat op seuns ingestel is. Daar is volgens dié skrywers bewyse dat pedofiele wat seuns seksueel mishandel méér blootgestel was aan fisieke mishandeling tydens hulle kinderjare as die pedofiele wat dogters seksueel mishandel. Indien die probleem van seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare aandag geniet, word die probleem ten opsigte van die seksuele oortreder dus ook gedeeltelik aangespreek.

1.3 PROBLEEMSTELLING EN FOKUS

Literatuur (Heitritter & Vought, 2006:248; Dube et al., 2005:430,436; Richter et al., 2004:353) bevestig dat seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare ‘n probleem is waaraan dringend aandag geskenk behoort te word, deur onder andere die behoefte aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

navorsing op hierdie gebied aan te spreek. Literatuur (Heitritter & Vought, 2006:248) met betrekking tot die ontwikkelingsfases van seuns maak dit ook duidelik dat die seun in die middelkinderjare van ontwikkeling, baie meer weerloos met betrekking tot seksuele mishandeling is, as die seun in sy adolessentefase, aangesien die seun in sy adolessentefase meer dikwels die oortreder as die slagoffer van seksuele mishandeling is.

In Richter et al. (2004:353) se bespreking kom hulle ook tot die gevolgtrekking dat leemtes in die reaksie tot seksuele mishandeling van seuns as ‘n maatskaplike probleem openbaar word. Seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare kan nie meer as raar beskou word nie, daarom dat hierdie studie onderneem word.

1.4 DOELWITTE, TEORETIESE UITGANGSPUNTE EN NAVORSINGSVRAE

Die doel van hierdie studie is om sienings van maatskaplike werkers oor seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare te bepaal. Die volgende doelwitte is geformuleer:

- Om die middelkinderjare as ontwikkelingsfase binne ‘n menslike ontwikkelings-perspektief te bespreek.
- Om seksuele mishandeling van die seun as maatskaplike werk verskynsel te verduidelik ten einde begrip met betrekking tot die probleem van seksuele mishandeling van seuns te ontwikkel.
- Om die verskillende tipes oortreders in die seksuele mishandeling van seuns te bespreek en ondersoek in te stel na die motiverings van oortreders ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns.
- Om ondersoek in te stel na die sienings van maatskaplike werkers oor die seksuele mishandeling van seuns in hulle middelkinderjare.
- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die bevordering van maatskaplike werk dienslewering aan die seksueel mishandelde seun in sy middelkinderjare.

1.5 OMSKRYWING VAN KONSEPTE

Vir die doeleindes van hierdie studie, word die volgende konsepte omskryf:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5.1 Ontwikkelingsfase

Soos omskryf deur Louw et al. (1998:13) behels ontwikkelingsfase die ontwikkeling van die seun in ‘n proses wat in fases ingedeel kan word. Die indeling van die lewensloop van die seun in verskillende ontwikkelingsfases berus op die gedagte dat elke ontwikkelingsfase oor spesifieke eienskappe beskik.

1.5.2 Middelkinderjare

Middelkinderjare behels volgens Louw et al. (1998:326) die periode van ontwikkeling van die seun tussen sy sesde en twaalfde lewensjaar.

1.5.3 Seksuele mishandeling

Seksuele mishandeling word deur Spies (2006:128,129) omskryf as enige aksie wat ‘n element van seksuele aard het en die liggaamlike integriteit of waarde van die seun benadeel, verneder en blootstel, of poog om te benadeel, verneder of bloot te stel. In die skrywer se mening kan daar in sekere aspekte waar minderjarige seuns betrokke is, ‘n saak vir seksuele misdaad gemaak word met of sonder toestemming wat verleen is. In die meeste gevalle is seksuele mishandeling volgens Spies (2006:128,129) ‘n misdaad teen die liggaamlike integriteit van die ander persoon, en kan binne die sfeer van misdade wat teen morele waardes en standaade van die samelewing is, val. Misdade teen die persoon sluit in verkragting, onsedelike aanranding en misdade wat teen die morele waardes en standaarde van die samelewing is soos bloedskande en bestialiteit.

1.5.4 Sienings

Sienings kan omskryf word as sienswyses, insig, menings of opinies (Odendal & Louw, 2000).

1.6 NAVORSINGSMETODE EN -ONTWERP

Navorsingsbenaderinge wat as navorsingsmetodes benut word, word vervolgens beskou. Daar word tussen ‘n kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsbenadering onderskei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6.1 Navorsingsbenaderinge

Volgens Mouton (2001:55) kan ‘n navorsingsbenadering beskou word as die bloudruk of plan van die navorsing, terwyl die navorsingsmetode die proses is waarvolgens die plan tot uitvoer gebring gaan word. Soos bespreek deur De Vos, Strydom, Fouché en Delport (2005:269) verskil die verskillende navorsingsbenaderinge onder andere daarin dat die kwalitatiewe navorsingsbenadering nie sulke duidelike stap vir stap riglyne bied aan die navorser soos die kwantitatiewe navorsingsbenadering nie.

‘n **Kwalitatiewe navorsingsbenadering** poog volgens Mudaly en Goddard (2006:66) om persone se menings, definisies en aannames van gebeurtenisse vas te lê. De Vos et al. (2005:74) beskou ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering as prosedures wat nie so streng geformuleer is soos in ‘n kwantitatiewe navorsing nie. Die omvang van hierdie benadering is volgens hierdie skrywers meer geneig om ongedefinieerd te wees en behels ‘n meer filosofiese manier van werk. De Vos et al. (2005:74) is ook van mening dat karaktereienskappe van ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering berus, op die aanname dat ‘n geldige begrip verwerf kan word deur toenemende kennis wat eerstehands ingesamel word, deur ‘n enkele navorser.

Met betrekking tot ‘n **kwantitatiewe navorsingsbenadering** verwys De Vos et al. (2005:73) na Mouton en Marais (1990:155-156) wat ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering omskryf as ‘n benadering wat meer geformuleerd en meer duidelik gekontroleerd is as ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering. ‘n Kwantitatiewe navorsing word beskou as redelik verwant aan fisiese wetenskap en beskik oor ‘n ruimte wat meer presies gedefinieerd is as dié van ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering. Volgens Fortune en Reid (1999:93) in De Vos et al. (2005:73) is die navorser se rol in ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering, dié van ‘n objektiewe waarnemer wat se betrokkenheid by die fenomeen wat bestudeer word, beperk is tot die insamel van die data wat nodig is.

‘n **Gekombineerde kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsbenadering** word in De Vos et al. (2005:35) beskryf as ‘n gekombineerde metode waar die navorser verskillende metodes van data-insameling en -analise kan benut. Vir die doel van hierdie studie is daar van ‘n gekombineerde kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak, om die sienings van maatskaplike werkers oor die seksuele mishandeling van seuns in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

middelkinderjare in te samel.

1.6.2 Navorsingsontwerp

Die navorsingsmetodes was verkennend en beskrywend van aard. Nuwe inligting aangaande die navorsingsprobleem is bekom deur verkennende navorsing. Insig in die ervaring van die seksueel mishandelde seun is ook verkry, deur beskrywende navorsing. Campbell (1978) in De Vos et al. (2005:364) is van mening dat kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing nie afsonderlik van mekaar kan plaasvind nie en dat ‘n gekombineerde navorsingsbenadering in alle navorsing van toepassing is. Volgens Harrison (1994) in De Vos et al. (2005:365) besit maatskaplike werkers die karaktereienskappe van buigbaarheid en gedissiplineerde relativisme wat hulle geskikte navorsers maak vir navorsing wat kwantitatief en kwalitatief van aard is en stem daarmee saam met Campbell (1978) dat ‘n gekombineerde navorsingsbenadering wat verkennend en beskrywend van aard is onskeibaar is.

1.7 NAVORSINGSMETODIEK

Navorsingsmetodiek soos dit toegepas sal word vir hierdie studie word vervolgens beskou. Begrip met betrekking tot die teoretiese raamwerk word daardeur verbreed.

1.7.1 Literatuurstudie

Die doel van die hersiening van literatuur is volgens De Vos et al. (2005:123) daarop gerig om ‘n bydrae te lewer tot insig en ‘n duideliker begrip van die oorsaak en betekenis van die navorsingsprobleem wat geïdentifiseer is. Volgens De Vos et al. (2005:79) is ’n kenmerk van die kwantitatiewe navorsingsbenadering ’n in diepte literatuurstudie. Die belangrikheid van ‘n literatuurstudie word deur Royse (2008:28) beklemtoon. Volgens hom bou navorsing op versamelde pogings van verskeie navorsers wat daaraan gewerk het om kennis te verbreed en om wanbegrippe en misverstande te herstel.

Literatuur uit verskeie bronne is deur die navorser bestudeer, ten einde insig in die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare is verkry. ‘n Teoretiese raamwerk wat as basis vir hierdie studie dien is sodoende gevestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.7.2 Steekproef en steekproefneming

Steekproef en steekproefneming vorm ‘n belangrike deel van navorsing. **‘n Steekproef** is nodig om die populasie te bestudeer ten einde begrip vir die spesifieke populasie te verbreed. Met betrekking tot die definisie van ‘n steekproef noem De Vos et al. (2005:194), dat ‘n steekproef uit elemente van die populasie bestaan wat oorweeg word om in die studie ingesluit te word. Die steekproef word bestudeer in ‘n poging om die populasie waaruit dit geneem is beter te verstaan. Sewe-en-twintig geregistreerde maatskaplike werkers by Regerings- en Nie-regeringsorganisasies asook in privaatpraktyk wat in die Wes-Kaap, Olifantsriviervallei area as geografiese gebied werksaam is, het deel uitgemaak van die steekproef vir hierdie navorsing. Die kriteria vir insluiting in die steekproef het behels dat die maatskaplike werkers, onder andere dienste lewer aan seuns wat in hulle middelkinderjare is.

Doelgerigte steekproefneming is vir hierdie studie benut aangesien sewe-en-twintig spesifieke maatskaplike werkers deur die navorser gekies is om as steekproef te dien. Met doelgerigte steekproefneming het die navorser volgens Royse (2008:205), ’n goeie idee van beide die aantal persone of eenhede in die steekproef én hulle eienskappe. Deur hierdie metode van steekproefneming te benut kon die navorser bepaal of die steekproef verteenwoordigbaar is van die spesifieke populasie van die navorsingsgebied.

Die ideale gebied vir navorsing is volgens Mudaly en Goddard (2006:68) ‘n gebied waar die navorser maklike toegang kan hê en waar die waarskynlikheid van ‘n steekproef en data beskikbaarheid groot is. ’n Vertouensverhouding wat tussen die navorser en die deelnemers in die navorsingstudie gebou kan word en waar die kwaliteit en betroubaarheid van die navorsingsdata verseker kan word, is ook ‘n kenmerk van die ideale navorsingsgebied. Die huidige steekproef het aan hierdie eienskappe voldoen, en het daarom die ideale navorsingsgebied vir hierdie studie verseker. Die navorser was bekend met die navorsingsgebied en die Regerings- en Nie-regeringsorganisasies asook met die maatskaplike werker in privaatpraktyk. Uit die aard van die navorser se werk het sy reeds voor die aanvang van die navorsingstudie ‘n vertrouensverhouding met die meeste respondente gehad.

1.7.3 Data-insameling

Data-insameling vir hierdie navorsingstudie het behels dat semi-gestruktureerde vraelyste gebruik is. Die navorser het van sowel oop as geslote vraagstelling gebruik gemaak om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inligting in te samel en kwalitatiewe- en kwantitatiewe data is daarom ingesamel. Die vraelyste is per hand aan die respondente se toesighouers afgelewer, en ook per hand vanaf die respondente se toesighouers weer ingesamel. Vraelyste is per hand afgelewer ten einde te verseker dat elke respondent wat uit die doelgerigte steekproefneming gekies is, wel ‘n vraelys ontvang. Die per hand verspreiding van vraelyste is telefonies met die respondente se toesighouers opgevolg, ten einde te verseker dat alle respondente hulle vraelyste ontvang het. Na afloop van die insameling van die data is dataverwerking en –analise gedoen.

1.7.4 Loodsstudie

‘n Loodsstudie deur die voltooiing van die semi-gestruktureerde vraelyste is met drie respondente gedoen, ten einde die uitvoerbaarheid van die studie te bepaal. ’n Loodsstudie word volgens De Vos et al. (2005:402) onderneem om die effektiwiteit van die studie te bepaal en om aspekte wat aangepas moet word te kan identifiseer.

1.7.5 Dataverwerking en -analise

Dataverwerking en -analise sluit volgens Mouton (2001:108) die opbreek van data in hanteerbare temas, patrone, tendense en verhoudinge, in. Die doel van data-analise is om die verskillende bydraende elemente van die data te verstaan deur middel van die bestudering van die verhoudinge tussen die konsepte, die samestelling van veranderlikes, om te sien of daar enige patrone en tendense is wat geïdentifiseer of geïsoleer kan word, en/of om temas in data tot stand te bring. Dataverwerking en -analise het per hand geskied vir hierdie studie.

1.8 HOOFSTUKUITEENSETTING

Hoofstuk twee, drie en vier wat die **literatuurstudie** is, word benut om die raamwerk van die navorsingsontwerp saam te stel. In die tweede hoofstuk word die menslike ontwikkelingsperspektief beskou, wat ‘n bespreking van die verskillende ontwikkelingsfases van die seun en die middelkinderjare as ontwikkelingsfase, behels. Die derde hoofstuk word gerig op die seksuele mishandeling van seuns as ‘n maatskaplike werk verskynsel. Hoofstuk vier se bespreking behels die klassifikasie van oortreders in die seksuele mishandeling van seuns.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die literatuurstudie was opgevolg deur ‘n **empiriese ondersoek** wat bestaan uit dataverwerking en -analise van die sienings van maatskaplike werkers oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare. Die empiriese ondersoek word in hoofstuk vyf uiteengesit en bespreek.

Hoofstuk ses behels **die gevolgtrekkings en aanbevelings** van die navorser op grond van die literatuur, asook op grond van die dataverwerking en -analise wat plaasgevind het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE VANUIT 'N MENSLIKE ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase word vanuit 'n menslike ontwikkelingsperspektief met die fokus op die seun in hierdie hoofstuk bespreek. Dit is egter nodig om oor kennis van ontwikkelingsfases te beskik alvorens daar na spesifieke aspekte ten opsigte van die middelkinderjare as ontwikkelingsfase gekyk kan word. Verskeie navorsers soos Erik Erikson (1967) en Jean Piaget (1962,1971) het waardevolle bydraes in die veld van menslike ontwikkeling en spesifiek die verskillende ontwikkelingsfases binne die mens se lewensloop gemaak. In die bestudering van die agt verskillende ontwikkelingsfases, die middelkinderjare as ontwikkelingsfase en die gepaardgaande ontwikkelingsvaardighede wat in die middelkinderjare bemeester moet word, gaan daar in hierdie studie hoofsaaklik op die navorsing van Erik Erikson (1967,1959,1974,1994) en Jean Piaget (1962,1971) gesteun word. Hierdie aspekte word vervolgens beskou ten einde ook die eerste doelwit van die studie aan te spreek.

Geldard en Geldard (2002:32) en Hendry en Kloep (2002:8,16,17), bespreek Erikson (1967, 1902-1994) se indeling van die agt verskillende ontwikkelingsfases. Erikson het geglo dat elke individu die potensiaal het om sy eie konflikte op te los en dat elkeen van die agt ontwikkelingsfases wat geïdentifiseer kan word sy eie persoonlike sosiale krisis het wat suksesvol hanteer moet word. Die individu se selfbeeld en ego word dan versterk weens die suksesvolle hantering van sy eie persoonlike sosiale krisisse. Erikson (1967) se werk is daarom veral relevant met betrekking tot kwessies wat verband hou met die selfkonsep. Maatskaplike werkers se dienslewering om die seun te help om sy ego sterkte deur die suksesvolle besluitneming binne ontwikkelingskrisisse te verbeter, kan versterk word deur oor kennis van Erikson se werk te beskik. Dit is volgens Geldard en Geldard (2002:32) belangrik vir maatskaplike werkers om vertroud te wees met Erikson se agt fases van ontwikkeling wanneer hulle met die seun in sy middelkinderjare werk, aangesien hierdie fases die onvermydelike krisisse wat die seun sal teëkom, illustreer. Elke fase dra by tot die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voortgaande proses van doelwitbereiking en bemeestering van take wat binne maatskaplike werk dienslewering herken en erken moet word.

Piaget (1962,1971,1896-1880) het volgens Geldard en Geldard (2002:32) en Hendry en Kloep (2002:9,10) bygedra tot die konsep dat die seun in verskillende fases van ontwikkeling, spesifieke gedrag en vaardighede moet bemeester. Piaget (1962,1971) het onder andere opgelet dat die seun met menslike sowel as nie-menslike objekte in interaksie was, en dat hierdie interaksie hom instaat gestel het om progressief meer aanpasbaar te wees met betrekking tot sy gedrag. Soos die seun meer aanpasbaar geword het in terme van sy gedrag, het hy hoër vlakke van kognisie ontwikkel en die omgewing in ‘n meer komplekse manier begin verstaan. Dit is daarom belangrik dat die maatskaplike werker kennis het van die ontwikkeling van die seun se kognisie.

Wanneer die verskillende ontwikkelingsfases beskou word, moet aspekte soos besluitneming, kognitiewe vermoë en vaardighede, morele waardes en die wisselwerking tussen menslike en nie-menslike objekte ook deur die maatskaplike werker in ag geneem word, voordat daar bepaal kan word in watter fase van ontwikkeling die seun is.

2.2 VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSFASES

Daar sal vervolgens gekyk word na die verskillende ontwikkelingsfases, soos dit binne die seun se totale lewensloop ingedeel kan word. Die konsep van ontwikkelingsfases berus daarop dat die totale lewensloop van ‘n persoon in verskillende stadiums ingedeel kan word op grond van spesifieke kenmerke wat ooglopend is. Sommige kenmerke is wel minder sigbaar as andere en die maatskaplike werker moet daarom bewus wees van die kenmerke wat sigbaar is soos die persoon self, en dié wat nie so sigbaar is nie soos die impak van historiese tyd en plek, tyd en sosiale netwerke op die persoon (Hendry & Kloep, 2002:14; Louw et al., 1998:13). Begrip met betrekking tot die konsep van ontwikkelingsfases sal gevestig word by professionele persone soos maatskaplike werkers. Kennis van die ontwikkelingsfases sal egter nie slegs verbreed word nie, maar kennis en begrip van die seun in sy middelkinderjare sal ook bevorder word by professionele persone soos maatskaplike werkers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is volgens Spies (2006:157,158) noodsaaklik vir enige persoon wat met seuns werk om die ontwikkeling van die seun te verstaan aangesien kennis oor die ontwikkelingsfases die professionele persoon in staat stel om nie slegs te verstaan hoe die seun sy huidige ontwikkelingsfase bereik het nie, maar ook om begrip te ontwikkel van die faktore wat moontlik bygedra het tot die seun se ontwikkeling. Hierdie kennis sal professionele persone soos maatskaplike werkers, in staat stel om vanuit die seun se perspektief na die ervaring van seksuele mishandeling te kyk, met die gevolg dat die maatskaplike werker se intervensie meer effektief kan wees. Groter harmonie met die seun se regte en behoeftes sal dan ook verseker kan word.

Ontwikkeling word deur die skrywers (Keenan & Evans, 2009:4; Spies, 2006:158; Hendry & Kloep, 2002:15) beskryf as die proses waarin ‘n persoon groei en verander deur sy lewensloop. Hierdie skrywers is van mening dat die mees dramatiese veranderinge binne die ontwikkelingsfases van die mens tydens die babajare en kinderjare plaasvind. Dit sluit die middelkinderjare in.

Ontwikkelingsfases in die persoon se lewensloop word as die agt verskillende fases van psigososiale ontwikkeling bespreek deur Louw et al. (1998:51-56,326). Skrywers soos Meece en Daniels (2008:334,335), Johnson en Yanca (2004:9), Ferrara (2002:124-127) en Horne en Kiselica (1999:43-47), bespreek ook die menslike ontwikkeling volgens Erikson se agt ontwikkelingsfases in die lewensloop van die persoon, en bevestig ook Spies (2006:158) se indeling in verskillende fases op grond van ouderdom. Hierdie agt ontwikkelingsfases word vervolgens bespreek.

2.2.1 Fase 1: Vertroue teenoor wantroue

Die fase van geboorte tot agtien maande, die babafase, word beskou as die fase van vertroue teenoor wantroue. Eksterne invloede het in hierdie fase ‘n groot impak en invloed op die ontwikkeling van die seun ten opsigte van vertroue in ander persone. ‘n Baba se sensitiwiteit vir mishandeling kan daarom persoonlikheidsveranderinge in hierdie fase teweeg bring. In hierdie fase en op hierdie ouderdom is verbintenis (“bonding”) en verwydering (“separability”) dus belangrike aspekte. Die moeder speel in hierdie fase ‘n belangrike rol om die seun se ervaring van vertroue te vestig. Die vervulling van die baba se behoeftes moet in ooreenstemming met die samelewing se leefstyl wees. Daar moet nie slegs reels gestel word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, maar wat gedoen word moet met die samelewing se standaarde in verband gebring word. Hierdie vertroue in mense behoort nie die baba aan risiko's bloot te stel nie, maar is soos Erikson dit beskryf, eerder 'n ervaring van basiese vertroue, terwyl dit ook te doen het met die seun se eie betroubaarheid as persoon. Daar word byvoorbeeld van die samelewing verwag dat 'n moeder haar baba sal beskerm, voed en versorg sonder blootstelling aan haar eie of ander se middelmisbruik, fisiese mishandeling of seksuele mishandeling. Haar versorging moet ook sagkuns en met geduld en liefde aan die baba bewys word. Indien 'n baba nie sy moeder kan vertrou om in hierdie behoeftes van hom te voorsien en op hierdie manier nie, is die gevolg dat daar by hom wantroue in die samelewing gevestig word en hyself kan ook in 'n onbetroubare persoon ontwikkel (Louw et al., 1998:51-56; Erikson, 1971:96).

2.2.2 Fase 2: Onafhanklikheid teenoor twyfel en skaamte

Die fase vanaf agtien maande tot drie jaar, die kleuterfase, word beskou as die fase van onafhanklikheid teenoor twyfel en skaamte. In hierdie fase bring versorging en onvoorwaardelike aanvaarding, die ervaring van onafhanklikheid van ander persone tot stand. Die vestiging van toilet gewoontes is 'n voorbeeld van 'n vaardigheid wat by die seun suksesvol bemeester moet word om 'n gevoel van trots en onafhanklikheid te bewerkstelling, in plaas van skaamte en twyfel. Besluitneming word egter ook as 'n belangrike deel van die vestiging van onafhanklikheid beskou. Die seun moet oor genoeg onafhanklikheid beskik om toepaslike besluite te kan neem, máár met die beskerming van grense wat deur die ouers daar gestel word. Selfbeheersing en onafhanklikheid wat by die seun gevestig word, sonder dat twyfel, skaamte en 'n verlies aan eie waarde voorkom, kan slegs voortspruit uit 'n eie, maar vrye wil van die seun. Dit is in hierdie fase wat 'n vrye wil gevestig word (Louw et al., 1998:51-56; Erikson, 1971:109). Indien hierdie fase nie suksesvol binne die seun geïntegreer word nie, kan skaamte en twyfel voortduur tot en met volwassenheid. Ernstige gebeure soos seksuele mishandeling kan byvoorbeeld die seun in 'n gefikseerde stadium van 'n ervaring van twyfel en onsekerheid dwing, met die gevolg dat hy vasval en nie die voortgaande vaardighede na behore kan bemeester nie. Tydens die seksuele mishandeling verloor die seun sy keuse om 'n besluit te neem oor sy eie liggaam. Die veiligheid waarbinne besluitneming gemaak moet word ontbreek ook, met die gevolg dat die seun in plaas van onafhanklikheid, eie waarde en 'n vrye wil geleer word om te funksioneer in 'n omgewing van skaamte, verlies en twyfel. Integrasie van hierdie fase kan dus nie suksesvol plaasvind nie (Louw et al.,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1998:51-56; Erikson, 1971:96).

2.2.3 Fase 3: Inisiatief teenoor skuld

Die fase vanaf drie jaar tot ses jaar, of die vroeë kinderjare, word beskou as die fase van inisiatief teenoor skuld. Dit behels dat die seun inisiatief sal neem met die aanpak en bemeestering van nuwe vaardighede. Die verwerwing en bemeestering van nuwe vaardighede moet dus hier ontwikkel word. Sosialisering met ander kinders kom meer voor in hierdie fase en skep geleenthede vir die seun om inisiatief te neem met betrekking tot nuwe idees byvoorbeeld in spel of versorging. Inisiatief vorm die basis vir die ontwikkeling van ‘n realistiese ambisie en doel ten opsigte van die bemeestering van take. Die seun wat egter in hierdie fase trauma beleef in plaas daarvan om entoesiasties gemotiveer te word tot die aanpak en bemeestering van nuwe idees, kan nuwe konsepte en take vermy en versuim om dit te doen, eerder as om die take te konfronteer. Die trauma en verlies aan bemeestering van die fase het tot gevolg dat hierdie seun ‘n onderpresteerder dwarsdeur sy lewe kan bly. Die ervaring van skuld en mislukking word dus gevestig in plaas daarvan dat inisiatief en sukses geïntegreer word in die seun as persoon.

Sukses in hierdie fase lê vir die seun daarin dat hy kan identifiseer wat hy graag wil hê, aksie neem om dit in die hande te kry en dit dan uiteindelik in besit neem. Morele verantwoordelikheid vorm egter ook deel van hierdie derde fase van ontwikkeling aangesien die seun se inisiatief om nuwe dinge te probeer nie tot latere skuldgevoelens moet lei nie. Die seun moet dus eerder saam met ander kinders speel as om hulle speelgoed met geweld van hulle af weg te neem sodat hy alleen daarmee kan speel. Hy moet ook sekerheid kry oor die verskille tussen mans en vroue en wat elkeen se rolle behels. Hy moet byvoorbeeld leer dat vir ‘n man om sy vrou en gesin te domineer of met geweld te hanteer nie aanvaarbaar is nie (Louw et al., 1998:51-56; Erikson, 1971:121-122).

2.2.4 Fase 4: Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid

Die fase vanaf ses jaar tot twaalf jaar, die middelkinderjare, word beskou as die fase van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. In hierdie fase is die seun gereed om die werklike lewe aan te durf. Hy begin dus ‘n ervaring van selfverwesenliking en arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid opdoen. Die skool en klaskamer is op hierdie stadium die seun se primêre sosiale invloed en dus van onskatbare waarde en belang in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seun se ontwikkeling. Jong seuns sal byvoorbeeld hulle werk met die van ander klasmaats vergelyk. Hulle vergelyk hulle ook met hulle portuurgroep oor aspekte soos voorkoms, besittings en ervaringe. Indien hulle werk nie opweeg teenoor hulle maat se werk, besittings en voorkoms nie, kan hulle ‘n ervaring van minderwaardigheid ontwikkel. Uitermatige kritiek en teregwysing met betrekking tot foute, mislukkings en ongehoorsaamheid kan ook die seun se vermoë om ‘n produktiewe ingesteldheid te ontwikkel, verder aan bande lê. ‘n Gedagte van mislukking en minderwaardigheid word dan in die ontwikkeling van hom as mens gevestig.

Die seun leer in hierdie fase ook dat hy ‘n verantwoordelikheid het om te werk en nie net te speel nie. Met die werk gaan daar egter ook vervulling gepaard weens die bemeestering en voltooiing van take en die ontwikkeling van vaardighede. Hierdie vierde fase van ontwikkeling is ‘n kritieke fase in die seun se lewe. Dit kan bepaal hoe hy homself vir die res van sy lewe sal beskou. Hy kan homself byvoorbeeld beskou as ‘n werker en voorsiener, waar werk vir hom die belangrikste in sy lewe is en familie en verhoudinge minder belangrik, of die teenoorgestelde naamlik dat sy rol in sy gesin met betrekking tot ondersteuning en vervulling belangriker is as sy werk (Louw et al., 1998:51-56; Erikson, 1959:83).

2.2.5 Fase 5: Identiteit teenoor rolverwarring

Die fase vanaf twaalf jaar tot twintig jaar, die adolessentefase, word beskou as die fase van identiteit teenoor rolverwarring. Hierdie fase verteenwoordig die einde van die kinderjare en die begin van die jeug. In hierdie fase word die vestiging van die seun se identiteit gebasseer op vorige ervaringe en omgewingsinvloede. ‘n Identiteitskrisis kan egter weens verskeie redes ontstaan. Indien moeilike en slegte ervaringe soos seksuele mishandeling byvoorbeeld ‘n impak op die seun gemaak het gedurende vorige ontwikkelingsfases, kan die seun wantroue, skaamte, skuld en minderwaardigheid in sy adolessentefase ontwikkel en sy identiteit kan negatief beïnvloed word. Dit het tot gevolg dat die seun se kans om negatiewe keuses later in sy lewe te maak, verhoog word. Aangesien hierdie fase van puberteit ‘n tydperk is waarbinne adolessente hulle eie seksualiteit ontdek, kan die seksueel mishandelde seun die moeilike taak hê om verwronge boodskappe oor seksualiteit en sy eie seksualiteit wat tydens vorige ontwikkelingsfases geïnternaliseer was, te oorkom. Hierdie vroeë internalisering van seksualiteit wat weens seksuele mishandeling plaasvind, maak die vorming van ‘n eie identiteit in die adolessentefase baie moeiliker. Die vestiging van ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesonde identiteit is dus die primêre fokus in die adolessentefase, alhoewel die vorming van die seun se identiteit ook in die ander ontwikkelingsfases plaasvind. Ten opsigte van die vorming van ‘n identiteit moet die seun besef dat hy situasies en krisisse, suksesvol kan hanteer alhoewel dit verskillend van ander persone kan wees (Louw et al., 1998:51-56; Erikson 1959:89).

2.2.6 Fase 6: Intimiteit teenoor isolasie

Die fase van vroeë volwassenheid word beskou as die fase van intimiteit teenoor isolasie. Lang termyn verhoudinge en die vaardigheid om met ander persone op ‘n intieme manier te kan identifiseer moet bemeester word. Dit is eers as die seun ‘n redelike identiteit van sy eie gevorm het dat ware intimiteit met die teenoorgestelde geslag gevestig kan word. Indien die seun nie sekerheid het oor sy eie identiteit nie, sal hy dikwels eerder wegskram van interpersoonlike intimiteit. Dit is daarom belangrik dat hy sekerheid het oor sy eie manlikheid ter wille van gesonde sosialisering met ander persone. Seksuele mishandeling wat in vorige ontwikkelingsfases plaasgevind het, kan die vaardigheid om volwasse intieme verhoudinge met andere te vorm bemoeilik. Die seun se vaardigheid om andere byvoorbeeld te vertrou kan verswak wees, of sy identiteit as man kan verwronge wees (Louw et al., 1998:51-56; Erikson, 1959:95).

2.2.7 Fase 7: Reproduksie teenoor stagnasie

Die fase van middel volwassenheid word beskou as die fase van reproduksie teenoor stagnasie. Die sewende en agtste ontwikkelingsfase kan probleme vir die seun, oftewel die man na vore bring indien hy in vorige ontwikkelingsfases negatiewe invloede ervaar het. Teen die tyd dat hierdie fase van volwassenheid bereik word behoort die psigososiale fases van die ontwikkeling van die seun alreeds suksesvol geïntegreer te gewees het. Dit is eers dan dat hy gereed sal voel en wees om leiding aan ‘n volgende generasie, naamlik sy eie kinders te kan gee. Probleme wat die man met die grootmaak van sy eie kinders ervaar kan dus die meeste van die tyd gevind word in sy eie kinderjare en die feit dat vorige ontwikkelingsfases nie suksesvol voltooi is nie (Louw et al., 1998:51-56; Erikson, 1959:97).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.8 Fase 8: Integriteit teenoor hooploosheid

Die fase van laat volwassenheid word beskou as die fase van integriteit teenoor hooploosheid. Hierdie fase van ontwikkeling word ook beskou as die fase van bejaardheid. Indien die seun seksuele mishandeling in vorige ontwikkelingsfases ervaar het, kan die integrasie van die vorige ontwikkelingsfases wat nodig is vir volwassenheid nie volkome plaasvind nie. Dit is veral te wyte daaraan dat gevorderde fases van ontwikkeling afhanklik is van die opbouende effek van vorige fases. Alhoewel Erikson hierdie fase as ‘n stadium van innerlike refleksie en introspeksie beskou met betrekking tot vorige doelwitbereikings, kan volwassenes wat in vorige ontwikkelingsfases seksueel mishandel is, steeds worstel met negatiewe gevolge van vorige ervaringe en verliese van geleenthede. Integriteit is dus afhanklik van integrasie van al die vorige ontwikkelingsfases. Indien suksesvolle integrasie nie plaasgevind het nie is daar ‘n onbewuste vrees vir die dood. Die gevoel dat die lewe te kort is om weer voor te begin om die paaie na integriteit te volg vorm deel van die vrees vir die dood (Louw et al., 1998:51-56; Erikson, 1959:98).

Uit die bogenoemde bespreking van Erikson (1950, 1963, 1967, 1968, 1959, 1971) se agt ontwikkelingsfases kom dit na vore dat elke vorige ontwikkelingsfase ‘n impak op die seun in geheel en ook op hom as volwassene het (Meece & Daniels, 2008:334,335; Louw et al., 1998:51-56; Johnson & Yanca, 2004:9; Ferrara, 2002:124-127). Uit die uiteensetting van Erikson (1950, 1963, 1967, 1968, 1959, 1971) se agt ontwikkelingsfases is dit duidelik dat elke ontwikkelingsfase sy eie uitkoms het wat bydra tot die ontwikkeling van die seun as gesonde en gelukkige volwassene. Uitkomstes wat nie bereik word nie kan die teendeel tot gevolg hê, naamlik ‘n volwassene wat nie volkome gesond en gelukkig is nie.

In Ferrara (2002:124) se bespreking van Erikson (1968) se agt ontwikkelingsfases gaan Ferrara en Erikson van die standpunt uit dat daar agt ontwikkelingsfases in die lewensloop van die mens is wat suksesvol voltooi moet word ten einde ‘n ten volle geïntegreerde ego te kan ontwikkel. Indien die seun onsuksesvolle en afbrekende uitkomste gedurende enige ontwikkelingsfase ervaar, kan hy negatiewe persepsies van homself ontwikkel. Erikson (1968) soos bespreek deur Ferrara (2002:124) plaas egter minder klem op die effek van seksuele invloede op die ontwikkeling van die persoonlikheid, soos geïmpliseer deur Freud se teorie van menslike ontwikkeling, en plaas meer klem op die impak wat sosiale interaksie het op die voorkeure van die volwasse persoonlikheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die menslike ontwikkelingsperspektief volgens Johnson en Yanca (2004:8), maak die middelkinderjare as ontwikkelingsfase meer verstaanbaar deur menslike behoeftes op twee maniere te identifiseer. Eerstens moet die individu in elke fase van ontwikkeling volgens ‘n sekere ouderdom spesifieke manier ontwikkel, sekere faktore moet teenwoordig wees vir hierdie ontwikkeling om te kan plaasvind. Tweedens vind die identifisering van menslike behoeftes plaas wanneer ontwikkeling wat moes plaasgevind het volgens ‘n sekere ontwikkelingsfase, maar nie plaasgevind het nie, geïdentifiseer kan word. Die geïdentifiseerde menslike behoeftes sluit behoeftes van vorige fases wat nie vervul is nie in, en wat bydra tot die probleme in die huidige sosiale funksionering. Die behoeftes sluit egter ook ontwikkelingsagterstande in en situasies wat ‘n risiko en gevaar inhou dat die verwagte ontwikkeling moontlik nie gaan plaasvind nie.

Uit die bespreking van die agt ontwikkelingsfases word die middelkinderjare geïdentifiseer as ‘n fase waar minderwaardigheid gevestig kan word weens negatiewe sosiale invloede en interaksie. Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase is beskou vanuit ‘n menslike ontwikkelingsperspektief. Meer begrip ten opsigte van hierdie ontwikkelingsfase, asook die eise wat dit aan die seun stel, kan dus verkry word. Die seun in die middelkinderjare ervaar alreeds eise weens die ontwikkelingsfase waarin verkeer word, maar seksuele mishandeling stel ook addisionele eise aan hierdie seun.

2.3 DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE

Soos blyk uit die voorafgaande bespreking kan daar tussen verskillende ontwikkelingsfases binne ‘n persoon se lewensloop onderskei word, maar vir die doel van hierdie studie gaan daar spesifiek gefokus word op die middelkinderjare van die seun. Vervolgens word daar eerstens na die middelkinderjare as ontwikkelingsfase gekyk, alvorens die ontwikkelingsareas en vaardighede wat daarmee verband hou binne hierdie ontwikkelingsfase bespreek word.

Ross en Shellenberger (2010:16) beskou die middelkinderjare as die brug tussen die vroeë kinderjare en die adolessentefase soos die adolessentefase die brug is tussen die kinderjare en volwassenheid. Daar word daarom soms na die middelkinderjare verwys as die “tweenage years”. Puberteit wat deel vorm van die adolessentefase word beskyf as die ouderdomme vanaf twaalf jaar tot negentien jaar en is die ontwikkelingsfase ná die middelkinderjare wat bekend staan as die “teenage years”. Keenan en Evans (2009:29); Segal, Gerdes en Steiner

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(2007:154), asook Spies (2006:167) omskryf die middelkinderjare as die ouderdomme vanaf ses jaar tot twaalf jaar waartydens die seun in die primêre skool opvoeding ontvang. Hierdie is ‘n tydperk waar kognitiewe vermoë verhoog aangesien vaardighede in geheue, konseptuele denke, redenering, probleemoplossing en besluitneming verbeter. Verhoudinge met ander belangrike persone buite die seun se gesin word ook nou uitgebrei. Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase moet dus suksesvol plaasvind ten einde suksesvolle ontwikkeling van die adolessentefase te kan verseker en onafhanklikheid te bevorder.

Skrywers soos Snowman, McCown en Biehler (2009:83) en Louw et al. (1998:326), asook Davies (1999:293) beskryf die middelkinderjare as ’n fase wat gekenmerk word deur ‘n tydperk van relatiewe rustigheid en kalmte, waarbinne die seun meer ernstig en minder spontaan is as tydens die vroeë kinderjare. Ontwikkeling is dus ‘n deurlopende proses waar elke fase op die vorige fases bou vanaf geboorte tot dood. ‘n Volwasse persoon se ontwikkeling word volgens Donald, Lazarus en Lolwana (2002:74) gebasseer op vroeër ontwikkelingsfases. Wat met die seun plaasvind in die vroeë kinderjare, middelkinderjare en adolessentefase behou dus ‘n invloed op hom as individu en het ook ‘n invloed op latere fases van volwassenheid.

Daar moet daarom kennis geneem word dat daar drastiese ontwikkeling in elke area van die seun se lewe plaasvind wanneer hy in die middelkinderjare is. Hierdie ontwikkelinge binne die middelkinderjare as ontwikkelingsfase is op fisieke-, kognitiewe-, sosiale-, emosionele- en seksuele areas van toepassing. Die seun as holisitiese mens moet daarom beskou word wanneer ontwikkeling ter sprake is, maar nie slegs ten opsigte van die verskillende areas van sy ontwikkeling nie, alhoewel verskillende vaardighede wat binne hierdie areas ontwikkel moet word ook van belang is. Menslike ontwikkeling is dus hier ter sprake.

Menslike ontwikkeling vanuit ‘n menslike ontwikkelingsgerigte perspektief word deur Segal et al. (2007:153) en Johnson en Yanca (2004:7,8) gedefinieer. Hulle is van mening dat ‘n menslike ontwikkelingsgerigte perspektief aandui dat mense ontwikkel op ‘n fisieke-, kognitiewe-, sosiale-, emosionele- en ook geestelike vlak. Hierdie definisie verleen dieper insig in die konsep van menslike ontwikkeling soos dit beskou word oor ‘n tydperk van ‘n lewensloop. Die bogenoemde skrywers is egter ook van mening dat daar maatstawwe is waarvolgens groei in elke area gemeet moet word. Die bemeestering van die verskillende vaardighede in elke ontwikkelingsarea is ’n maatstaf wat die groei in elke area van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling meet.

Met verwysing na Erikson (1950, 1963, 1967, 1968) se agt fases van ontwikkeling noem Johnson en Yanca (2004:9) dat die middelkinderjare ‘n fase is waar die ontwikkeling van sekere vaardighede noodsaaklik is. Hierdie vaardighede is onder andere nodig vir die funksionering in ‘n spesifieke kultuur en gemeenskap, maar is afhanklik van geleenthede waartydens dit beoefen kan word. ‘n Onderskeid tussen die verskillende vaardighede wat die seun in die middelkinderjare as ontwikkelingsfase moet bemeester, sal vervolgens na gekyk word vanuit verskillende ontwikkelingsareas. Binne elke ontwikkelingsarea is daar verskillende vaardighede of take wat die seun moet bemeester ten einde die ontwikkelingsarea te kan bemeester. Suksesvolle bemeestering van die verskillende vaardighede bepaal dus suksesvolle bemeestering van die verskillende ontwikkelingsareas. Suksesvolle bemeestering van die verskillende ontwikkelingsareas bepaal die suksesvolle bemeestering van die ontwikkelingsfase.

2.3.1 Ontwikkelingsareas binne die middelkinderjare as ontwikkelingsfase

Ontwikkelingsareas binne die konteks van ‘n ontwikkelingsfase word vervolgens beskou, alvorens die fisiologiese, kognitiewe, sosiale, emosionele en seksuele ontwikkelingsareas binne die middelkinderjare aandag sal geniet. Daar moet begrip ontwikkel word van wat met ‘n ontwikkelingsarea bedoel word binne die konteks van ‘n ontwikkelingsfase, ten einde die ontwikkelingsareas te kan begryp.

Verwagtinge eie aan ‘n ontwikkelingsfase, word dikwels ontwikkelingsareas genoem en het volgens Hendry en Kloep (2002:5,16) en Louw et al. (1998:13) waarde in die beskrywing van ‘n ontwikkelingsfase. Hierdie verwagtinge beskryf eienskappe en vaardighede van die seun soos voorgeskryf deur die samelewing en kan as kern elemente van ontwikkeling beskou word. Die verwagtinge van die samelewing is dat die seun hierdie eienskappe en vaardighede moet bemeester. Alhoewel ouderdom dikwels as ‘n merker van elke ontwikkelingsfase en ontwikkelingsarea beskou word behoort dit egter nie as die enigste riglyn beskou te word nie. Daar bestaan verskillende vaardighede vir verskillende ontwikkelingsareas. Elke ontwikkelingsarea word daarom afsonderlik beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanuit ‘n menslike ontwikkelingsperspektief is daar verskillende navorsers wat elkeen op sy eie gebied ‘n bydrae gelewer het tot groter begrip van die ontwikkelingsareas. Volgens Johnson en Yanca (2004:7,8) is maatstawwe wat by fisiologiese ontwikkeling as ontwikkelingsarea benut word onder andere ouderdom, terwyl kognitiewe ontwikkeling deur IK toetse as maatstaf gemeet word om intelligensie te toets. Hulle verwys ook na die werk van Piaget (1962, 1971) met betrekking tot kognitiewe ontwikkeling en noem dat maatstawwe gebruik word om te evalueer hoe ‘n persoon verskillende konsepte hanteer. Met betrekking tot die sosiale en emosionele ontwikkelingsareas word die werk van Erikson dikwels benut as verwysing. Erikson (1950, 1963, 1967, 1968, 1959, 1971) se agt stadiums van ontwikkeling van die mens is gebaseer op die bemeestering van psigososiale vaardighede wat relevant is tot die persoon se ouderdom. Kohlberg (1969) het ses stadiums van morele ontwikkeling geïdentifiseer, terwyl Fowler sewe stadiums van geestelike ontwikkeling voorgestel het. Hierdie teorieë is almal voorbeelde van ‘n menslike ontwikkelingsperspektief en dra by tot begrip van die middelkinderjare as ontwikkelingsfase en die eise daaraan verbonde, asook die uitkomste en gevolge indien die ontwikkelingsvaardighede bereik word of nie bereik word nie. Dit skets ook die faktore wat nodig is vir die seun in sy middelkinderjare om die ontwikkelingsareas suksesvol te kan voltooi en te kan internaliseer. Die ontwikkelingsareas van die middelkinderjare en die vaardighede wat daarbinne bemeester moet word, word vervolgens bespreek.

2.3.1.1 Fisiologiese ontwikkeling

Kenmerke van fisiologiese oftewel liggaamlike ontwikkeling behels in hierdie fase dat die seun se arms en bene vinniger groei as sy romp. Louw et al. (1998:326,327) verwys na Turner en Helms (1995) wat liggaamlike veranderinge wat plaasvind bespreek en noem dat die brein in hierdie fase sy volwasse grootte en gewig bereik. Die longe neem teen die einde van die middelkinderjare tienvoudig in gewig toe namate die seun se respiratoriese stelsel meer ekonomies funksioneer. Die bloedsomloopstelsel se tempo is stadiger, bloeddruk styg, maar die hartklop neem af. Melktande word almal teen die einde van die middelkinderjare vervang deur permanente tande. Hierdie fisiologiese ontwikkeling verklaar waarom die seun ook vinniger ontwikkel met betrekking tot motoriese vaardighede; minder aktief is maar tog betrokke is by aktiwiteite wat meer risiko’s inhou. Baie van die veranderinge wat plaasvind is permanent en vorm dus deel van sy volwasse fase. Dit verklaar ook waarom die middelkinderjare as ’n brug beskou word na ’n fase wat nie meer as kinderjare beskou word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie (Louw et al., 1998:326,327).

Davies (1999:293) sluit hierby aan en noem dat ‘n progressiewe proses van fisiologiese ontwikkeling plaasvind. Die fisiologiese ontwikkeling is dus ‘n proses wat vooruit gaan en waarop die seun nie kan terugbeweeg nie. Alhoewel spel en verbeelding vir die seun in die middelkinderjare steeds belangrik sal wees, sal hy sy identiteit en selfbeeld al meer begin opbou deur die aanleer van sekere vaardighede. Fisiologiese ontwikkeling het daarom ‘n sterk verband met sosiale en emosionele ontwikkeling. Die voorbeeld wat deur Davies benut word om die verband tussen sosiale- en emosionele ontwikkeling met fisiologiese ontwikkeling te illustreer is die tien jarige seun wat basketbaldoele vir ‘n geruime tyd gooi. Tien minute nadat dit begin reën het, hou die seun egter steeds aan om doele te oefen. Alhoewel hy gevra word om uit die reën te kom, reageer die seun nie op sy ouers se versoek nie, maar kommunikeer aan hulle dat hy gefokus moet bly en nie weens weersomstandighede sy doel kan los nie. Deur hierdie gedrag illustreer die seun sekere vaardighede in die middelkinderjare naamlik voortgesette konsentrasie, geloof in wat hy doen en die behoud van ‘n doel ten spyte van afleidings. Buiten die genoemde veranderinge soos selfbeeld, konsentrasie en perseptuele veranderinge is daar ook ander gepaardgaande kenmerke van fisiologiese ontwikkeling.

Fisiologiese ontwikkeling se ander gepaardgaande kenmerke binne die middelkinderjare word deur Snowman et al. (2009:78-80) bespreek. Binne die middelkinderjare het die seun steeds rus nodig aangesien hy gou moeg word weens fisieke en kognitiewe uitputting. Die middelkinderjare is ‘n ouderdomstydperk waar die seun dus steeds aktief is, maar ook baie tyd aan onaktiewe stokperdjies spandeer. Energie word dan hoofsaaklik vrygestel in die vorm van spanningsgewoontes soos nael byt, die kou van ‘n potlood en algemene vroetel gedrag. In hierdie ontwikkelingsfase en -area is uitstaande kenmerke dat die seun egter ook geneig is om ekstreem te wees in sy aktiwiteite, te midde van rus wat hy benodig en rustiger aktiwitiete waarmee hy sy tyd verwyl. Hy het goeie beheer oor sy liggaam in vergelyking met die vorige ontwikkelingsfase, en ontwikkel ook besondere vertroue in sy vaardighede. Dit het tot gevolg dat hy dikwels gevare verbonde aan aktiwiteite onderskat. Die middelkinderjare is ook ‘n fase waarin beengroei nog nie voltooi is nie. Bene en ligamente kan dus nog nie baie swaar druk hanteer nie en beserings kan dus voorkom tydens fisiese aktiwiteite. Liggaamlike beserings is daarom op ‘n hoogtepunt in die middel van hierdie ontwikkelingsfase.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die liggaamlike ontwikkeling van die seun in die middelkinderjare vind volgens Davies (1999:295) stadiger plaas as in die vroeë kinderjare, alhoewel daar steeds baie veranderinge plaasvind. Davies (1999:295) verwys na Elkind (1994) wat noem dat seuns liggaamlik groter is as dogters tot ongeveer die ouderdom van elf jaar, waarna dogters liggaamlik vinniger groei. Dit is te wyte aan dogters se ontwikkeling wat gekoppel is aan puberteit en wat ongeveer ‘n jaar vroeër plaasvind as in die geval van seuns. Dit is in hierdie ouderdomstydperk wat dogters dus voor seuns sekondêre seksuele karaktereienskappe ontwikkel, terwyl seuns die pre-adolessente liggaamsvorm behou tot ongeveer die ouderdom van twaalf tot dertien jaar oud. Volgens Keenan en Evans (2009:96,97); Steytler en Strydom (2007:30); Graber en Brooks-Gunn (2000) in Ferrara (2002:178) reken sommige navorsers dat seuns nie slegs een nie, maar tot twee jaar langer fisiologies ontwikkeling as dogters. Hulle is van mening dat die seun in sy middelkinderjare homself terselfdertyd ook in die fase van puberteit bevind aangesien die ontwikkelingsfases, wat die middelkinderjare insluit, nie slegs aan ouderdom gekoppel word nie en die duurte daarvan kan verskil van seun tot seun. Die meerderheid ontwikkelingpsigoloë is van mening dat puberteit selfs so vroeg as op nege jarige ouderdom kan plaasvind, tot so laat as op vyftienjarige ouderdom. Weens puberteit wat dus reeds in die middelkinderjare kan voorkom, is liggaamlike aantreklikheid dus ook vir die seun in die middelkinderjare belangrik, te midde daarvan dat die ontwikkelingsfase nie noodwendig hierdeur gekenmerk word nie. Hierdie liggaamlike veranderinge wat met seksuele veranderinge gepaardgaan tydens die middelkinderjare is nie net belangriker vir seuns as vir dogters nie, maar hou ook groter voordele vir die seun op hierdie stadium in as vir die dogter.

Die portuurgroep se norme oor liggaamlike aantreklikheid het ook ‘n direkte verband met die maatstaf vir ontwikkeling vir die seun. Dit is daarom vir die seun belangrik om sy manlikheid te bewys. Alhoewel manlikheid as emosionele ontwikkelingsarea beskou kan word, is dit ook nodig om daarna te kyk vanuit ‘n fisiologiese ontwikkelings oogpunt. Seuns soek volgens Horne en Kiselica (1999:20) geleenthede om hulle manlikheid te bewys. Dit vind hoofsaaklik plaas deur sport en ander fisiese aktiwiteite. Hierdie bewys van manlikheid word as ‘n universele fenomeen beskou. In Oos-Afrika word daar byvoorbeeld van jong seuns verwag om deel te neem aan ‘n uitgebreide inisiasie proses alvorens hulle as mans beskou kan word. Hierdie ritueel behels onder andere dat die seun erge pyn moet kan verduur, sy fisieke krag moet kan bewys, asook uithouvermoë kan toon. Indien die seun nie in staat is om aan die verwagtinge en standaarde van die ritueel te voldoen nie, is die gevolg dat hy uitgesluit word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van volle deelname aan die manlike lewenstyl van die gemeenskap. Manlikheid word egter in alle kulture beskou as ‘n status wat nie aangedui kan word deur biologiese aspekte nie, maar wat verdien moet word deur die voltooiïng van uitdagende take en die oorwinning oor moeilike en pynlike omstandighede. Die bewys van manlikheid het daarom ‘n noue verband met fisiologiese ontwikkeling en die bemeestering van vaardighede wat daarmee gepaard gaan.

Fisiologiese ontwikkelingsvaardighede wat die seun in die middelkinderjare moet bemeester behels buiten die aspekte wat reeds bespreek is, ook meer spesifieke vaardighede. Spesifieke vaardighede sluit onder andere motoriese vaardighede in, wat weer afsonderlik na gekyk moet word en wat as groot motoriese (spier) vaardighede en klein motoriese (spier) vaardighede, taal- en skryfvaardighede en ruimtelike vaardighede vervolgens beskou sal word.

a.) Groot motoriese vaardighede

Die fisiologiese ontwikkeling van die middelkinderjare wat onder andere groot motoriese vaardighede behels word deur Snowman et al. (2009:78-80) en Louw et al. (1998:329,330) bespreek. In die begin van die middelkinderjare is groot spier ontwikkeling steeds dominant bo klein spier ontwikkeling. Seuns ontwikkel gewoonlik vinniger as dogters wat motoriese aktiwiteite betref. Dit word toegeskryf aan die feit dat seuns meer spierweefsel as dogters het en dus meer krag. Die verskille is veral sigbaar met betrekking tot die groot motoriese vaardighede van die seun.

Groot motoriese vaardighede soos hardloop, klim, gooi en skop is goed ontwikkel aan die begin van die middelkinderjare en die ontwikkeling daarvan duur voort en verbeter deurlopend. In die middelkinderjare word individuele verskille in groot motoriese vaardighede vir die seun belangrik as individu, sowel as binne sy portuurgroep, veral met betrekking tot atletiese vaardighede. Die seun met swak groot motoriese vaardighede word dus dikwels gespot en ervaar sosiale verwerping (Ferrara, 2002:178; Davies, 1999:295,296).

Die ontwikkelingsvaardighede wat binne fisiologiese ontwikkeling voltooi moet word, word deur Steytler en Strydom (2007:30) en Spies (2006:167) bespreek. Die verwerwing van groot motoriese vaardighede behels dat die seun die vaardigheid moet kan bemeester om drange en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neigings te kan beheer en om deelname en samewerking in leersituasies te kan toon. Volgens die skrywers sal die seun wat aan sport deelneem as buite kurrikulêre aktiwiteit minder by bendes, misdaad en middelmisbruik betrokke raak.

b.) Klein motoriese vaardighede

Die ontwikkeling van klein motoriese vaardighede in die middelkinderjare as ontwikkelingfase behels volgens Snowman et al. (2009:78-80) en Louw et al. (1998:326-330) verdere verfynde motoriese ontwikkeling. Baie kinders in hierdie ontwikkelingsfase, veral seuns, ervaar probleme met die hantering van ‘n pen weens die klein spier ontwikkeling wat nog nie so ver ontwikkel is soos byvoorbeeld die groot spier ontwikkeling nie. Probleme met betrekking tot die fokus op klein skrif en objekte, kan ook voorkom in hierdie fase van ontwikkeling, weens die vorming van die oë, maar ook as gevolg van die oogspier wat nog nie volkome ontwikkel is nie. Met betrekking tot die klein motoriese vaardighede is daar ander aspekte van belang as by die groot motoriese vaardighede se ontwikkeling. Spesifieke aspekte van belang by klein motoriese vaardighede word vervolgens na gekyk.

Ferrara (2002:178) en Davies (1999:295,296) noem dat klein motoriese vaardighede verfyn word gedurende hierdie fase van ontwikkeling. Oog-hand koördinasie word byvoorbeeld belangrik vir verbeterde vaardighede in skryf en teken in die vroeë jare van die middelkinderjare, terwyl die spoed van die skryfvaardighede teen die latere jare van die middelkinderjare verbeter. Die seun met swak ontwikkelde klein motoriese vaardighede of agterstande in hierdie area kan daarom akademiese probleme ervaar in die primêre skooljare aangesien hy nie voldoen aan die maatstawwe soos gestel deur die kurrikulum nie. Klein motoriese vaardighede wat goed ontwikkel is, raak meer as net die seun se fisiologiese ontwikkeling. Sy sosiale deelname, morele oordeel en gedrag kan onder andere ook daardeur beïnvloed word, aangesien hy homself in terme van sy vaardighede, gedrag en ervaringe met sy portuurgroep vergelyk. Indien hy ervaar dat hy nie aan dieselfde maatstawwe as sy portuurgroep voldoen nie, het dit dikwels ‘n negatiewe impak op hom en kan hy betrokke raak by bendes en besluit om die skool op ‘n vroeë ouderdom te verlaat. Hy kan ook binne die klas negatiewe en afbrekende gedrag begin toon wat ‘n negatiewe impak op ander leerders in die klas het. Verdere fisiologiese ontwikkelingsvaardighede wat van belang is sluit egter ook taal- en skryfvaardighede in.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

c.) Taal- en skryfvaardighede

Davies (1999:295) noem dat veranderinge en verskille met betrekking tot taal- en skryfvaardighede ook tydens die middelkinderjare plaasvind. Volgens Davies (1999:309) en Louw et al. (1998:343,344) leer die seun wat in sy middelkinderjare is ‘n groter variasie van taalreëls en konsepte, en ook meer ingewikkelde samestellings oor taal en kommunikasie in vergelyking met die seun in sy vroeë kinderjare van ontwikkeling wat meer basiese konsepte van taal en kommunikasie leer. In die middelkinderjare word die seun se woordeskat ook meer uitgebrei. Die skrywers noem egter dat alhoewel die seun oor meer taal- en kommunikasievaardighede beskik en in staat is om homself verbaal meer verstaanbaar uit te druk, beteken dit nie dat dit vir hom maklik is om oor emosionele aspekte te kommunikeer nie. Om oor alledaagse gebeurtenisse te kommunikeer is heeltemal anders as om spanningsvolle emosies bekend te maak. Spel en ander vorme van simboliese voorstellings bly dus belangrik en ‘n essensiële vorm van kommunikasie wanneer die seun in sy middelkinderjare, ter sprake is. Die seun is dus veronderstel om oor hierdie taal- en skryfvaardighede te beskik indien hy seksueel mishandel is en binne maatskaplike werk intervensie met die betrokke maatskaplike werker oor sy ervaringe moet kommunikeer.

‘n Seun in sy middelkinderjare kan volgens Davies (1999:310,311) probleme met taal- en skryfvaardighede ervaar indien hy laat in sy vorige ontwikkelingsfases begin praat het. Gesofistikeerde taal en kommunikasie is ook onder andere afhanklik van kognitiewe ontwikkeling. Indien ‘n seun instaat is om sy gedagtes te kan terugneem na die verlede byvoorbeeld “die juffrou hou van die seun”, “die juffrou het van die seun gehou”, sal hy ook in staat wees om veranderinge met betrekking tot sinstrukture en kontekste te kan verstaan. Hy sal daarom kan kommunikeer of seksuele mishandeling met hom gebeur het en nie meer gebeur nie en of dit op die oomblik steeds plaasvind. Taalvaardighede is egter nie slegs afhanklik van kognitiewe ontwikkeling en of die seun vroeg of laat begin praat het nie. Die seun se omgewing het ook ‘n invloed op sy taal- en kommunikasievaardighede. Davies (1999:312) noem dat die seun wie se ouers gereeld met hom praat en wie se ouers hom gereeld aanmoedig om sy emosies en gedagtes te verwoord oor beter taal- en kommunikasievaardighede beskik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ontwikkeling in taal- en kognitiewe vaardighede gedurende die middelkinderjare het volgens Davies (1999:312) ook ‘n belangrike invloed op die seun se vaardigheid tot self regulering. ‘n Gesin waar die seun nie aangemoedig word om gereeld te kommunikeer nie en die ouers ook nie gereeld met die seun kommunikeer nie, heg beperkte waarde aan interpersoonlike empatie teenoor mekaar en plaas eerder waarde op geheimhouding. Die seun voel dus nie dat hy die vryheid of vrymoedigheid het om sy gedagtes wat hy as baie privaat beskou te verbaliseer nie.

In disfunksionele gesinne waar seksuele mishandeling voorkom sal die seun dus nie verplig voel om die seksuele mishandeling bekend te maak nie en eerder stil bly. Sy enigste manier waarop hy hierdie privaat gedagtes oor die seksuele mishandeling kan verwoord en kan hanteer is deur middel van privaat fantasieë. Taal- en kommunikasievaardighede het daarom nie slegs ‘n impak op die seun se skryfvaardighede en denkpatrone nie, maar ook op sy gesinsverhoudinge en sosialisering. Daar is dus ‘n wisselwerking tussen die wyse waarop verskillende ontwikkelingsareas ontwikkel.

d.) Ruimtelike vaardighede

Ferrara (2002:178) noem dat daar deur die gebruikmaking van videospeletjies tot die gevolgtrekking gekom is dat seuns oor beter ruimtelike vaardighede beskik as dogters, terwyl dogters beter presteer in lees- en skryfvaardighede. Skoolrapporte het prestasie verskille tussen die verskillende geslagte bevestig en bewys dat seuns se ruimtelike vaardighede beter is as die van dogters. Verbeterde ruimtelike vaardighede is onder andere te wyte aan die verskille in belangstellings tussen seuns en dogters. Aangesien seuns meer belangstel in videospeletjies en dus baie tyd daaraan spandeer, kry hulle baie oefening in ruimtelike vaardighede wat met die speel van videospeletjies gepaard gaan, daarom is hulle beter in ruimtelike vaardighede as dogters. Dit word bevestig deur Ross en Shellenberger (2010:16) deur ‘n seun van elf jaar oud wat noem dat hy erken dat hy “verslaaf” is aan videospeletjies en dit as ‘n wonderlike tydverdryf beskou. Hy is egter bewus daarvan dat sy ouers bekommerd oor hom is en die baie tyd wat hy daaraan spandeer en hom gedurig terreg wys en poog om hom eerder buite te laat speel en oefening te kry. Die elfjarige seun beklemtoon sy belangstelling in videospeletjies deur aan te dui dat hy so baie tyd daaraan spandeer dat hy as afhanklik daarvan beskou kan word, maar weens die baie tyd wat die seun in sy middelkinderjare aan videospeletjies spandeer word sy ruimtelike vaardighede dus ontwikkel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fisiologiese ontwikkeling is nie minder belangrik as kognitiewe ontwikkeling nie. Die fisiologiese ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling van die seun het ‘n sterk verband met mekaar aangesien ‘n seun se selfkonsep volgens Horne en Kiselica (1999:17), gedeeltelik gedefinieer word deur die feit dat hy ‘n seun is. Fisiologiese ontwikkeling en die seun se selfkonsep gaan dus hand aan hand en behels die bemeestering van verskeie vaardighede. Daarbenewens rus die seun se fisiologiese ontwikkeling in die middelkinderjare hom ook toe vir volwassenheid, en kan nie geskei word van sy kognitiewe, sosiale, emosionele en seksuele ontwikkeling nie aangesien hoe hy oor homself dink en voel, sy gedrag en selfvertroue, asook sy identiteit en sosialisering in ‘n groot mate daarin gewortel is in hoe hy fisies as seun ontwikkel het.

2.3.1.2 Kognitiewe ontwikkeling

Keenan en Evans (2009:113,158,159) en Davies (1999:296) verwys na Kagan (1984) wat van mening is dat nuwe vlakke van kognitiewe ontwikkeling in die middelkinderjare bereik word. Dit sluit die seun se vermoë om te redeneer in. Kagan (1984) maak nie kognitiewe ontwikkeling los van fisiologiese ontwikkeling nie. Hy bespreek die ontwikkeling van die brein en noem dat dit belangrik is om daarop te let dat brein-ontwikkeling drastiese veranderinge in die eerste stadium van ontwikkeling van die middelkinderjare ondergaan. Sekere areas van die brein se ontwikkelling toon duidelike neurologiese patrone wat beteken dat dit sterk gevestigde patrone is. Ander dele het weer nie sulke duidelike neurologiese patrone wat aangedui word nie, wat beteken dat dit nie so sterk gevestig is nie en verdere oefening in hierdie areas sal dus vir die seun van waarde wees. Daar is daarom sekere ontwikkelingsareas wat vinniger ontwikkeling toon as andere. Elke area van die brein het duidelike en gespesialiseerde funksies wat verband hou met die ontwikkelingsareas. In elke ontwikkelingsarea sal daar dus gespesialiseerde funksies wees wat vinniger ontwikkel as ander minder gespesialiseerde funksies. Kognitiewe ontwikkeling het dus ‘n effek op denkwyses, geheue en ervaring, verwerking van inligting, verwerking van ervaringe, hanteringsvaardighede, kognitiewe- en taalvaardighede. Daar word ook in ag geneem dat die skool ‘n effek op kognitiewe ontwikkeling het en op ander ontwikkelingsareas van die seun in die middelkinderjare.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met betrekking tot die ontwikkeling van die brein is Keenan en Evans (2009:107-109) van mening dat die seun teen die ouderdom van twee jaar reeds 75% van sy brein se volwasse gewig bereik het. Brein-ontwikkeling is egter nie egalig en aaneenlopend nie, maar word primêr deur omgewingservaringe beïnvloed. Die verband tussen ontwikkelingsfases en volwassenheid in terme van die brein sal dus nooit in perfekte ooreenstemming wees nie. Davies (1999:296) daarteenoor, verwys na Janowsky en Carper (1996) en Shapiro en Perry (1976), wat noem dat die frontale lob van die serebrale korteks vinniger ontwikkel tussen die ouderdomme van vyf jaar en agt jaar. Hierdie is die area van die brein wat geassosieer word met die bewustheid en denkprosesse wat taal behels. Teen die ouderdom van ongeveer agt jaar oud het die brein 90% van sy groei bereik. Aangesien die brein se groei en die ontwikkeling van hoër kognitiewe funksies redelik op dieselfde stadium plaasvind, kan daar volgens Davies (1999:296) die aanname gemaak word dat die volwassenheid van die brein wel ‘n beduidende rol speel in die seun se nuwe kognitiewe vaardighede.

Kognitiewe ontwikkeling is onlosmaaklik deel van ander areas van ontwikkeling. Alhoewel ouderdom ‘n belangrike faktor is, moet kognitiewe ontwikkeling soos in enige ander ontwikkelingsarea nie in isolasie na gekyk word nie. Ontwikkeling moet beskou word in die lig van ouderdom sowel as ander faktore. Kognitiewe ontwikkeling is wel nie so sigbaar soos byvoorbeeld fisiologiese ontwikkeling nie. Dit is egter belangrik om die kognitiewe ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare te bestudeer ten einde ‘n groter begrip vir die seun se denkwyses, gevoelens en gedrag te kan ontwikkel.

2.3.1.3 Sosiale Ontwikkeling

Met betrekking tot sosiale ontwikkeling as ontwikkelingsarea binne die middelkinderjare, is daar ook soos in ander areas van ontwikkeling, spesifieke vaardighede wat bemeester moet word. Aangesien sosiale kontak en die portuurgroep so ‘n uitstaande kenmerk van die middelkinderjare is in terme van die rol en impak wat dit op seuns het, word daar dus vervolgens gekyk na die sosiale ontwikkeling van die seun en die vaardighede wat daarmee verband hou.

Volgens Snowman et al. (2009:80-83) is die seun meer selektief oor sy keuse van vriende in die middelkinderjare. Hy begin in hierdie ontwikkelingsfase dus permanente vriendskappe bou. Alhoewel konflik dikwels steeds voorkom, word woorde al meer in konflik gebruik in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vergelyking met fisieke aggressie wat vroeër gebruik is. Die portuurgroep word meer belangrik en begin ‘n sterker invloed in hierdie fase uitoefen. Die portuurgroep begin selfs die ouers, as primêre bron van gedragstandaarde en erkenning vir doelwitte wat bereik is, te vervang. Die middelkinderjare is egter ook ‘n tydperk waar die seun sensitief is vir kritiek en dit moeilik kan vind om aan te pas wanneer hy fouteer het en gedragstandaarde oorskry het. Hy begin egter meer sensitief raak vir die gevoelens van andere en probeer dikwels sy opvoeder tevrede stel.

In die middelkinderjare het die seun begrip daarvoor dat daar verskillende maniere is om dinge uit te vind en dat sommige maniere beter is as andere. Hoe hy met andere in sosiale interaksie is, verander dus. Volgens Keenan en Evans (2009:277) en Horne en Kiselica (1999:35) word die seun deur sosiale ontwikkeling sekere lesse en ervaringe geleer oor die belangrikheid van mag, besluitneming en die stel van doelwitte. Die seun sal steeds meer betrokke raak by slaan, stoei en stamp as metode van konflikhantering en om sy mag en besluitneming te laat geld, as wat die dogter dit sal doen. Hierdie ervaringe en lesse wat hy deur sy sosiale ontwikkeling leer, speel ‘n rol in die keuse van ‘n beroep wat die seun later in sy lewe maak. Hierdie sosiale ontwikkeling wat plaasvind, leer ook die seun dikwels dat sy trots, selfrespek, status en sy werk die belangrikste aspek met betrekking tot manlikheid is en dat alle ander aspekte van sekondêre belang is. Keenan en Evans (2009:270) en Horne en Kiselica (1999:43) noem ook dat volgens Erikson (1967) se ontwikkelingsfases, die seun deur sosialisering aan die samelewing se verwagtinge en maatstawwe voldoen en dus konformeer. Die kulturele konteks speel dus ‘n belangrike rol in sosialisering en begrip van die sosiale ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare. Sosialisering en sosiale ontwikkeling van die seun vind deur verskillende persone en metodes plaas soos vervolgens bespreek sal word.

a.) Ouers

Volgens skrywers (Steytler & Strydom, 2007:31; Louw et al., 1998:354) bestee die seun in die middelkinderjare meer tyd van die huis af weg, maar bly die gesin die spil waarom sy bestaan draai, asook die bron van sy sekuriteit. Volgens Davies (1999:302) bly die seun se ouers vir hom belangrik, maar ander volwassenes word óók vir hom belangrik. Die portuurgroep se invloed het egter ook ‘n geweldige impak. Rolverandering kom onder andere voor weens die portuurgroep se impak. Aangesien die seun se rol tussen die ouderdom van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ses jaar en twaalf jaar verander, verander die ouers se rolle ook. Die ouers se rol in terme van versorging raak byvoorbeeld minder, terwyl hulle rol van dissiplinering en leidinggewing méér word. Die skrywers verwys na Newman en Newman (1995) wat noem dat die seun in die middelkinderjare hoë eise aan sy ouers stel. Die seun se kleredrag verander om by sy portuurgroep aan te pas, met die gevolg dat hy meer finansiële eise aan sy ouers stel. Sy liggaamlike veranderinge en groei vereis ook dat sy klere meer gereeld verander moet word as voorheen.

Alhoewel die interaksiepatrone wat die seun in sy ouerhuis aangeleer het gedeeltelik sy interaksie met ander persone bepaal, vind ouers dit tog in hierdie ontwikkelingsfase veeleisend om die seun te verstaan. Elke ouer benut een van vier ouerskapstyle wat geïdentifiseer kan word. Elke ouerskapstyl wat benut word dra op sy eie wyse by tot die sosiale ontwikkeling van die seun. Die vier ouerskapstyle wat onderskei word is die outoritêre ouer wat té streng grense neerlê, die gesaghebbende ouer wat streng, maar realistiese grense vasstel, die permissiewe ouer wat geen grense neerlê nie en die onbetrokke ouer wat geen betrokkenheid in enige neerlegging van grense toon nie (Snowman et al., 2009:78; Steytler & Strydom, 2007:31,32).

Afgesien van die ouerskapstyl is dit tog belangrik om te onthou dat die seun in sy laat middelkinderjare soos Steytler en Strydom (2007:31) aandui, geneig sal wees om grense te toets. Dit is dus nie noodwendig weens die ouerskapstyl wat benut word, dat die seun grense begin toets nie. Indien die seun toegelaat word om die grense te oorskry, sonder enige negatiewe gevolge, sal gepoog word om dit herhaaldelik te doen. Die seun se soeke na selfstandigheid word deur hierdie gedrag geopenbaar. Dit is egter die ouer of volwasse persoon in wie se sorg die seun verkeer, se verantwoordelikheid om die seun te help om te verstaan dat hy verantwoordelikheid vir sy gedrag moet aanvaar, veral aangesien identiteitsontwikkeling deel vorm van hierdie lewensfase. Die ouers speel dus steeds ‘n belangrike rol in die seun se lewe tydens die middelkinderjare, in die vestiging van ‘n verantwoordelikheidsin sowel as ‘n selfkonsep.

b.) Portuurgroep

Die rolverandering wat plaasvind met betrekking tot die seun, sy portuurgroep, sowel as sy ouers, behels volgens Keenan en Evans (2009:280,281) en Davies (1999:302), dat die sosiale

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vaardighede wat ontwikkel moet word meer kompleks word tydens die middelkinderjare as in vergelyking met die vroeë kinderjare. Hierdie rolverandering hou verband met die ouers wat minder belangrik word as die portuurgroep. Die sosiale vaardighede wat die seun in die middelkinderjare moet bemeester hou verband met waardes, reëls en roetines aangesien hy die groter wêreld betree wanneer hy skool toe gaan. Hy moet ook leer wat aanvaarbare gedrag is binne hierdie konteks. Hierdie waardes, gedrag en reëls word aangeleer deur die seun se sosialisering met sy portuurgroep, asook in interaksie met volwassenes en gesagsfigure buiten sy ouers. Die seun se begrip van homself en sy identiteit word in hierdie ontwikkelingsfase toenemend bepaal deur hoe hy homself evalueer in terme van sy verhouding met sy portuurgroep, en nie meer slegs in verhouding tot sy ouers nie. Die seun leer deur sy sosialisering met sy portuurgroep konsepte oor mededeelsaamheid, onderhandeling, hantering van konflik en sosiale aanvaarding. Hy ontwikkel ook daardeur ‘n groter begrip van homself as individu en ‘n gevoel dat hy ‘n gelyke tussen gelykes is. Die gevolge van portuurgroep sosialisering is egter nie altyd positief nie. Die portuurgroep sosialisering het soms tot gevolg dat die seun gekategoriseer word as ongewild, nie-aanvaarbaar nie en verwerp word. Hierdie kategorisering deur die portuurgroep kan plaasvind as gevolg van hoe die seun lyk of nié lyk nie en sy sosiale vaardighede, en kan in werklikheid enige van ‘n wye reeks redes behels.

Verhoudinge met sy portuurgroep word beklemtoon deur Biovin, Petitclere, Feng en Barker (2010:232) wat noem dat sosialisering met sy portuurgroep aan die seun die geleentheid bied om nuwe sosiale vaardighede aan te leer en te ontwikkel, asook om sy selfkonsep te ontwikkel. Die ontwikkeling van die seun se selfkonsep is veral belangrik in die vroeë- en laat middelkinderjare wanneer die ontwikkeling van die seun se identiteit ook meer plaasvind.

Steytler en Strydom (2007:32) is van mening dat die portuurgroep ook die geleentheid aan die seun verskaf om die grense, soos nuwe gedrag, negatiewe aktiwiteite, asook die misbruik van chemiese middels, te toets wat nie tuis toelaatbaar is nie. Die portuurgroep help ook die seun met kommunikasie en stel reëls van hoe daar binne sekere portuurgroepgrense beweeg moet word. Binne sekere portuurgroepgrense is spesifieke musiek, kleredrag en gedrag aanvaarbaar of onaanvaarbaar. Hierdie grense word binne die portuurgroep met mekaar gekommunikeer. Die portuurgroep bied ook geleenthede aan die seun met betrekking tot die ontwikkeling van kameraadskap, ‘n veilige omgewing, versterking van geslagsrolle en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vordering na onafhanklikheid, veral waar emosionele bande met ouers verswak is. Die verswakte emosionele bande met die ouers is egter nie noodwendig vanweë die betrokkenheid by die portuurgroep of ander probleme nie, maar kan weens ‘n spesifieke ouerskapstyl wees wat deur die ouers beoefen word.

Die invloed wat die portuurgroep op die seun in hierdie ontwikkelingsfase het, is nie altyd positief en tot voordeel van die seun en sy ontwikkeling nie. Ongeveer 10% van seuns en dogters wat hulleself in hierdie ontwikkelingsfase bevind, word volgens Biovin et al. (2010:232) deur een of meer van hulle portuurgroep geviktimiseer. Hierdie viktimisering en teistering vind ook dikwels oor die verloop van jare plaas en is nie slegs ‘n eenmalige gebeurtenis nie. Negatiewe ervaringe wat die seun in sy omgang met sy portuurgroep ervaar, word as oorsaaklike faktore beskou in aanpassingsprobleme, leerhindernisse, beperkte selfbeeld en eie waarde, depressie, eensaamheid, onttrekking en isolering, asook angs en beperkte skoolbywoning. Daarbenewens speel die media ook al meer ‘n prominente rol in die ontwikkeling van die seun en is direk gekoppel aan die seun se portuurgroep.

c.) Media

‘n Primêre faktor in die sosialisering van die seun via sy portuurgroep is die media. Die media is volgens Steytler en Strydom (2007:32) ‘n groot faktor in die samestelling van portuurgroepe aangesien die media die ideale vriendskapsverhoudinge voorhou. Verskillende portuurgroepe het verskillende waardes wat hulle onder andere weens die invloed van media aanhang, byvoorbeeld vir sommige portuurgroepe is status en welstand baie belangrik, terwyl andere meer gefokus is op mag en geweld. Norme en waardes wat deur die portuurgroepe gehandhaaf word, word egter ook beïnvloed deur geografiese streke, ekonomiese welstand, status, sport betrokkenheid en die betrokkenheid by spesifieke sportsoorte soos byvoorbeeld rugby. Hierdie faktore kan ‘n oorsaaklike faktor wees in die marginalisering van portuurgroepe. Indien die seun byvoorbeeld nie belangstelling in rugby toon nie of nie rugby speel nie, word hy nie in die portuurgroep verwelkom nie. Spesifieke portuurgroepe word dus gevorm afhangende van die invloed van die media.

Die invloed van die media word ook deur Badenhorst (2008:31) bespreek. Die skrywer noem dat seksuele oortreders pornografiese beelde as media gebruik, nie slegs as seksuele stimulasie vir homself as oortreder nie, maar ook as ‘n hulpbron om portuurgroepdruk toe te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pas en daardeur te verseker dat die seun die seksuele mishandeling sal toelaat. Hierdie pornografiese beelde word verkry vanaf die media soos televisie, koerante, tydskrifte, internet, selfone, musiek en films. Hierdie benutting van pornografiese beelde as media deur die seksuele oortreder, word byvoorbeeld gedoen deur die seun bloot te stel aan pornografiese materiaal en as volwassene of jeugleier sy goedkeuring daarvoor te gee, óf die seun uit te daag om dit te benut. Portuurgroepdruk en die behoefte aan aanvaarding deur die portuugroep wat in hierdie ontwikkelingsfase na vore kom kan daarom bydra tot gesonde, maar ook ongesonde en risiko situasies wat tot nadeel van die seun se ontwikkeling kan wees. Die invloed van die media kan dus vanaf verskeie oorde ‘n impak op die seun en sy ontwikkeling hê, en ‘n proses van “grooming” is dus hier ook ter sprake.

d.) Sosiale persepsies

Sosiale persepsies van die samelewing het ‘n geweldige impak op die seun se sosiale ontwikkeling. Alhoewel die seun se ouers, sy portuurgroep en die media as primêre bronne sy sosiale ontwikkeling beïnvloed, het status, sport, welstand, geografie en ekonomie ook ‘n effek op die seun. Sosiale persepsies van verskeie vorme speel ‘n belangrike rol in die vorming van die seun se selfkonsep en sy sosiale ontwikkeling.

Met betrekking tot sy sosiale persepsie noem Davies (1999:302,303) dat die seun in die middelkinderjare al meer gesofistikeerd daarin raak om die perspektiewe van andere te kan verstaan. Teen die ouderdom van tien tot twaalf jaar kan die seun terselfdertyd teenstrydige sienswyses in homself en andere identifiseer. ‘n Seun in sy vroeë kinderjare sal nie verstaan dat ‘n persoon hartseer en gelukkig op een stadium kan voel nie, maar die seun in sy middelkinderjare is wel in staat om te verstaan dat ‘n persoon verskillende emosies op een stadium kan ervaar, soos byvoorbeeld opgewondenheid en vrees. Hoe ouer die seun is binne die middelkinderjare, hoe meer sal hy in staat wees om ‘n ander persoon se reaksie en sy sielkundige motief te verstaan. Hoe jonger die seun is hoe minder beskik hy oor die vaardigheid om byvoorbeeld die sarkastiese opmerking van ‘n volwasse persoon te kan verstaan.

Steytler en Strydom (2007:29) bevestig ook die impak van sosialisering en sosiale persepsies op die seun se sosiale ontwikkeling, en noem dat die seun leer deur sosiale interaksie met ander persone. Hierdie skrywers noem dat die seun ondersteuning en begeleiding van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volwassene ontvang totdat hy die vaardigheid bemeester het. Sodoende word hy bemagtig om die uitdagings van die lewe te kan hanteer en oorkom. Volgens Steytler en Strydom (2007:30) benodig die seun baie leiding en volwasse ondersteuning hier, omdat hierdie oorskakeling vanaf die middelkinderjare na die adolessentefase wat met puberteit gepaard gaan, nie slegs identiteitsverwarring veroorsaak nie, maar ook die seun wat in sy laat middelkinderjare is, makliker beïnvloedbaar maak. Die seun wat homself in die middelkinderjare bevind, maar terselfdertyd puberteit beleef is dus veral beïnvloedbaar vir die impak van sosialisering en sosiale persepsies aangesien hy weens hierdie ontwikkeling baie onsekerheid en vrae het.

2.3.1.4 Emosionele ontwikkeling

Die veranderinge wat die seun fisiologies, kognitief en ook in ander ontwikkelingsareas ervaar, het altyd ‘n emosionele ervaring tot gevolg, hetsy positief of negatief. Emosionele ontwikkeling is daarom soos alle areas van ontwikkeling verweef met die fisiologiese-, kognitiewe-, sosiale- en seksuele ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare. Vervolgens word daar dus na verskillende aspekte van emosionele ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare gekyk.

a.) Emosies

Begrip van emosies word volgens Keenan en Evans (2009:244) en Meece en Daniels (2008:344,345) se verwysing na Harter en Whitesall (1989) meer gesofistikeerd in die middelkinderjare. Daar is onder andere in hierdie fase van ontwikkeling begrip dat verskillende emosies kan voorkom weens dieselfde of verskillende situasies. Meece en Daniels (2008:347) verwys ook na Lazarus (1999) wat twee tipes strategieë identifiseer vir die hantering van emosies deur die seun, naamlik probleem gesentreerde hantering en emosioneel gesentreerde hantering. Alhoewel sommige seuns se hanteringsvaardighede van so ‘n aard kan wees dat hulle op die probleem gefokus is en daardeur ‘n oplossing bewerkstellig, word ander seuns se hantering van probleme en situasies meer gerig deur hulle emosies. Emosionele ontwikkeling het dus ‘n invloed op die hantering van probleme wat die seun in sy lewe ervaar.

Steytler en Strydom (2007:31) is van mening dat die hormoon testosteroon ‘n sterk invloed het op die seun se emosionele ontwikkeling. Die hormoon testosteroon speel ‘n groot rol in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

elke seun se lewe veral tydens puberteit vanweë die drastiese veranderinge wat met hierdie lewensfase gepaardgaan. Testosteroon het tot gevolg dat die seun meer fisiek aggressief is, en spanning vinnig ontlaai. Die geneigdheid van die seun om meer oorheersend te wees en uitdrukking aan fisiese en sosiale aggressie te gee, sonder die inagneming van gevolge, is ook te wyte aan hoë testosteroonvlakke. Daar word daarom soms die indruk geskep van meganiese optrede en vertraagde emosies by die seun. Hierdie indruk kan toegeskryf word aan testosteroonvlakke. Die seun se testosteroonvlakke het ‘n direkte invloed op sy emosies, en dit is daarom belangrik dat die seun in sy middelkinderjare, die nodige positiewe leiding moet ontvang ten opsigte van die wyse waarop hy emosies moet hanteer en uiting daaraan moet gee. Die seun se emosionele behoeftes moet daarom aangespreek word.

Belangrike emosionele behoeftes wat vervul moet word en essensieel is vir die seun tydens enige ouderdom, word deur Steytler en Strydom (2007:31) en Spies (2006:164) geïdentifiseer. Dit is die behoefte na basiese fisieke versorging; sekuriteit, leiding, ondersteuning en beheer; liefde, aandag en respek; stimulasie om te leer en toegang tot skolastiese opvoeding te kry en laastens onafhanklikheid en verantwoordelikheid. Hulle noem dat die seun in sy middelkinderjare in die proses om na onafhanklikheid te beweeg, nie slegs interne konflik beleef nie, maar ook eksterne konflik met sy ouers en sy portuurgroep, aangesien hy nou hegte vriendskappe met sy portuurgroep begin aanknoop. Belangstelling in heteroseksuele verhoudings begin na vore kom en hy is ook nou instaat om liggaamstaal beter te verstaan, en emosies soos liefde, vrees en woede te kommunikeer. Die vroeë en middelkinderjare word daarom deur Meece en Daniels (2008:334) beskou as belangrike periodes vir die ontwikkeling van die seun se selfbeheersing, inisiatief en sy doelwit bepaling. Aangesien hierdie belangrik aspekte van ontwikkeling is, sal dit konstante emosionele behoeftes by die seun wees indien daar nie sprake van vervulling is nie, en hy nie selfbeheersing, inisiatief en doelwit bepaling kan ervaar en bereik nie.

Emosionele behoeftes van die seun in die middelkinderjare soos bespreek deur Spies (2006:167) behels ook dat die seun in staat sal wees om probleme wat buite die gesinseenheid ondervind word, te kan bemeester. ‘n Aspek wat veral in die middelkinderjare van belang is, is die aspek van regverdigheid of die verlies daarvan. Die seun wil seker wees dat hy regverdig behandel is en sal dit as ‘n groot verlies ervaar indien hy onregverdig behandel is. Binne emosionele ontwikkeling moet die seun in die middelkinderjare die lewensvaardigheid bemeester om spesifieke persoonlikheidstrukture te ontwikkel. Hy moet byvoorbeeld in staat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wees om wie hy as individu is te begin ontdek en te kan identifiseer.

Daar is egter binne emosionele ontwikkeling verskeie vaardighede vir verskillende ouderdomme in die middelkinderjare. Teen die ouderdom van ses jaar moet die seun byvoorbeeld bewus wees van skuldgevoelens. Teen sewe jaar moet hy die vaardigheid kan toon om abstrakte aspekte van ervaringe te kan onthou en nie slegs feite nie, maar ook gevoelens en gesindhede kan weergee. Hy moet in staat wees om wat hy gelees of ervaar het te kan visualiseer, maar ook te kan verstaan en te kan ontleed. Hy moet ‘n begrip ontwikkel van wat die oorsaak van intrinsieke aspekte is soos waarom hy spesifieke gevoelens en gedagtes ervaar. Hy moet ook insig hê in die oorsaak van gebeurtenisse en ervaringe in sy lewe en die vaardigheid hê om homself te kan uitdruk in terme van hierdie gevoelens, gedagtes en ervaringe. Die uitdruk daarvan moet op ‘n motoriese vlak kan geskied deur byvoorbeeld die maak van kleimodelle. Hy moet op ‘n verbale vlak deur verbale beskrywing homself kan uitdruk en op ‘n abstrakte vlak deur die gebruik van metafore, gedigte en teoretiese interpretasies. Teen die ouderdom van agt jaar behoort die seun ‘n neiging te hê om weg te beweeg van sy ouerlike invloede, en te begin om invloede van buite te soek, soos vanaf sy portuurgroep en sy opvoeders. Teen die ouderdom nege en tien jaar, behoort die seun ‘n begeerte te hê om verantwoordelikeheid vir sy eie lewe te begin neem en om sy eie besluite te begin maak, terwyl hy ouerlike inmenging begin teenstaan (Spies, 2006:167).

Buiten die rol van emosies, en emosionele behoeftes wat daarmee gepaard gaan, is daar ook die behoefte aan ‘n vader wat ‘n uiters belangrike impak op die seun se emosionele ontwikkeling het.

b.) Behoefte aan ‘n vader

Bespreking van manlikheid en die behoefte aan ‘n vader word dikwels as onlosmaaklik van mekaar beskou in die besprekings ten opsigte van die emosionele ontwikkeling van die seun. Manlikheid en die behoefte aan ‘n vader gaan hand aan hand met mekaar, aangesien die vader en die rol wat hy speel ‘n prominente impak op die manlikheid van die seun uitoefen.

Volgens Steytler en Strydom (2007:31) is daar in Australië ‘n narratiewe studie met seuns onderneem oor hulle persepsie van manlikheid. Die seuns het egter verkies om stories te deel oor die persoon na wie hulle opsien, eerder as om stories oor hulle self te vertel. Deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertelling van stories het die seuns hulle behoefte aan ‘n vader gekommunikeer. Die studie het bevind dat daar nie slegs ‘n leemte ten opsigte van vaders bestaan nie, maar dat seuns ‘n behoefte aan vaders beleef. Sielkundige- en antropologiese studies toon dat seuns ‘n sterk behoefte het aan vaderfigure en om die ondersteuning van ‘n vaderfiguur te ontvang. Daar bestaan na aanleiding van dié studies ‘n emosionele behoefte by seuns na ‘n vaderfiguur of mentor.

Horne en Kiselica (1999:26) noem dat die gebrek aan vaderfigure vir die seun ernstige probleme tot gevolg het. Nadat die seun sy moeder emosioneel en fisies verlaat het soos die samelewing vereis, het hy dikwels nie ‘n vaderfiguur om na op te sien vir verdere leiding en versorging nie. Die gebrek aan ‘n vaderfiguur in die seun se lewe het tot gevolg dat hy emosionele verliese ervaar. Die behoefte aan ‘n vader is dus konstant daar tot en met die vervulling daarvan. Die ekonomiese- en sosiale omgewing dra volgens die skrywers ook by tot ‘n geneigdheid by die seun tot geweld, indien daar nie in sy behoefte aan ‘n vader voorsien word wat vir hom leiding en ondersteuning kan gee nie. Vaders en vaderfigure speel ‘n rol daarin om die seun te wys en te ondersteun in terme van wat reg en verkeerd is en wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar is volgens die samelewingstandaarde. Die samelewing se invloed op die emosionele ontwikkeling van die seun word nié slegs gekenmerk deur die rol wat vaders en vaderfigure op die seun se ontwikkeling speel en die aanspreek van sy behoeftes nie. Die samelewing se invloed op die seun word ook gekenmerk deur skaamte en vernedering van die seun se selfbeeld, aangesien daar steeds tradisioneel van die seun verwag word om sy emosionele hardheid en onafhanklikheid te bewys.

Sonder ‘n vader of ‘n vaderfiguur beskik die seun nie oor die kennis en onderskeidingsvermoë om balans te vind of ‘n gesonde selfbeeld as man te vestig nie. Gevoelens van skaamte by die seun word egter ook veroorsaak in sy verhouding met sy vader indien sy vader teenwoordig is in sy lewe, maar nie volgens die samelewing se maatstawwe optree nie. Sy vader se afwesigheid as gevolg van gevangenestraf, egskeiding of dood dra ook by tot gevoelens van skaamte by die seun. Die meeste seuns ervaar nie slegs probleme weens die afwesigheid van ‘n vader nie, maar ook weens skaamte en skuldgevoelens waarmee hulle poog om sin te maak uit hulle vaders se afwesigheid. Die seun se manlikheid word dus negatief beïnvloed as gevolg van die afwesigheid van ‘n vader of vaderfiguur en sy behoefte daaraan (Horne & Kiselica, 1999:26).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is duidelik dat dit nie slegs die versorging deur die ouers is wat ‘n rol speel in die emosionele ontwikkeling van die seun nie, maar dat sy fisiologiese samestelling ook ‘n direkte invloed het op hoe hy emosioneel ontwikkel en reageer, op sy manlikheid, en ook op die ontwikkeling van sy identiteit as man.

2.3.1.5 Seksuele ontwikkeling

Weens die aard van die studie is dit belangrik om ook die seksuele ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare te bestudeer. ‘n Seun kan tydens sy middelkinderjare reeds puberteit beleef, alhoewel puberteit meer dikwels binne die adolessentefase plaasvind. Kennis oor die seksuele ontwikkeling van die seun in die middelkinderjare is daarom belangrik (Keenan & Evans, 2009:96,97).

Seksuele ontwikkeling, kenmerkend van die seun tussen die ouderdomme van twee jaar en ses jaar oud behels dat hy verstaan dat daar ‘n verskil is in die verskillende geslagsdele van seuns en dogters. Die seun beskik in hierdie ontwikkelingsfase oor beperkte kennis van swangerskap en geboorte. Kenmerkende seksuele kennis van die seun tussen die ouderdomme sewe tot twaalf jaar word deur Silovsky en Bonner (2004:1) omskryf as ‘n ontwikkelingsfase waartydens die seun die korrekte name vir genitalieë leer, maar alternatiewe woorde daarvoor gebruik. Teen die ouderdom van tien jaar het hy ‘n verhoogde kennis van masturbasie, seksuele omgang en swangerskap, en verstaan die fisiese aspekte met betrekking tot adolessensie.

Aanvaarbare seksuele gedrag vir die seun tussen die ouderdomme van sewe jaar en twaalf jaar word deur Silovsky en Bonner (2004:2) beskryf as belangstelling in die teenoorgestelde geslag, skaamte met betrekking tot uittrek en aantrek en skaamte rondom vreemde mans. Seksuele spel word beskou as spontaan en kan deur die seun verduidelik word indien hy met die gedrag deur sy ouers gekonfronteer word. Seksuele spel soos die speel van dokter-dokter kom sporadies voor en gaan gepaard met gedeelde wedersydse ooreenkoms. Beide kinders betrokke by die spel het dus aan mekaar toestemming gegee dat hulle mekaar se liggame gaan ondersoek. Seksuele spel vind gewoonlik plaas tussen kinders van dieselfde ouderdom, grootte of ontwikkelingsvlak, en die kontak tussen die seun en die ander party word nie geassosieer met hoë vlakke van vrees, angs of spanning by enige van die betrokkenes nie. Aanvaarbare seksuele spel toon ‘n afname wanneer ouers die seun aanspreek om dit te stop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit kan gekontrolleer word deur verhoogde supervisie deur die ouer, die opvoeder of ander verantwoordelike volwassenes.

Leiding en supervisie aan die seun oor sy seksuele ontwikkeling is nodig tydens die middelkinderjare aangesien dit gepaard gaan met verskeie veranderinge. Nie slegs liggaamlike veranderinge vind plaas tydens die middelkinderjare nie, maar ook veranderinge op die gebied van seksualiteit en seksuele identiteit.

2.4 SAMEVATTING

Die middelkinderjare het verskillende ontwikkelingsareas wat elkeen sy eie ontwikkelingsvaardighede behels wat voltooi moet word. Die ontwikkelingsareas funksioneer egter in interaksie met mekaar en moet nie as aparte areas wat in isolasie funksioneer en ontwikkel, beskou word nie. Ontwikkeling in die middelkinderjare bou voort op die ontwikkeling wat tydens die vroeë kinderjare en ook die fases voor dit plaasgevind het. Die middelkinderjare is ook die grondlegging vir die ontwikkeling wat tydens die adolessentefase plaasvind. Net so min as wat die verskillende ontwikkelingsareas binne die middelkinderjare van mekaar geskei kan word, kan die verskillende ontwikkelingsfases soos die vroeë kinderjare en die adolessentefase van die middelkinderjare geskei word. Die seun in sy middelkinderjare voltooi dikwels nie alle ontwikkelingsvaardighede soos die res van sy portuurgroep nie en mag moontlik in sommige ontwikkelingsareas vroeër of later ontwikkel. Elke seun moet te midde van die ontwikkelingsfase van die middelkinderjare waarin hy homself bevind, dus ook gemeet word aan ontwikkelingsvaardighede van sy huidige, maar ook die ander ontwikkelingsfases. Agterstande en hindernisse kan te wyte wees aan seksuele mishandeling wat in die volgende hoofstuk beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL

3.1 INLEIDING

Die seun wat seksueel mishandel word se ontwikkeling, sy persepsie van homself en ook van die wêreld verander volgens Spies (2006:241) vanweë die seksuele mishandeling. Hierdie veranderinge het emosionele- en gedragsveranderinge tot gevolg wat dui op die seksueel mishandelde seun se poging om hierdie gebeure te verwerk. Intervensie deur die maatskaplike werker is nodig om die seun te help met die verwerking van hierdie gebeure. Die ontwikkelingsfases van die kinderjare kan volgens Spies (2006:244) as ‘n riglyn dien wanneer daar intervensie gedoen word met die seun wat seksueel mishandel is. Kennis van die ontwikkelingsfases kan ook bydra tot ‘n beter begrip by die maatskaplike werker, van die seksuele mishandeling van die seun as maatskaplike werk verskynsel.

Verskeie skrywers (Corby, 2006:73; Roos, 2005:11; Maree, Kruger & Delport, 2003:297; Horne & Kiselica, 1999:199; NCCAN, 1996; NCCAN, 1994; Finkelhor, 1984; Weinberg, 1955) is dit eens dat seksuele mishandeling reeds verskeie jare al ‘n wêreldwye probleem is wat eskaleer, ook in Suid-Afrika. Na aanleiding van ‘n studie wat in Amerika (1955) deur Weinberg (1955) gedoen is, het daar op daardie stadium slegs twee gevalle van kindermishandeling voorgekom (Horne & Kiselica, 1999:199). Die “National Center on Child Abuse and Neglect” (NCCAN, 1994) in Amerika, se statistiek het egter dramatiese verskille getoon tussen 1955 tot 1994. Die NCCAN (1994) se statistiek het in 1994, 2.9 miljoen gevalle in agt-en-veertig state getoon. Die NCCAN (1994) het ook aangedui dat 46% of meer van hierdie gevalle, dit wil sê ongeveer 465 000 seuns deel uit maak van hierdie statistiek. Hierdie drastiese styging en hoë getalle dui aan dat seksuele mishandeling van seuns reeds in 1994 ‘n groeiende probleem was (Silovsky & Bonner, 2004:1-4).

Corby (2006:73) is van mening dat die seksuele mishandeling van seuns wêreldwyd die afgelope vyftien jaar ‘n dramatiese groeiende probleem geword het, en bevestig Horne en Kiselica (1999:199) se statistiek wat aandui dat die seksuele mishandeling van seuns ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groeiende probleem is. Hulle ondersteun dus Corby (2006:73) se mening en verwys na Finkelhor (1984) wat die seksuele mishandeling van seuns reeds in 1984 as ‘n epidemie beskou het en wat die aanname maak dat tussen 3% tot 31 % van alle seuns in Amerika seksueel mishandel word. Volgens Horne en Kiselica (1999:199) word daar ten minste 46 000 tot 92 000 seuns onder die ouderdom van dertien jaar elke jaar in Amerika seksueel mishandel.

Jones Johnson (2008:24) is van mening dat seksuele mishandeling nie slegs in Amerika ‘n groeiende probleem is nie, maar ook in Suid-Afrika, en kan dit ook in Suid-Afrika as ‘n krisis en ‘n epidemie beskou word. Roos (2005:11) bevestig die groeiende probleem in Suid-Afrika en noem dat die “Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Unit” van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens tussen 2005 tot 2006 ongeveer 61 251 sake hanteer het. Hierdie statistiek sluit egter misdade wat nie-seksueel van aard is nie in, soos fisieke mishandeling en verwaarlosing. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat seksuele mishandeling van seuns reeds vanaf 1984 ‘n groeiende probleem is in Amerika, en ook in Suid-Afrika as ‘n krisis beskou word. Meer begrip met betrekking tot hierdie probleem is daarom nodig.

Die seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare word daarom in hierdie hoofstuk bespreek. Spesifieke aspekte waarop gefokus word is die definiëring van seksuele mishandeling, aanleidende faktore tot seksuele mishandeling, verskillende vorme van seksuele mishandeling en die kontekste en motivering waarbinne en waar vanuit seksuele mishandeling van die seun plaasvind. Die fokus op hierdie aspekte dra ook by tot die bereiking van die tweede navorsingsdoelwit, naamlik om die seksuele mishandeling van die seun as maatskaplike werk verskynsel te verduidelik ten einde begrip rakende die probleem van seksuele mishandeling van seuns te ontwikkel.

Wanneer seksuele mishandeling bespreek word vorm die definiëring daarvan die grondslag van die kennis en begrip daarvoor. Daar is volgens Corby (2006:82,83,117) en Pritchard (2004:20) dikwels vae, ongedefineerde en oorgebruikte konsepte in die definiëring van mishandeling binne die kinderbeskermingsveld. Buiten vae, ongedefinieerde en oorgebruikte konsepte bevat die definisies van seksuele mishandeling ook ‘n waardesisteem van die persone wat die konsep van seksuele mishandeling definieer. Vervolgens word definiëring van seksuele mishandeling dus bespreek, ten einde die seksuele mishandeling van die seun as maatskaplike werk verskynsel te verduidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 DEFINIëRING VAN SEKSUELE MISHANDELING

Definiëring van seksuele mishandeling is belangrik wanneer begrip vir die probleem van seksuele mishandeling ontwikkel moet word. Seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare vorm deel van die probleem van kindermishandeling. Die definisie van kindermishandeling waarvan seksuele mishandeling deel vorm, word vervolgens beskou.

3.2.1 Definiëring van kindermishandeling

Die definisie van kindermishandeling word onder andere deur Doyle (2006:22) en Munro (2002:50-51) omskryf. Volgens hierdie skrywers kan kindermishandeling beskou word as maniere waarop ‘n kind behandel word wat skade aan hom veroorsaak en wat moreel verkeerd is. Dié skrywers is van mening dat daar nie konsensus bereik kan word met betrekking tot wát kindermishandeling is nie, omdat kindermishandeling nie slegs in terme van gedrag beskryf kan word nie. Hierdie gebrek aan konsensus is ‘n struikelblok vir navorsing oor kindermishandeling, aangesien die definisies wat as ‘n grondslag vir navorsing gebruik word nie dieselfde is nie. Hierdie verskille in definisies het tot gevolg dat die uitkomste van studies dramatiese verskille toon met betrekking tot dieselfde onderwerp. Verskillende definisies word daarom vervolgens beskou.

Die definisie van kindermishandeling soos omskryf deur Doyle (2006:22) stem ooreen met dié van Munro (2002:50,51) in terme daarvan, dat kindermishandeling te doen het met aksies wat skade aan ‘n kind berokken. Doyle (2006:22) voeg egter by dat kindermishandeling ook omskryf kan word as die fisieke- of emosionele mishandeling en verwaarlosing van ‘n kind, of sy seksuele blootstelling, in omstandighede waarvoor die ouer of voog verantwoordelik gehou kan word. Die oortreder word dus nie alleenlik verantwoordelik gehou vir die mishandeling nie, maar ook die ouer of voog van die seun wat die slagoffer is. Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006) se definisie van kindermishandeling is egter meer omvattend en bied ‘n groter begrip van wat met kindermishandeling bedoel word.

In Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006), artikel 1 met verwysing na die handves van regte in die konstitusie, word **beskerming** van ‘n kind in terme van sorg, omskryf as die beskerming van ’n kind teen misbruik, mishandeling, verwaarlosing, vernedering, diskriminasie, blootstelling en enige ander vorm van fisieke, emosionele of moreel skadelike of bedreigende aksies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006), artikel 1 is **mishandeling** in terme van ‘n kind, enige vorm van skade of misbruik wat doelbewus aan ‘n kind toegedien word. Mishandeling sluit die aanranding van ‘n kind of die toedien van enige ander vorm van doelbewuste wonde aan ‘n kind, asook die seksuele mishandeling van ‘n kind in, of om toe te laat dat ‘n kind seksueel mishandel word. Dit sluit ook boelie van ‘n kind deur ‘n ander kind in en arbeidspraktyke wat ‘n kind blootstel of blootstelling van ‘n kind aan gedrag wat emosioneel of psigologies skadelik vir hom kan wees.

Artikel 1 van Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006), definieer **seksuele mishandeling** met betrekking tot ‘n kind as seksuele molestering of aanranding van ’n kind, of toelaat dat ‘n kind seksueel mishandel of aangerand word. Seksuele mishandeling behels ook die aanmoediging, toedien of die gebruik van dwang vir die gebruik van ‘n kind vir seksuele vervulling van ‘n ander persoon. Die gebruik van ‘n kind in, of doelbewuste blootstelling van ‘n kind aan seksuele aktiwiteite of pornografie; handeldryf, werwing of toelaat dat ‘n kind gewerf word vir kommersiële seksuele misbruik, word ook as seksuele mishandeling bekou in terme van die definisie. Seksuele mishandeling behels ook die deelneem of betrokkeneheid in die kommersiële seksuele blootstelling en misbruik van ‘n kind op enige manier. Die beskerming van ‘n kind teen hierdie seksuele mishandeling en ander vorme van mishandeling is nodig en word ook deur Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006) afgedwing.

Die definisie van seksuele mishandeling soos uiteengesit in Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006) is breedvoerig en word as vertrekpunt benut vir die definiëring van kindermishandeling. Definisies soos die van Doyle (2006:22) en Munro (2002:50-51) word nie breedvoerig genoeg omskryf nie en aspekte soos toestemming, dwang, seksuele mishandeling en die blootstelling aan skadelike aspekte buiten seksuele aanranding en verkragting, word ook nie genoem nie. Vir die doel van hierdie studie word daar by Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006) se definisie van kindermishandeling volstaan. Daar word nou verder gekyk na die definisie van seksuele mishandeling.

3.2.2 Definiëring van seksuele mishandeling

“Prevent Child Abuse America” (2010) in Amerika; Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005 (2006) en Roos en Vorster (2003:113) is dit eens dat seksuele mishandeling as ‘n vorm van kindermishandeling beskou word. Daar is egter verskillende aspekte wat belangrik is ten

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opsigte van die definiëring van seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare.

Richter et al. (2004:61) bespreek verskeie definisies van die seksuele mishandeling van kinders. Die skrywers identifiseer ouderdom, negatiewe reaksie en penetrasie as aspekte van seksuele mishandeling wat in definisies ingesluit moet word. Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat definisies wat meer inklusief is, erken dat kinders van ‘n sekere ouderdom nié die kapasiteit sal hê om die toestemming wat hulle gee en die implikasies daarvan werklik te verstaan nie. Dit is byvoorbeeld meer moontlik vir die seun ouer as die ouderdom van twaalf jaar om die implikasies van toestemming te verstaan, as wat dit vir die seun onder die ouderdom van twaalf jaar sal wees. Die negatiewe reaksie, onmiddelik of retrospektief, van die seun oor die seksuele ervaring word ook soms benut in die definiëring van seksuele mishandeling. Dit is volgens Amsosa (2009:2,3) belangrik vir die seun om te besef dat sy reaksies van ’n ereksie of ejakulasie nie vrywillig was tydens die seksuele mishandeling nie, maar dat dit reaksies op ekstreme spanning, vrees of stimulasie was. Die seun moet verstaan dat ‘n ereksie nie gelykstaande is aan toestemming nie. Wanneer daar na penetrasie verwys word, word daar gewoonlik verwys na anale penetrasie van die seun, maar ook na anale en vaginale penetrasie van die oortreder deur die seun.

‘n Aspek soos die ouderdomsverskil tussen die slagoffer en die oortreder is onder andere ‘n belangrike faktor wanneer seksuele mishandeling gedefinieer word, aangesien dit ‘n impak het op die ervaring van seksuele mishandeling en ook op die hantering en verwerking daarvan deur die seun. Hierdie aspek van die **ouderdomsverskil tussen die slagoffer en die oortreder** kan volgens “Prevent Child Abuse America” (2010) en Roos en Vorster (2003:113) in drie verskillende kategorieë geklassifiseer word. In die **eerste kategorie** kan die oortreder ‘n volwasse persoon van agtien jaar en ouer wees en die slagoffer ‘n seun onder die ouderdom van agtien jaar. In die **tweede kategorie** kan die ouderdomsverskil tussen die oortreder en die seun ‘n vaste getal hê van ongeveer vyf jaar of meer of in die **derde kategorie** kan die ouderdomsverskil tussen die oortreder en die seun wissel na aanleiding van die seun se ouderdom, gewoonlik met ‘n vyf jaar verskil indien die seun jonger as dertien jaar is en tien jaar verskil indien die seun tussen die ouderdom van dertien en sestien jaar oud is. Alhoewel hierdie aspek van ouderdomsverskil belangrik is, fokus definisies egter nie op die ouderdomsverskil tussen die slagoffer en die oortreder nie, maar eerder op die ouderdom van die slagoffer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aspekte wat wel ingesluit word met betrekking tot die definisie van seksuele mishandeling behels gewoonlik die *slagoffer se reaksie, penetrasie, die voorkoms van dwang, die betrokkenheid van 'n gesagsfiguur en bewyse van fisiese kontak*. Aangesien die ouderdom van die slagoffer, die slagoffer se reaksie en penetrasie as van die algemeenste aspekte beskou word wanneer die definisie van seksuele mishandeling ter sprake is, word daar vanuit Richter et al. (2004:61) se oogpunt verder daarna gekyk.

Vanuit die bogenoemde bespreking oor watter aspekte in 'n definisie ingesluit behoort te word, word daar nou verder gekyk na spesifieke definisies. Suid-Afrikaanse definisies word teenoor definisies van Europa en Amerika gestel om sodoende 'n definisie te kan stel vir die gebruik van hierdie studie.

3.2.2.1 Suid-Afrikaanse definisies

Vanuit 'n *Suid-Afrikaanse oogpunt* kan seksuele mishandeling volgens Kistner, Fox en Parker (2004:9,10) se studie wat in Suid-Afrika onderneem is, omskryf word as die benutting of betrokkenheid van kinders by seksuele aktiwiteite vir die seksuele vervulling van persone wat in 'n posisie van gesag is. Hierdie seksuele aktiwiteite kan insluit orale-, anale-, digitale verkragting of poging tot verkragting. Seksuele mishandeling sluit ook nie-penetrasie seksuele aktiwiteite met die kind, orale kontak met geslagsdele en masturbasie tussen die volwassene en die kind in. Blootstelling van geslagsdele of manipulering van die kind om sy geslagsdele ten toon te stel; seksuele dreigemente of uitnodigings; blootstellende gebruik van 'n kind in prostitusie of enige ander onwettige seksuele aktiwiteite en blootstellende gebruik van 'n kind vir die doel van pornografie word ook ingesluit. Seksuele mishandeling kan ook beskou word as seksuele manipulering of dwang deur middel van fisieke geweld of dreigemente; bloedskande; vreemdeling verkragting; afspraak verkragting; seksuele teistering en seksuele kontak met 'n kind. Die ontbloting van geslagsdele en die maak van video opnames of die neem van foto's van geslagsdele, asook blootstelling aan pornografie en statutêre verkragting word ook as seksuele mishandeling beskou. Mishandeling wat seksueel is sluit ook gedwonge huwelike en kinderprostitusie in. Bezuidenhout en Joubert (2008:213) bevestig dat kinderprositusie, seksuele mishandeling is. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die bogenoemde skrywers seksuele mishandeling beskou as enige vorm van seksuele aktiwiteit wat skade aan die seun kan berokken en as moreel onaanvaarbaar binne die samelewing beskou word. Hierdie skade word egter nie slegs aangerig aan die liggaamlike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

integriteit en waarde van die seun nie, maar soos in hoofstuk twee reeds bespreek is, beïnvloed elke aspek van die ontwikkeling van die seun mekaar. Die liggaamlike skade wat aangerig word, kan daarom ook emosionele, psigiese en geestelike skade tot gevolg hê.

Die Weskaap se Onderwys Departement (2001:9) definieer in hul handleiding vir die hantering van kindermishandeling, seksuele mishandeling as enige fisiese handeling van ‘n seksuele aard. Seksuele mishandeling sluit volgens dié definisie onsedelike aanranding, seksuele teistering en poging tot verkragting asook verkragting in.

Seksuele mishandeling word deur Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:94) gedefineer as die betrokkenheid van ‘n kind, met of sonder die kind se toestemming, by ‘n volwassene of adolessent binne of buite die familie, by heteroseksuele- of homoseksuele gedrag vir die bevrediging van die volwassene of ouer adolessent wat beheer het oor die kind.

Spies (2006:128,129) definieer seksuele mishandeling as enige aksie wat ‘n element van ‘n seksuele aard het en die liggaamlike integriteit of waarde van die seun benadeel, verneder en blootstel, of poog om te benadeel, verneder of bloot te stel. Volgens die skrywer se mening kan daar in sekere aspekte waar minderjarige seuns betrokke is, ‘n saak vir seksuele mishandeling gemaak word, alhoewel die seun toestemming verleen het. Spies (2006:128,129) is van mening dat seksuele mishandeling in die meeste gevalle ‘n misdaad teen die liggaamlike integriteit van die ander persoon is en binne die sfeer van misdade wat teen morele waardes en standaarde van die samelewing is, kan val. Misdade teen die persoon sluit in verkragting, molestering, onsedelike aanranding en misdade wat teen die morele waardes en standaarde van die samelewing is soos bloedskande en bestialiteit. Seksuele mishandeling kan binne en buite die gesin plaasvind en kan met of sonder dwang gepaard gaan.

Uit die bogenoemde definisies kom dit na vore dat sommige definisies meer omvattend is, terwyl ander definisies nie alle aspekte van seksuele mishandeling aanspreek nie. Vorige definisies (Spies, 2006:128,129; Kistner et al., 2004:9,10; Die Weskaap se Onderwys Departement, 2001:9) het leemtes, maar vorm die grondslag vir die mees onlangse definisies. Die voorafgaande Suid-Afrikaanse definisies van seksuele mishandeling dui aan dat seksuele mishandeling enige ouderdom en geslag van kind behels, dat dwang benut kan word deur die oortreder en dat penetrasie kan voorkom. Die Suid-Afrikaanse definisies fokus nie op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

psigiese impak van seksuele mishandeling nie, maar slegs op die liggaamlike aspek. Daar word ook nie melding gemaak in die definisies van die tipes oortreders nie. Dit is daarom nodig om ook na die definiëring van seksuele mishandeling vanuit ‘n Europese oogpunt en ‘n Amerikaanse oogpunt te kyk.

3.2.2.2 Europese- en Amerikaanse definisies

Vanuit ‘n *Europese oogpunt* word seksuele mishandeling deur Munro (2007:63) gedefinieer as die betrokkenheid van ‘n kind in seksuele aktiwiteite waarvan hy nie ten volle begrip het nie. Seksuele mishandeling behels ook seksuele aktiwiteite waartoe die kind nie instaat is om toestemming voor te gee nie; waarvoor die kind nie volgens sy ontwikkeling voorbereid voor is nie en daarom nie toestemming voor kan gee nie. Seksuele aktiwiteite wat die wette en sosiale taboe van die samelewing oorskry word ook as seksuele mishandeling beskou. Seksuele mishandeling sluit dus in, maar is nie beperk tot die manipulering of dwang van ‘n kind by enige onwettige seksuele praktyke; die blootstelling en misbruik van ‘n kind by prostitusie of enige ander onwettige seksuele praktyk; en die blootstelling of misbruik van ‘n kind in pornografiese aksies of materiaal, nie. Dit word ook gekenmerk deur die betrokkenheid van ‘n volwasse persoon of ‘n ander kind, by die slagoffer.

Munro (2007:64) en Munro (2002:53) omskryf seksuele mishandeling verder as mishandeling wat gekenmerk word deur die dwang, manipulering, uitlokking en “grooming” van ‘n kind om deel te neem aan seksuele aktiwiteite, of die kind bewus is daarvan of nie en sluit prostitusie in. Hierdie aktiwiteite kan fisiese kontak, insluitende penetrasie soos verkragting, orale seks, of nie-penetrasie aksies insluit. Dit kan ook nie-kontak aktiwiteite soos die betrokke maak van ‘n kind by die kyk of produksie van pornografiese materiaal of die kyk van seksuele aktiwiteite insluit, asook die aanmoediging van ‘n kind om op seksueel onvanpaste maniere op te tree. Corby (2006:94) stem saam met Munro (2007:64) en Munro (2002:53) en definieer seksuele mishandeling as die betrokkenheid, dwang of uitlokking van ‘n kind tot die deelname in seksuele aktiwiteite, of die kind bewus is daarvan of nie. Die aktiwiteite kan fisiese kontak behels soos verkragting asook fisiese kontak waar penetrasie nie plaasvind nie. Dit kan ook nie-kontak aksies insluit soos die betrokke maak van ‘n kind by die kyk of produksie van pornografiese materiaal; die kyk van seksuele aktiwiteite en die aanmoediging van ‘n kind om op ‘n seksueel onvanpaste manier op te tree.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Seksuele mishandeling vanuit 'n *Amerikaanse oogpunt*, soos deur die Amerikaanse Akademie vir Pediaters in Botash (2008:1) omskryf, stem ooreen met Munro (2007:63-64) se definisie. Hulle definieer seksuele mishandeling as die betrokkenheid van 'n kind in seksuele aktiwiteite wat die kind nie kan verstaan nie, waarvoor hy nie voorbereid is in terme van sy ontwikkeling nie, waarvoor hy nie ingeligte toestemming kan gee nie en wat die sosiale grense van die samelewing ondermyn.

3.2.2.3 Ooreenkomste en verskille tussen definisies

Die Europese en Amerikaanse definisies wat beskou is, het **ooreenkomste** met die Suid-Afrikaanse definisies in terme van ouderdom en geslag. Alle kinders van alle ouderdomme en geslagte maak deel uit van die definisie. Die benutting van dwang in die seksuele mishandeling word ook in al die definisies genoem. Met betrekking tot die benutting van dwang is die Europese- en Amerikaanse definisies meer omvattend as die Suid-Afrikaanse definisies. 'n Belangrike aspek wat die Europese definisies duidelik maak en wat afwesig is by die meeste Suid-Afrikaanse definisies is die kind se ontwikkelingsvlak wat 'n rol speel te midde van sy ouderdom.

Verskille tussen die Europese- en Amerikaanse definisies blyk voor te kom, alhoewel die definisies nie groot verskille toon van die Suid-Afrikaanse definisies nie. Die tipes oortreders of die voorkoms van seksuele mishandeling binne en buite die gesin word nie melding van gemaak in die Europese en Amerikaanse definisies nie. Die Europese en Amerikaanse definisies verskil wel van mekaar, hoofsaaklik met betrekking tot die feit dat penetrasie plaasgevind het, asook die feit dat seksuele mishandeling kontak en nie-kontak aksies kan behels.

'n Leemte wat in alle definisies voorkom is die gebrek aan melding van ouderdomsverskille tussen die slagoffer en die oortreder, asook die gebrek aan melding van die tipes oortreders. Aangesien die verskillende oortreders, byvoorbeeld 'n familielid teenoor 'n vreemdeling, verskillende negatiewe reaksies tot gevolg kan hê by die slagoffer, is dit belangrik dat die definisies van seksuele mishandeling ook melding maak van die verskillende oortreders en die ouderdomsverskille wat tussen die oortreder en die slagoffer voorkom. Hierdie leemtes in definisies moet aangespreek word aangesien dit veral van belang is in geregtelike uitsprake.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die **verskillende fokusse** in definisies het ‘n **invloed** op die **standaardisering daarvan** en daarom ook op navorsing. Abel en Harlow (2001) se studie dui byvoorbeeld aan dat die getalle van kinders wat seksueel mishandel is so baie wissel van studie tot studie, soms drie persent tot vier en vyftig persent, dat dit onbruikbaar word. Die groot variasie kom volgens die skrywers nie slegs voor weens die verlies aan gestandaardiseerde definisies van die terme kindermishandeling en seksuele mishandeling nie, maar ook gestandaardiseerde definisies met betrekking tot die terme kindermolestering en kind. Abel en Harlow (2001:5) definieer byvoorbeeld kindermolestering as seksuele aanraking, terwyl dit volgens die vooraf bespreekte definisies as seksuele mishandeling beskou moet word en nie as molestering of seksuele aanraking nie. Dieselfde definisie word dus gebruik om verskillende terminologie te verduidelik.

Onsekerhede en verskille in terme van definisies en terminologie van die terme kindermishandeling en seksuele mishandeling blyk by te dra tot wanpersepsies en beperkte kennis by maatskaplike werkers, ten opsigte van seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare (Abel & Harlow, 2001:5). Corby (2006:79-83) en Richter et al. (2004:22-23) bevestig dat verskille en wanpersepsies met betrekking tot definisies ‘n negatiewe impak op navorsing het en noem dat daar groot variasies in die aanduiding van getalle van seksuele mishandeling is, weens verskille in definisies, wetlike en kliniese beskrywings, kultuurverskille, asook onvolledige rekordhouding.

Vir die doel van hierdie studie word seksuele mishandeling gedefinieer as enige handeling wat ‘n element van ‘n seksuele aard het. Dit behels handelinge wat die liggaamlike, emosionele of seksuele integriteit of waarde van die seun benadeel. Dit behels ook handelinge wat die seun bedreig, verneder en blootstel, of poog om te benadeel, bedreig, verneder of bloot te stel. Hierdie seksuele aktiwiteit kan dwang of manipulering van die seun behels, ten einde hom in seksuele aktiwiteite betrokke te kry, of die seun bewus is daarvan of nie. Die aktiwiteite kan fisiese kontak, insluitende penetrasie of geen penetrasie behels. Seksuele mishandeling kan ook nie-kontak aktiwiteite waarby enige sintuig betrokke is insluit, soos om die seun by die kyk van pornografiese materiaal betrokke te kry, die waarneming van seksuele gedrag, seksuele gesprekke en om die seun te motiveer tot seksuele gedrag op enige wyse wat teen aanvaarbare morele standaarde is, insluitende bestialiteit. Dit behels ook enige handeling van ‘n seksuele aard waarby die seun betrokke gemaak word waarvan die seun die gevolge daarvan nie kan verstaan nie en waarvoor hy nie voorbereid is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in terme van sy ontwikkeling nie. Hierdie handelinge kan ook binne of buite die seun se gesin plaasvind en enige ouderdom van oortreder insluit, in ag genome die impak van ouderdomsverskille tussen die seun en die oortreder.

Dit is vervolgens nodig om ook begrip te hê van die aanleidende faktore tot seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, aangesien begrip hieroor die noodsaaklikheid van ‘n omvattende definisie ondersteun.

3.3 AANLEIDENDE FAKTORE TOT SEKSUELE MISHANDELING

Skrywers (Munro, 2007:73; Kistner et al., 2004:7; Roos & Vorster, 2003:111) identifiseer verskillende aanleidende faktore tot die voorkoms van seksuele mishandeling en onderskei tussen individuele faktore, gesinsfaktore en gemeenskapsfaktore. Wanneer aanleidende faktore ter sprake is, het die maatskaplike werker begrip nodig van risiko’s en weerloosheid, aangesien die aanname bestaan dat ‘n weerlose seun se risiko om seksueel mishandel te word, groter is as ‘n seun wat nie blootgestel word aan die aanleidende faktore wat hom weerloos maak vir seksuele mishandeling nie. Die begrip weerloosheid word in hierdie studie gebruik om faktore te beskryf wat die seun se reaksie op die aanleidende faktore, intensifiseer. Roos en Vorster (2003:111) beskryf aanleidende faktore vanuit ‘n intrapersoonlike perspektief as omstandighede wat die kans op psigopatologie kan verhoog en sodoende die reaksie van die seun kan intensifiseer. Die aanleidende faktore tot seksuele mishandeling word vervolgens bespreek.

3.3.1 Individuele faktore

Alhoewel enige seun ‘n slagoffer van seksuele mishandeling kan word, identifiseer “Prevent Child Abuse America” (2010) sekere individuele faktore wat ‘n seun wel in ‘n hoër risiko groep kan plaas en meer weerloos maak vir seksuele mishandeling. Die bevolkingsgroep, geslag, ouderdom en ontwikkelingsfase van die seun, asook die seun se seksuele oriëntasie word as individuele faktore geïdentifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bevolkingsgroep is ‘n faktor wat die seun se risiko op seksuele mishandeling kan verhoog. Volgens “Prevent Child Abuse America” (2010) en Koenig, Doll, O’Leary en Pequegnat (2004:98) het die seun wat uit ‘n ander bevolkingsgroep as wit afkomstig is en wat jonger as dertien jaar oud is, ‘n hoër risiko om seksueel mishandel te word. Bevolkingsgroep is egter nie slegs in Amerika ‘n aanleidende faktor tot seksuele mishandeling nie. Davis en Snyman (2005:59) is van mening dat swart seuns wêreldwyd ‘n groter risiko het om seksueel mishandel te word as wat ander seuns het. Volgens die skrywers is ongeveer 80% van geweldadige misdaad slagoffers, swart. Davis en Snyman (2005:59) skryf die verhoogde risiko wat die swart seun het, onder andere daaraan toe dat baie swart seuns in hoë misdaad areas woon.

Die waarde wat ‘n seun as individu in sy bevolkingsgroep binne die Suid-Afrikaanse samelewing het, hou verband met bevolkingsgroep as ‘n individuele risikofaktor volgens Richter et al. (2004:98-99) aangesien dit van sy bevolkingsgroep afhang. Die Tswana bevolkingsgroep verskil byvoorbeeld van die Xhosa bevolkingsgroep, terwyl die Engelse bevolkingsgroep van die Afrikaanse bevolkingsgroep verskil. Binne elke bevolkingsgroep word daar verskillende waarde aan die seun geheg. Elke bevokingsgroep sal daarom seksuele mishandeling van die seun verskillend definieer weens hierdie waarde verskille. Tog beskou die meeste bevolkingsgroepe in Suid-Afrika die seun as belangrik en “n geskenk van God”. Hulle bied daarom beskerming aan die seun as ‘n kind. Die teendeel is egter ook waar, naamlik dat sommige seuns mishandel word in die naam van “kultuur” of “tradisies” wat gekoppel word aan die bevolkingsgroep, byvoorbeeld tydens inisiasie wanneer die seun besny word.

Ten opsigte van **geslag** as individuele faktor noem Fredericks (2010:6), asook Roos en Vorster (2003:111) dat die seun tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar oud, in Suid-Asië in terme van seksuele mishandeling as meer weerloos as die dogter beskou word. Die rede hiervoor is dat hierdie samelewing se kulturele gewoontes meer beskerming en toesig bied aan die dogter, as vir die seun. Die seun het meer vryheid en word nie so streng beskerm en gemonitor soos die dogter nie. Die samelewing se kulturele gewoontes dra dus by tot die weerloosheid van die seun en sal eerder seksuele mishandeling van die seun ontken. Geslag as individuele faktor is nie slegs van toepassing op Suid-Asië nie, maar ook van toepassing op Suid-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos vroeër bespreek in hoofstuk twee, noem Snowman et al. (2009:78-80) dat die seun weens sy geslag geneig is om nie gevare verbonde aan aktiwiteite in ag te neem nie. Sy geslag plaas hom dus in situasies waar hy meer weerloos is vir seksuele mishandeling as wat die dogter sal wees, byvoorbeeld deur meer gewaagd op te tree deur plekke en mense te besoek wat hom kan blootstel aan pornografie en middelmisbruik. ‘n Seun wat in Suid-Afrika op straat leef sal volgens Davis en Snyman (2005:177) meer weerloos ten opsigte van seksuele mishandeling wees as hy homself in risiko situasies plaas. Hierdie seun sal egter weens sy geslag nie noodwendig intervensie ontvang nie, terwyl ‘n dogter wat op straat leef eerder intervensie van maatskaplike werkers sal ontvang.

Ouderdom en ontwikkelingsfase is ook ‘n beduidende individuele faktor. Die seun in sy middelkinderjare is volgens Corby (2006:205), Spiegel (2003:40) en Roos en Vorster (2003:111) meer weerloos as byvoorbeeld die seun in sy adolessentefase. In terme van ouderdom en ontwikkelingsfase het die seun wat jonger is ‘n groter risiko om seksueel mishandel te word. Hy sal dit moontlik ook moeiliker vind om konflik wat tussen sy ouers ontstaan, weens byvoorbeeld middelmisbruik in die gesin, te verwerk en te hanteer as wat sy ouer broer dit sal verwerk en hanteer. Die rede daarvoor is dat sy ouderdom en ontwikkelingsfase veroorsaak dat hy nie oor alle vaardighede beskik om risiko situasies effektief te hanteer nie. Hy maak dus besluite wat hom in risiko situasies plaas en kan homself dan nie daaruit kry nie. Indien die seun homself in ’n risiko situasie laat beland het waar hy seksueel mishandel is, sal assessering van die seun deur ‘n maatskaplike werker nodig wees. Volgens Spiegel (2003:40) is die gemiddelde ouderdom wanneer die seun geassesseer word in terme van seksuele mishandeling, hoofsaaklik in die middelkinderjare tussen die ouderdom van ses jaar en agt jaar. Hierdie ouderdomme dui daarop dat die seun in hierdie ouderdomsgroep en ontwikkelingsfase meer weerloos is as die seun in ‘n ander ouderdomsgroep.

Skrywers (Corby, 2006:205; Davis & Snyman, 2005:58; Spiegel, 2003:40; Roos & Vorster, 2003:111) is dit eens dat die seun in sy middelkinderjare weens sy ouderdom en ontwikkelingsfase ‘n groter kans het om ‘n slagoffer van seksuele mishandeling te word, byvoorbeeld met betrekking tot anale verkragting, as wat ‘n volwasse man het. Die seun se risiko om ‘n slagoffer te wees is groter, vanweë sy ouderdom en ontwikkelingsfase wat ‘n leefstyl van risikogedrag kan behels. Hierdie risikogedrag van die seun behels dat hy gedurig nuwe dinge wil ontdek en ervaar. Seuns beskik ook nie oor die lewenservaring wat mans het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, en is daarom meer weerloos vir manipulering.

Met betrekking tot die seun tussen die ouderdom van agt jaar en twaalf jaar noem Spies (2006:245), dat die seun in hierdie ouderdomsgroep en ontwikkelingsfase minder egosentries begin word. Die seun begin in hierdie stadium besef dat ander persone perspektiewe kan hê wat van sy eie verskil. Hy is ook meer in staat om sy eie seksuele gedrag te verstaan en dat die gedrag van die oortreder verkeerd is. In hierdie stadium is die seun egter steeds geneig om alles persoonlik op te neem en mag hy dink dat hy sleg is aangesien hy deel het aan slegte of verkeerde gedrag, of sleg is met betrekking tot sy waarde. Die seun in hierdie ouderdomsgroep en ontwikkelingsfase kan dus gemanipuleer word om die gevolge te verstaan wat die seksuele mishandeling vir die oortreder inhou, maar sonder om te verstaan wat die gevolge van die seksuele mishandeling vir homself inhou. Die seksueel mishandelde seun is dus in staat om te verstaan dat seksuele uitbuiting verkeerd is, maar stem steeds tot die instruksies van die oortreder en sy reëls in, ten einde sy goedkeuring te verkry of straf te vermy.

Ten opsigte van ouderdom en ontwikkelingsfase is Richter et al. (2004:24) van mening dat alle seksuele mishandeling van seuns onder die ouderdom van twaalf jaar oud, met geweld gepaard gaan. Die geweld waarvan melding gemaak word is die geweld van die seksuele daad aangesien geen seun onder die ouderdom van twaalf jaar oud se liggaam só ontwikkel is, dat ‘n seksuele daad sonder geweld gepleeg kan word nie. Daar is daarom na hulle mening altyd ‘n mate van geweld, alhoewel die seun nie geweldadig hanteer word nie.

Buiten aanleidende individuele faktore soos bevolkingsgroep, geslag, ouderdom en ontwikkelingsfase, is **seksuele oriëntasie** ook ’n individuele aanleidende faktor waarna gekyk moet word met betrekking tot seksuele mishandeling. Volgens Amsosa (2009:3,4) is manlike oortreders wat seuns verkrag in 98% van die gevalle heteroseksueel en word beide homoseksuele, sowel as heteroseksuele seuns verkrag. Hulle noem egter dat seuns wat homoseksueel of biseksueel is wel ’n hoër risiko het om verkrag te word weens hulle seksuele voorkeure.

3.3.2 Gesinsfaktore

Aanleidende gesinsfaktore wat die seun in sy middelkinderjare weerloos maak vir seksuele mishandeling word vervolgens bespreek. Skrywers (“Prevent Child Abuse America”, 2010;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Botash, 2008:5; Koenig et al., 2004:9; Spiegel, 2003:25,26) stem ooreen oor die gesinsfaktore wat as aanleidende faktore vir die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare beskou kan word. Gesinsfaktore sluit middelmisbruik van ouers, verbrokkelde gesinne, geestelike gesondheid van ouers, gesinsfunksionering, kriminele gedrag van ouers en die voorkoms van mishandeling en verwaarlosing in die gesin, in.

Middelmisbruik van ouers blyk ‘n primêre aanleidende faktor vir die seksuele mishandeling van die seun te wees. Die gebruik en misbruik van middels verlaag volgens skrywers (Corby, 2006:143; Davis & Snyman, 2005:63-64) ‘n ouer se fisiese reaksietyd en oordeelsvermoë. Die gebruik en misbruik van middels veroorsaak ook veranderende denkpatrone by die ouer. Die ouers se middelmisbruik veroorsaak dat die seun meer weerloos vir seksuele mishandeling is aangesien sy ouers hom nie kan beskerm wanneer hulle onder die invloed van middels is nie, of onder die invloed van middels self oortreders word. Hierdie skrywers is ook van mening dat alkohol misbruik dalk tot méér konflik tussen gesinslede aanleiding kan gee, as wat met dwelm misbruik die geval kan wees. Middelmisbruik en die interpersoonlike konflikte wat daarmee gepaard gaan, dra dus by tot verbrokkelde gesinne. Middelmisbruik as gesinsfaktor wat ‘n aanleidende faktore is en verbrokkelde gesinne tot gevolg kan hê, behels egter nie slegs die seun se gesinslede nie, maar sluit die seun wat middels gebruik en misbruik in.

Die term dwelm gefassiliteerde seksuele mishandeling word deur die “United Nations Office on Drugs and Crime” (UNODC) (2011:1) gebruik om te verwys na seksuele mishandeling wat plaasvind wanneer die seun onder die invloed van alkohol of ander middels is. Die UNODC (2011:1) is van mening dat die media slegs fokus op algemene middels soos Rohypnol, alhoewel alkohol wat saam met enige voorskrif medikasie ingeneem word ‘n onderdrukkende effek het en die seun weerloos laat vir seksuele mishandeling.

Skrywers (Corby, 2006:144; Roos & Vorster, 2003:113; Spiegel, 2003:25,26) identifiseer **verbrokkelde gesinne** as ‘n gesinsfaktor wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van die seun. Verbrokkelde- of gedisintegreerde gesinne ontstaan soos reeds genoem, weens middelmisbruik, maar ook weens egskeiding; enkelouergesinne; saamgestelde gesinne en die dood van een of albei ouers, asook huwelik- en gesinskonflik; verbrokkelde gesinsverhoudinge en ‘n tekort aan ouerlike betrokkenheid. Verbrokkelde gesinne het volgens “Prevent Child Abuse America” (2010) verbrokkelde gesinsverhoudinge tot gevolg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en andersom. Die eienskappe van verbrokkelde gesinne word beskou as sosiale isolasie, familie geheimhouding; afwesige vaders en swak kommunikasie binne die huwelik en gesin en die betrokkenheid van ouers by bende bedrywighede. Volgens Roos (2005:105) beskik gesinne waarin bloedskande voorkom oor eienskappe wat kenmerkend is van verbrokkelde gesinne. Hierdie eienskappe behels dat die gesin streng reëls het; ondeurdringbare grense; geïsoleerd is; dat konflik voorkom, asook gebrek aan empatie en swak interpersoonlike kommunikasie. Volgens Davis en Snyman (2005:70) kom die seun wat weerloos is vir seksuele mishandeling weens hierdie eienskappe dikwels voor as bang vir sy ouers.

Bezuidenhout en Joubert (2003:222) noem dat die **verbrokkeling van gesinne** veroorsaak dat die seun ‘n verlies het aan emosionele gebondenheid met ‘n volwasse versorger. Die seun ervaar weens die verbrokkelde gesin ook ‘n verlies met betrekking tot kennis van kulturele norme en waardes. Hierdie verliese kan ontstaan weens die verlies aan ‘n vader wat die seun moet leer hoe om as man binne sy kultuur op te tree. Die seun se vader moet hom ook leer watter waardes en norme deur hom gehandhaaf moet word. Kistner et al. (2004:7) en Richter et al. (2004:76-77) sluit hierby aan en noem dat seuns in verbrokkelde gesinne dikwels sonder ouerlike toesig is en daarom hulle ouers as emosioneel afwesig ervaar. Hierdie gebrek aan emosionele gebondenheid lei daartoe dat die seun se selfbeeld en eie waarde beperk is en dat hy van die gesin se disfunksionele hanteringsvaardighede gebruik maak.

Gesinsfunksionering waar gesinslede se funksionering van so ‘n aard is dat daar beperkte ondersteuning aan mekaar gebied word, kan volgens Spiegel (2003:25,26) net so ‘n groot risiko vir seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare skep, as wat die ander gesinsfaktore kan. Werkloosheid van ouers is byvoorbeeld ‘n faktor wat die gesinsfunksionering beïnvloed, aangesien al die gesinslede geraak word wanneer daar onvoldoende inkomste in die gesin is. Indien die gesinslede nie aan mekaar ondersteuning bied wanneer daar byvoorbeeld werkloosheid van ‘n gesinslid binne ‘n gesin is nie, kan die seun buite die gesin ondersteuning soek wat hom dan in risiko situasies kan laat beland. Die gesin ontvang weens die ouers se werkloosheid dikwels ‘n staatstoelaag wat in die hele gesin se behoeftes moet voorsien, maar ontoereikend is. Dit is dus nie slegs werkloosheid nie, maar ook die verlies aan inkomste waartydens die gesinslede mekaar se ondersteuning nodig het. Wanneer gesinsfunksionering beïnvloed word deur ‘n gebrek aan onderlinge gesinsondersteuning, veroorsaak dit dat gesinslede en ouers verward is oor wat hulle individuele rolle in die gesin is. Konflik binne die gesin kan weens hierdie verwarrende rolle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en rolverwagtinge voorkom. Isolering wat gesinslede binne die gesin ervaar, blamering van die seun met betrekking tot die seksuele mishandeling en om die seun die swartskaap in die gesin te maak is egter ook faktore wat ‘n negatiewe rol speel ten opsigte van die gesin se funksionering.

Die **geestelike gesondheid van ouers** en die verband met seksuele mishandeling word volgens Corby (2006:141) nie ondersteun deur navorsing nie, aangesien daar nog nie genoegsame bewyse bestaan dat daar wel ‘n verband is nie. Daar behoort egter wel vrae gevra te word ten opsigte van die persoonlikheidseienskappe van die ouers wat seuns seksueel mishandel, al word daar nie na hul geestelike gesondheid gekyk nie. Geestelike gesondheid van ouers is volgens Spiegel (2003:25,26) en Browne, Hanks, Stratton en Hamilton (2002:205) wel ‘n aanleidende faktor wat daartoe bydra om die seun se risiko vir seksuele mishandeling te verhoog, te midde van beperkte navorsing. Die geestelike gesondheid van ouers as aanleidende faktor sluit die anti-sosiale gedrag van ouers in, asook ‘n hoër voorkoms van ouers met ‘n psigiatriese geskiedenis wat gekenmerk word deur ten minste twee siektes op een tydstip byvoorbeeld depressie en middelafhankikheid; of gemoedsversteuringe en angsversteuringe. Hierdie ouers kan ook anti-sosiale persoonlikheidstrekke toon.

Kriminele gedrag van ouers word deur skrywers (Corby, 2006:144; Spiegel, 2003:25,26; Browne et al., 2002:206) as ‘n gesinsfaktor geïdentifiseer wat aanleidend kan wees tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare. Ouers se kriminele gedrag blyk by te dra tot gesinsverbrokkeling. Kriminele gedrag van ouers het ook onstabiele gesinsomstandighede en gesinsfunksionering soos huwelikskonflik, gesinsgeweld, ‘n onvermoë binne die gesin om woede te beheer en dit konstruktief te hanteer, tot gevolg. Die onstabiliteit wat die kriminele gedrag van die ouers veroorsaak, dra volgens die skrywers grootliks by tot die waarskynlikheid dat die seun seksueel mishandel kan word.

Die voorkoms van **mishandeling en verwaarlosing** binne die gesin word beskou as gesinsfaktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van die seun. Die meeste trauma vir die seun begin volgens Van der Kolk in Kirmayer, Lemelson en Barad (2007:227) binne die woning en het ‘n beduidende impak op verskillende areas van die seun se funksionering. Volgens Richter et al. (2004:80) en Spiegel (2003:42) is fisieke mishandeling en verwaarlosing stérk aanduiders van moontlike kroniese seksuele mishandeling en het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie gesinne gewoonlik onaanvaarbare grense ten opsigte van privaatheid en seks. Die seksueel mishandelde seun blyk ook ‘n groter waarskynklikheid as ander seuns te hê om familielede te hê wat self fisiek- of seksueel mishandel is. Skrywers (Spiegel, 2003:42; Browne et al., 2002:205) noem dat die waarskynlikheid groter is dat die seun wat seksueel mishandel word, ook fisieke mishandeling sowel as emosionele mishandeling, sielkundige mishandeling en verwaarlosing sal ervaar. Hierdie waarskynlikheid kom volgens die skrywers voor aangesien ‘n vyfde van seuns wat ‘n geskiedenis van seksuele mishandeling het, twee ander vorme van mishandeling byvoorbeeld fisieke- en emosionele mishandeling, ervaar.

3.3.3 Gemeenskapsfaktore

Aangesien die gemeenskap ‘n samestelling van gesinne is, is gesinsfaktore onlosmaaklik deel van gemeenskapsfaktore. Die gemeenskapsfaktore word geïdentifiseer en vervolgens beskou.

Alhoewel armoede, onderwys en werkloosheid gemeenskapsfaktore is wat volgens die skrywers aanleidend is tot die weerloosheid van die Suid-Afrikaanse bevolking, word hierdie aspekte vir die doel van hierdie studie bespreek saam met sosio-ekonomiese- en politieke faktore, verliese aan hulpbronne, kulturele faktore en godsdienstige faktore as gemeenskapsfaktore. Hierdie gemeenskapsfaktore word vervolgens beskou.

Bezuidenhout en Joubert (2008:203) identifiseer gemeenskapsfaktore soos **armoede, beperkte onderwys en werkloosheid** in Suid-Afrika as aanleidende faktore tot die weerloosheid van die Suid-Afrikaanse bevolking. Hierdie weerloosheid bevorder migrasie na stede en ander lande, aangesien gesinne migreer na plekke waar hulle behoeftes aangespreek kan word. *Migrasie* kan aanleiding gee tot verskeie vorme van seksuele mishandeling en misdaad teen seuns aangesien die seun weg is van bekende hulpbronne en ondersteuningsbronne en van ‘n nuwe gemeenskap afhanklik is vir die verkryging van inligting en geleenthede. Buiten migrasie kan *oorloë* net so ‘n afbrekende impak op gemeenskappe hê. Newman (2005:15) noem dat seksuele mishandeling tydens oorloë doelbewus benut word om nie slegs die individu se moraal af te breek en hom te verneder nie, maar om die hele gemeenskap se psige af te breek. Indien die individu of gesin dus geraak word, het dit ‘n invloed op die hele gemeenskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Skrywers (Bezuidenhout & Joubert, 2008:214; Davis & Snyman, 2005:59; Kistner et al., 2004:7) is dit eens dat seuns wat in ‘n lae sosio-ekonomiese konteks in Suid-Afrika woon se risiko om ‘n slagoffer van seksuele mishandeling te wees, groter is as die seun wat in ‘n hoë sosio-ekonomiese konteks woon. **Sosio-ekonomiese faktore en politieke faktore** wat bydra tot die seksuele mishandeling van die seun is volgens die skrywers armoede en die aanvraag na seks met kinders, dit wil sê dogters én seuns, in Suid-Afrika. Hierdie sosio-ekonomiese- en politieke faktore, sluit die wettiging en produksie van pornografie, die aanvaarding van “hard-core” seks en die aanvraag na seksuele aktiwiteite met swart kinders deur die samelewing en gemeenskap in, veral ‘n toename in die aanvraag na seksuele aktiwiteite met swart kinders deur Europeërs en Noord-Amerikaanse mans. Volgens Bezuidenhout en Joubert (2008:212,213) word daar beraam dat 200 000 tot 300 000 kinders jaarliks in Wes- en Sentraal Afrika verkoop word met die doel om seksueel mishandel te word. Alhoewel daar nie tans in Suid-Afrika betroubare statistiek bestaan met betrekking tot kinderprostitusie nie, was daar in 2001 beraam dat ongeveer 33% prostitute kinders is. In 2004 was daar beraam dat ongeveer 40 000 kinders as kinderprostitute seksueel mishandel word en dat hierdie beraming slegs die punt van die ysberg is.

Verliese aan hulpbronne binne ‘n gemeenskap is ook ‘n aanleidende faktor wat veroorsaak dat die seun se risiko om seksueel mishandel te word, verhoog word. Die verlies aan finansiële hulpbronne, beperkte onderwys, ‘n onstabiele gesinsomgewing, werkloosheid of geen behuising is verliese aan hulpbronne wat kan voorkom. Die Suid-Afrikaanse lae inkomste gemeenskappe het dikwels aan hierdie hulpbronne ‘n behoefte. Indien hierdie bronne nie beskikbaar is nie, soek die seun dit elders en kan die seun byvoorbeeld seksueel mishandel word deur sindikate wat die seun wil werf vir seksuele doeleindes of vir die seks toerisme industrie en media. Persone wat hierdie bronne aan die seun en sy gesin verskaf, of beloftes gee om dit te verskaf in ruil vir seksuele aktiwiteite, maak van die gemeenskap se verliese misbruik tot hulle eie voordeel (Bezuidenhout & Joubert, 2008:203-214).

Kulturele faktore aanleidend tot die seksuele mishandeling van die seun kan volgens Bezuidenhout en Joubert (2008:214) vanuit ‘n kultureel interpersoonlike perspektief beskou word, wat ook verband kan hou met ‘n **kultuur van armoede** in Suid-Afrika. Hierdie faktore kan beskou word as ‘n gebrek aan die vervulling van emosionele behoeftes en sluit aspekte in soos egskeiding, verwaarlosing en wanvoeding, asook mishandeling. Ander faktore wat bydra tot die kultuur van armoede is ‘n gebrek aan veiligheid en sekuriteit, ‘n gebrek aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertroue in mense en skolastiese opvoeding en ‘n gebrek aan ondersteuning deur gesinslede en gemeenskapsinstellings. Instellings is ‘n gemeenskapsfaktor wat nie altyd aandag geniet nie en daarom vervolgens beskou sal word.

Seksuele mishandeling binne **instellings** soos kerke, skole en hospitale word as ‘n gemeenskapsfaktor bespreek deur Sageman (2003:574,575). Gemeenskappe beskou soms hul instellings as deel van hul kultuur en gemeenskap. Die instelling as ‘n gemeenskapskultuur waarbinne die seksuele mishandeling plaasvind byvoorbeeld die skool of kerk, kan die seun se wêreldperspektief of sy persepsie van ‘n sekere kultuur soos die kerkkultuur of skoolkultuur nadelig beïnvloed. Sageman (2003:574) bespreek in hierdie verband ‘n spesifieke seun wat binne ‘n godsdienstige instelling groot geword het, en na sy konstante vrees dat hy ook die slagoffer van seksuele mishandeling sal word soos sy kamermaat en ander seuns wat saam met hom in daardie instelling moes bly. Hierdie seun noem in Sageman (2003:575) dat na sy godsdienstige, skool en koshuis ervaringe in dié instelling hy wel sy geloof in God behou het, maar nie kerkleiers vertrou nie. Ook in Suid-Afrika kom seksuele mishandeling binne instellings soos skole voor, met die gevolg dat Die Wes-Kaapse Onderwys Departement ‘n handleiding naamlik die Stop Misbruik Beleidsdokument uitgereik het en binne skole benut vir die hantering van seksuele mishandeling van kinders (Die Weskaap se Onderwys Departement, 2001).

Uit die voorafgaande definisies en die bespreking van aanleidende faktore is dit duidelik dat seksuele mishandeling ‘n omvattende konsep is. Verdere bestudering van die fenomeen met betrekking tot die vorme van seksuele mishandeling sal vervolgens beskou word.

3.4 VORME VAN SEKSUELE MISHANDELING

Wanneer die vorme van seksuele mishandeling bespreek word deur skrywers (“Childline South Africa”, 2010; Rainn, 2009:1; Odendal & Louw, 2000:1259) is dit belangrik om te onderskei tussen kontak aksies en nie-kontak aksies. Kontak seksuele mishandeling word daarom bespreek, waarna nie-kontak seksuele mishandeling beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4.1 Kontak seksuele mishandeling

Kontak seksuele mishandeling staan nie los van nie-kontak seksuele mishandeling nie aangesien nie-kontak seksuele mishandeling kan eskaleer tot kontak seksuele mishandeling. Blootstelling aan nie-kontak seksuele mishandeling kan die seun se risko vir kontak seksuele mishandeling verhoog. Om begrip te kan ontwikkel vir die verskillende vorme van seksuele mishandeling is dit egter nodig om kontak en nie-kontak seksuele mishandeling afsonderlik te beskou. Kontak seksuele mishandeling behels hoofsaaklik verkragting, molestering, seksuele aanranding en bloedskande. Seksuele aanranding kan egter beskou word as kontak seksuele mishandeling en as nie-kontak seksuele mishandeling, soos later in die hoofstuk bespreek sal word ("Childline South Africa", 2010; Rainn, 2009:1; Odendal & Louw, 2000:1259).

3.4.1.1 Verkragting

Volgens Odendal en Louw (2000:1259) is verkragting geslagtelike verkeer of sodomie deur 'n man met 'n vrou of 'n man, wat teen die persoon se wil plaasvind en met geweld gepaard gaan. Verkragting as kontak seksuele mishandeling word deur skrywers ("Childline South Africa", 2010; Rainn, 2009:1; Maree et al., 2003:300) se definisie van verkragting beskou as geforseerde vaginale, anale of orale penetrasie deur 'n liggaamsdeel of enige ander voorwerp. Penetrasie van die seun deur middel van 'n voorwerp, word as digitale verkragting beskou. Hierdie forsering kan met dreigemente of fisiese geweld gepaard gaan. Enige wapen kan gebruik word om die seun te forseer tot seks. Die Witskryf vir Maatskaplike Welsyn (1997:94) sluit hierby aan, in hulle omskrywing van verkragting as seksuele gedrag waar geweld betrokke is, byvoorbeeld deur dwang toe te pas.

Vir die doel van hierdie studie gaan daar met betrekking tot die definisie van verkragting, gesteun word op Rainn (2009:1) se definisie wat 'n onderskeid tref tussen verkragting en molestering in terme van penetrasie. Verkragting word dus beskou as penetrasie wat vaginaal, anaal, oraal of digitaal van aard kan wees en met geweld gepaard kan gaan en verskil van molestering as seksuele aanranding in dié opsig dat molestering nie penetrasie behels nie, maar ook met of sonder geweld of dwang gepaard kan gaan.

Skrywers (Corby, 2006:205; Koenig et al., 2004:99) noem dat die fisiese geweld, wat met verkragting geassosieer word, meer dikwels by die seksuele mishandeling van die seun gebruik word as by die dogter. Die emosionele en fisiese skade aan die seun as slagoffer van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkragting, is volgens Corby (2006:207) dikwels groter as wanneer molestering plaasgevind het. Hoe ouer die seun is hoe groter is sy risiko om verkrag te word, eerder as om seksueel aangerand of gemolesteer te word.

In meer as 90% van die gevalle van seksuele mishandeling van seuns waar die oortreder vroulik is, word daar eerder van oorreding en manipulering gebruik gemaak as van dreigemente of dwang. Koenig et al. (2004:99) bevestig dit en noem dat volgens sy studie, fisieke dwang in minder as 25% van die insidente van verkragting, plaasgevind het en dat dwang en geweld meer dikwels gebruik word indien die seun ouer is en die oortreder manlik.

Wanneer verkragting van die seun plaasvind sal die seun wat ouer is volgens Huston, Prihoda, Parra & Foulds (1997:63-74) meer geneig wees om **verskillende tipes penetrasie** bekend te maak soos vaginale, anale, orale en digitale penetrasie. In ‘n studie deur Dickman en Roux (2005:140) ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns en dogters met leerhindernisse, is bevind dat 90% van die aanklagte verkragting was. In 13% daarvan was meer as een oortreder betrokke. Die klagtes wat **anale penetrasie** behels het was in alle gevalle (wat 7% van die algehele persentasie uitmaak) seuns. Alhoewel verskillende tipes penetrasie bekend gemaak word, blyk anale penetrasie van die seun meer voor te kom as vaginale, orale en digitale penetrasie.

Die voorkoms van **anale penetrasie** by die seun is ook volgens Huston et al. (1997:63-74) aansienlik hoër (44%) as by die dogter (9%). Anale penetrasie kom ook meer dikwels by die seun tussen die ouderdom van agt tot tien jaar oud voor. Volgens Huston et al. (1997:63-74) is daar gewoonlik ‘n styging in die aanmelding van anale penetrasie tydens elke ouderdomsgroep van die seun, terwyl anale penetrasie van die dogter konstant bly tussen die ouderdom van vier tot agt jaar oud. Hoe ouer die seun dus word hoe hoër is sy risiko op anale penetrasie.

Wanneer **orale penetrasie** ter sprake is, dus kontak tussen die oortreder se mond en die seun se genitalieë, het Maikovich-Fong en Jaffee (2010:431) in hulle navorsingstudie bevind, en sluit Huston et al. (1997:63-74) se studie daarby aan, dat orale penetrasie meer dikwels by die ouer seun plaasvind, as by die jonger seun. Orale penetrasie vind ook meer dikwels by die seun plaas, as by die dogter, naamlik 9% dogters teenoor 15% seuns. Volgens die skrywers kom orale penetrasie meer dikwels voor indien die seksuele mishandeling ‘n langer duurte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het. Orale penetrasie kom ook meer dikwels voor by oortreders wat vreemdelinge en stiefvaders is as by oortreders wat biologiese vaders is.

Alhoewel Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:94) molestering beskou as ‘n handeling wat ook met penetrasie gepaard kan gaan, gaan daar vir die doel van hierdie studie op Rainn (2009:1) se definisie gesteun word en nie op die definisie van Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn nie. Sodoende kan daar ‘n duidelike onderskeid tussen die verskillende konsepte van verkragting en molestering getref word. Die emosionele en fisiese skade aan die seun as slagoffer van verkragting is volgens Corby (2006:207) dikwels groter as wanneer molestering plaasgevind het. Molestering wat vir hierdie studie ook as ‘n vorm van seksuele mishandeling beskou word, word vervolgens bespreek.

3.4.1.2 Molestering

Molestering en verkragting verskil daarin, dat verkragting penetrasie behels terwyl molestering nie penetrasie behels nie, maar wel kan eskaleer tot verkragting en met verkragting gepaard kan gaan. Die seun kan dus gemolesteer en verkrag word op dieselfde tydstip. Vir die doel van hierdie studie gaan gesteun word op die begrip dat verkragting en molestering verskillende konsepte is, in dié opsig dat molestering nie penetrasie behels nie, maar wel met of sonder geweld of dwang gepaard kan gaan, soos deur skrywers (Rainn, 2009:1; Maree et al., 2003:300) omskryf word. Molestering word binne Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:94), in teenstelling met Rainn (2009:1) se definisie, omskryf as enige vorm van handeling waar orale, anale, genitale, borste, boude of aanrakingskontak of die gebruik van objekte vir seksuele penetrasie, fondeling of stimulasie voorkom. Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:94) beskou molestering dus in dieselfde lig as verkragting en onderskei slegs tussen die twee definisies in terme van die voorkoms van geweld. Rainn (2009:1) definieer die konsep van molestering as onwelkome seksuele kontak wat nie verkragting insluit nie, maar wel ‘n poging tot verkragting kan behels. Molestering van die seun sluit seksuele aanraking en fondeling in.

3.4.1.3 Seksuele aanranding

Volgens verskeie skrywers (Rainn, 2009:1; Collins, 2005:341; Departement van Gesondheid, 2000:5) kan seksuele aanranding beskou word as seksuele kontak wat plaasvind. Seksuele aanranding sluit kontak aksies soos molestering en ongevraagde seksuele aanraking in. Dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behels ook nie-kontak aksies wat seksuele teistering, voyeurism (afloer) en eksibisionisme (onverwagte seksuele blootstelling aan ‘n ander persoon) insluit. Nie-kontak aksies behels ook blootstelling, of die gebruik van die seun in die produksie van pornografie of die gebruik van dwang om die seun bloot te stel aan pornografiese materiaal, blootstelling aan seksuele gedrag van andere, gedwonge masturbasie en seksuele gesprekvoering met die seun in. Soos in die geval van verkragting, kan seksuele aanranding ook die gebruik van ‘n wapen, dreigemente en fisieke geweld insluit.

Sielkundige manipulering en die misbruik van die seun terwyl hy in ‘n weerlose stadium verkeer soos byvoorbeeld wanneer hy onder die invloed van alkohol, dwelms en medikasie is, speel volgens Rainn (2009:1) dikwels ‘n rol in seksuele aanranding. Seksuele aanranding is ‘n misdaad wat deur die behoefte aan beheer, vernedering van die seun en dominering van andere gemotiveer word. Seksuele aanranding behels in teenstelling met verkragting, nie penetrasie nie.

3.4.1.4 Bloedskande

Alhoewel onderskeid tussen verkragting, molestering en seksuele aanranding as vorme van seksuele mishandeling nie getref word in terme van die verskillende oortreders nie, word bloedskande waar die onderskeid op die tipe oortreder berus, vir die doel van hierdie studie as ‘n aparte vorm van seksuele mishandeling bespreek. Bloedskande vind hoofsaaklik plaas in die konteks waar die oortreder ‘n ouer familielid is as die seun wat seksueel mishandel word. Rainn (2009:1) omskryf bloedskande met betrekking tot die seun as seksuele kontak tussen persone wat in ‘n hegte verhouding binne ‘n familie funksioneer, waar hulle ‘n ouer-kind, oom-tante, neef-niggie verhouding het. Dit sluit seksuele kontak tussen sibbe in wat volgens Heitritter en Vought (2006:22) een van die algemeenste vorme van bloedskande is wat voorkom, alhoewel rapportering daarvan baie beperk is, selfs nadat dit bekend gemaak is. Volgens Ray (2001:53) vind die meeste seksuele mishandeling van die seun met betrekking tot bloedskande, binne die oortreder se woning plaas en word die seun in 60% van die gevalle deur meer as een oortreder seksueel mishandel.

Bloedskande soos gedefineer deur Odendal en Louw (2000:98), ook genoem bloedskending of insestueus behels geslagsgemeenskap wat plaasvind tussen bloedverwante wat volgens die wet nie met mekaar in die huwelik mag tree nie. Die Witskrif vir Welsyn (1997:94) omskryf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bloedskande as seksuele mishandeling wat binne familieverhoudinge wat deur die wet verbied word, voorkom. Vir die doel van hierdie sal die definisies van Rainn (2009:1) met betrekking tot verkragting sowel as van molestering soos voorheen omskryf, benut word om bloedskande te omskryf. Die verskil tussen bloedskande en verkragting of molestering sal slegs daarin lê dat ‘n familielid betrokke is in plaas van ‘n persoon wat nie familiebande met die seun het nie. Bloedskande sal dus nie slegs penetrasie tussen die seun en ‘n familielid behels nie, maar ook molestering en seksuele aanranding. Skrywers (Rainn, 2009:1; Heitritter & Vought, 2006:33; Corby, 2006:206) is dit eens dat bloedskande as meer afbrekend in terme van die gevolge op die seun as slagoffer beskou word, as wat verkragting, molestering en seksuele aanranding deur enige ander persoon tot gevolg sou hê.

Soos kontak seksuele mishandeling nie los staan van nie-kontak seksuele mishandeling nie, is nie-kontak seksuele mishandeling net so nou verwant aan kontak seksuele mishandeling. Nie-kontak seksuele mishandeling word vervolgens beskou.

3.4.2 Nie-kontak seksuele mishandeling

Daar is verskeie vorme van nie-kontak seksuele mishandeling wat deur skrywers (Bezuidenhout & Joubert, 2008:31,39; Bourke, 2007:249,252) geïdentifiseer word. Wedersydse masturbasie, seksuele aanmerkings, verbale druk vir seks en die dra van kledingstukke met seksuele slagspreuke op, is vorme van nie-kontak seksuele mishandeling wat kan voorkom. Nie-kontak seksuele mishandeling kan ook obsene telefoonoproepe behels; om in die openbaar mekaar te soen en liefkoos ten aanskoue van ander persone; die aftrek van ander persone se broeke; om ander persone te spot deur die gebruik van seksuele taal, asook seksuele teistering deur byvoorbeeld grappe van ‘n seksuele aard te vertel. **Voyeurism** (afloer) wat behels dat die oortreder die seun afloer en **eksibisionisme** (onverwagte blootstelling aan ‘n ander persoon) wat aktiwiteite insluit soos die oortreder wat masturbeer ten aanskoue van die seun en die seun blootstel aan sy eie of andere se genitalieë, boude, anus en borste is algemene voorbeelde van nie-kontak seksuele mishandeling wat kan plaasvind.

Skrywers (Heitritter & Vought, 2006:35; Maartens, 2006:42) is van mening dat nie-kontak seksuele mishandeling nie altyd gepaard gaan met geweld nie. Volgens hierdie skrywers behels nie-kontak seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare dikwels verskillende maniere van manipulasie. Hierdie manipulasie wat deur geweld opgevolg kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word, word dikwels benut by die blootstelling, werwing, handel dryf of betrokkenheid van die seun by seksuele aktiwiteite of pornografie deur die media, tegnologie en die internet. Daar word vir die doel van hierdie studie daarom slegs gefokus op pornografie as nie-kontak seksuele mishandeling deur die media, tegnologie en die internet aangesien pornografie blyk om al meer risiko's vir die seun in die middelkinderjare in te hou.

3.4.2.1 Pornografie

Die verband tussen pornografie en seksuele mishandeling word deur Spies (2006:28,29) bespreek. Die skrywer is van mening dat seksuele opwekking deur kinderpornografie tot verwronge denkpatrone, afwykende seksuele idees en afwykende seksuele gedrag aanleiding gee by die oortreder sowel as by die slagoffer. Daar moet ook volgens skrywers (Bezuidenhout & Joubert, 2008:213; Spies, 2006:33), in ag geneem word dat die produksie van kinderpornografie nie wettig vervaardig kan word nie. Die meeste gevalle van kinderpornografie, behels seksuele mishandeling waar dwang betrokke is. Die seun word dus geforseer tot deelname aan kinderpornografie.

a.) Toegang tot pornografie deur die internet, media en tegnologie

Toegang tot pornografie deur die **internet** word deur Mitchell, Finkelhor en Wolak (2007:196) en Spies (2006:32) beskou as een van die grootste bekommernisse met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare. Hierdie bekommernis bestaan omdat geen wetgewing beskerming aan die seun bied ten opsigte van sy blootstelling aan pornografie solank dit deur die internet ontvang word nie. Die internet bied nie slegs *blootstelling* nie, maar versnel ook *toegang* en *verspreiding* van pornografie. Die seun word slegs beskerm indien hy die slagoffer is van kinderpornografie en gedwing word om deel te neem aan die produksie daarvan. Digitale veiligheid wat veiligheid ten opsigte van die internet, tegnologie en die media behels, het volgens Gasser, Maclay en Palfrey (2010:3,11) 'n belangrike navorsingsonderwerp geword. 'n Belangrike faktor met betrekking tot internet gebruik is dat die wêreld statistiek toon dat internet toegang vir die seun tussen die ouderdomme van vyf jaar en veertien jaar en vyftien jaar en vier-en-twintig jaar soortgelyk is.

Die *geslag* van 'n persoon blyk 'n rol te speel in die toegang tot pornografie deur die internet. Dit kom voor dat die seun meer tyd op die internet spandeer, as die dogter. In Nigerië blyk seuns byvoorbeeld 20% meer tyd op die internet te spandeer as dogters, alhoewel dogters in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die meeste gevalle teenwoordig is tydens internet toegang. Die dogter wend nie self ‘n poging aan om die internet te besoek nie, maar het ook belangstelling daarin. Kletskamers, verskillende speletjies wat op die internet gespeel kan word, sosiale netwerke en e-posse bied alles die geleentheid aan die seun om vreemdelinge te ontmoet deur die internet. Die gevolg is dat “grooming” wat seksuele mishandeling tot gevolg het dus kan plaasvind (Gasser et al., 2010: 19,20).

Dit is kommerwekkend dat ‘n beraamde getal van 18.8 miljoen kinders wat jonger as agtien jaar oud is toegang het tot die *internet deur rekenaars en selfone*. Hierdie toegang is nie vanaf noodwendig hulle eie rekenaars en selfone nie, maar kan vriende en familie se rekenaars en selfone wees. Hierdie kinders en dus ook die seun het nie slegs toegang tot rekenaars en selfone nie, maar ook tot pornografie en ander materiaal wat skadelik en onaanvaarbaar is vir enige morele persoon. Volgens Spies (2006:30-33) dui studies, “Internet Child Protection” (2001) aan dat wanneer die seun byvoorbeeld inligting soek oor speelgoed en hy die woord “speelgoed” in tik, alle inligting, insluitende inligting oor volwasse speelgoed aan hom gebied sal word op die internet. Duisende pornografiese webtuistes is ook verbind met populêre karakters soos “Pokemon”, “My Little Pony” en “Action Man”. Wanneer die seun dus hierdie karakters opsoek op die internet, het hy ook toegang tot die pornografiese webtuistes wat daaraan verbind is. Sommige karakters word gemanipuleer om kinderpornografiese beelde te wees, terwyl prente en foto’s van ’n onskuldige aard soos ‘n hond, ook so gemanipuleer kan word dat die oorspronklike beeld ‘n hond is wat op die rekenaarskerm of selfoonskerm verskyn, maar later verander na kinderpornografiese beelde. Hierdie eksplisiete materiaal stimuleer die seun seksueel en bring ook verwarring en versteuning in die seun se denke.

Die seun het nie slegs toegang tot pornografie deur die internet van sy eie, vriende of familie se rekenaars en selfone nie. *Geïnstalleerde internetlyne by Internet Kafees* wat toegang tot pornografie bied verhoog ook die seun se risiko, want alhoewel hy nie toegang het deur sy eie, vriende of familie se rekenaars en selfone nie, veroorsaak geïnstalleerde internetlyne dat die seun te alle tye wel toegang sal kan verkry, met of sonder ouerlike toesig en toestemming. Heitritter en Vought (2006:35) illustreer hierdie risiko van pornografie deur die voorbeeld van ‘n sewe-en-twintigjarige man wat as half broer sy negejarige sibbe met ’n versteekte kamera afgeneem het terwyl hy gestort het. Hy het die foto’s op sy rekenaar gestoor en dit later op kinderpornografiese webtuistes beskikbaar gestel. Nie slegs bring pornografie as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vorm van seksuele mishandeling vernedering en skaamte aan die seun nie, maar die seun word buiten deur die blootstelling aan die oortreder ook blootgestel aan die risiko van verdere seksuele mishandeling. Ander internet oortreders het nou ook toegang tot die seun se foto en benut dit vir seksuele mishandeling van ander seuns, of om toegang tot die seun op die foto te verkry. Die seun word dus binne hierdie konteks meer weerloos gemaak vir verdere seksuele mishandeling.

Internet toegang *in die bekende omgewing van die seun se woning* bied volgens skrywers (Davies, Rogers & Hood, 2009:423; Spies, 2006:30) dikwels ‘n valse gevoel van veiligheid en sekuriteit aan die seun en het tot gevolg dat hy binne sy woning inligting aan die oortreder via die internet bekend sal maak wat nie bekend gemaak moet word nie. Binne die “veilige” omgewing van die woning voel die seun meer gemaklik en veilig om te kommunikeer en kommunikeer dan ook met meer openheid as wat hy onder ander omstandighede sou doen. Hy kommunikeer ook op ‘n meer intieme vlak met die oortreder wat ‘n vreemdeling is as wat hy onder normale omstandighede sou doen met ‘n bekende persoon wat ‘n vertroueling is. Die seun se ouers is dikwels in die woning, maar onbewus met wie hy kommunikeer.

Die internet skep volgens Mitchell, Finkelhor en Wolak (2007:197) ‘n omgewing waarin die *produksie en die verspreiding van kinderpornografie* kan plaasvind. Volgens Spies (2006:27) kan die internet beskou word as die pedofiel se “speelgrond” aangesien dit aan hom anonimiteit en kontak geleenthede met die seun via verskillende vorme bied. Die pedofiel benut die internet om kontak met die seun te maak. Internet stel die pedofiel ook instaat om inligting en kinderpornografie uit te ruil met ander seksuele oortreders. Deur die internet gebruik die pedofiel speletjies, geheime identiteite en paspoorte, ‘n vertrouensverhouding, gereelde gesprekke met die seun en ook pornografie om toegang tot die seun te verkry.

Te midde van die risiko wat die internet meebring vir die seun ten opsigte van toegang tot pornografie en seksuele oortreders en dus ook seksuele mishandeling, is dit volgens Spies (2006:31,36) belangrik om te besef dat pedofiele wat die seun deur die internet teiken ’n minderheidsgetal is, te midde van *verhoogde getalle van pedofilia deur die internet* wat opgeteken word. Die volwassenes wat naby aan die seun leef en naby verhoudinge met hom handhaaf, binne die seun se gesin, familie, skool en gemeenskap is skuldig aan die meerderheid van seksuele oortredings teenoor die seun. Die internet se risiko bly dus groot, maar nie slegs weens die toegang wat dit aan die pedofiel en ander seksuele oortreders bied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot die seun nie, maar veral weens die anonimiteit en toegang tot seksuele inligting, aktiwiteite en kennis wat dit aan die seksuele oortreder en die seun bied. Die toegang tot pornografie geskied egter nie slegs deur die internet nie, maar ook deur die media en tegnologie.

"Molestation, Sexual Abuse, Rape and Statistics in South Africa" (2010:1,2) bevestig die risiko en gevolg van pornografie met betrekking tot seksuele mishandeling. Hulle noem dat die aantal slagoffers van seksuele mishandeling jaarliks groei. Hierdie *toename in slagoffers word toegeskryf aan toegang tot pornografie deur die internet.* Studies wat gedoen is deur verskeie organisasies het volgens die skrywers aangedui dat pornografie 'n ekstreme invloedryke faktor in die aksies van seksuele oortreders en reeksmoordenaars is. Studies in Suid-Afrika dui byvoorbeeld aan dat 90% van die oortreders wat seuns gemolesteer het, ook betrokke by pornografie was. Volgens hierdie studies erken 77% van die oortreders wat seuns gemolesteer het en 87% van die oortreders wat dogters gemolesteer het dat hulle seksuele gedrag soos waargeneem in pornografie, onder andere deur die internet, nageboots het. Toegang tot pornografie speel dus 'n rol in seksuele mishandeling. Die seun is deur die internet blootgestel aan pornografie en daarom ook aan seksuele mishandeling. Hierdie mishandeling kan tydens internet toegang plaasvind of daarna.

Media soos televisie, tydskrifte, koerante, dvd's en musiek bied ook toegang aan die seun tot pornografie. Die seun se interaksie met die media voorsien volgens Meece en Daniels (2008:484) 'n belangrike konteks vir sy ontwikkeling. Die skrywers noem dat kinders en adolessente steeds die persone in die samelewing is wat die meeste televisie kyk en dat die seun meer televisie kyk as die dogter. Die impak van media op die seun kan nie ontken word nie en is nou onweerlegbaar gedokumenteer. Volgens 'n artikel in die tydskrif Juig (2009:1,2) sal die seun in 'n huishouding met televisie ongeveer 800 000 tot 1,5 miljoen wat 192 000 tot 36 000 moorde insluit, sien teen die tyd dat hy skool verlaat. Die gemiddelde seun wat televisie kyk sal ook blootgestel word aan 240 000 tot 480 000 seksuele dade of seksverwante dade teen die ouderdom van sewentien jaar. Dit sluit nie seks of seksverwante dade in wat deur ander vorme van media belig word nie. Die gevolge van die seksuele of seksverwante dade word ook selde, indien ooit aanskou. Met betrekking tot die media se invloed word daar in die tydskrifartikel Juig (2009:1,2) na "Media Wise Family" en na die "Report on the use of Pornography by Sexual Offenders, Report to the Federal Department of Justice, Canada" verwys wat aandui dat meer as drie duisend psigiatriese, psigologiese, mediese, pediatriese en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sosiologiese studies die effek van media op gedrag bestudeer het. Dit word as baie traumaties beskou vir die seun in sy middelkinderjare om aan seks blootgestel te word deur ekplisiete beeldmateriaal.

Die *instroming van pornografiese materiaal in Suid-Afrika* hang baie nou saam met die toename van seksuele mishandeling. Juig (2009:2) verwys na ‘n regter wat oor een duisend kindermishandelingsake uitspraak moes lewer en slegs met die uitsondering van een geval bevind het dat pornografie betrokke was by al hierdie gevalle van kindermishandeling. Die regter se gevolgtrekking was dat pornografie die verleidingsproses versnel het en aanleiding gegee het tot seksuele aanranding.

Buiten toegang tot die internet en die invloed van die media, bied **tegnologie** ook toegang aan die seun met betrekking tot pornografie. Die seksuele drang van die seun, gemeng met tegnologie soos selfone, kameras en rekenaars met of sonder internet toegang is volgens skrywers (Gasser et al., 2010:18,19; Ross & Shellenberger, 2010:175,176) ‘n gevaarlike situasie in Amerika wat “sexting” tot gevolg kan hê. Dit word omskryf as die stuur van seksueel eksplisiete boodskappe of die stuur van semi-naak of naak foto’s of videos deur ‘n selfoon. Weens die *gevorderdheid en beskikbaarheid van tegnologie* is die seun in Suid-Afrika net so weerloos vir die stuur en ontvang van seksueel eksplisiete boodskappe of die stuur van semi-naak of naak foto’s of videos deur ‘n selfoon, as wat die seun in Amerika is. Die seun neem dikwels met toestemming daaraan deel of inisieer dit. Deur hierdie deelname maak hy homself egter skuldig aan die produksie, verspreiding en die besit van kinderpornografie. Hierdie “sexting” het egter wel gevolge soos gevoelens van skaamte, vernedering en emosionele wonde tot gevolg en kan die seun se toekomsbeplanning ook in die wiele ry aangesien hy homself skuldig maak aan ‘n misdaad deur die produksie, verspreiding en in besit van kinderpornografie te wees. Aangesien een uit vyf seuns en dogters hulle self aan “sexting” skuldig maak, gebeur dit dat die seun sonder dat hy daaraan wil deelneem, die ontvanger van sulke boodskappe, foto’s of video’s word. Hy word dus onbewustelik die slagoffers van seksuele mishandeling. Daardeur word hy egter ook dadelik weerloos gelaat vir seksuele oortreders aangesien hierdie boodskappe, foto’s en video opnames dikwels nie slegs aan enkele persone aangestuur word deur die selfoon nie. As slegs een persoon dit op die internet opgelaai het kan dit deur die internet aan verskeie seksuele oortreders toegang tot die seun verleen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toegang tot pornografie; die blootstelling aan pornografie; die skep en aflaai van pornografiese materiaal (veral deur selfone); die ontmoeting van vreemdelinge en "grooming" hou volgens Gasser et al. (2010:24) en "Enough is Enough" (2006-2008) *risiko's ten opsigte van digitale veiligheid* in. Selfone en draagbare toerusting soos digitale kameras het in alle sub-kategorieë van risiko's 'n prominente plek, volgens die skrywers. Kennis met betrekking tot toegang tot pornografie en die blootstelling van die seun in sy middelkinderjare aan pornografie deur die internet, media en tegnologie is belangrik. Hierdie kennis het waarde vir die seun, sy ouers, maar ook maatskaplike werkers om die risiko's ten opsigte van pornografie met betrekking tot seksuele mishandeling beter te begryp. Die rol van pornografie in seksuele mishandeling moet egter ook bespreek word indien hierdie kennis ten opsigte van pornografie deur die internet, media en tegnologie en die risiko's wat dit inhou beter begryp wil word.

b.) Die rol van pornografie in seksuele mishandeling

Cline (2009:13) bespreek die **rol van pornografie in seksuele mishandeling** en dui aan dat pornografie dikwels deur seksuele oortreders gebruik word as 'n fasiliteerder of handleiding. Pornografie word nie slegs in die totstandkoming van die oortreder se eie afwykende gedrag gebruik nie, maar ook as 'n metode om die weerstand en inhibisies van die seun af te breek. Dit is volgens die skrywers se mening hoofsaaklik pedofiele wat kinderpornografie skep, alhoewel produseerders van pornografiese webtuistes kommunikeer dat hulle hoofsaaklik van vroue wat ouer as sestien jaar is gebruik maak en hulle jonger laat lyk en aantrek ten einde die idee te skep dat daar seksuele omgang met 'n kind plaasvind. Die idee dat seksuele omgang met 'n kind genotvol, bereikbaar en aanloklik is word dus bevorder.

Die grootste georganiseerde pedofiele groep wat tans op die internet toegang het is volgens Spies (2006:29) die "Man/Boy Love" groep, genoem "Free Spirits". Hierdie webtuistes bied nie slegs inligting en ondersteuning aan pedofiele nie, maar fokus ook op persone wat intieme en naby verhoudinge met seuns begeer. Die seun het 'n groter kans om blootgestel te word aan pornografie as die dogter. Stoop en Stoop (2004:45) noem dat die rede hiervoor is dat die media en televisie aan seuns versoekings stel ten einde hulle in te trek by 'n kultuur waar manlikheid gelyk gestel word aan seksuele ervaringe. Pornografie word volgens Spiegel (2003:43), gebruik om die seun te leer oor seksuele aktiwiteite, maar ook om hom daarin in te trek. **Die rol van pornografie in nie-kontak, sowel as kontak seksuele mishandeling** kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarom nie onderskat word nie, en vereis dat maatskaplike werkers in hulle assessering en intervensie aan die seun, ook moet aandag gee aan die toegang wat die seun het tot pornografie deur die internet, die media en tegnologie. Dit blyk dat die internet meer risiko's as voordele vir die seun in sy middelkinderjare inhou.

Sommige maatskaplike werkers beskou **nie-kontak seksuele mishandeling soos pornografie** nie as 'n ernstige vorm van mishandeling nie en aanvaar dat kontak seksuele mishandeling waar vaginale, anale, orale en digitale verkragting plaasvind meer traumaties vir die seun is. Hulle aanvaar ook dat verkragting as **kontak sekuele mishandeling** meer traumaties is as seksuele aanranding soos molestering wat gepaard gaan met seksuele aanraking en die fondeling van genitalieë en boude (Spies, 2006:29).

Daar moet egter besef word dat die seun se ruimte ook deur woorde wat seksueel van aard is geskend kan word. Dit maak inbraak op die seun se welsyn en funksionering op 'n persoonlike en emosionele vlak. Nie-kontak seksuele mishandeling het dikwels dieselfde impak met betrekking tot intensiteit en gevolge as kontak seksuele mishandeling. Die kontekste en motivering van seksuele mishandeling strek egter steeds weier as die bogenoemde bespreking. Die kontekste en motivering waarbinne en waar vanuit die oortreder die seun seksueel mishandel en sy motivering daarvoor moet ook in ag geneem word.

3.5 KONTEKS VAN SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS

Oortreders volgens Heitritter en Vought (2006:93) mishandel die seun binne spesifieke kontekste. Hierdie is dikwels sigbare omgewings of rituele. Oortreders mishandel die seun nie slegs **binne** spesifieke kontekste nie, maar ook **vanuit** verskillende kontekste, dit wil sê vanuit 'n spesifieke verwysingsraamwerk wat 'n omgewing, milieu, omstandighede en perspektief kan wees. Die **konteks waar vanuit** die oortreder die seun seksueel mishandel is dikwels nie so sigbaar soos die **konteks waarbinne** die oortreder die seun seksueel mishandel nie en behels aspekte soos die identiteit van die oortreder, die duurte en intensiteit van die seksuele mishandeling en die motivering van die ootreder. Die konteks waarbinne die oortreder die seun seksueel mishandel, verskil van die konteks waar vanuit hy die seun seksueel mishandel. 'n Algemene tema is egter dikwels teenwoordig tussen oortreders. Die kontekste waarbinne en waar vanuit die seksuele mishandeling plaasvind word vervolgens beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5.1 Konteks waarbinne seksuele mishandeling plaasvind

Die konteks waarbinne seksuele mishandeling plaasvind soos bespreek deur skrywers (Rainn, 2009:1; Spies, 2006:50-52; Ferrara, 2002:16) is hoofsaaklik ‘n omgewing wat geskep word vir die seksuele mishandeling om te kan plaasvind en beantwoord die vraag van hoe en waar die seksuele mishandeling plaasvind. Hierdie konteks kan bestaan uit gesamentlike of deelnemende seksuele mishandeling wat behels dat die oortreder dwang toepas op die slagoffer om die rol van die oortreder te vervul en dus deel te neem aan die seksuele mishandeling. Groep seks en seks ringe wat soms behels dat die seun deur kultusse ontvoer word vir die doel van marteling, mishandeling of rituele maak ook deel uit van die konteks waarbinne seksuele mishandeling kan plaasvind. Seksuele blootstelling en -mishandeling; kinderpornografie en kinderprostitusie is egter ook kontekste waarbinne die seksuele mishandeling van die seun kan plaasvind.

3.5.2 Konteks waar vanuit seksuele mishandeling plaasvind

Die konteks **waar vanuit** die oortreder die seun seksueel mishandel sluit aspekte soos die seksuele oriëntasie van die seun, die identiteit van die oortreder, die duurte van die seksuele mishandeling, die intensiteit van die seksuele mishandeling en die motivering van die oortreder in. Hierdie konteks beantwoord die vraag hoekom seksuele mishandeling plaasvind.

3.5.2.1 Identiteit van die oortreder

Die identiteit van die oortreder het ‘n geweldige impak op die seun en impliseer ook ‘n spesifieke verhouding wat die seun met die oortreder het. Volgens Heitritter en Vought (2006:33) het seksuele mishandeling deur ‘n vreemdeling dikwels meer vrees tot gevolg as seksuele mishandeling deur ‘n bekende persoon. Die seun mag seksuele mishandeling deur ‘n vreemdeling om daardie rede soms as meer traumaties ervaar. Alhoewel die oortreder egter aan die begin van die seksuele mishandeling ‘n vreemdeling vir die seun kan wees, kan hy of sy wel later ‘n vertroueling en ‘n bekende word aan die seun, met die gevolg dat die vrees kan afneem. Die traumatiese impak wat ‘n bekende persoon as oortreder op die seun het blyk egter groter te wees, alhoewel dit met minder vrees gepaard gaan.

Seksuele mishandeling deur vaders of vaderfigure word dikwels gerapporteer as die vorm van seksuele mishandeling wat die grootste traumatiese impak op die seun het. Die oortreder se

familieverbintenis met die seun is volgens Heitritter en Vought (2006:33) egter nie altyd die belangrikste faktor wanneer die impak wat die seksuele mishandeling op die seun het bepaal wil word nie. Seksuele mishandeling deur ‘n bekende buurman wat ‘n vertroueling geword het, het soms ‘n meer emosioneel afbrekende impak as seksuele mishandeling deur ‘n grootvader wat ver is en met wie die seun nie ‘n vertrouensverhouding het nie. Die verhouding wat die seun met die oortreder het, moet dus vanuit die seun se perspektief en deur sy oë na gekyk word wanneer die oortreder se identiteit ter sprake kom.

Die duurte en die seun se verhouding met die oortreder is volgens Huston et al. (1997:63-74) aspekte wat geassosieer word met verkragting binne seksuele mishandeling. Hoe langer die duurte van die seksuele mishandeling, hoe groter is die kans dat verkragting sal plaasvind.

3.5.2.2 Duurte en intensiteit van die seksuele mishandeling

Ten opsigte van die duurte en intensiteit van seksuele mishandeling van die seun noem Koenig et al. (2004:99) dat die **duurte** van seksuele mishandeling van die seun korter is as die van die dogter. Die duurte en intensiteit word beïnvloed en bepaal deur die **oortreder se verhouding met die seksueel mishandelde seun** byvoorbeeld of dit ‘n familielid is of nie. Indien die seun en die oortreder byvoorbeeld ‘n hegte verhouding het of familie is, sal die duurte en intensiteit dikwels ‘n toename toon, in teenstelling met ‘n verhouding met ‘n vreemdeling of kennis.

Die **duurte** en intensiteit van die seksuele mishandeling het volgens Corby (2006:206) ‘n geweldige impak op die mate van trauma wat die seun ervaar. Daar is volgens Corby (2006:207) meer trauma as die seksuele mishandeling vir langer as ses maande duur. Die seun het ook ‘n hoër risiko van verkragting wanneer die seksuele mishandeling vir langer as ses maande duur in vergelyking met die seun wat vir korter periodes as ses maande seksueel mishandel word. Hoe langer die seksuele mishandeling duur, hoe groter is die langtermyn gevolge daarvan op die seun. Ray (2001:53) sê, studie het byvoorbeeld bevind dat die meeste seuns wat slagoffers van bloedskande was ‘n periode van vyf jaar van seksuele mishandeling beleef het.

Die **ouderdom van die seun speel ook ‘n rol in die duurte en intensiteit van seksuele mishandeling**. Volgens die bogenoemde studie is die gemiddelde ouderdom waarop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bloedskande stop ongeveer op 9.6 jaar oud. Koenig et al. (2004:98) sluit hierby aan en verwys na ‘n navorsingstudie wat gedoen is deur Holmes en Slap (1998) waarin die gemiddelde ouderdom van die seun wat seksueel mishandel is, gevind is as op tien jaar oud. Dit stem dus ooreen met Ray (2001:53) se bevindinge. Seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare blyk dus volgens die bogenoemde navorsing in die middel van die middelkinderjare ‘n hoogtepunt te bereik.

Die **intensiteit** en die gevolge van die seksuele mishandeling word verskillend ervaar deur seuns. Die verskillende ervarings word volgens Heitritter en Vought (2006:31,34) bepaal deur die kontekste waar vanuit die seksuele mishandeling plaasvind. Verkragting word byvoorbeeld as meer traumaties beskou as molestering en seksuele aanranding en seksuele mishandeling deur ‘n familielid (bloedskande) word ook as meer traumaties beskou as seksuele mishandeling deur ‘n vreemdeling. Soos reeds genoem is die intensiteit van vrees wat die seun ervaar egter dikwels groter as ‘n vreemdeling die oortreder is as wanneer ‘n familielid of bekende persoon die oortreder is. Die intensiteit van vrees wat die seun ervaar kan verskil van die intensiteit van die seksuele mishandeling wat plaasvind.

3.5.2.3 Motivering van die oortreder

Ten opsigte van die motivering van die oortreder moet daar op twee aspekte gefokus word. Eerstens moet daar vasgestel word watter **denke en gevoelens by die oortreder** teenwoordig was tydens die mishandeling. Daar moet tweedens vasgestel word **watter betekenis die seun** aan die mishandeling gekoppel het (Heitritter & Vought, 2006:72). Die betekenis wat die seun aan die seksuele mishandeling heg sal ‘n aanduiding gee van die oortreder se motivering aangesien die motivering ook bepaal of geweld of manipulasie betrokke is. Die motivering van die oortreder sal dus die impak wat die seksuele mishandeling op die seun het, beïnvloed. Om hierdie twee vrae te kan beantwoord, onderskei Heitritter en Vought (2006:72,73) tussen vier verskillende redes waarom die oortreder die seun seksueel sal mishandel. Dit behels die volgende:

Toenaderingsgebaseerde seksuele mishandeling waar die mishandeling deur ‘n gebrek aan fisiese versorging, beskerming en aandag binne die familie van die seun as slagoffer gekenmerk word en die oortreder die seun geliefd wil laat voel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Erotiesgebaseerde seksuele mishandeling word gekenmerk deur die behoefte wat die oortreder ondervind aan seksuele kontak met die seun. Die oortreder ondervind seksuele vervulling wanneer hy of sy seksuele kontak met die seun het of dit waarneem.

Aggressiegebaseerde seksuele mishandeling se motivering is dikwels geweldadig van aard met ‘n behoefte van die oortreder om die seun as slagoffer te domineer. Bloedskande word onder andere beskou as aggressiegebaseerde seksuele mishandeling. Dit word gesien as die uitdrukking van gefokusde gevoelens van kwaad wat die oortreder ervaar met die gevolg dat hy die seun wat in sy oë weerloos is, wil domineer ten einde sy behoefte aan geweld te kan aanspreek.

Woedegebaseerde geweldadige seksuele mishandeling kan lewensbedreigend wees en behels dat die oortreder sy jarelange geskiedenis van persoonlike mishandeling en gevoelens van woede en skaamte uitleef.

Vir effektiewe intervensie deur die maatskaplike werker aan die seun wat seksueel mishandel is, is die identifisering en die aanspreek van die motiverings van seksuele mishandeling van die oortreder belangrik. Die skrywers (Heitritter & Vought, 2006:73:76) is van mening dat seksuele mishandeling van die seun altyd gepaard gaan met mag deur die oortreder, selfs in gevalle waar geweld of dwang nie betrokke is nie. Die konteks waarbinne, maar ook waar vanuit seksuele mishandeling plaasvind is daarom van toepassing in die maatskaplike werker se hulpverlening aan hierdie seun.

3.6 SAMEVATTING

Die belangrikheid van gestandaardiseerde definisies ten opsigte van kindermishandeling, asook met betrekking tot seksuele mishandeling en die verskillende vorme, blyk van kardinale belang te wees wanneer die impak en gevolge van seksuele mishandeling op die seun in die middelkinderjare ter sprake kom. Die wisselwerking van verskeie faktore soos individuele faktore, gesinsfaktore en gemeenskapsfaktore, speel ’n belangrike aanleidende rol in die seksuele mishandeling van die seun en ‘n primêre faktor kan nie werklik uitgesonder word nie. Die vorme van seksuele mishandeling wat plaasgevind het soos verkragting, molestering, seksuele aanranding en bloedskande, die geweld wat betrokke was en die duurte en intensiteit daarvan kan nie sonder die inagneming van ander faktore beskou word nie. Dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kom wel voor asof seksuele mishandeling van die seun wat met geweld en verkragting gepaard gegaan het wel in die meeste gevalle meer trauma tot gevolg het, as gevalle waar geweld en verkragting nie betrokke was nie. Alhoewel die media, tegnologie en die internet nie dikwels direkte geweld en seksuele mishandeling tot gevolg het nie, verhoog toegang daartoe die seun se risiko tot seksuele mishandeling. Kennis ten opsigte van die konteks waarbinne en waar vanuit die seksuele oortreder die seun seksueel mishandel moet ook verkry word, ten einde begrip te ontwikkel vir seksuele mishandeling van die seun. Hierdie kontekste van seksuele mishandeling behoort egter nie apart beskou te word nie, maar behoort teen die agtergrond van die definisies en aanleidende faktore beskou te word. In die volgende hoofstuk sal daar gefokus word op die verskillende oortreders en die proses van bekendmaking van seksuele mishandeling ten einde die impak van seksuele mishandeling op die seun verder te kan bestudeer en die kennis en insig van die maatskaplike werker in hierdie verband te kan verbreed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

KLASSIFIKASIE VAN OORTREDERS IN DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS

4.1 INLEIDING

Ten opsigte van oortreders by die seksuele mishandeling van die seun is skrywers (Bezuidenhout & Joubert, 2008:36; Heitritter & Vought, 2006:93) van mening dat ‘n hoë persentasie van seksuele oortreders self as kinders fisiek en/of seksueel mishandel was. Hierdie mishandeling waaraan die oortreder as kind onderwerp was, het tot gevolg dat die oortreder beheer oor sy eie lewe wil terug win deur andere te viktimiseer. Die oortreder wat as kind self mishandel is, het dikwels hoë vlakke van angs en beperkte impuls beheer. Hy wil sy spanning verlig en vind dit slegs moontlik deur die seun seksueel te mishandel. Hierdie oortreder is nie instaat om die impuls om die seksuele mishandeling van die seun deur te voer, te onderdruk nie. Volgens Pritchard (2004:58-59) het sommige manlike oortreders ‘n gefikseerde belangstelling in kinders en verkies kinders van ‘n sekere ouderdom en geslag. Pritchard (2004:58-59) reken dat hierdie gefikseerde belangstelling in kinders van ‘n sekere ouderdom en geslag ‘n refleksie kan wees van die ouderdom waarop die oortreder moontlik self as kind seksueel mishandel is. Sommige oortreders het egter geen ouderdom of geslag voorkeur wat die seksuele mishandeling van kinders betref nie. ‘n Seksuele oriëntasie tot kinders van verskillende ouderdomme en beide geslagte word deur sommige oortreders openbaar. Hierdie oortreders kies dus soms seuns in hulle middelkinderjare en by ander geleenthede weer dogters in hul adolessentefase. Die ouderdom waarop die oortreder self as kind fisies en/of seksueel mishandel is, kan dus nie met sekerheid bepaal word op grond van die ouderdom van die seun wat hy as slagoffer gekies het nie.

Met betrekking tot seksuele oortreders noem Spies (2006:102), dat sommige seksuele oortreders hulle mishandeling van die seun as sagkens, en nie as geweldadig beskou nie. Hulle sien hulle self binne ‘n verhouding met die seun waarin sagte aanraking voorkom en beskou die kontak wat hulle met die seun het nie as mishandeling nie. Dié oortreders is van mening dat indien geweld nie toegepas word nie, die seksuele mishandeling nie skade aan die seun aanrig nie. Hulle beskou die seksuele mishandeling daarom nie as mishandeling nie en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontken hulle oortreding en intensies ten opsigte van die seun. Baie van hierdie oortreders was self as kind in hulle middelkinderjare of adolessentefase seksueel mishandel en hulle besef nie dat die ervaring hulle psigo-seksuele gedrag gevorm het nie. Hierdie oortreders ontken dus dat hulle persoonlike ervaringe van seksuele mishandeling ‘n negatiewe impak op enige wyse op hulle behou. Vanweë hierdie rede redeneer die oortreders dat hulle seksuele mishandeling van die seun óók nie ‘n negatiewe impak op die seun het nie.

Die oortreder van die seksueel mishandelde seun in sy middelkinderjare lyk egter nie altyd dieselfde vir elke seun nie. Ten einde die gevolge van seksuele mishandeling van die seun en die tipes oortreders daarby betrokke beter te kan begryp, word die verskille ten opsigte van oortreders, die klassifikasie van die oortreder, die gevolge van seksuele mishandeling op die seun en die bekendmaking van die seksuele mishandeling vervolgens beskou. Die derde navorsingsdoelwit om die verskillende tipes oortreders in die seksuele mishandeling van seuns te bespreek en ondersoek in te stel na die motiverings van oortreders ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns word daardeur bereik.

4.2 VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN OORTREDERS

Verskille ten opsigte van geslag, ouderdom en sosio-ekonomiese aspekte kom voor by oortreders. Oortreders wat die seun in sy middelkinderjare seksueel mishandel toon sekere verskille in die eienskappe waarvolgens hulle geklassifiseer kan word. Hierdie eienskappe wat die verskillende oortreders kenmerk, word geïdentifiseer ten opsigte van die verskille wat voorkom naamlik geslagsverskille, ouderdomsverskille en sosio-ekonomiese verskille. Vervolgens word hierdie verskille beskou, waarná die klassifikasie van oortreders later in die hoofstuk beskou sal word met betrekking tot die adolessente oortreder en die volwasse oortreder.

4.2.1 Geslagsverskille

Die seksuele oortreders wat die seun seksueel mishandel blyk volgens skrywers (“Prevent Child Abuse America”, 2010; Bezuidenhout & Joubert, 2008:33; Whealin, Zinzow, Salstrom & Jackson, 2007:44,45) hoofsaaklik mans te wees wat bekend is aan die seun, maar nie verwant aan hom nie. Met betrekking tot die geslag van die oortreder noem Koenig et al. (2004:98) dat die meeste oortreders van seksuele mishandeling (53% tot 94%) mans is. Die seun maak ‘n hoër persentasie van oortreders wat van dieselfde geslag is bekend en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rapporteer dit, as wat die dogter oortreders van dieselfde geslag bekend maak en dit rapporteer. Dawes (2002:4) bevestig dat die **meeste oortreders mans** is en dat drie tot vier uit elke duisend mans volgens polisie rekords aangekla word van verkragting. Die seun identifiseer volgens Bezuidenhout en Joubert (2008:33) byna ewe veel manlike oortreders, as wat hulle vroulike oortreders identifiseer in seksuele mishandeling, en noem dat vroue as oortreders meer van manipulering gebruik maak as van geweld, dwang of dreigemente.

Alhoewel die persentasie manlike oortreders groter is as vroulike oortreders, is die persentasie vroulike oortreders met betrekking tot die seun volgens Dawes (2002:4) ook hoog. Die seun het volgens skrywers ("Prevent Child Abuse America", 2010; Bezuidenhout & Joubert, 2008:33; Whealin et al., 2007:44,45) egter 'n groter waarskynlikheid om deur 'n **vroulike oortreder** seksueel mishandel te word, as wat die dogter het. Volgens Bezuidenhout en Joubert (2008:33) is dit nie ongeken in Suid-Afrika vir 'n groep dogters om 'n seun met geweld te verkrag nie, aangesien kind tot kind seksuele mishandeling deel blyk te wees van die daaglikse bestaan in Suid-Afrika.

In die geval van **adolessente oortreders** is die oortreder volgens Whealin et al. (2007:45) die meeste van die tyd van 'n ander geslag as die slagoffer. Koenig et al. (2004:98) stem saam en is van mening dat ongeveer die helfte van adolessente oortreders vroulik is. Vroulike adolessente oortreders tree dikwels op as kinderoppassers vir die seun in sy middelkinderjare. Geslagsverskille het dus ook 'n verband met ouderdomsverskille wat by die oortreder voorkom soos vervolgens beskou sal word.

4.2.2 Ouderdomsverskille

Die ouderdom van die oortreder het 'n geweldige impak op die seun wat mishandel word aangesien dit bepaal hoe die seun homself as man beskou en die mate van angs wat hy beleef. Volgens skrywers (Finkelhor, 2009:171,172; Bezuidenhout & Joubert, 2008:32) begin die manlike oortreder die meeste van die tyd sy seksuele mishandeling van die seun wanneer hy as die oortreder in sy **adolessentefase** verkeer, op ongeveer veertien jaar tot vyftien jaar oud. Seksuele mishandeling vind ook dikwels plaas gedurende die oortreder se **volwasse stadium**, wanneer hy in sy dertigerjare is en meer toegang tot seuns het deur middel van byvoorbeeld sy beroep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die meeste oortreders volgens Dawes (2002:4), die seun seksueel begin mishandel wanneer die oortreder in sy adolessentefase is, vind ongeveer 42% van seksuele mishandeling van kinders in Suid-Afrika plaas deur **kinders wat jonger as dertien jaar oud is.** Ouderdomsverskille by manlike oortreders dui dus aan dat oortreders volwasse mans, adolessente of selfs seuns in hulle middelkinderjare kan wees. Ouderdomsverskille kom egter ook voor by die vroulike oortreders van seksuele mishandeling. Vroulike oortreders kan volwasse vroue of adolessente wees.

Skrywers (Koenig et al., 2004:98; Dawes, 2002:4) stem saam dat die persentasie van vroulike oortreders die hoogste is wanneer hierdie vroulike oortreders in hulle **adolessentefase** is. Met betrekking tot die vroulike oortreder ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, verlaag die voorkoms van seksuele mishandeling van die seun deur volwasse vroue stelselmatig. Hierdie verlaging van seksuele mishandeling van die seun deur **volwasse vroue** is ‘n aanduiding dat soos die seun ouer word, hy seksuele mishandeling deur vroulike oortreders nie meer as seksuele mishandeling beskou nie, hy beskou dit eerder as ‘n standaard waarteen manlikheid gemeet word.

Met betrekking tot die ouderdom van die oortreder word ouderdomsverskille tussen die seun as slagoffer en die oortreder kleiner by die seun as by die dogter. Dit kom voor asof die seun meer geneig is om deur dieselfde ouderdomsgroep of ouer adolessente seksueel mishandel te word as die dogter. Die **meerderheid van oortreders** was volgens Dawes (2002:4) se analise tussen die ouderdomme van **twaalf jaar en vyf-en-twintig jaar oud**. Dawes (2002:4) se analise dui ook aan dat 14 % van die oortreders ook as ouers geklassifiseer was.

Volgens Finkelhor (2009:172) is die meeste seksuele oortreders ook nie pedofiele nie. Ongeveer ‘n derde van oortreders van die seksuele mishandeling van die seun is jeugdiges, met die gevolg dat hulle nie as pedofiele geklassifiseer kan word nie. Adolessente wat ander seuns seksueel mishandel is eerder by jeugmisdaad betrokke of toon ander risiko gedrag. Ongeveer ‘n derde van volwassenes wie se slagoffers onder dertien jaar oud is, kwalifiseer ook nie as pedofiele nie, aangesien hulle nie slegs kinders seksueel mishandel nie. Hulle voldoen ook nie aan die kriteria met betrekking tot die identifisering en definiëring van ‘n pedofiel nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.3 Sosio-ekonomiese verskille

Buiten geslags- en ouderdomsverskille kom daar ook sosio-ekonomiese verskille voor tussen oortreders wat die seun seksueel mishandel. Die oortreder van die seksueel mishandelde seun in Suid-Afrika, is volgens Spiegel (2003:26) dikwels ‘n geskoolde persoon wat ‘n werk het. Hy sal hom- of haarself in verskeie lewensareas voorhou as normaal in terme van verhoudinge en ook psigologies. Hierdie oortreder is in staat om die area van seksuele mishandeling en alles wat daarmee verband hou, streng geheim te hou van ander areas van sy lewe.

Volgens Bezuidenhout en Joubert (2008:32) ondervind die Suid-Afrikaanse oortreder in sy kinderjare, adolessentefase en tot in sy volwassenheid dikwels verskeie sosiale probleme, soos ‘n onvermoë om sensitief te wees, empatie te hê, asook ‘n onvermoë om assertief te wees. Hy is of was dikwels die slagoffer van boelie gedrag by die skool en/of in sy gemeenskap, kom uit ‘n lae sosio-ekonomiese klas en ‘n disfunksionele gesin.

Sosio-ekonomiese verskille wat voorkom tussen oortreders behels dus dat die oortreder geskoold of ongeskoold kan wees. Hy kan ‘n hoë of lae sosio-ekonomiese status hê en in terme van sy sosialisering, normaal of as ‘n persoon met verskeie sosiale probleme voorkom.

Die meeste seksuele oortreders is volgens Finkelhor (2009:171-172) baie meer verskillend van mekaar as wat die stereotipes wil voorgee en veralgemening is dus nie moontlik nie, aangesien die meerderheid van oortreders nooit betrap, gearresteer of gevonnis word nie. Die oortreder soos die bogenoemde bespreking aandui, kan enige persoon wees en deeglike assessering deur die maatskaplike werker is, in alle omstandighede nodig. Veralgemenings met betrekking tot oortreders moet daarom vermy word, net soos veralgemenings met betrekking tot elke seun wat seksueel mishandel is, vermy moet word. Die verskillende kategorieë van oortreders kan wel riglyne aan die maatskaplike werker bied vir assessering.

4.3 KLASSIFIKASIE VAN OORTREDERS

Met die kennis tot die agtergrond van die verskille wat voorkom tussen oortreders, kan die klassifikasie van oortreders nou verder beskou word, ten einde die tipes oortreders wat voorkom in die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare te kan begryp. Sodoende word die laaste gedeelte van die derde doelwit van die studie ook bereik. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klassifikasie van oortreders word vervolgens beskou.

4.3.1 Adolessente oortreder

Manlike adolessente oortreders, is volgens skrywers (Bezuidenhout & Joubert, 2008:33; Heitritter & Vought, 2006:95; Spiegel, 2003:31) ’n groeiende sosiale probleem, alhoewel vroulike adolessente oortreders ook meer begin voorkom. Adolessente oortreders is dikwels geïsoleerd van hulle portuurgroep, het ‘n lae selfbeeld en ‘n geskiedenis van eie mishandeling wat seksuele mishandeling kan insluit. In die verlede is adolessente wat hulleself skuldig gemaak het aan seksuele mishandeling, beskou as tieners wat hulle ontwikkelende seksualiteit ondersoek. Hierdie beskouing is egter nie meer aanvaarbaar nie aangesien adolessente oortreders tans, dikwels ‘n geskiedenis van betrokkenheid by kriminele aktiwiteite het. Hulle toon anti-sosiale gedrag van ‘n nie-seksuele aard soos vandalisme, brandstigting, aggressie, diefstal en vloektaal. Volgens Heitritter en Vought (2006:95) word daar tans beraam dat ongeveer ’n vyfde van adolessente in Amerika, dit wil sê seuns tussen die ouderdomme van dertien jaar en sewentien jaar, verantwoordelik is vir alle verkragtings. Adolessente oortreders is elke jaar by die helfte van alle kindermolestering sake in Amerika betrokke. Volgens Redpath (2003:17) dui statistiek vanaf “Childline South Africa” aan dat 43% van alle gerapporteerde sake van seksuele mishandeling in Suid-Afrika, deur oortreders onder die ouderdom van agtien jaar oud, plaasvind.

Volgens Heitritter en Vought (2006:95) dui die adolessente oortreder se seksuele misdade dikwels daarop dat hierdie oortreder in die eerste fases van ‘n ontwikkelende seksuele afwyking is. Hierdie moontlike seksuele afwyking byvoorbeeld ’n seksuele opwekking of aangetrokkenheid tot die seun in sy middelkinderjare, kan oorgedra word tot binne in sy volwasse lewe. Volgens die skrywers toon ’n studie wat in Amerika gedoen is, dat seksuele oortreders wat tydens hulle adolessentefase ander seuns begin viktimiseer het, ‘n gemiddeld van ongeveer drie honderd-en-tagtig seksuele misdade gepleeg het teen die tyd dat daar met hulle as volwassenes onderhoude gevoer is. Hierdie onderhoude het plaasgevind tydens die tydperk wat hulle by die navorsingstudie betrek is.

Die adolessente oortreder het volgens Heitritter en Vought (2006:95-97) verskillende motiverings vir sy seksuele afwykende en misdadige gedrag. Die volgende kategorieë van adolessente oortreders word deur hierdie skrywers geïdentifiseer en bespreek op grond van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die verskillende motiverings vir seksuele mishandeling.

4.3.1.1 Die eksperimenteerder

Sommige adolessente oortreders, eksperimenteer met hulle ontwikkelende seksualiteit, en mishandel hoofsaaklik die seun wat tussen die ouderdom van twee en ses jaar oud is. Hierdie seksuele mishandeling vind volgens Heitritter en Vought (2006:95-97) hoofsaaklik as geïsoleerde dade plaas. Dit is egter belangrik dat dié oortreder verantwoordelikheid vir sy seksuele mishandeling van die seun aanvaar, asook die impak wat dit op die seun as slagoffer het erken. Die eksperimenteerder mishandel dus die seun seksueel in ‘n poging om sy eie seksualiteit te ontdek.

4.3.1.2 Die buitestaander

Die buitestaander, as adolessente oortreder, voel dikwels geïsoleerd van sy gesin en sy portuurgroep en word dikwels groot in ‘n disfunksionele gesinsisteem. Volgens Heitritter en Vought (2006:95-97) funksioneer hy meer binne die rol van ‘n ouer as dié van ’n kind. ‘n Ander aspek van hierdie oortreder is dat hy hoofsaaklik gebruik maak van manipulering tydens seksuele mishandeling, in plaas van dreigemente en geweld. Hy benut seksuele kontak om sy eie behoefte aan intimiteit en ‘n positiewe selfbeeld en eie waarde te vervul. Die buitestaander het ‘n meer emosionele motivering vir sy seksuele mishandeling van die seun in vergelyking met die eksperimenteerder. Hy mishandel die seun dus seksueel om sy eie emosionele behoeftes te vervul.

4.3.1.3 Die buurseun

Adolessente oortreders soos die buurseun is, volgens Heitritter en Vought (2006:95-97) dikwels ouer as wat hy voorkom. Hy het goeie sosiale vaardighede en is goeie presteerders met ‘n geringe of geen geskiedenis van seksueel afwykende of problematiese gedrag nie. Hierdie oortreder was moontlik self ‘n slagoffer van mishandeling of verwaarlosing in sy vroeë kinderjare met die gevolg dat hy ’n behoeftige en selfgesentreerde persoon is. Die buurseun kan narsisties wees en die seun slegs gebruik vir sy eie seksuele plesier. Hierdie seksuele oortreder mishandel dikwels die seun oor ‘n lang periode en blyk beperkte berou of skuldgevoelens te toon. Hy ontwikkel dikwels ‘n lewenslange patroon van seksuele mishandeling van seuns. Hierdie adolessente oortreder mishandel die seun hoofsaaklik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seksueel, vir sy eie seksuele plesier.

4.3.1.4 Die aggressor

Die aggressor, beskik soos die buurseun, oor goeie sosiale vaardighede volgens sy ouderdomsgroep en ontwikkelingsfase, en is veral innemend en gesellig van geaardheid. Hy kan volgens Heitritter en Vought (2006:95-97) dikwels ‘n lang geskiedenis van anti-sosiale gedrag en beperkte impuls kontrole hê. Konflik met sy familie en vriende kom dikwels voor en die moontlikheid van middelmisbruik by hierdie oortreder is groot. Aggressiewe adolessente oortreders, is soos die buitestaander, hoofsaaklik ook ‘n produk van ‘n disfunksionele en gedisorganiseerde uitgebreide familie- en saamgestelde gesinsisteem waarin mishandeling voorkom. Die aggressor verskíl egter van die buitestaander met betrekking tot sy motivering vir die seksuele mishandeling ten opsigte van die aggressie wat hy benut in sy seksuele mishandeling van die seun. Die seksuele mishandeling waarby die aggressor betrokke is, gaan hoofsaaklik gepaard met dwang, dreigemente en geweld. Die seun as slagoffer kan van die aggressor se eie portuurgroep wees, volwassenes en ook jonger kinders. Hierdié oortreder gebruik hoofsaaklik seks ten einde persoonlike mag deur dominansie te ervaar, woede uit te druk, of die seun te verneder. In ekstreme gevalle mag daar selfs by hierdie oortreder ’n aangeleerde opwekking tot geweld wees, waartydens geweld seksuele opwekking veroorsaak en die ervaring van geweld die plesier van die seksuele daad verhoog. Hierdie adolessente oortreder mishandel die seun dus seksueel ten einde mag te ervaar en ook as uitdrukking van woede wat hy weer ervaar.

4.3.1.5 Die groepoortreder

Alhoewel die meeste oortreders alleen te werk gaan, is Spiegel (2003:33) van mening dat seksuele mishandeling wat deur groepoortreders afgedwing word, nie ongewoon is nie. Volgens Heitritter en Vought (2006:95-97) sal ‘n sekere adolessente oortreder moontlik nooit alleen oortree nie, maar betrokke raak by seksuele geweld weens groepsdruk, veral indien die leier van die groep een van die reeds genoemde oortreders is. Elke oortreder in die groep moet egter individueel verantwoordelik gehou word vir die seksuele geweld. Met betrekking tot die groepoortreder is dit meer waarskynlik vir die vroulike oortreders om ‘n mede-oortreder te hê as wat manlike oortreders dit sal hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1.6 Die vroulike adolessente oortreder

Alhoewel beperkte inligting met betrekking tot die vroulike adolessente oortreder beskikbaar is, kan die gemiddelde ouderdom van die vroulike oortreder beskou word as ongeveer veertien jaar. Vroulike oortreders se slagoffers blyk volgens Spiegel (2003:32) gewoonlik jonger te wees in vergelyking met dié van manlike oortreders. Die vroulike adolessente oortreder se slagoffer is hoofsaaklik vyf jaar oud en kan dogters of seuns wees. Vroulike oortreders wat die seun in sy middelkinderjare seksueel mishandel kom egter wel voor. Die mees algemene tipe seksuele dade van die vroulike adolessente oortreder, behels seksuele aanranding en molestering wat tydens die versorging van die seun plaasvind. Seksuele aanranding wat met geweld en aggressie gepaard gaan kom ook voor. Die vroulike adolessente oortreder se motivering is dus dikwels emosioneel van aard aangesien, dit gewoonlik met die versorging van die seun gepaard gaan.

4.3.2 Volwasse oortreder

Daar bestaan volgens Heitritter en Vought (2006:98-101) ook verskillende klassifikasies ten opsigte van volwasse seksuele oortreders. Alhoewel hierdie klassifikasie van volwasse seksuele oortreders bestaan, moet elke oortreder ook as ‘n individu deur die maatskaplike werker beskou word wanneer hy geassesseer word. Die volwasse oortreders kan as volg geklassifiseer word.

4.3.2.1 Volwasse gefikseerde oortreder

Die volwasse gefikseerde oortreder word gedefinieër as ‘n **pedofiel** en is in die meeste van die gevalle ‘n man, alhoewel dit ook ‘n vrou kan wees. Hierdié oortreder ontvang emosionele-, psigologiese- en seksuele vervulling deur sy kontak met die seun. Ongeveer die helfte van volwasse gefikseerde oortreders was volgens Heitritter en Vought (2006:98-101), as kind seksueel mishandel en was die slagoffer van ‘n oortreder wat nie familie van hom was nie. Die seksuele mishandeling het ook in die meeste van die gevalle op ‘n geweldadige manier plaasgevind. Indien die oortreder moontlik nie ‘n slagoffer van mishandeling was nie, het hy waarskynlik groot geword in ‘n gesinsisteem wat disfunksioneel van aard was, met die gevolg dat hy moontlik steeds blootgestel was aan een of ander vorm van mishandeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die meeste volwasse gefikseerde oortreders is volgens Heitritter en Vought (2006:98-101) ouer as agtien jaar en is hoofsaaklik passiewe, eensame mans. Hulle beskik dikwels nie oor ‘n geskiedenis van middelmisbruik nie, maar is eerder afhanklik van seksuele kontak met die seun. Ongeveer die helfte van volwasse gefikseerde oortreders benut hulle beroepe, soos byvoorbeeld opvoeders, om toegang tot die seun te verkry. Hierdie oortreder het dikwels ‘n uitsonderlike vermoë om vir jare geduldig te wees voordat hy in werklikheid die seun seksueel mishandel. Hy kan enkellopend of in ‘n huweliksverhouding wees.

Pritchard (2004:59) noem in hierdie verband dat die gefikseerde oortreder dikwels ‘n primêre belangstelling in seuns toon en dat hy gewoonlik nie in ‘n huwelik is nie. Hy is nie in ‘n volwasse homoseksuele verhouding nie, maar is obsessief toegewy daaraan om die seun, soms ook die dogter, vir seksuele doeleindes te soek. Hierdie tydperk waartydens die oortreder die seun vir seksuele doeleindes soek kan baie tyd in beslag neem en selfs jare duur.

‘n Seksuele oriëntasie tot kinders wat nog nie in hulle adolossentefase is nie, staan volgens Spiegel (2003:29) sentraal ten opsigte van pedofilia. Volwasse gefikseerde oorreders soos pedofiele met ‘n seksuele belangstelling in seuns, het volgens die skrywer ‘n groter waarskynlikheid om moeders te hê wat ‘n hoë ouderdom het. Hulle het ook meer dikwels intellektuele agterstande in vergelyking met gefikseerde volwasse oortreders wat hoofsaaklik ‘n seksuele belangstelling in dogters toon.

Die seksuele mishandeling van die seun begin volgens Heitritter en Vought (2006:98-101) se mening, gewoonlik deur die versoekings wat die oortreder benut om die seun oor te haal of te verlei tot toestemming, deelname of tot die plek waar hy as oortreder sonder risiko‘s die seun seksueel kan mishandel. Hierdie staan ook as die proses van “grooming” bekend. Daar kan van geskenke, belonings, spesiale aandag en aktiwiteite gebruik gemaak word om die seun se vertroue te wen tydens “grooming“. Eers nadat die seun geviktimiseer is, word daar gewoonlik van dreigemente en dwang gebruik gemaak om beheer te behou, oor die seun.

Die pedofiel moet egter onderskei word van die sosiopaat, alhoewel die sosiopaat ook sy seksuele mishandeling kan fokus op kinders, byvoorbeeld die seun in sy middelkinderjare. Die **sosiopaat** as volwasse gefikseerde oortreder se mishandeling van die seun is volgens Pritchard (2004:59), deel van ‘n patroon van wreedheid in sy algemene gedisorganiseerde misdadige lewe. Hierdie wreedheid wat toegepas word maak hom verskillend van ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volwasse oortreders soos die pedofiel. Ten opsigte van die neiging tot sosiopatie noem Ferrara (2002:40) dat ‘n sosiopaat nie na één tipe oortreder verwys nie, maar eerder na sosiopatiese eienskappe wat met ‘n oortreder geassosieer kan word. Dit kan oortreders wees wat vreemdelinge is, sowel as oortreders wat familielede is. Die sosiopaat, hetsy ‘n vreemdeling of ‘n familielid se seksuele mishandeling, word egter gekenmerk deur ernstige dade van aanranding, blootstelling en doelbewuste agtervolging van die seun. Die fisieke-, seksuele-, en emosionele mishandeling waaraan die sosiopaat die seun onderwerp behels ook dikwels skokkende maniere van marteling, kultiese rituele en ander ekstreme skadelike aktiwiteite.

4.3.2.2 Geregresseerde volwasse oortreder

Geregresseerde volwasse oortreders, soos beskou deur Heitritter en Vought (2006:101), is geneig om seksuele kontak met die seun te hê in omstandighede wanneer hy as oortreder ekstreme spanning in sy lewe ervaar. Voor daar ekstreme spanning in die oortreder se lewe ervaar word, is sy seksuele belangstellings en sosiale aktiwiteite gefokus op verhoudinge met persone van dieselfde ouderdom as hyself. Tydens en soms ook ná die spanning wat hy beleef, verander sy fokus en belangstelling vanaf seksuele verhoudings met persone van sy eie ouderdomsgroep, na kinders. Die geregresseerde oortreders kan tot die seun aangetrokke voel in ‘n poging om verliese wat vorige betekenisvolle volwasse verhoudinge in sy lewe gelaat het, te vul. Die meeste geregresseerde volwasse oortreders is betrokke by bloedskande. Ongeveer 90 % van bloedskandige oortreders val in hierdie kategorie.

Skrywers (Heitritter & Vought, 2006:101; Pritchard, 2004:59) stem saam dat die geregresseerde volwasse oortreder meer dikwels ‘n man is wat poog om ‘n volwasse heteroseksuele verhouding te handhaaf. Hy vind seksuele verhoudinge met die seun egter makliker as volwasse heteroseksuele verhoudinge. Sy volwasse verhoudinge veroorsaak dikwels spanning en konflik by hom en hy vind dit dus makliker om met kinders oor die weg te kom as met volwassenes. Heitritter en Vought (2006:101) verduidelik dat ‘n faktor soos huwelikspanning wat deur die seksuele oortreder ervaar word daarom, tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare kan lei. Seksuele afwykende voorkeure en fiksasies kan ook met verloop van tyd by die geregreseerde oortreder ontwikkel. Sy manier en metode van seksuele mishandeling kan dus verander.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2.3 Vroulike oortreder

Volgens Heitritter en Vought (2006:111) is die meeste seksuele oortreders mans, maar kan ook vroue seksuele oortreders wees. Volgens die skrywers pleeg ongeveer 20% van vroue seksuele misdade teen kinders. Die vroulike oortreder se gedrag word dikwels verdoesel as deel van die daaglikse versorging van die seun. Hierdie oortreder is gewoonlik die seun se moeder of sy moederfiguur. In die geval van moeder-seun bloedskande word die seun in ‘n volwasse manlike rol geplaas waar hy daarvoor verantwoordelik gehou word om die moeder se emosionele- en seksuele behoeftes te bevredig.

Die klassifikasie van die verskillende oortreders is soos vervolgens beskou van belang aangesien dit verskille behels met betrekking tot die gevolge van die seksuele mishandeling op die seun as individu. Skrywers (Whealin et al., 2007:46; Heitritter & Vought, 2006:33; Koenig et al., 2004:98) noem dat die verhouding tussen die seun en die oortreder deur die maatskaplike werker geassesseer moet word, deur die verhouding tussen die seun en die oortreder deur die seun se oë te sien en te verstaan. Daar moet vanuit die seun se perspektief na die situasie gekyk word om die seksuele mishandeling en die gevolge daarvan op die seun werklik te kan verstaan. Faktore soos die geslag van die oortreder, die seun se persepsie van die seksuele mishandeling en die mag van die oortreder kan verskille tot gevolg hê en moet daarom in ag geneem word met betrekking tot die ervaring en persepsie van die seksuele mishandeling by die seun. Die fisiese krag en die fisiese grootte van die oortreder teenoor die seun kan ook die ervaring en die persepsie van die seksuele mishandeling van die seun teenoor dié van die dogter laat verskil, óf seuns se ervaring en persepsie van die seksuele mishandeling teenoor mekaar.

Die geklassifiseerde oortreders se seksuele mishandeling van die seun kan dus verskil met betrekking tot die gevolge wat dit het op die seun, weens die verskille wat tussen hulle voorkom. Met kennis wat opgedoen is in die voorafgaande hoofstukke ten opsigte van die middelkinderjare as ontwikkelingsfase vanuit ‘n menslike ontwikkelingsperspektief; seksuele mishandeling as maatskaplike verskynsel en die klassifikasie van oortreders in die seksuele mishandeling van seuns word die gevolge van die seksuele mishandeling op die seun in sy middelkinderjare vervolgens beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4 GEVOLGE VAN SEKSUELE MISHANDELING

Die gevolge van seksuele mishandeling op die seun word beskou vanuit die gegewe konteks wat in die vorige hoofstukke geskep is, in terme van die impak daarvan op die verskillende areas van die seun se lewe naamlik: fisiologies, emosioneel, seksueel, sosiaal, asook sy gedrag.

Die seksueel mishandelde seun het meer selfmoord dreigemente en –pogings, en emosionele- en gedragsprobleme, as die seun wat nie seksueel mishandel is nie. Dit wil ook voorkom asof die ervaring van seksuele mishandeling meer ernstige en komplekse gevolge vir die seun inhou as vir die dogter in terme van emosionele- en gedragsprobleme. *Verskille in die gevolge tussen dogters en seuns* blyk om die volgende redes voor te kom. Die dogter is meer geneig om haar ervaring van die seksuele mishandeling te internaliseer, terwyl die seun meer geneig is tot die eksternalisering van sy ervaring van die seksuele mishandeling deur middel van gedrag. Ekstreme middelmisbruik, aggressiewe- en kriminele gedrag, swak akademiese prestasie, afwesigheid van skool en seksuele risiko gedrag kan onder andere by die seun voorkom. Dit is daarom belangrik dat die seun op ’n vroeë ouderdom deur sy ouers en die maatskaplike werker gehelp word om sy manlike gesag te herstel en sy aggressiewe gedrag in meer fisiese en gesonde aktiwiteite te kanaliseer (“Prevent Child Abuse America”, 2010).

Alaggia en Millington (2008:267) stem saam met “Prevent Child Abuse America” (2010) en is van mening, dat alhoewel verskille bestaan ten opsigte van die gevolge van seksuele mishandeling wat die seun en die dogter ervaar, verdere navorsing in hierdie verband steeds nodig is. Aangesien verskille tussen die seun en die dogter voorkom ten opsigte van die gevolge van seksuele mishandeling, is dit volgens skrywers (Whealin et al., 2007:46; Koenig et al., 2004:98) belangrik vir navorsers om seksuele mishandeling van die seun versigtig te definieer en te assesseer. Sodoende kan daar ‘n beter begrip van die gevolge van seksuele mishandeling vanaf die seun se kinderjare tot by sy volwassenheid verkry word. Die skrywers is ook van mening dat alhoewel gevoelens van seer afwesig kan wees met betrekking tot vroeë seksuele aktiwiteite, beteken dit nie dat die gebeure nie skade aan die seun berokken het nie, en dat daar nie gevolge is nie. Dit geld vir seksuele aktiwiteite wat met toestemming of sonder toestemming plaasgevind het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In vergelyking met die dogter, is Walker, Carey, Mohr, Stein en Seedat (2004:114) van mening dat die gevolge wat die seun ervaar, verskil van dié gevolge wat die dogter ervaar, in terme daarvan dat die seun meer dikwels die slagoffer van beide fisieke- en seksuele mishandeling is, terwyl die dogter slegs ‘n slagoffer van seksuele mishandeling is. Die seksuele mishandeling van die seun gaan ook meer dikwels gepaard met dwang en geweld, met die gevolg dat die seun hoër emosionele spanning kan ervaar as die dogter. Die dogter is egter meer geneig om haarself te blameer vir die seksuele mishandeling en ook om daarvoor blameer te word as die seun.

4.4.1 Fisiologiese gevolge

Fisiologiese gevolge van seksuele mishandeling, soos bespreek deur “Childline South Africa” (2010) en Botash (2008:3,4), behels simptome soos probleme om te sit of te stap, kneusmerke, jeuk en bloeding in die genitalieë/anale area en/of kleding, seksueel oordraagbare siektes, eetsteurnisse, bednatmaat (enurese) en vuil maak (enkoprese) wat met of sonder pyn gepaard gaan. Ander fisiologiese gevolge sluit ook orale klagtes van byvoorbeeld sere in die mond en beserings en pyn van die skrotum en penis in. Hierdie simptome kan voortduur as psigo-somatiese of kroniese pyn. Anale bewyse is ongewoon, maar sluit in oneweredige verwronge voue, gladde anale voue, swak anale funksionering en merke. Sommige van hierdie fisiologiese simptome kan net aan die maatskaplike werker bekend gemaak word indien die seun tydens ‘n maatskaplike werk ondersoek, deur ‘n mediese dokter ondersoek word wat ‘n mediese verslag of J88 kan voorsien.

Met betrekking tot fisiologiese gevolge van seksuele mishandeling van die seun, stem skrywers (Dorais, 2002:94; Ray, 2001:56) ooreen dat erge hoofpyne, naarheid, senuweeagtigheid en bewerigheid ook fisiologiese gevolge is wat by baie van die seuns voorkom.

Dorais (2002:94) is van mening dat wanneer die seun die gebeure probeer onderdruk, sy liggaam en herinneringe daarop sal aandring dat hy moet onthou. Indien die seun herhaaldelik seksueel mishandel is, kan sekere herinneringe, vrese en refleksies so geïntegreerd wees, dat hy jare later sekere fisiese- of psigo-somatiese gevolge van die mishandeling steeds kan ervaar. Hierdie fisiese- of psigo-somatiese gevolge sluit simptome in soos ‘n onvermoë om te kan ontspan en hipergereedheid wat behels dat hy gedurig gespanne is en maklik skrik of ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot verskeidenheid fisiese ongemak of pyne in sy ledemate ervaar. Fisiologiese gevolge kom nie apart van die emosionele gevolge voor nie, maar gaan daarmee gepaard.

4.4.2 Emosionele gevolge

Volgens skrywers (Maikovich-Fong & Jaffee, 2010:435; Amsosa, 2009:1-3) ervaar die seun amper identies dieselfde denke en gevoelens as die dogter wat ‘n slagoffer van seksuele mishandeling, soos byvoorbeeld verkragting of molestering was.

Die denke en gevoelens wat die seun as slagoffer van seksuele mishandeling kan ervaar is die volgende: *Skok* wat gepaard kan gaan met ongeloof, vernedering en disoriëntasie. *Ontkenning* tesame met depressie en skuldgevoelens. *Skaamte* wat met vrees en angs gepaard gaan. *Denkpatrone* soos: “ek kan dit hanteer, niemand sal verstaan nie en ek kan kan nie daarmee saamleef nie”, kan voorkom. Denkpatrone soos: “ek wens ek was dood, ek kon dit verhoed het” en “ek mag nie so voel nie” kom ook by die seun voor. *Vrae* of hy ooit weer veilig sal wees gaan gepaard met gevoelens van woede, nagmerries, terugflitse en gevoelens van weerloosheid.

Vrae of hy mense ooit weer sal kan vertrou asook ander vrae met betrekking tot verhoudinge, word ook ervaar. Vrae of hy kwaad mag voel gaan gepaard met woede teenoor die verkragter, gevoelens van woede teenoor homself, woede dat hy nie beheer gehad het nie, woede teenoor die samelewing, sisteme, mans en andere wat nie verstaan nie. Verskeie gevoelens en denke word dus gelyktydig ervaar wat tot **verwarring en onsekerheid** aanleiding kan gee by die seun.

Maikovich-Fong & Jaffee (2010:435) bevestig skrywers (Amsosa, 2009:1-3; Alaggia & Millington, 2008:265,266,270; Sageman, 2003:564,565) se identifisering van die emosionele gevolge van seksuele mishandeling. Hulle noem dat die seun deurlopende gevoelens van **woede en wraak** kan ervaar wat wissel in intensiteit. Die seun kan ook daarop reageer deur byvoorbeeld aggressiewe gedrag te openbaar deur op ander persone te skree of hulle te slaan. Alhoewel ’n ander seun hierdie gevoelens ook deurlopend kan ervaar, sal hy in teenstelling daarmee, om die gevoelens te openbaar, hierdie gevoelens en ervaringe onderdruk, wat weer aanleiding kan gee tot die voorkoms van depressie. Gevoelens van magteloosheid, ‘n lae selfbeeld en skuldgevoelens wat die seun ervaar, is volgens Walker et al. (2004:114) en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sageman (2003:575) ook emosionele gevolge van seksuele mishandeling van die seun. Hulle is van mening dat die seun selfs meer emosionele- en gedragsprobleme kan ervaar as die dogter.

Die seksueel mishandelde seun se **weerloosheid en emosionele verwarring** kan volgens Dorais (2002:84) soms so intens wees dat hy nie weet of hy die oortreder moet lief hê of haat nie. Dit het tot gevolg dat hy ‘n klag teen die oortreder lê, maar voortgaan om die oortreder in die geheim te ontmoet en die seksuele mishandeling kan dus voortgaan, alhoewel die seun dit tot ‘n einde wil bring.

Die seun as slagoffer van seksuele mishandeling kan in enige tydperk ná die seksuele mishandeling ook een of meer van die volgende ervaar: nagmerries, huilerigheid, maklik te skrik, konsentrasieprobleme, **angs** ten opsigte van seks, of die verlies aan belangstelling in seks wanneer hy getroud is. Erkenning by die seun dat die seksuele mishandeling nie sy fout was nie, moet volgens skrywers (Maikovich-Fong & Jaffee, 2010:435; Amsosa, 2009:1-3) daarom plaasvind.

Verdere bespreking van die emosionele gevolge van seksuele mishandeling van die seun en simptome wat onderskei kan word soos omskryf deur Amsosa (2009:2,3), behels dat die seun bekommerd en ontsteld kan voel oor die feit dat hy nie in staat was om homself te beskerm teen die seksuele mishandeling nie. Hy kan ook ervaar dat hy méér moes gedoen het om die seksuele mishandeling te stop, alhoewel die oortreder moontlik ‘n wapen kon gebruik het, of meer as een persoon betrokke was by die seksuele mishandeling. Die seun kan ook begin om sy **manlikheid** in twyfel te trek en sy vermoë om ‘n man te wees, asook vrees dat andere sal kan sien dat hy seksueel mishandel is. Die seun ervaar dus ‘n verlies van sy manlikheid en dat hy weerloos gemaak is, sodoende verkry en behou die oortreder ook mag oor die seun.

Amsosa (2009:2,3) noem dat **skuldgevoelens** ook deur die seun ervaar kan word, omdat hy in sý mening “toegelaat” het dat hy seksueel mishandel word uit vrees vir besering of dood, alhoewel “toelating” nie toestemming beteken nie. Indien die seun tydens of voor die seksuele mishandeling ‘n ereksie gekry het of selfs geëjakuleer het, kan dit ook beteken dat hy van mening is dat hy die gebeure geniet het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Skrywers (Allagia & Millington, 2008:270; Walker et al., 2004:114; Ray, 2001:54-56) stem ooreen in hulle beskouing met betrekking tot die emosionele gevolge van seksuele mishandeling van die seun. Hulle identifiseer emosionele gevolge van seksuele mishandeling wat die seun ook kan ervaar as gevoelloosheid, belangeloosheid en dissosiasie. Gevoelens van hartseer kan egter ook voorkom. Die seun ervaar ook selfhaat, vernedering, gevoelens van ontoereikendheid, gevoelens dat hy sleg en vuil is en ’n **verwarrende selfidentiteit.**

Volgens Spies (2006:273) toon navorsing wat gedoen is deur Spies (2006), Whealin (2002), Doyle (1994), Veltkamp en Miller (1994), Mullen en Flemming (1994), Glaser en Frosh (1993), Lew (1990), Bass en Davis (1988) en Maltz en Holmes (1987) dat die **emosionele verliese** wat die gevolg is van seksuele mishandeling van die seun, verskeie verlies ervaringe behels. Die verlies aan vertroue in volwassenes en ander persone; verlies aan kinderjare en onskuld, die verlies aan persoonlike mag, gesag, beheer en grense kom voor. Die seun ervaar ook die verlies aan persoonlike veiligheid, verlies aan die reg om keuses en besluite te maak, die verlies aan die reg om seksueel te ontwikkel volgens natuurlike ontwikkelingsfases, geleenthede van versorging en die verlies aan die vermoë om gevoelens en intimiteit te ervaar.

Te midde van baie verliese en gevolge, kom **vermyding** ten opsigte van kommunikasie, verbalisering of herinneringe aan die seksuele mishandeling volgens Alaggia en Millington (2008:268) by baie van die seuns voor. Sommige seuns vergeet die gebeure, terwyl andere gedagtes en gevoelens met betrekking tot die gebeure onderdruk of ontken. Middelmisbruik word deur die skrywers beskou as ‘n vorm van ontkenning en vermyding van die seksuele mishandeling, alhoewel dit ook as ‘n hanteringsmeganisme beskou word.

Die seun wat seksueel mishandel is kan **PTSS (Post Traumatiese Stres Sindroom**) ervaar volgens Walker et al. (2004:118). Hierdie seun toon daarom ‘n groter regressie in sy brein-ontwikkeling as die dogter wat seksueel mishandel is. Hierdie regressie in die seun se brein-ontwikkeling dui volgens die skrywers aan dat die seun meer weerloos is in terme van die gevolge van trauma op die brein as die dogter. Van alle faktore wat bydra tot post traumatiese stres sindroom (PTSS), word die verkragting van die seun deur Sageman (2003:564,565) as die vorm van seksuele mishandeling beskou wat die mees afbrekendste is. Die persentasie van seuns wat as mans PTSS ontwikkel, is ook hoër as by dogters wat PTSS as vroue ontwikkel. Barnett, Miller-Perrin en Perrin (2011:203) is ook van mening dat hoe meer intens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die PTSS is wat die seun ervaar, hoe groter is sy akkuraatheid ten opsigte van die herinneringe van sy seksuele mishandeling.

Die seun ervaar dus hoofsaaklik negatiewe emosies wat op homself gerig is en in sy gedrag na vore kom. Emosionele gevolge gaan ook gepaard met veranderinge in denkpatrone. Elke area van die seun se lewe word dus emosioneel geraak.

4.4.3 Seksuele gevolge

Die seksuele gevolge van seksuele mishandeling behels volgens skrywers ("Childline South Africa", 2010; Botash, 2008:10; Hughes, 2001:1,2; Watkins & Bentovin, 1992:1-3) **onvanpaste gedrag** met betrekking tot die seun se ontwikkelingsfase. Hierdie onvanpaste gedrag kan behels dat die seun oordrewe manlik optree in sy alledaagse kontak met ander persone of oordrewe sport beoefen in 'n poging om sy manlikheid te herstel. Die seun kan ook sy slagofferervaring naboots deur self 'n oortreder te word en aan andere te doen wat met hom gedoen is. Seksuele gedrag wat nie ooreenstem met normale seksuele ontwikkeling nie en onvanpaste seksuele kennis en suggestiewe gedrag kan ook voorkom, wat beteken dat die seun oor seksuele aspekte kommunikeer of dit uitleef waarvan hy op sy ouderdom nog nie kennis behoort te dra nie. 'n Verdere voorbeeld van onvanpaste gedrag wat ook by die seun kan voorkom, kan oormatige masturbasie deur die benutting van pornografie, behels.

Verwarring en angs ten opsigte van sy seksualiteit en sy seksuele identiteit kan voorkom aangesien die seun begin dink dat hy moontlik homoseksueel is, of sal word weens die seksuele mishandeling. Hierdie denkwyse is egter nie waar nie. Verwarring met betrekking tot seksualiteit kan wel daartoe lei dat die seun voortgaan om homself seksueel uit te druk volgens sy vorige seksuele oriëntasie of dat hy 'n sterk behoefte ervaar om homself heeltemal van seksuele verhoudinge te onttrek. Indien hy glo dat hy homoseksueel is weens die seksuele mishandeling kan hy dit begin uitleef. Oortreders wat seuns seksueel mishandel is egter in 98% van die gevalle heteroseksueel en verkrag heteroseksuele en homoseksuele seuns. Die seksuele mishandeling vind dus nie plaas omdat die seun 'n homoseksuele oriëntasie het nie, maar kan veroorsaak dat hy wel sy heteroseksuele oriëntasie verander na 'n homoseksuele oriëntasie, aangesien hy glo dat hy wel hierdie oriëntasie het en dat hy dáárom seksueel mishandel is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die verbreking en die disrespek vir die seun se grense deur die oortreder, het volgens Walker et al. (2004:113,114) en Sageman (2003:568) ook ‘n groot impak op die seun. Die seun begin nadat die seksuele mishandeling plaasgevind het soms wonder of hy deur die oortreder gekies is omdat hy weerloos en vroulik voorkom, óf omdat hy moontlik homoseksueel is. Hy begin dus die gedagte koester dat daar alreeds, voordat die seksuele mishandeling plaasgevind het, “iets fout” was met hom. Die verskil in ervaringe van seksuele mishandeling tussen die seun en die dogter behels hoofsaaklik dat die seun bekommernis ervaar ten opsigte van sy seksualiteit en/of sy manlikheid, terwyl die dogter nie noodwendig bekommernis oor haar vroulikheid en seksualiteit so intens sal ervaar nie. Die seun kan ook verwarring en bekommernis ervaar ten opsigte van die aanmelding van die seksuele mishandeling by die polisie, die bekendmaking aan ander persone en die beskikbaarheid van hulpbronne en ondersteuning.

Die seun kan volgens Dorais (2002:84) dikwels ‘n seksualiteit ontwikkel wat slegs op die gee van plesier gebaseer is, en die wegstoot van sy eie plesier. Sodoende stel hy homself tot die vlak van ‘n seksuele objek en gee hy sy eie reg tot seksuele plesier op. Dit is daarom nie verbasend dat die seun soms in prostitusie of in die pornografiese industrie verval nie.

Indringende seksuele gedagtes blyk ook, volgens Alaggia en Millington (2008:273), ‘n problematiese gevolg van die seksuele mishandeling van die seun te wees. Hierdie indringende seksuele gedagtes het volgens die skrywers dikwels tot gevolg dat die seun as man ‘n vrees ervaar dat hyself ook andere seksueel sal mishandel, veral aangesien die gedagtes ten opsigte van sy eie seksuele ervaringe as seun, dan ook kind gesentreerd is. Sy sosialisering met kinders en ander volwassenes word weens die indringende seksuele gedagtes wat hy ervaar negatief beïnvloed. Die gevolg is, dat sy latere huwelik en verhoudinge ook negatief beïnvloed kan word.

Langtermynverhoudinge word dikwels volgens Alaggia en Millington (2008:271), later in sy lewe moeilik. Probleme wat die seun ten opsigte van verhoudinge ondervind dra by tot angs en onsekerheid. Dit kom ook voor dat die seun soms baie kortstondige verhoudinge aanknoop en ook kroniese masturbasie beoefen aangesien ware intimiteit binne ‘n huwelik vir hom as volwassene onbereikbaar voel. Ernstige probleme met betrekking tot seksuele intimiteit tydens die huwelik word deur Alaggia en Millington (2008:271) as ‘n verdere gevolg van seksuele mishandeling beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die lang lys van negatiewe gevolge wat die seun weens seksuele mishandeling ervaar, is volgens Spies (2006:58-59) eindeloos en groei steeds. Aangesien ‘n seksuele verhouding een van die maniere is waarop individue die hegste verbintenis met mekaar vorm, kan die vorming van ‘n **seksuele verhouding** binne die konteks van seksuele mishandeling, ook die gebied wees waar die meeste chaos voorkom. Seksuele mishandeling het volgens hierdie skrywer ook ‘n beduidende effek op hoe die seun dink en voel oor homself, oor andere, sy eie seksualiteit, en ook oor die wêreld. Hierdie gevolge word vanaf sy middelkinderjare oorgedra na sy adolessentefase en volwassenheid, en kan daarom ‘n lewenslange impak op die seun se lewe hê.

4.4.4 Sosiale gevolge

Die seun wat seksueel mishandel is ondervind ook sosiale gevolge weens die seksuele mishandeling. Volgens Dorais (2002:94) ondervind die seun dikwels probleme om verhoudinge wat opreg, empaties en deursigtig is te vertrou en daarin te glo. Hy het ook ’n intense bewustheid van sy eie voorkoms, asook om bekyk te word deur ander persone. Verder ervaar hy **kloustrofobie en deurlopende angs met betrekking tot sosialisering en verhoudinge.** Ander sosiale gevolge van seksuele mishandeling blyk volgens verskeie skrywers (“Childline South Africa“, 2010; Botash, 2008:10; Hughes, 2001:1-2; Watkins & Bentovin, 1992:1-3) swak portuurgroepverhoudinge, isolasie en onttrekking te wees.

Identifisering met sy portuurgroep is dikwels vir die seun wat seksueel mishandel is baie moeilik, met die gevolg dat verskille en **wanbalanse ten opsigte van sy portuurgroep** binne sy ontwikkelingsfase baie duidelik word. Sy vermoë om te speel word verminder, en hy is dikwels ook meer ernstig en volwasse vir sy ouderdomsgroep, aangesien die verlies aan kindwees weens die seksuele mishandeling ook persoonlikheidsveranderinge teweeg bring. Regressie met betrekking tot sy ontwikkeling tydens die middelkinderjare kan egter ook plaasvind en die seun regresseer dus na ‘n vroeëre ontwikkelingsfase waar hy meer veiligheid en sekuriteit beleef het (Spies, 2006:56).

Amsosa (2009:1-3) en Sageman (2003:565) is van mening dat die seun se **sosialisering met betrekking tot manlikheid** belangrik is. Die seun word gesosialieer om sterk en in beheer voor te kom en eerder sy emosionele gevoelens te onderdruk as om dit bekend te maak, aangesien dit ‘n teken van weerloosheid sal wees. Die sosialisering van die seun deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

samelewing behels dat die seun alles in sy vermoë moet doen om nie as ‘n slagoffer voor te kom nie. Om ‘n slagoffer van seksuele mishandeling te wees druis in teen die samelewing se verwagtinge van die seun dat hy nie swak, weerloos en passief mag voorkom nie. Hierdie sosialisering deur die samelewing het tot gevolg dat die seun wat seksueel mishandel is erge skaamte ervaar en daarom sosialisering vermy. Die seksuele mishandeling word ook ‘n bedreiging vir sy identiteit as ‘n man en vernietig die geloof dat hy as seun homself kan wees in verhouding tot andere. Hierdie bedreiging van seksuele mishandeling kom voor aangesien die seun ook sy manlike identiteit bou rondom die gedagte van aktief of passief. As man is hy of die aggressor (aktief) of die een waarteen aggressief opgetree word (passief). Wanfunksionering met betrekking tot sy sosialiering, emosionele aspekte en ook die seksuele word dus net meer versterk.

Sosiale gevolge vir die seun wat seksueel mishandel is behels volgens Ray (2001:54), dat die seun ‘n **introvert** kan word. Hy ervaar alleenheid en eensaamheid en het ook ‘n sterk gevoel dat hy anders is as ander seuns. Hierdie seun het gewoonlik ‘n klein vriendekring, hy vertrou nie ander persone maklik nie, word ‘n alleenloper en kan ook anti-sosiaal word.

4.4.5 Gedragsgevolge

Verskeie gedragsgevolge kan voorkom weens die seksuele mishandeling. Die gevolge van seksuele mishandeling ten opsigte van gedrag is dikwels gouer sigbaar as ander gevolge. Volgens Dorais (2002:84) gebeur dit dikwels dat die seun ‘n vrees het vir aanraking. Self mutelerende- of destruktiewe gedrag wat voorkom kan in hierdie omstandighede geïnterpreteer word dat die seun se gedrag ‘n poging is om te dissosieer met sy liggaam, maar ook as ‘n vorm van selfkastyding. Hierdie **selfdestruktiewe gedrag** kan voorkom om van herinneringe en sy eie liggaam wat as die bron van die pyn beskou word ontslae te raak. Die toedien van fisiese pyn kan volgens Dorais (2002:85), ook beskou word as ‘n poging om homself minder aantreklik te maak of as ‘n aandag afleier van sy emosionele pyn.

Sommige seuns kan hulle kognitiewe ervaring afsny van hulle liggaamlike ervaring ten einde hulleself te beskerm teen die grense van hulle diepste innerlike self wat oortree word. Die vermoë om sy kognitiewe ervaring af te sny van sy liggaamlike ervaring, maak selfdestruktiewe gedrag vir die seun moontlik. Die vermoë om sy kognitiewe ervaring van sy liggaamlike ervaring te kan afsny versterk ook die seun se ervaring dat die mishandeling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slegs met sy liggaam gebeur het. Hierdie vlug of ontkenning van die realiteit is een van vele oorlewingsmeganismes wat deur die seun wat seksueel mishandel is gebruik word (Dorais, 2002:84). Die seun se liggaam word deur homself gekasty en terreg gewys dat hy iets gevoel het.

Die risiko vir selfdestruktiewe gedrag soos selfmoordpogings na seksuele mishandeling is volgens Walker et al. (2004:114-115) hoër by die seun as by die dogter. Die dogter is meer geneig om haar gevoelens te internaliseer en depressie, angs, PTSS en selfmoordgedagtes te hê. Die seun, is in teenstelling met die dogter, meer geneig om sy gevoelens te eksternaliseer en impulsiewe gedrag kom dus voor, met die gevolg dat die seun ‘n selfmoordpoging kan aanwend. Hierdie impulsiewe gedrag veroorsaak ook dat die seun meegesleur word in jeugmisdaad deur misdaad te pleeg op die ingewing van die oomblik sonder om die gevolge daarvan in ag te neem. Die seun is volgens Ferrara (2002:207) ook daartoe geneig om nie net die seksuele mishandeling te onderdruk nie, maar dit ook te normaliseer deur byvoorbeeld selfgesprekke dat wat met hom gebeur het nie werklik skadelik vir hom was nie. ‘n Weerloosheid tot herviktimisasie kan daarom ook voorkom (Walker et al., 2004:114-115).

Gedragsgevolge van seksuele mishandeling volgens skrywers (“Childline South Africa”, 2010; Botash, 2008:10; Sorsoli, Kia-Keating & Grossman, 2008:333; Whealin et al., 2007:45,102; Hughes, 2001:1-2; Watkins & Bentovin, 1992:1-3) kan ook prostitusie insluit; onwilligheid om ander klere aan te trek vir sportaktiwieite; leerhindernisse of afname in skoolwerk; onttrekking en isolasie van sy portuurgroep, familie en belangstellings; fantasieë en geregresseerde kinderlike gedrag; gereserveerde gedrag; skielike veranderinge in persoonlikheid of gedrag; die aantrek van verskillende lae klere oor mekaar; aggressiewe gedrag asook, regressiewe- en kompulsiewe gedrag.

Volgens Spies (2006:57-58) sal die seun wat tydens of na die seksuele mishandeling deur die oortreder versoek of gedreig is dat hy nie daaroor mag praat nie, **meer geneig wees om leuens te vertel**. ‘n Patroon van die vertel van leuens word gevestig om hom as seun te beskerm of om die seksuele mishandeling en aspekte wat daarmee gepaard gaan te bedek. Die seun sal soms nie slegs leuens oor sigbare dinge vertel nie, maar ook oor homself. Die vertelling van leuens vind veral plaas ten einde sy gevoelens van waardeloosheid te bedek. Die seun verval daarmee saam, soms **ook in ‘n patroon van steel** wat aan hom ‘n gevoel van sekuriteit verskaf. Die seun wat steel en leuens vertel is dikwels die seun wat deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oortreder omgekoop en gemanipuleer is deur materiële objekte. Sommige seuns steel egter ook in ‘n poging om gesag te ondermyn en in ‘n poging om terug te neem wat van hulle gesteel is, naamlik hulle kinderjare, waarde, onskuld en sorgeloosheid. In die proses van bekendmaking van seksuele mishandeling moet die maatskaplike werker dus oor die vaardigheid beskik om te midde van ‘n patroon van leuens, steel en ander gedragsgevolge die seun as slagoffer van seksuele mishandeling te kan herken.

4.5 BEKENDMAKING VAN SEKSUELE MISHANDELING

Die bekendmaking van seksuele mishandeling word beskryf as ‘n **proses eerder as ‘n eenmalige insident**. Hierdie proses kan met meer begrip beskou word teen die agtergrond wat in die vorige hoofstukke daarvoor geskep is. ‘n Begrip van hoe en onder watter omstandighede die seun seksuele mishandeling bekend maak, is volgens die skrywers Maikovich-Fong en Jaffee (2010:430) en Spies (2006:211) krities, aangesien dit kan voorkom dat die seun nie die waarheid praat nie, alhoewel hy dit wel doen. Hierdie bekendmaking gaan gepaard met spesifieke eienskappe. Eienskappe wat in ag geneem moet word tydens bekendmaking is, die ontkenning dat die beweerde oortreder die oortreder is, die ontkenning van vorige beweringe van mishandeling of onttrekking van vorige verklarings asook bevestiging van beweringe wat voorheen onttrek of ontken is (Maikovich-Fong & Jaffee, 2010:430; Spies, 2006:211).

Met betrekking tot die bekendmaking van seksuele mishandeling is die dogter volgens Richter et al. (2004:345) meer geneig om seksuele mishandeling bekend te maak as die seun. Die skrywers dui aan dat die meeste seuns, 64.2% seksuele mishandeling aan hulle moeders bekend sal maak en slegs 2.2% sal dit aan maatskaplike werkers bekend maak. Bekendmaking van seksuele mishandeling is volgens “Childline South Africa” (2010) **‘n tydsame proses** en nie ‘n enkele of geïsoleerde gebeurtenis nie. Verskillende tipes bekendmaking word vervolgens beskou.

4.5.1 Verskillende tipes bekendmaking

“Childline South Africa” (2010) en Spies (2006:212) stem saam en identifiseer twee tipes bekendmaking ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun, naamlik onbeplande/toevallige bekendmaking en doelbewuste/beplande bekendmaking.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5.1.1 Onbeplande bekendmaking

Onbeplande bekendmaking vind plaas wanneer die seksuele mishandeling nie in ‘n doelbewuste poging bekend gemaak word deur die seun se eie toedoen nie. Hierdie onbeplande bekendmaking vind plaas wanneer ‘n persoon op die seksuele mishandeling afkom, die oortreder betrap in die proses van seksuele spel of wanneer ‘n persoon die seun oor die mishandeling met iemand hoor praat. Die onbeplande bekendmaking van die seksuele mishandeling van die seun vind ook plaas wanneer ‘n persoon onvanpaste seksuele aktiwiteite of gedrag by die seun waarneem. Hierdie bekendmaking kom meer algemeen voor by die seun in die vroeë kinderjare waar die seun byvoorbeeld seksuele interaksie met ‘n teddiebeer uitbeeld, en op vrae bekend maak waar hy dit geleer het, as wat dit voorkom by die seun in sy middelkinderjare of adolessentefase (“Childline South Africa”, 2010; Spies, 2006:47,212).

Toevallige of onbeplande bekendmaking deur die waarneming van ‘n derde party soos die klinieksuster of ander seuns in die kleedkamers, kan volgens “Childline South Africa” (2010) en Spies (2006:47,212) plaasvind weens tekens van fisiologiese beserings wat byvoorbeeld aan die seun se genitaleë voorkom, of diagnoses van seksueel oordraagbare siektes. Sommige opvoeders in skole is ook bekend met die simptome van seksuele mishandeling en sal volgens Ferrara (2002:212) weens die simptome wat hulle waarneem in die klaskamer of tekeninge van die seun wat suspisieus lyk, die seun na die maatskaplike werker verwys.

4.5.1.2 Beplande bekendmaking

Beplande of doelbewuste bekendmaking vind plaas wanneer die seun die seksuele mishandeling wil stop sit en gereed voel om beheer van die situasie te neem en ‘n ander persoon soos ‘n opvoeder van die seksuele mishandeling te vertel. Beplande bekendmaking aan ‘n opvoeder vind egter dikwels slegs plaas nadat die seun eers in ’n vriend, ‘n vertroueling gevind het. Die vertroueling maak die seksuele mishandeling dan aan die opvoeder bekend, waarna hy/sy dit aan die maatskaplike werker bekend sal maak, soos voorgeskryf deur beleidsdokumente (Spies, 2006:212; Ferrara, 2002:212).

Volgens Gries, Goh, Andrews, Gilbert, Praver en Stelzer (2000:31) ervaar die seun wat ‘n beplande bekendmaking doen meer spanning en angs tydens die eerste jaar na bekendmaking. Die spanning wat hierdie seun ervaar word toegeskryf aan skuldgevoelens en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorweldigende gevoel van verantwoordelikheid wat hy ervaar, weens die feit dat hy die seksuele mishandeling bekend gemaak het. Die seun wat ‘n onbeplande bekendmaking van sy seksuele mishandeling het, ervaar daarteenoor, minder spanning en angs.

Na aanleiding van die verskillende tipes bekendmaking van die seksuele mishandeling van die seun is dit belangrik om die proses van bekendmaking te bespreek. Hierdie bespreking sluit aan by “Childline South Africa” (2010) wat van mening is dat bekendmaking nie ’n enkele, geïsoleerde gebeurtenis is nie, maar ‘n tydsame proses.

4.5.2 Die proses van bekendmaking

Hollely (2012:2) is van mening dat die proses van bekendmaking deel uit maak van die akkomoderingsindroom. Gries et al. (2000:44) stem saam en noem dat die bekendmaking van seksuele mishandeling ‘n dinamiese eerder as ‘n statiese proses is.

In die proses van bekendmaking kan **verskillende stadiums** volgens Gries et al. (2000:44) onderskei word. Die seun kan homself op enige tydstip in enige van die verskillende stadiums bevind. Die proses van bekendmaking stem ooreen met stap vier en vyf van die akkommoderingsindroom. Die proses van bekendmaking behels eerstens die stadium van onderdrukking of beheer, tweedens gedeeltelike bekendmaking, derdens volle bekendmaking, vierdens die herroepende of ontkennende stadium na gedeeltelike bekendmaking en vyfdens die herroepende of ontkennende stadium na volle bekendmaking. Die reaksie en ondersteuning op die bekendmaking, beïnvloed ook in watter stadium van bekendmaking die seun homself sal bevind.

Minimalisering van ‘n negatiewe impak op die seun en bereiking van positiewe resultate met betrekking tot bekendmaking, kan volgens Gries et al. (2000:31, 32) slegs voor kom indien die seun ‘n positiewe reaksie tot sy bekendmaking ervaar. Die teenwoordigheid van ‘n primêre versorger wat die seun binne sy gesinsisteem ondersteun en ‘n beskermende rol speel, word daarom as baie belangrik beskou vir ‘n positiewe uitkoms. In teenstelling met die belangrike rol wat ‘n primêre versorger speel in die bekendmakingsproses, kan die verlies aan ondersteuning vanaf die seun se moeder of materne versorger egter ook geassosieer word met nie-bekendmaking van die seksuele mishandeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gries et al. (2000:30-31) beskou die proses van bekendmaking van seksuele mishandeling deur die seun, as die weg vir die seun tot fisiologiese- en emosionele gesondheid en beskou dit ook as baie belangrik. Daar moet egter steeds in ag geneem word dat wanneer vermoedens van seksuele mishandeling bestaan, daar dikwels baie druk op die seun geplaas word deur maatskaplike werkers en ander professionele persone. Dié voortdurende vraagstelling aan die seun deur die verskillende persone het altyd die potensiaal om ‘n negatiewe impak op die seun te hê of bekendmaking te verhinder.

Met betrekking tot die proses van bekendmaking stem London, Bruck, Ceci en Shuman (2005:217) saam met Gries et al. (2000:31, 32) dat indien die seksuele mishandeling wel deur die seun bekend gemaak word, is dit slegs ‘n klein persentasie van seuns wat die bekendmaking herroep of ontken, terwyl die meeste seuns binne die **eerste of tweede onderhoud seksuele mishandeling bekend maak**. London et al. (2005:219) noem ook dat die seun wat seksueel mishandel is, en in ‘n formele omgewing wat weg van sy bekende omgewing of die omgewing waar die seksuele mishandeling plaasgevind het geassesseer word, dikwels die seksuele mishandeling bekend sal maak.

Nadat die seun die seksuele mishandeling bekend gemaak het, kan dit volgens Gries et al. (2000:31) gebeur dat hy dit wat hy oorspronklik gesê of bekend gemaak het later as onwaar kommunikeer soos die verskillende stadiums in die proses van bekendmaking ook aandui. **Hy kan dit ook herroep of ontken** dat hy dit wel gesê het, aangesien hy eers die potensiële gevolge van sy bekendmaking wil oorweeg. Tydens bekendmaking kan dit ook gebeur dat die seun se emosionele toestand en gedrag geen positiewe verandering toon nie of eerder versleg. Die rede daarvoor is dat die seun die nuwe verantwoordelikheid wat hy moet dra weens die gevolge van sy bekendmaking intens ervaar. Te midde van verhoogde spanning en angs wat die seun ervaar weens die bekendmaking, ervaar die meeste seuns dat hulle die regte besluit geneem het om die seksuele mishandeling bekend te maak.

Redes waarom die seun sy bekendmaking sal herroep, ontken of verander, bestaan wel volgens Allagia en Millington (2008:273) en Spies (2006:48). Hierdie redes behels dreigemente wat die seun ontvang het vanaf die oortreder na bekendmaking, gevoelens van skaamte en vernedering weens die seksuele mishandeling of omdat die seun verantwoordelik voel vir die seksuele mishandeling. Te midde van die herroepping, ontkenning of die verandering van die oorspronklike bekendmaking van die seksuele mishandeling, is Spies

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(2006:48) van mening dat die inligting van die eerste bekendmaking steeds as waardevolle inligting beskou moet word.

Daar moet ook in ag geneem word dat die **proses van bekendmaking deur verskeie faktore beïnvloed** kan word. Die ouderdom van die seun en die feit dat dit ‘n kind is speel ‘n rol. Die seun se verwysingsraamwerk en persepsies, asook die oortreder se dreigemente wat geglo word en/of gehoorsaamheid aan ouers is ook faktore wat in ag geneem moet word. Ander faktore wat ‘n invloed het op bekendmaking sluit ook in vrees vir gevolge en vir verwerping; beskerming van die gesinsisteem en gevoelens van magteloosheid en hulpeloosheid. ‘n Gebrek aan vertroue en mag, gebrek aan kennis met betrekking tot vir wie of hoe om die seksuele mishandeling bekend te maak, is ook faktore wat ‘n invloed het op die proses van bekendmaking (Spies, 2006:48).

Die proses van bekendmaking is soos bespreek wel ‘n **dinamiese, eerder as ‘n statiese proses aangesien die akkomoderingsindroom kan voorkom** en die seun ook tussen verskillende stadiums kan beweeg voordat volle bekendmaking sonder herroeping plaasvind. Die redes vir beperkte bekendmaking word vervolgens beskou.

4.5.3 Redes vir beperkte bekendmaking

Verskeie redes bestaan waarom beperkte bekendmaking van die seksuele mishandeling van die seun voorkom. Ten spyte van die verskeie gevolge van seksuele mishandeling wat bespreek is, vind bekendmaking van die seksuele mishandeling van die seun, selfs in sy volwassenheid, dikwels steeds nie plaas nie volgens Sageman (2003:564,565).

Daar word volgens Alaggia (2010:32) beraam dat 60% tot 80% van seksuele mishandeling van seuns nie bekend gemaak word nie, met die gevolg dat viktimisasie langdurig is. Walker et al. (2004:114-115) stem ooreen met Alaggia (2010:32) met betrekking tot ‘n weerloosheid by die seun tot herviktimisasie, wat deur hulle geïdentifiseer word.

Aangesien bekendmaking ‘n proses is en daar redes bestaan waarom bekendmaking soms nie plaasvind nie, is die aantal seuns wat geaffekteer word deur seksuele mishandeling volgens Botash (2008:1-2) daarom nie werklik laag is nie. Dit kom wel so voor weens die **assesseringstegnieke** wat deur maatskaplike werkers gebruik word tydens bekendmaking.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Spies (2006:205) het assessering van bewerings en vermoedens van seksuele mishandeling van die seun oor die laaste paar dekades meer belangrik geword. Dit kan toegeskryf word aan die styging van seksuele mishandeling van die seun, maar ook aan die verhoogde blootstelling van die seun aan pornografie.

Die vermyding van die bekendmaking van seksuele mishandeling word volgens O'Leary en Barber (2008:134) 'n groot probleem by die seun beskou. "Childline South Africa" (2010) skryf die vermyding van bekendmaking van die seksuele mishandeling toe aan vermydingsgedrag wat kan voorkom. Daar word ook soms na die vermyding van die bekendmaking van seksuele mishandeling verwys as swyging ("silencing"). Hierdie skrywers stem ooreen met "Childline South Africa" (2010) se mening dat daar 'n lang tydperk kan verloop voor bekendmaking plaasvind. Hollely (2012:2) en Job (2010:1) bevestig ook hierdie lang tydsverloop in hulle bespreking van die akkomoderingsindroom. Die akkomoderingsindroom bestaan in volgorde uit vyf stappe: geheimhouding; hulpeloosheid en magteloosheid; gevoelens van vasgevang wees en akkomodering; vertraagde, teenstellende en ongeloofwaardige bekendmaking; en herroepende of ontkennende bekendmaking. Die akkomoderingsindroom dui daarop dat die seun geheime hou en die seksuele mishandeling van die oortreder minimaliseer as 'n manier om die seksuele mishandeling te hanteer. Hierdie akkommoderingsindroom is 'n gevolg van die seksuele mishandeling, maar is ook 'n manier om die bekendmaking van seksuele mishandeling te vermy.

Daar word vervolgens verder gekyk na die redes vir die beperkte bekendmaking van seksuele mishandeling deur die seun ten einde insig te ontwikkel in die probleem van seksuele mishandeling van die seun en hoekom dit kleiner voorkom as wat werklik die geval is. Begrip ten opsigte van die redes vir beperkte bekendmaking is ook nodig ten einde die seun en sy gedrag beter te kan verstaan. Dit word gedoen aan die hand van die ekologiese sisteemteoretiese perspektief (Engelbrecht, 1997:101-113), aangesien die seun binne sy konteks beskou moet word indien volle begrip vir die redes vir beperkte bekendmaking bereik wil word. Redes vir beperkte bekendmaking word vervolgens beskou in terme van die persoon, gedrag en omgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5.3.1 Persoon

Die vermyding van emosionele kwessies deur die seun soos bekendmaking van seksuele mishandeling, word deur "Prevent Child Abuse America" (2010) aangespreek. Volgens die skrywers is die seksuele mishandeling van die seun algemeen, maar vind beperkte aanmelding en bekendmaking, beperkte erkenning en ook beperkte behandeling daarvan plaas. Vir die doel van hierdie studie sal daar slegs gefokus word op die beperkte bekendmaking van seksuele mishandeling. Volgens die bogenoemde skrywers kom dit voor dat die seun minder geneig is om seksuele mishandeling aan te meld as die dogter weens *vrees, sosiale stigma met betrekking tot homoseksuele gedrag, die behoefte om selfversorgend voor te kom en die bekommernis van 'n moontlike verlies van onafhanklikheid.*

Bestaande bewyse suggereer dat een uit elke drie insidente van seksuele mishandeling van die seun, nie deur hom as volwasse persoon wat dit ondervind het, onthou word nie. Hoe jonger die seun en hoe hegter die verhouding tussen die seun en die oortreder is, hoe meer waarskynlik is dit dat die seun *nie in staat sal wees om die gebeure te onthou nie*. Die feit dat die seun die seksuele mishandeling nie kan onthou nie, kan gewoonlik nie as rede aangevoer word vir beperkte bekendmaking nie, maar die feit dat die seksuele mishandeling plaasgevind het kan egter ook nie ontken word nie, en verander nie die persentasie van seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare nie ("Prevent Child Abuse America", 2010).

Koenig et al. (2004:98) noem dat indien die seun *'n sterk verhouding met die oortreder het* en hierdie verhouding sy sterkste verhouding op daardie stadium in sy lewe is, hy die seksuele mishandeling dikwels nie bekend sal maak nie. As die oortreder 'n bedreiging vir die seun inhou is die kans ook beperk dat die seun die seksuele mishandeling bekend sal maak. Indien die seun se verhouding met 'n ouer wat nie deel vorm van die mishandeling nie sterk is, is die moontlikheid dat die mishandeling bekend gemaak sal word groter.

Die beperkte bekendmaking van die seksuele mishandeling kan volgens Denov (2003:310) toegeskryf word aan die feit dat die seun inligting wat persoonlike skaamte, vrees en negatiewe gevolge het, in die publiek moet openbaar maak. Buiten gevoelens van skaamte, vrees en vernedering ervaar die seun ook emosionele konflik wanneer die oortreder 'n versorger, 'n ouer of 'n hegte familievriend is. Aangesien die bekendmaking van die gebeure

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie slegs vir hom gevolge inhou nie, maar ook vir die familie, ervaar die seun dus baie *innerlike konflik en spanning en sal die bekendmaking van seksuele mishandeling om daardie rede eerder vermy.*

Alaggia (2010:32-34) is van mening dat die seun se *persoonlikheid* soos om 'n introvert te wees ook 'n rol kan speel in beperkte bekendmaking. Sommige seuns kan ook nie die regte woorde vind om die sekuele mishandeling bekend te maak nie. Een slagoffer noem: "*Ek het probeer om my ma te vertel, maar ek kon dit net nie reg kry om die woorde te sê nie*". Die bekendmaking van die seksuele mishandeling van die seun, word daarom in die meeste gevalle vir ongeveer vyf jaar vertraag, terwyl dit in sommige gevalle nooit bekend word nie.

Redes wat volgens skrywers (Maikovich-Fong & Jaffee, 2010:430; Price et al., 2002:164) tot die beperkte bekendmaking van seksuele mishandeling lei, behels die *seun se persepsie* dat dit nie aanvaarbaar is om die seksuele mishandeling bekend te maak nie. Die bekendmaking van seksuele mishandeling vind volgens Spies (2006:111) en Walker et al. (2004:113-114) dikwels nie plaas nie weens die beperkte kennis van die seun dat die seksuele mishandeling verkeerd is. Vrees vir straf, hulpeloosheid en gevoelens dat hy vasgevang is, is redes wat aangevoer word hoekom die seun nie seksuele mishandeling bekend maak nie.

4.5.3.2 Gedrag

Gedrag van ander persone en gedrag waarvolgens die seun in die middelkinderjare *gesosialiseer* is, kan bekendmaking van seksuele mishandeling van die seun beperk. Die seun ervaar volgens Barnett et al. (2011:201) en Alaggia (2010:35) baie konflik met betrekking tot die bekendmaking, aangesien hy gesosialiseer is dat mans nie slagoffers moet wees nie, en aangesien sy seksuele oriëntasie in twyfel getrek word ná die seksuele mishandeling. *'n Vrees vir stigmatisering* kom by die seun voor. Een seun verduidelik die konflik as volg. "So in a way by saying to somebody you were sexually abused, is the fear of just having that "feminine' thing attached to you." Dit het tot gevolg dat die gebeure nie bekend gemaak word nie. Sommige seuns sal gevolglik hulle manlikheid oorbeklemtoon, terwyl ander seuns weer uitermatige seksuele gedrag sal toon ten einde van die vroulikheid wat hulle ervaar, ontslae van te raak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maikovich-Fong en Jaffee (2010:430) en Price et al. (2002:164) is van mening dat *intimidasie, geweld deur die oortreder*, en die verlies aan die nodige vertrouelinge om die bekendmaking te herken, ook redes vir beperkte bekendmaking is. Baie seuns maak nooit seksuele mishandeling bekend nie aangesien hulle deur die oortreder gedreig, blameer of omgekoop word. Die seun ervaar ook meer dikwels dreigemente en geweld deur die oortreder ten einde bekendmaking te verhinder, as wat die dogter dit beleef.

Sterk geslagsrolle met dominerende vaders in die gesin, aggressie, chaos en ander vorme van kindermishandeling wat in die gesin plaasvind, is volgens Maikovich-Fong en Jaffee (2010:430) en Price et al. (2002:164) ook redes vir beperkte bekendmaking. *Gesinsgeweld*, sosiale isolasie en disfunksionele kommunikasie kan ook beperkte bekendmaking tot gevolg hê. Beperkte bekendmaking vind ook plaas aangesien die seun die seksuele mishandeling deur ‘n vroulike oortreder, interpreteer as ‘n seksuele ervaring waaroor hy homself gelukkig behoort te ag .

4.5.3.3 Omgewing

Met betrekking tot omgewing speel die gemeenskap ook ‘n rol in beperkte bekendmaking van die seksuele mishandeling van die seun. Die seun ervaar dikwels erge spanning weens beperkte empatie van bure, terwyl ander seuns geïsoleerd voel, aangesien hulle ‘n bewustheid het dat ‘n opvoeder die simptome van seksuele mishandeling sal herken. *Geen reaksie vanaf die skool* vind dan plaas nie. Die spanning by die seun bly dus aanwesig. Een seun stel sy ervaring as volg: “*Sy het gesê, ‘Ek word nie meer toegelaat om met jou te praat nie. My ma sê julle familie is nie goed nie*.’ *Ek onthou dat ek toe huis toe geloop het en nie meer pogings aangewend het om vriende te maak nie*” (Alaggia, 2010:34-35). Bure en vriende wat die seun vermy weens vermoedens van seksuele mishandeling, gesinsgeweld of die seun se eie gedrag, isoleer die seun en het tot gevolg dat bekendmaking van seksuele mishandeling nie plaasvind nie aangesien die seun nie empatie of ondersteuning vanaf sy omgewing ervaar nie.

Die sosialisering van die seun deur die samelewing en sy omgewing veroorsaak dat hy dikwels nie seksuele mishandeling as seksuele mishandeling beskou nie. Dit vind veral plaas as die oortreder ouer as die seun self is, en hyself as slagoffer op ‘n seksuele manier naamlik met ‘n ereksie of ejakulasie gereageer het op die seksuele mishandeling. Sy eie seksuele gedrag op die seksuele mishandeling veroorsaak dat hy die persepsie het, dat hy die seksuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mishandeling begeer het of dit geniet het. Die *samelewing se persepsie* dat seksuele mishandeling ‘n groter impak het op die dogter as op die seun, dra egter ook by tot beperkte bekendmaking van die seksuele mishandeling van die seun.

Bekendmaking van die seksuele mishandeling wat deur dieselfde geslag plaasgevind het, is volgens skrywers (Alaggia & Millington, 2008:272; Bezuidenhout & Joubert, 2008:36) ‘n beduidende faktor met betrekking tot die rede vir beperkte bekendmaking van seksuele mishandeling van die seun. Denov (2003:310) noem ook dat wanneer die seun deur ‘n manlike sowel as ‘n vroulike oortreder seksueel mishandel is, hy dit moeiliker vind om die seksuele mishandeling deur die vroulike oortreder bekend te maak. Hy sal die seksuele mishandeling ontken of sê dat dit ‘n manlike oortreder was, alhoewel dit ‘n vroulike oortreder was. Die rede hiervoor is dat seksuele mishandeling deur vroulike oortreders as een van die *samelewing se absolute taboes* beskou word. Die feit dat die seun selfs in terapeutiese omgewings nie geglo word nie, is egter ook ‘n rede vir beperkte bekendmaking. Die seun voel in die steek gelaat en bedrieg as hy die risiko geneem het om die gebeure bekend te maak aan ‘n maatskaplike werker of sy ouers, en dan nie geglo word nie.

Beperkte bekendmaking van seksuele mishandeling van die seun vind volgens Alaggia en Millington (2008:265) ook plaas, aangesien die samelewing se persepsie dat die *seun nie beskerming benodig* nie en sterk moet wees, baie duidelik gedefinieer is. Seksuele mishandeling van die seun word dikwels ook deur die gemeenskap geminimaliseer, aangesien slagoffers van seksuele mishandeling oor die algemeen as swak en weerloos beskou word. Sodoende word vroulike eienskappe aan die seun as slagoffer toegedig, met die gevolg dat hy veral in sommige bevolkingsgroepe sy waarde as man verloor.

Swak gesinsomstandighede kan ook ‘n rol speel in beperkte bekendmaking. Die seun kan byvoorbeeld nie enige iets beter as sy huidige omstandighede visualiseer nie en beskou bekendmaking daarom nie as ‘n uitkoms tot beter omstandighede nie. Indien die ouer as oortreder in dieselfde huis as die seun woon, kan die onmiddelike gevaar wat die seun beleef ‘n rede vir beperkte bekendmaking wees. As die oortreder nie meer ‘n onmiddelike gevaar vir die seun inhou nie, weens die feit dat hulle as ouers byvoorbeeld geskei is en die ouer as oortreder nie meer in dieselfde huis as hy woon nie, kan bekendmaking van seksuele mishandeling voorkom (Spies, 2006:211).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indien die seun instaat gestel word om die seksuele mishandeling bekend te maak is die kans groot dat seksuele mishandeling sal stop en dat die seun die nodige hulp van ‘n maatskaplike werker sal ontvang, volgens Alaggia (2010:33). Die skrywer is van mening dat daar egter steeds nie genoegsame kennis en begrip met betrekking tot hindernisse wat beperkte bekendmaking tot gevolg het, is nie.

4.6 SAMEVATTING

Soos uit die voorafgaande hoofstuk duidelik geword het, is kennis oor die klassifikasie van die oortreder belangrik indien begrip vir die seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare ontwikkel wil word. Die klassifikasie van die oortreder het ‘n direkte verband met die gevolge wat die seun weens die seksuele mishandeling ervaar, aangesien verskillende tipes oortreders verskillende motiverings vir hulle seksuele mishandeling van die seun het. Seuns kan daarom seksuele mishandeling verskillend ervaar en verskillende gevolge daarvan ondervind. Die proses vóór bekendmaking van seksuele mishandeling, sowel as daarná is weens die verskillende tipes oortreders en verskillende gevolge dus ‘n tydsame proses en gaan gepaard met baie spanning vir die seun. Die hantering en ondersteuning van die betrokkenes, soos die maatskaplike werker dra daarom by tot die toename of afname van spanning by die seun en kan ook bepalend wees met betrekking tot ‘n positiewe uitkoms. Indien die maatskaplike werker ‘n positiewe uitkoms wil bereik, moet redes vir beperkte bekendmaking ook in ag geneem word in die hulpverlening aan die seksueel mishandelde seun in sy middelkinderjare.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

EMPIRIESE BEVINDINGE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS SE SIENINGS OOR DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS IN DIE MIDDELKINDERJARE

5.1 INLEIDING

Die seksuele mishandeling van seuns is reeds verskeie jare ‘n wêreldwye probleem (Heitritter & Vought, 2006:32,248; Dube et al., 2005:430,436). Dit is egter ook in Suid-Afrika ‘n probleem wat as prioriteit beskou moet word volgens Richter et al. (2004:353,8), en wat ‘n verhoogde bewusmaking en navorsing vereis (“Prevent Child Abuse America”, 2010). Die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare is daarom in die voorafgaande hoofstukke bespreek. Skrywers soos McAlpine (2006) wat verwys na Lalor (2004:13) is van mening dat die bedúidende verhoging in seksuele mishandeling van seuns te doen het met beperkte kennis by professionele persone soos maatskaplike werkers wat in die veld van kinderbeskerming werk.

‘n Beperkte begrip van seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare is volgens Richter et al. (2004:8,21) hoofsaaklik daaraan te wyte dat daar oor seksuele mishandeling van kinders van alle ouderdomme, ontwikkelingsvlakke en geslagte gedink en gepraat word asof dit één ding is. Die verwarring wat heers ten opsigte van seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare word deur Richter et al. (2004:8,21) onder andere daaraan toegeskryf, dat daar na alle seksuele mishandeling van seuns gekyk word asof dit dieselfde patroon volg, voorafgegaan word deur dieselfde motivering en dan lei tot dieselfde gevolge.

Uit die vooraf bespreekte hoofstukke word dit duidelik dat die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare as ‘n enorme probleem beskou word wat dringende aandag vereis, deur onder andere die leemte met betrekking tot navorsing oor hierdie probleem aan te spreek. Hierdie studie het daarom ten doel gehad om die sienings van maatskaplike werkers te bepaal oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare as ontwikkelingsfase.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doelwitte van hierdie studie was daarom om die middelkinderjare as ontwikkelingsfase binne ‘n menslike ontwikkelingsperspektief te bespreek en om die seksuele mishandeling van die seun as maatskaplike werk verskynsel te verduidelik, ten einde begrip met betrekking tot die probleem van seksuele mishandeling van seuns te ontwikkel. Hierdie studie het ook ten doel gehad om op die oortreder te fokus, aangesien kennis ten opsigte van die oortreder ook begrip vir die seun as slagoffer van seksuele mishandeling verhoog. Die doelwitte van hierdie studie was ook om die verskillende tipes oortreders in die seksuele mishandeling van seuns te bespreek, en ondersoek in te stel na die motiverings van oortreders ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns.

‘n Verdere doelwit was om ondersoek in te stel na die sienings van maatskaplike werkers oor die seksuele mishandeling van seuns in hulle middelkinderjare, en om aanbevelings te maak ten opsigte van die bevordering van maatskaplike werk dienslewering aan die seksueel mishandelde seun.

Die verloop van die empiriese ondersoek en die resultate daarvan, sal in hierdie hoofstuk in ‘n verwerkte vorm weergegee word. Die bevindinge van die ondersoek sal vervolgens deur middel van tabelle, figure en literatuur weergegee en geïnterpreteer word.

5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek is uitgevoer soos dit in hoofstuk een van hierdie studie beskryf is. Die konfidensialiteit van die studie verhoed dat respondente bekend gemaak word en verseker respondente se anonimiteit. Die empiriese ondersoek word vervolgens beskou.

5.2.1 Navorsingsmetode en -ontwerp

‘n Navorsingsbenadering soos bespreek deur Mouton (2001:55), as die plan van die navorsing is gevolg. Die navorsingsmetode was die proses waarvolgens die plan tot uitvoer gebring is. Die navorsingsbenaderinge en die navorsingsmetode is gesamentlik toegepas in die navorsing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.1.1 Navorsingsbenaderinge

‘n **Gekombineerde kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsbenadering** is vir die doel van hierdie studie benut om die sienings van maatskaplike werkers oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare in te samel. Deur die benutting van ‘n gekombineerde navorsingsbenadering kon voldoende inligting ingesamel word, wat op ’n geïntegreerde manier uiteengesit word. De Vos et al. (2005:35,136) beskryf ‘n gekombineerde kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsbenadering as ‘n metode, waar die navorser verskillende metodes van data-insameling en –analise kan benut.

Henning, Van Rensburg en Smit (2004:3) noem dat deur ‘n **kwalitatiewe navorsingsbenadering** te benut wil die navorser nie slegs uitvind wát gebeur nie, maar ook hóékom dit gebeur. ‘n Kwalitatiewe navorsingsbenadering binne hierdie studie het behels dat die sienings van maatskaplike werkers met betrekking tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, deur middel van ‘n semi-gestruktureerde vraelys ingesamel is. Sodoende is daar gepoog om die leemte aan te spreek wat deur Richter et al. (2004:8,21) geïdentifiseer is, naamlik dat die begrip seksuele mishandeling van seuns, dikwels onvoldoende gedefinieer is en dat inligting nie sistematies ingesamel word nie.

Met betrekking tot ‘n **kwantitatiewe navorsingsbenadering** verwys De Vos et al. (2005:73) na Mouton en Marais (1990:155-156) wat ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering omskryf as ‘n benadering wat meer geformuleerd en meer duidelik gekontroleerd is, as ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering. Die benutting van ‘n vraelys vorm volgens Henning et al. (2004:1), deel van ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering, aangesien spesifieke vrae aan die respondente gestel word. Antwoorde op hierdie vrae word verwerk, en die uitkoms daarvan word daarna geanaliseer en geïnterpreteer. ‘n Kwantitatiewe navorsingsbenadering binne hierdie studie het behels dat spesifieke vrae in die semi-gestruktureerde vraelys saamgestel is om spesifieke data in te samel met betrekking tot maatskaplike werkers se sienings. Daar is ook binne die studie gepoog om soveel as moontlik data in te samel met betrekking tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, ten einde die probleem binne die regte konteks te kan beskou en nie in isolasie nie. Die uitkoms van die vraelys is dus deur middel van ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering verwerk, geanaliseer en geïnterpreteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.1.2 Navorsingsontwerp

Die navorsingsmetodes waarvolgens die navorsingsbenaderinge tot uitvoer gebring is, was verkennend en beskrywend van aard. Campbell (1978) in De Vos et al. (2005:364) is van mening dat kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing nie afsonderlik van mekaar kan plaasvind nie, en dat ‘n gekombineerde navorsingsbenadering in alle navorsing van toepassing is. Deur ‘n verkennende navorsingsmetode binne hierdie studie te benut, is nuwe inligting met betrekking tot die navorsingsprobleem bekom. Insig in die ervaring van die seksueel mishandelde seun is verkry deur ‘n beskrywende navorsingsmetode te volg.

5.2.2 Navorsingsmetodiek

Die doel van die hersiening van literatuur, soos beskou deur De Vos et al. (2005:123), is daarop gerig om ‘n bydrae te lewer tot insig en ‘n duideliker begrip van die oorsaak en betekenis van die navorsingsprobleem wat geïdentifiseer is. Volgens De Vos et al. (2005:79) is ’n kenmerk van ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering ’n in diepte literatuurstudie.

5.2.2.1 Literatuurstudie

Royse (2008:28) beklemtoon die belangrikheid van ’n literatuurstudie aangesien na sy mening, navorsing gebou word op versamelde pogings van verskeie navorsers wat daaraan gewerk het om kennis te verbreed en om wanbegrippe en misverstande te herstel.

‘n Omvattende literatuurstudie, wat die benutting van verskeie bronne behels het, is deur die navorser bestudeer en insig in die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare is daardeur verkry. ‘n Breë teoretiese raamwerk is eers bekom en gevestig, wat dan as basis vir hierdie studie gedien het. Hierdie literatuur uit verskeie bronne het waarde gehad, aangesien dit nie slegs begrip vir die navorsingsprobleem verhoog het nie, maar ook data wat deur middel van semi-gestruktureerde vraelyste ingesamel is geverifieer het. Literatuur wat teenstrydig met die ingesamelde data is, het egter ook waarde gehad, aangesien dit ook tot gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die navorsingsprobleem gelei het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2.2 Steekproef en steekproefneming

Die definisie van ‘n steekproef soos beskryf deur De Vos et al. (2005:194), behels dat ‘n steekproef uit elemente van die populasie bestaan wat oorweeg word om in die studie ingesluit te word. Die steekproef is bestudeer in ‘n poging om die populasie waaruit dit geneem is beter te verstaan. Sewe-en-twintig geregistreerde maatskaplike werkers by Regerings- en Nie-regeringsorganisasies asook in privaatpraktyk, wat in die Wes-Kaap, Olifantsriviervallei area as geografiese gebied werk, het deel uitgemaak van die steekproef vir hierdie navorsing. Alle maatskaplike werkers wat ingesluit was by hierdie steekproef het aan die vasgestelde kriteria voldoen, naamlik dat hulle onder andere dienste lewer aan seuns wat in hulle middelkinderjare is.

5.2.2.3 Doelgerigte steekproefneming

Doelgerigte steekproefneming is vir hierdie studie benut aangesien sewe-en-twintig spesifieke maatskaplike werkers deur die navorser gekies is om as steekproef te dien. Met doelgerigte steekproefneming het die navorser, volgens Royse (2008:205), ’n goeie idee van beide die áántal persone of eenhede in die steekproef én hulle eienskappe. Deur hierdie metode van steekproefneming te benut, kon die navorser nie slegs bepaal nie, maar seker wees dat die steekproef verteenwoordigbaar is van die spesifieke populasie van die navorsingsgebied. Maatskaplike werkers wat deel uitgemaak het van die doelgerigte steekproefneming lewer almal dienste aan seuns in hulle middelkinderjare.

5.2.2.4 Loodsstudie

’n Loodsstudie word volgens De Vos et al. (2005:402) onderneem om, die effektiwiteit van die studie te bepaal en om aspekte wat aangepas moet word te kan identifiseer. ‘n Loodsstudie deur die voltooiing van semi-gestruktureerde vraelyste is met drie respondente gedoen ten einde die uitvoerbaarheid van die studie te bepaal. Aanpassings is ná die loodsstudie aan die semi-gestruktureerde vraelys aangebring, waarna die semi-gestruktureerde vraelyste aan die maatskaplike werkers as respondente deur hulle toesighouers aan hulle uitgegee is. Die loodsstudie was van waarde ten einde seker te maak dat die oop sowel as geslote vraagstelling vir respondente verstaanbaar is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2.5 Data-insameling

Alvorens data-insameling onderneem is, is skriftelike toestemming by die Bestuur van sowel Regerings- as Nie-regeringsorganisasies verkry om sodoende die navorsingstudie binne die organisasies te kan loods. Daarná is met die onderskeie toesighouers in gesprek getree waartydens die doel van die navorsingstudie, die semi-gestruktureerde vraelys, sowel as die data-insamelingsmetode aan hulle verduidelik is.

Data-insameling vir navorsing het vir hierdie navorsingstudie behels, dat daar van ‘n semi-gestruktureerde vraelys gebruik gemaak word. Die navorser het van sowel oop as geslote vraagstelling gebruik gemaak om inligting in te samel. Kwalitatiewe- en kwantitatiewe data is daarom ingesamel. Uit die data is die sienings van maatskaplike werkers verkry, asook inligting met betrekking tot die navorsingsprobleem. Die vraelyste is per hand aan die respondente se toesighouers afgelewer en per hand vanaf die respondente se toesighouers ingesamel. Die vraelyste is per hand afgelewer ten einde te verseker dat elke respondent wat uit die doelgerigte steekproefneming gekies is, wel ‘n vraelys ontvang. Die per hand verspreiding van die vraelyste is telefonies met die respondente se toesighouers opgevolg ten einde te verseker dat alle respondente die vraelys ontvang het. Na afloop van die insameling van die data is dataverwerking en –analise gedoen.

5.2.2.6 Dataverwerking en -analise

Dataverwerking en -analise sluit volgens Mouton (2001:108) die opbreek van data in hanteerbare temas, patrone, tendense en verhoudinge in. Elke vraag in die semi-gestruktureerde vraelys was gegrond op literatuur vanuit hoofstukke twee, drie en vier en is so bewoord dat spesifieke data van die sewe-en-twintig respondente ingesamel kon word, wat daarna deur middel van tabelle en figure op ‘n geïntegreerde manier uiteengesit is. Die dataverwerking behels dus die data wat verwerk en geanaliseer is soos verkry vanaf sewe-en-twintig maatskaplike werkers van Regerings- en Nie-regeringsorganisasies, en dié in privaatpraktyk.

5.3 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Na aanleiding van die empiriese ondersoek wat deur die voltooiing van semi-gestruktureerde vraelyste ingesamel is, word die bevindinge van die empiriese ondersoek vervolgens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geanaliseer. Die resultate is verwerk en die verwerkte resultate word in ‘n narratiewe styl wat gepaard gaan met tabelle en figure, weergegee.

5.3.1 Ouderdom en werkondervinding

Die ouderdom en werkondervinding van respondente word beskou ten einde kennis en insig te verkry in die steekproef.

5.3.1.1 Ouderdom

Die respondente is versoek om hulle ouderdom aan te dui. In figuur 5.1 word die resultate wat verkry is aangedui.



N=27

Figuur 5.1:Ouderdom van respondente

Uit figuur 5.1 is dit duidelik dat die meeste respondente (12=44%) tussen ses-en-twintig en dertig jaar oud is. Vyf respondente (5=18%) is tussen twintig en vyf-en-twintig jaar oud. Vier respondente (4=14%) is een-en-veertig jaar en ouer. ‘n Gelyke hoeveelheid respondente (3=11%) is onderskeidelik tussen een-en-dertig en vyf-en-dertig jaar oud en tussen ses-en-dertig en veertig jaar oud. Die afleiding word gemaak dat die meerderheid respondente (17=62%) jong maatskaplike werkers in hulle vroeë volwassejare, tussen die ouderdom van twintig en dertig jaar is, en dus nie oor baie jare se ondervinding as maatskaplike werker beskik nie.

5.3.1.2 Jare ondervinding as maatskaplike werker

Die respondente is gevra om hulle jare ondervinding as maatskaplike werker aan te dui. Die inligting wat bekom is word in figuur 5.2 uiteengesit.



N=27

Figuur 5.2:Werkondervinding van respondente

Figuur 5.2 dui daarop dat die meeste respondente (16=59%) oor drie jaar of minder werkondervinding as maatskaplike werker beskik. Drie respondente (3=11%) beskik oor vier tot ses jaar werkondervinding as maatskaplike werker. ‘n Gelyke hoeveelheid respondente (4=14%) beskik oor sewe tot tien jaar werkondervinding, en oor elf jaar en langer werkondervinding. Dit wil voorkom asof meer as die helfte van die respondente (19=70%) se werkondervinding ses jaar of minder is. Die werkondervinding van respondente korreleer met hulle ouderdom wat in die vorige vraag bespreek is.

5.3.1.3 Tydperk verbonde aan huidige organisasie

Die respondente is versoek om die tydperk wat hulle aan hulle huidige organisasie verbonde is aan te dui. Die data wat bekom is word in tabel 5.1 aangedui.

Tabel 5.1:Tydperk verbonde aan huidige organisasie

Tydperk verbonde aan huidige organisasie	f	%
0 tot 3 jaar	19	70%
4 tot 6 jaar	5	18%
7 tot 10 jaar	1	3%
11 jaar of langer	2	7%

N=27

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.1 toon dat negentien respondente (19=70%) ‘n tydperk van drie jaar of minder verbonde is aan hulle huidige organisasie. Vyf respondente (5=18%) is vier tot ses jaar verbonde aan hulle huidige organisasie. Twee respondente (2=7%) is elf jaar of langer verbonde aan hulle huidige organisasie en een respondent (1=3%) is sewe tot tien jaar verbonde aan haar huidige organisasie. Die meerderheid respondente (19=70%), wat ‘n driekwart van die totale respondente uitmaak, is drie jaar of minder verbonde aan hulle huidige organisasie.

Daar kan afgelei word dat die meeste respondente (24=88%) beperkte werkondervinding binne hulle huidige organisasie het. Die bevinding bevestig die resultate van figuur 5.1 wat aandui dat twaalf respondente (12=44%) tussen ses-en-twintig en dertig jaar oud is, en daarom beperkte werkondervinding as maatskaplike werker kan hê, en figuur 5.2 wat toon dat negentien respondente (19=70%) ses jaar of minder jare se ondervinding as maatskaplike werker het. Dit wil ook voorkom, na aanleiding van die bogenoemde resultate dat min respondente sewe jaar of langer werkondervinding het. Hierdie gevolgtrekking word gemaak aangesien slegs drie respondente (3=11%) ‘n tydperk van sewe jaar of langer, se verbondendheid by hulle huidige organisasie het.

5.3.2 Kwalifikasies en opleiding

Die kennis en insig van respondente ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun is ondersoek na aanleiding van die kwalifikasies wat hulle behaal het en die opleiding wat hulle ondergaan het.

5.3.2.1 Hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk

Die respondente is versoek om die hoogste kwalifikasie wat hulle in maatskaplike werk behaal het, aan te dui deur die toepaslike kwalifikasie te merk. Die inligting wat bekom is, word in tabel 5.2 beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.2: Hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk

Hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk	**f**	**%**
Diploma in maatskaplike werk	0	0%
B.A. in maatskaplike werk (3 jaar)	0	0%
B. maatskaplike werk (4 jaar)	7	25%
B.A. maatskaplike werk (4 jaar)	4	14%
B.Diac maatskaplike werk (3 jaar)	1	3%
B.Diac maatskaplike werk (4 jaar)	15	55%
Honneurs B.A. maatskaplike werk	0	0%
M.A. maatskaplike werk	0	0%
D.Phil maatskaplike werk	0	0%

N=27

Volgens tabel 5.2 beskik die meerderheid respondente (15=55%) oor ‘n B.Diac maatskaplike werk (4 jaar) graad as hoogste kwalifikasie. Sewe respondente (7=25%) het die kwalifikasie B. maatskaplike werk (4 jaar) behaal. Vier respondente (4=14%) het die kwalifikasie B.A. maatskaplike werk (4 jaar) behaal, en een respondent (1=3%) het aangedui dat sy ‘n B.Diac maatskaplike werk (3 jaar) kwalifikasie behaal het. Slegs een uit sewe-en-twintig respondente (1=3%) beskik oor ‘n drie jaar kwalifikasie, terwyl die ander ses-en-twintig (26=96%) van die respondente oor ‘n vier jaar graad in maatskaplike werk beskik. Uit die resultate is dit duidelik dat geen respondent (0=0%) oor ‘n M.A. maatskaplike werk of D.Phil maatskaplike werk kwalifikasie beskik nie.

5.3.2.2 Ander kwalifikasies wat bekom is en verbandhoudend met maatskaplike werk is

Ander kwalifikasies wat die respondente bekom het en verbandhoudend met maatskaplike werk is, was ‘n verdere aspek wat ondersoek is. In tabel 5.3 word die resultate met betrekking tot die ander kwalifikasies wat die respondente bekom het aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.3: Ander kwalifikasies wat bekom is en verbandhoudend met maatskaplike werk is

Kwalifikasies	Beskrywing van kwalifikasie	f	%
Geen ander kwalifikasies bekom	Geen ander kwalifikasies is bekom nie	22	81%
Besig om kwalifikasie te verwerf	Nagraadse studie in kinder- en gesinstudies	1	3%
Sertifikaatkursusse	Pastorale terapie: trauma berading; RP model in kinderassessering; spelterapie; bestuur van Nie-regeringsorganisasies (NRO's) en Nie-winsgewende Organisasies (NWO's) en ekometriese assessering	4	14%

N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

In tabel 5.3 word aangedui dat die meerderheid van twee-en-twintig respondente (22=81%) geen verdere kwalifikasies wat verbandhoudend met maatskaplike werk is, bekom het nie. Vier respondente (4=14%) het 'n sertifikaatkursus wat verband hou met maatskaplike werk voltooi. Een respondent (1=3%) is tans besig om 'n kwalifikasie in kinder-en gesinstudies te verwerf.

Die feit dat die meeste respondente (22=81%) geen verdere kwalifikasies wat verbandhoudend met maatskaplike werk is, bekom het nie, kan moontlik te wyte wees aan die hoë aantal respondente wat drie jaar of minder se werkondervinding het en ook drie jaar of minder werksaam is by hulle huidige organisasie is. Die gevolgtrekking word gemaak dat respondente se beperkte werkondervinding en beperkte tydperk van verbondenheid aan hulle huidige organisasies, hulle moontlik nie genoegsame tyd gelaat het vir verdere studies nie.

'n Verdere rede vir die hoë getal respondente (22=81%) wat nie ander kwalifikasies bekom het nie, kan moontlik wees omdat die respondente nie dienste lewer in 'n spesifieke spesialiteitsveld nie en daarom nie 'n behoefte het aan kwalifikasies in 'n spesifieke spesialiteitsveld nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2.3 Opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun

Met betrekking tot opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun, is respondente gevra om aan te dui watter opleiding hulle in hierdie verband ontvang het. Die resultate word in tabel 5.4 weergegee.

Tabel 5.4:Opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun

Opleiding ontvang	Beskrywing van opleiding	f	%
Geen	Geen opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun is ontvang nie	17	62%
Kindermishandeling	Kindermishandeling; kindertrauma en berading; spelterapie; forensiese onderhoudvoering met adolessente en voorskoolse kinders; die kind as getuie	9	33%
Ontoepaslike response	Boelie gedrag in Suid-Afrika; opleiding in basiese gebaretaal; fetale alkohol sindroom; die maatskaplike werker as geestesgesondheidswerker	1	3%

N=27

Sewentien respondente (17=62%) het aangedui, soos weergegee in tabel 5.4, dat hulle geen opleiding met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun ontvang het nie. ‘n Minderheid van nege respondente (9=33%) het opleiding in kindermishandeling ontvang. Hierdie nege respondente (9=33%) se opleiding het nie spesifiek gefokus op die seksuele mishandeling van die seun nie, maar het wel die seun as slagoffer van kindermishandeling ingesluit. Een respondent (1=3%) het ‘n ontoepaslike respons gelewer en opleiding aangedui wat geen betrekking het op die seksuele mishandeling van die seun nie.

Die afleiding word gemaak dat geen respondent (0=0%) opleiding ontvang het wat slégs gefokus het op die seksuele mishandeling van die seun nie, en dat opleiding nie gefokus het op ‘n spesifieke geslag nie, maar alle kinders gesamentlik beskou het. Hierdie bevindinge stem ooreen met literatuur (Richter et al., 2004:8,21) wat aandui, dat indien beperkte begrip vir seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare bestaan, dit hoofsaaklik daaraan te wyte is dat daar oor seksuele mishandeling van kinders van alle ouderdomme, ontwikkelingsvlakke en geslagte gedink en gepraat word, asof dit dieselfde patroon volg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2.4 Inhoud van opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun

Op grond van die opleiding wat respondente ontvang het ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun, is respondente gevra om die inhoud van die opleiding te beskryf. Tabel 5.5 dui die resultate aan. Data is gekategoriseer na aanleiding van die inhoud van opleiding, kategorieë van opleiding en aspekte wat aangespreek is tydens opleiding.

Tabel 5.5:Inhoud van opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun

Inhoud van opleiding	**Kategorieë van opleiding**	**Aspekte wat aangespreek is binne opleiding**	**Response f**	**%**
Menslike ontwikkeling	Ontwikkelingsfases van die kind	Verskillende ontwikkelingsfases van kinders en forensiese onderhoudvoering met betrekking tot die kind se ontwikkelingsfase	2	7%
Kindermishandeling	Voorkoming	Voorkoming van seksuele mishandeling en die aanleidende faktore tot seksuele mishandeling	2	7%
	Vroeë intervensie	Identifisering van die seksueel mishandelde kind en die verskillende vorme van mishandeling	5	18%
	Intervensie	Terapeutiese dienslewering as maatskaplike werker aan die getraumatiseerde kind	2	7%
		Hulpverleningstegnieke, ontlonting en die skep van ’n atmosfeer tydens dienslewering aan die slagoffer van seksuele mishandeling	9	33%
		Bepaling van die aard en omvang van seksuele mishandeling en die gevolge van kindermishandeling, binne ’n multi-dissiplinêre span benadering	6	22%
	Nasorg	Verwysing na ’n professionele persoon wat verdere dienste aan die slagoffer lewer ten opsigte van die gevolge van seksuele mishandeling	2	7%

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inhoud van opleiding	**Kategorieë van opleiding**	**Aspekte wat aangespreek is binne opleiding**	**Response f**	**%**
Oortreders	Die konteks en motivering waarin en waar vanuit oortreders seuns seksueel mishandel	Patologie van die oortreder	2	7%
Wetgewing	Toepaslike Suid-Afrikaanse wetgewing met betrekking tot die definiëring van kindermishandeling en seksuele mishandeling	Die Suid-Afrikaanse Kinderwet, 38 van 2005; die Kindergeregtelikheidswet ("Child Justice Act"), 75 van 2008; die skryf van 'n slagofferverslag	2	7%
Ontoepaslike response	Aard van ontoepaslike response	Gesinshereniging opleiding; proefdienste en aanneming	3	11%
		Bewys gebaseerde en kliniese berading ten opsigte van middelmisbruik; kognitiewe vermoë van kinders met fetale alkohol sindroom (FAS) en die gedragsgevolge daarvan	3	11%
		Geslagsgebaseerde geweld en skuilings	2	7%

N=27

*Respondente kon meer as een antwoord gee.

Tabel 5.5 se resultate toon die inhoud van opleiding wat respondente ontvang het ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun. Die meerderheid respondente (17=62%) het nie die vraag beantwoord nie, aangesien hulle geen opleiding met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun ontvang het nie. Slegs tien respondente (10=37%) het die vraag beantwoord. Die meerderheid van die respondente se response (26=96%) het aangedui dat die inhoud van opleiding gefokus was op kindermishandeling en meer spesifiek op voorkoming (2=7%), vroeë intervensie (5=18%), intervensie (17=62%) en nasorg (2=7%). Agt response (8=29%) was ontoepaslike response, en inhoud van opleiding wat nie van toepassing is op die seksuele mishandeling van die seun nie, is aangedui. 'n Gelyke hoeveelheid van twee response (2=7%) het aangedui dat die inhoud van die opleiding wat ontvang is, gefokus was op menslike ontwikkeling en oortreders, terwyl twee response (2=7%) die inhoud van opleiding aangedui het, as inhoud wat gefokus was op wetgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit wil voorkom dat alhoewel die inhoud van opleiding wel aspekte aangespreek het soos kennis met betrekking tot ontwikkelingsfases, voorkoming, vroeë intervensie en nasorg aan die seun ten einde die seksuele mishandeling te verwerk, asook aspekte met betrekking tot oortreders en wetgewing, het die inhoud van die meerderheid van opleiding (17=62%) op intervensie gefokus. Die inhoud van opleiding was ook nie in alle gevalle toepaslik ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun nie (8=29%), aangesien aspekte soos gesinshereniging, middelmisbruik en gesinsgeweld wat nie betrekking het op die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare nie, ook aangedui is deur respondente as inhoud wat ontvang is ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun.

Die afleiding kan gemaak word dat die opleiding wat respondente ontvang, wél seksuele mishandeling aanspreek, maar nie spesifiek fokus op die seksuele mishandeling van die seun nie. Hierdie bevindinge is ‘n bevestiging van tabel 5.4 se resultate dat maatskaplike werkers nie opleiding ontvang het met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun nie, alhoewel die inhoud van opleiding wel kindermishandeling behels het wat die seun as slagoffer van kindermishandeling ingesluit het.

5.3.3 Huidige werksituasie

Respondente se huidige werksituasie is op grond van die tipe organisasie waar hulle in diens is, asook met betrekking tot die hoeveelheid kliënte waaraan hulle dienste lewer, beskou. ‘n Aanduiding van respondente se gevalleladings word dus verkry.

5.3.3.1 Tipe organisasie in diens as maatskaplike werker

Ten opsigte van respondente se huidige werksituasie is hulle gevra om aan te dui by watter tipe organisasie hulle in diens is as maatskaplike werker. Tabel 5.6 dui die tipe organisasie aan waar respondente in diens is.

Tabel 5.6:Tipe organisasie in diens as maatskaplike werker

Organisasie	**f**	**%**
Staat	23	85%
NRO	3	11%
Privaat	1	3%

N=27

Uit tabel 5.6 word dit duidelik dat die meerderheid respondente (23=85%) by die Staat as maatskaplike werker in diens is. Drie respondente (3=11%) is by Nie-regeringsorganisasies (NRO's) in diens as maatskaplike werker en een respondent (1=3%) lewer dienste as maatskaplike werker in privaatpraktyk.

Daar word afgelei dat die meerderheid respondente (26=96%) by die Staat as maatskaplike werker in diens is, waarskynlik omdat hulle beurse en lenings om maatskaplike werk te studeer vanaf die Staat ontvang het, en by die Staat as werkgewer, die meeste voordele met betrekking tot maatskaplike werk as beroep ontvang. 'n Verdere moontlikheid is dat die meeste respondente by die Staat as maatskaplike werker in diens is, weens die beskikbaarheid van poste. Hierdie moontlikheid bestaan omdat die meerderheid respondente aangedui het dat hulle beperkte werkondervinding het. Hulle eerste pos as maatskaplike werker kan dus heel moontlik in die Staatsdiens wees. Die gebrek aan ander organisasies in die omgewing wat maatskaplike werkers in diens stel, kan ook moontlik daartoe bydra dat die meerderheid respondente in hierdie spesifieke geografiese gebied by die Staat as maatskaplike werker in diens is.

5.3.3.2 Hoeveelheid individuele kliënte waaraan dienste gelewer word

Respondente is gevra om aan te dui aan hoeveel individuele kliënte hulle dienste lewer. Figuur 5.3 dui die resultate met betrekking tot respondente se gevalleladings aan.



N=27

Figuur 5.3:Hoeveelheid individuele kliënte waaraan dienste gelewer word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5.3 dui aan dat ses respondente (6=22%) dienste lewer aan een-en-vyftig tot honderd individuele kliënte. Vyf respondente (5=18%) lewer dienste aan twee honderd of meer individuele kliënte. Vier respondente (4=14%) lewer dienste aan honderd een-en-vyftig tot twee honderd individuele kliënte. ‘n Gelyke hoeveelheid van drie respondente (3=11%) lewer dienste aan honderd-en-een tot honderd-en-vyftig individuele kliënte, en aan een tot vyftig individuele kliënte. Drie respondente (3=11%) het aangedui dat hulle gevallelading wisselend is en geen gevallelading is voorsien nie, terwyl drie respondente (3=11%) nie die vraag beantwoord het nie.

Daar word bevind dat twaalf respondente (12=44%), dit wil sê minder as die helfte van die respondente, se gevalleladings méér as honderd individuele kliënte behels. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie hoë gevalleladings en die groot getal van individuele kliënte waaraan respondente dienste moet lewer, moontlik tot gevolg kan hê dat terapeutiese dienslewering belemmer kan word.

5.3.4 Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase vanuit ‘n menslike ontwikkelingsperspektief

Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase word beskou vanuit ‘n menslike ontwikkelingsperspektief. Verskillende ontwikkelingsareas in die middelkinderjare word op gefokus ten einde die area of areas waar die meeste probleme voorkom te kan identifiseer.

5.3.4.1 Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waar die meeste probleme voorkom met voorbeelde daarvan

Inligting is ingesamel vanaf deelnemers met betrekking tot die middelkinderjare as ontwikkelingsfase vanuit ‘n menslike ontwikkelingsperspektief. Deelnemers is gevra om aan te dui in watter ontwikkelingsareas van die seun in die middelkinderjare daar na húlle mening, die mééste probleme voorkom. Hulle is ook gevra om deur middel van voorbeelde aan te dui hoe hierdie probleme manifesteer. Deelnemers kon meer as een ontwikkelingsarea aandui en ook meer as een voorbeeld gee. Tabel 5.7 dui aan watter probleme deur deelnemers geïdentifiseer is as ontwikkelingsareas waarin die meeste probleme voorkom. Die voorkoms van die probleme wat geïdentifiseer is, word ook in tabel 5.7 weergegee na aanleiding van die voorbeelde wat deur deelnemers aangedui is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.7: Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waar die meeste probleme voorkom met voorbeelde daarvan

Tema: Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waarin die meeste probleme voorkom				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
Fisiologiese ontwikkeling	1. Liggaamlike beserings 2. Fisiologiese ontwikkelingsvaardighede	"*Fisiese letsels en beserings*." "*'n Gestremde kind of kind met FAS sal op fisiologiese en kognitiewe vlak meer kwesbaar wees*."	3	11%
Kognitiewe ontwikkeling	1. Brein-ontwikkeling met betrekking tot opvoeding en ontwikkeling 2. Akademiese prestasie en skoolbywoning of vroeë skoolverlating	"*FAS kind het geen besef van seksuele misdryf nie*." "*Te min seksuele opvoeding. Kennis vlak is laag ten opsigte van seksuele mishandeling.*" "*Die kinders (*seuns in hulle middelkinderjare) *vaar merkbaar swakker op skool*."	6	22%
Sosiale ontwikkeling	1. Portuurgroep en die bou van verhoudinge 2. Sosialisering 3. Sosiale persepsies en gedrag volgens die samelewing se norme, standaarde en waardes	"*Hulle (*seuns in hulle middelkinderjare*) het min goeie maats.*" "*(*Hierdie seun in sy middelkinderjare*) Wil nie buite met maats speel nie, onttrek homself van sport aktiwiteite.*" "*Boelie of sosialiseer moeilik.*" "*Onaanvaarbare gedrag binne sosiale konteks…hy bly met sy hand aan sy geslagsorgaan vat en binne broek.*"	17	62%

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tema: Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waarin die meeste probleme voorkom				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
	4. Die behoefte aan ouers en geborgenheid of die gebrek daaraan	"*Seun wil behoort aan…'n gevoel van geborgenheid hê. As seuns nie geborgenheid in hul ouerhuis ervaar nie sal hul dit op ander plekke soek.*"		
	5. Groepsdruk	"*Groepsdruk vind plaas en seuns doen dinge om aanvaar te word deur ander.*"		
	6. Kommunikasie binne die gesin en gemeenskap	"*Word gesien as taboe in gemeenskap om daaroor (*seksuele aspekte*) te kommunikeer. Kinders is bang om met hul ouers te kommunikeer.*"		
	7. Gesinsfunksionering of disfunksionering	"*Middelmisbruik in die gesin.*" "*Omgewing waarin seun opgroei…vriende en familie.*"		
Emosionele ontwikkeling	1. Emosionele volwassenheid of onvolwasseheid	"*Die kind (*die seun in sy middelkinderjare*) kom voor asof hy emosioneel jonger is as sy portuurgroep.*"	14	51%
	2. Verhouding met ouers of die gebrek aan 'n verhouding	"*Apatiese houding teenoor moeder.*" "*Kind (*die seun in sy middelkinderjare*) wat afgebreek word deur familie en gemeenskap.*"		
	3. Ontwikkelingsvaardighede en hanteringsvaardighede van die seun self en in verhouding tot andere	"*Emosioneel onvolwasse introverte of boelies.*" "*Terughoudend.*"		

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tema: Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waarin die meeste probleme voorkom				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
	4. Behoefte aan 'n vader en struktuur in die gesin of verbrokkeling van die gesin 5. Emosionele behoeftes en positiewe of negatiewe emosionele belewenisse	*"Beide ouers van die kind is oorlede en ook waar die ouers op 'n groot ouderdom van die kind oorlede is."* *"Die kind is baie angstig en bang."* *"Negatiewe aandag pogings, probeer oormatig om ander tevrede te stel."*		
Seksuele ontwikkeling	1. Die impak van seksuele probleme op die seun se ontwikkelingsfases 2. Aanvaarbare of onaanvaarbare seksuele gedrag	"*Prostitusie tydens tienerjare*" *"Maak sy bed nat op twaalfjarige ouderdom."* "*Selfbevrediging en betasting van ander kinders*." *"Seuns beleef normaalweg seksuele antagonisme rondom nege tot elf jaar. Blootstelling aan seksuele misdryf lei tot geseksualiseerde ontoepaslike gedrag. Ek vind dit algemeen by my kliënte basis*."	12	44%

N=27

* Deelnemers kon meer as een antwoord gee.

Uit tabel 5.7 word die verskillende subtemas vervolgens bespreek.

I. Fisiologiese ontwikkeling

Met betrekking tot fisiologiese ontwikkeling het drie deelnemers (3=11%) hierdie ontwikkelingsarea as 'n probleemarea met betrekking tot die ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare aangedui. Kategorieë wat geïdentifiseer is, behels liggaamlike beserings en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fisiologiese ontwikkelingsvaardighede. Deelnemers dui aan dat "*fisiese letsels en beserings*" voorkom en dat "*'n gestremde kind of kind met FAS sal op fisiologiese en kognitiewe vlak meer kwesbaar wees*". Hierdie menings van deelnemers stem ooreen met literatuur, aangesien skrywers soos Snowman et al. (2009:78-80), Ferrara (2002:178), asook Davies (1999:295,296) en Louw et al. (1998:326,327) aandui dat fisiese letsels en kinders met gestremdhede meer kwesbaar is en dat seuns in die middelkinderjare weens 'n gestremdheid gespot kan word en sosiale verwerping kan ervaar. Daar kan afgelei word dat liggaamlike beserings wat by die seun in die middelkinderjare kan voorkom, nie noodwendig 'n aanduiding van mishandeling is nie, aangesien die seun in hierdie ontwikkelingsfase wel maklik beserings kan opdoen weens die ontwikkelingsfase waarin hy is. Die afleiding kan ook gemaak word dat areas wat aandag benodig met betrekking tot fisiologiese ontwikkeling egter ondersoek moet word ten opsigte van die moontlikheid van seksuele mishandeling, aangesien die seun wat se fisiologiese ontwikkelingsmylpale nie bereik is nie, wel weerloos is vir seksuele mishandeling.

II. Kognitiewe ontwikkeling

Volgens ses deelnemers (6=22%) is kognitiewe ontwikkeling, 'n ontwikkelingsarea waarin probleme voorkom. Brein-ontwikkeling met betrekking tot opvoeding en ontwikkeling, akademiese prestasie en skoolbywoning of vroeë skoolverlating is as kategorieë van kognitiewe ontwikkeling geïdentifiseer. Ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling is die opmerking van een deelnemer dat die "*FAS kind het geen besef van seksuele misdryf nie*". Een deelnemer is ook van mening dat seuns in hulle middelkinderjare "*vaar merkbaar swakker op skool*". Probleme ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling wat geïdentifiseer is, korreleer met literatuur (Keenan & Evans, 2009:113,158,159 & Kagan, 1984 in Davies, 1999:296) wat aandui dat die brein-ontwikkeling van die seun drastiese veranderinge in die eerste stadium van ontwikkeling in die middelkinderjare ondergaan. Die effek wat skool op kognitiewe ontwikkeling het, moet ook volgens die skrywers in ag geneem word. Dit wil voorkom dat probleme met betrekking tot kognitiewe ontwikkeling soos fetale alkohol sindroom (FAS), asook 'n gebrek aan onderrig en opvoeding met betrekking tot lewensoriëntering binne die skool, wel 'n invloed het op die seun se kennis en insig ten opsigte van seksuele mishandeling, aangesien deelnemers aandui dat die seun in hierdie ontwikkelingsfase en -area merkbaar swakker vaar op skool.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

III. Sosiale ontwikkeling

Sosiale ontwikkeling word deur die meerderheid deelnemers (17=62%) aangedui as die ontwikkelingsarea waarin die meeste probleme voorkom ten opsigte van die seun in sy middelkinderjare. Ten opsigte van sosiale ontwikkeling behels die kategorieë wat in hierdie tabel geïdentifiseer is, die invloed van portuurgroep en die bou van verhoudinge, sosialisering, asook sosiale persepsies en gedrag volgens die samelewing se norme, standaarde en waardes. Deelnemers dui aan dat hierdie seun "*het min goeie maats*", "*sosialiseer moeilik*" en toon "*onaanvaarbare gedrag binne* die *sosiale konteks*".

Verdere kategorieë wat geïdentifiseer is, behels ook die behoefte van die seun aan ouers en geborgenheid of die gebrek daaraan, groepsdruk, kommunikasie binne die gesin en gemeenskap, asook gesinsfunksionering of disfunksionering. Deelnemers is van mening dat die "*seun wil behoort aan...'n gevoel van geborgenheid hê. As seuns nie geborgenheid in hul ouerhuis ervaar nie sal hul dit op ander plekke soek*".

Resultate ten opsigte van sosiale ontwikkeling korreleer met literatuur (Keenan & Evans, 2009:270,280,281; Steytler & Strydom, 2007:31; Davies, 1999:302; Horne & Kiselica, 1999:43; Louw et al., 1998:354), wat aandui dat die seun meer tyd van die huis af weg bestee, maar dat die gesin die spil waarom sy bestaan draai en sy bron van sekuriteit bly. Die afleiding kan gemaak word op grond van die sienings van die deelnemers dat probleme wat ervaar word met betrekking tot sosiale ontwikkeling as ontwikkelingsarea, hoofsaaklik die seun se verhouding met sy ouers en portuurgroep beïnvloed, wat dan kan uitkring na ander verhoudinge en areas in die seun se lewe.

IV. Emosionele ontwikkeling

Veertien deelnemers (14=51%) dui emosionele ontwikkeling aan as 'n ontwikkelingsarea waarin probleme voorkom. Kategorieë ten opsigte van emosionele ontwikkeling wat geïdentifiseer is, behels emosionele volwassenheid of onvolwassenheid, die verhouding met ouers of die gebrek aan 'n verhouding, asook ontwikkelingsvaardighede en hanteringsvaardighede met betrekking tot die seun self en in verhouding tot andere. Deelnemers is van mening dat "die seun in sy middelkinderjare *kom voor asof hy emosioneel jonger is as sy portuurgroep*" en dat hierdie seun ook 'n "*apatiese houding teenoor* sy *moeder*" het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verdere kategorieë wat geïdentifiseer is, behels ook die behoefte aan ’n vader en struktuur in die gesin of verbrokkeling van die gesin, en emosionele behoeftes en positiewe of negatiewe emosionele belewenisse. Volgens deelnemers is hierdie seuns “*baie angstig en bang*” en toon “*negatiewe aandag pogings*”.

Skrywers (Steytler & Strydom, 2007:31; Spies, 2006:164; Horne & Kiselica, 1999:26) bevestig dat die bogenoemde emosionele behoeftes en probleme, wel emosionele behoeftes ten opsigte van die emosionele ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare is. Hierdie skrywers identifiseer emosionele behoeftes wat vervul moet word, as die behoefte aan basiese fisieke versorging, sekuriteit, leiding, ondersteuning en beheer. Hierdie emosionele behoeftes wat vervul moet word sluit ook in liefde, aandag, respek, stimulasie om te leer, onafhanklikheid en verantwoordelikheid.

V. Seksuele ontwikkeling

Die ontwikkelingsarea van seksuele ontwikkeling is deur twaalf deelnemers (12=44%) as ‘n ontwikkelingsarea waarin probleme voorkom aangedui. Kategorieë wat geïdentifiseer is, sluit in die impak van seksuele probleme op die ontwikkelingsfases en aanvaarbare of onaanvaarbare seksuele gedrag. Deelnemers is van mening dat “*geseksualiseerde ontoepaslike gedrag*” en “*betasting van ander kinders*” voorkom as probleme in hierdie ontwikkelingsarea van die seun in sy middelkinderjare. Literatuur (Silovsky & Bonner, 2004:2) is in ooreenstemming met resultate en dui aan, dat onaanvaarbare gedrag en seksuele gedrag wat sonder toestemming plaasvind, kan voorkom. Hierdie gedrag gaan volgens die skrywers met hoë vlakke van vrees, angs en spanning gepaard.

Daar word bevind dat sosiale-, emosionele- en seksuele ontwikkeling, ontwikkelingsareas is waarin die mééste probleme voorkom volgens hierdie ondersoekgroep, terwyl die ontwikkelingsarea van kognitiewe- en fisiologiese ontwikkeling, die ontwikkelingsareas is waarin die minste probleme voorkom, met betrekking tot die seun in sy middelkinderjare. Uit die resultate kan ook afgelei word dat die verskillende ontwikkelingsareas mekaar wedersyds kan beïnvloed en dus onskeibaar is. Hierdie wedersydse beïnvloeding kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die seun altyd in verhouding met ander persone funksioneer, en bevestig weereens die belangrikheid van sosiale ontwikkeling as ontwikkelingsarea.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.5 Seksuele mishandeling van seuns as maatskaplike werk verskynsel

Seksuele mishandeling as maatskaplike werk verskynsel word vervolgens beskou teen die agtergrond van die middelkinderjare as ontwikkelingsfase en die verskillende ontwikkelingsareas wat daarmee verband hou.

5.3.5.1 Verskillende vorme van kindermishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom

Met betrekking tot die seksuele mishandeling van seuns as maatskaplike werk verskynsel, is respondente gevra om aan te dui watter verskillende vorme van kindermishandeling in hulle gevalleladings voorkom. Hulle is gevra om die verskillende vorme aan te dui op grond van die hoogste voorkoms en die laagste voorkoms. Data word aangedui in drie figure.

In figuur 5.4 word die verskillende vorme van kindermishandeling wat deur respondente aangedui is op grond van die hoogste voorkoms, uitgelig. Die verskillende vorme van kindermishandeling wat deur respondente aangedui is op grond van die laagste voorkoms, word in figuur 5.5 getoon. Figuur 5.6 dui aan hoeveel respondente die verskillende vorme nié aangedui het nie, op grond van die hoogste of die laagste voorkoms in hulle gevalleladings.



N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Figuur 5.4 Verskillende vorme van kindermishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom op grond van die hoogste voorkoms

Vanuit figuur 5.4 is dit duidelik dat die meerderheid van drie-en-twintig respondente (23=85%) verwaarlosing as die vorm van kindermishandeling beskou wat die hoogste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorkoms het in hulle gevalleladings. Veertien respondente (14=51%) dui fisieke mishandeling as hoogste voorkoms in hulle gevalleladings aan. Dertien respondente (13=48%) dui emosionele mishandeling as hoogste voorkoms in hulle gevalleladings aan. Ses respondente (6=22%) dui seksuele mishandeling as hoogste voorkoms in hulle gevalleladings aan. Vier respondente (4=14%) dui eksploitering as hoogste voorkoms in hulle gevalleladings aan. Dit wil voorkom uit die resultate dat verwaarlosing die vorm van mishandeling is wat die meeste voorkom (23=85%) in respondente se gevalleladings.

Hierdie resultate is gedeeltelik in ooreenstemming met literatuur (Richter et al., 2004:80; Spiegel, 2003:42) wat aandui dat verwaarlosing en fisieke mishandeling stérk aanduiders van moontlike kroniese seksuele mishandeling kan wees. Die lae voorkoms van seksuele mishandeling en eksploitering wat deur tien respondente (10=37%) gesamentlik aangedui is, korreleer dus nie met die bogenoemde literatuur wat die moontlikheid van kroniese seksuele mishandeling, indien verwaarlosing voorkom, aandui nie. Die afleiding kan gemaak word dat die hoë voorkoms van verwaarlosing en fisieke mishandeling ook ‘n hoër voorkoms van seksuele mishandeling tot gevolg sou kon hê en dat die voorkoms van seksuele mishandeling dus moontlik as hoër beskou kan word, as wat die werklike voorkoms daarvan dalk is.



N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Figuur 5.5: Verskillende vorme van kindermishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom op grond van die laagste voorkoms

Soos beskou in figuur 5.5, word getoon dat eksploitering deur die meerderheid van vyftien respondente (15=55%) beskou word as die vorm van kindermishandeling wat die laagste voorkoms in hulle gevalleladings het. Dertien respondente (13=48%) dui seksuele mishandeling as die laagste voorkoms in hulle gevalleladings aan, terwyl vier respondente

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(4=14%) emosionele mishandeling as die laagste voorkoms in hulle gevalleladings aandui. ‘n Gelyke hoeveelheid van drie respondente (3=11%) dui fisieke mishandeling en verwaarlosing as die laagste voorkoms in hulle gevalleladings aan. Dit wil voorkom uit die resultate dat eksploitering die vorm van mishandeling is wat die minste voorkom in die respondente se gevalleladings, aangesien die meerderheid van (15=55%) respondente aangedui het dat eksploitering ‘n lae voorkoms in hulle gevalleladings het. Die resultate van figuur 5.5 is in ooreenstemming met die resultate van figuur 5.4 wat verwaarlosing, fisieke mishandeling en emosionele mishandeling as hoogste voorkoms van die verskillende vorme van kindermishandeling aandui, teenoor seksuele mishandeling en eksploitering as laagste voorkoms. Daar kan afgelei word dat eksploitering en seksuele mishandeling in die meerderheid van respondente se gevalleladings, nié dikwels voorkom nie.

Die afleiding wat gemaak is vanuit figuur 5.4 en figuur 5.5 korreleer met literatuur. Volgens skrywers (Doyle, 2006:22; Munro, 2002:50.51) is die lae voorkoms van eksploitering en seksuele mishandeling moontlik daaraan te wyte, dat daar nie eenstemmigheid is met betrekking tot wat kindermishandeling is nie. Literatuur (Corby, 2006:79-83; Richter et al., 2004:22,23; Abel & Harlow, 2001:5) sluit by die bogenoemde skrywers aan en is van mening dat verskille en wanpersepsies met betrekking tot die definisies van kindermishandeling ‘n negatiewe impak op navorsing het. Volgens die bogenoemde skrywers gee hierdie verskille en wanpersepsies aanleiding tot groot variasies in die getalle van seksuele mishandeling aangesien verskille in definisies, wetlike en kliniese beskrywings, kultuurverskille en onvolledige rekordhouding voorkom.



N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Figuur 5.6: Verskillende vorme van kindermishandeling wat nie in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In figuur 5.6 word aangedui hoeveel respondente nié enige van die vorme van kindermishandeling aangedui het, as vorme wat in hulle gevalleladings voorkom, nie. Die resultate soos beskou in figuur 5.6 dui ‘n gelyke hoeveelheid van tien respondente (10=37%) aan wat nie fisieke mishandeling of emosionele mishandeling, in hulle gevalleladings het nie. ‘n Gelyke hoeveelheid van agt respondente (8=29%) dui aan dat hulle nie seksuele mishandeling of eksploitering in hulle gevalleladings het nie. Slegs een respondent (1=3%) het aangedui dat daar nie verwaarlosing in die gevallelading voorkom nie. Die afleiding kan gemaak word dat ‘n beduidende persentasie van agt (8=29%) tot tien (10=37%) respondente, wat meer as ’n kwart van die respondente is, aangedui het dat nie een van die vorme van kindermishandeling in hulle gevalleladings voorkom nie.

Uit die bogenoemde drie figure word die afleiding gemaak dat die vorm van kindermishandeling met die hoogste voorkoms, wat deur die meeste respondente (23=85%) in hulle gevalleladings geïdentifiseer word, dié van verwaarlosing is. Die vorm van kindermishandeling met die laagste voorkoms wat deur die meeste respondente (15=55%) in hulle gevalleladings geïdentifiseer word, kom voor as dié van eksploitering. Daar kan afgelei word uit die resultate soos beskou in figuur 5.4 en figuur 5.5 dat verwaarlosing en fisieke mishandeling meer gereeld geïdentifiseer word deur maatskaplike werkers as vorme van kindermishandeling, terwyl eksploitering en seksuele mishandeling, minder gereeld geïdentifiseer word deur maatskaplike werkers as vorme van kindermishandeling. Hierdie bevinding kan moontlik daaraan toegeskryf word, dat alle vorme van kindermishandeling ‘n groeiende probleem kan wees, en dat daar nie slégs soos literatuur aandui, ‘n groei in seksuele mishandeling plaasvind nie. Die moontlikheid dat daar wel ’n gebrek aan eenstemmigheid kan wees ten opsigte van die definisie van kindermishandeling, en dat hierdie gebrek aan eenstemmigheid moontlik bydra tot onsekerheid met betrekking tot die identifisering van verskillende vorme van kindermishandeling kan moontlik verder ondersoek word.

5.3.5.2 Aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare

Respondente is gevra om aan te dui watter faktore in die gemeenskappe waar hulle dienste lewer, aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, op grond van die hoogste, minder hoogste en laagste voorkoms. Tabel 5.8 gee ‘n aanduiding van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

watter faktore deur respondente aangedui is as aanleidend tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare.

Tabel 5.8:Aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare

Aanleidende faktore tot seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare	**Hoogste voorkoms f (%)**	**Minder hoogste voorkoms f (%)**	**Laagste voorkoms f (%)**	**Nie geantwoord f (%)**
Individuele faktore: bevolkingsgroep, geslag, ouderdom en ontwikkelingsfase, seksuele oriëntasie	3 (11%)	13 (48%)	10 (37%)	1(3%)
Gesinsfaktore: middelmisbruik van ouers, verbrokkelde gesinne, geestelike gesondheid van ouers, kriminele gedrag van ouers, voorkoms van mishandeling en verwaarlosing in die gesin	25 (92%)	2 (7%)	0 (0%)	0(0%)
Gemeenskapsfaktore: sosio-ekonomiese- en politieke faktore, verliese aan hulpbronne in die gemeenskap, kulturele faktore, godsdienstige faktore	5 (18%)	15 (55%)	6(22%)	1(3%)

N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Met betrekking tot *individuele faktore*, as aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, blyk dit dat die meeste respondente (13=48%) aangedui het, dat individuele faktore die hoogste voorkoms in hulle gevalleladings het. Tien respondente (10=37%) het aangedui dat individuele faktore die laagste voorkoms in hulle gevalleladings het. Drie respondente (3=11%) het aangedui dat individuele faktore die hoogste voorkoms in hulle gevalleladings het. Een respondent (1=3%) het nie die vraag beantwoord nie.

Dit wil voorkom asof individuele faktore nié die aanleidende faktore is wat die grootste rol speel in die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, volgens die menings van die respondente in hierdie ondersoekgroep nie, maar dat dit wél beskou word as faktore wat ’n rol speel. Literatuur (Corby, 2006:205; Spiegel, 2003:40; Roos & Vorster, 2003:111) stem ooreen dat hierdie individuele faktore wel aanleidend is in die seksuele mishandeling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die seun en dat die seun in sy middelkinderjare méér weerloos is as byvoorbeeld die seun in sy adolessentefase.

Ten opsigte van *gesinsfaktore* as aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare het sewe-en-twintig respondente (27=100%) gesamentlik aangedui dat gesinsfaktore die hoogste en minder hoogste voorkoms het, waarvan vyf-en-twintig respondente (25=92%) gesinsfaktore aangedui het as die hoogste voorkoms. Twee respondente (2=7%) het aangedui dat gesinsfaktore die minder hoogste voorkoms het. Geen respondente (0=0%) het gesinsfaktore as die laagste voorkoms beskou nie. Die afleiding kan gemaak word dat aanleidende faktore wat die grootste rol speel in die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, volgens die mening van die respondente in hierdie ondersoekgroep, dié van gesinsfaktore is. Hierdie resultate korreleer met Van der Kolk in Kirmayer et al. (2007:227) wat van mening is dat die meeste trauma vir die seun binne die woning begin en dat hierdie trauma ook ‘n beduidende impak op verskillende areas van die seun se funksionering het.

Met betrekking tot *gemeenskapsfaktore* as aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, toon tabel 5.8 dat die meerderheid van twintig respondente (20=74%) gesamentlik aangedui het dat gemeenskapsfaktore die hoogste en minder hoogste voorkoms het. Ses respondente (6=22%) het gemeenskapsfaktore aangedui as die laagste voorkoms. Een respondent (1=3%) het geen antwoord ten opsigte van gemeenskapsfaktore voorsien nie. Daar kan afgelei word dat gemeenskapsfaktore ‘n groter aanleidende faktor in die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, volgens die mening van die respondente is, as wat individuele faktore is. Dit wil egter voorkom dat gemeenskapsfaktore nié ‘n gróter aanleidende faktor tot die seksuele mishandeling van seuns volgens hierdie ondersoekgroep, as gesinsfaktore, is nie. Literatuur (Bezuidenhout & Joubert, 2008:214; Davies & Snyman, 2005:59; Kistner et al., 2004:7) is dit eens dat seuns wat in ‘n lae sosio-ekonomiese konteks in Suid-Afrika woon se risiko om ‘n slagoffer van seksuele mishandeling te wees groter is, as die seun wat in ‘n hoë sosio-ekonomiese konteks woon, en dat gemeenskapsfaktore dus wel ’n aanleidende faktor is. Hierdie resultate korreleer ook met skrywers (Munro, 2007:73; Roos & Vorster, 2003:111) se identifisering van aanleidende faktore, alhoewel hierdie skrywers nie die aanleidende faktore identifiseer in terme van die hoogste, minder hoogste of laagste voorkoms nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.5.3 Ander faktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare

Deelnemers se sienings is bekom oor wat na hulle mening aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare. Data word in tabel 5.9 aangedui.

Tabel 5.9: Ander faktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare

Tema: Ander aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
Individuele faktore soos: Geslag	1. Middelmisbruik deur die seun 2. Pornografiese materiaal 3. Toegang tot internet	*"Middelmisbruik deur kinders."* *"Pornografiese materiaal."* *"Die mediavryheid en toegang tot internet speel ook 'n groot rol."*	4	14%
Ouderdom en ontwikkelingsfase	1. Groepsdruk 2. Intellektuele gestremdheid soos fetale alkohol sindroom (FAS) 3. Identiteit en aanvaarding	*"Groepsdruk."* *"Intellektuele gestremdheid soos FAS maak dat die slagoffer maklik misbruik word."* *"Emosionele faktore…identiteit en aanvaarding."*	3	11%

Tema: Ander aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
Seksuele oriëntasie	1. Kwessies oor seksuele oriëntasie en seksualiteit 2.Eksperimenterende seksuele gedrag by die seun	*"'Gender issues' is ook nog 'n aanleidende faktor in ons land…die patriargstelsel nog prominent."* *"Eksperimentering."*	2	7%
Subtotaal			9	33%
Gesinsfaktore soos: Verbrokkelde gesinne	1.Hanteringsvaardighede en gevoelens van ouers weens werkloosheid 2. Middelmisbruik deur gesinslede 3. Gesin se omstandighede wat gepaard gaan met enkelouerskap of afwesige ouers en die gevolge daarvan op die seun	*"Ouers ervaar frustrasies vanweë werkloosheid, die vader is nie meer die broodwinner nie…hy verloor sy magsposisie in die gesin en haal dit op die kinders uit."* *"Middelmisbruik word gesien as aanvaarbaar."* *"Problematiese gesinsomstandighede lei tot enkelouer gesinne, kinders het lae selfbeeld en is maklike prooi vir seksuele oortreders."*	2	7%
Gesins-funksionering	1. Rolverandering van gesinslede 2. Beperkte ouerskapvaardig-hede	*"As ek aan my bedieningsarea dink, staan rolverandering ... uit."* *"Gebrek aan ouerskapvaardighede en volwasse toesig."*	2	7%
Kriminele gedrag van ouers	1. Gesinsgeweld en geweldadige optrede	*"Geweld as aanvaarbare wyse van optrede."*	1	3%

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tema: Ander aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
Mishandeling en verwaarlosing in die gesin	1. Familie en vriende wat self blootgestel was aan seksuele mishandeling 2. Vervulling of onvervuldheid van die seun se emosionele behoeftes soos liefde en aandag deur ouers, wat lei tot 'n soeke daarna by andere	*"Observerende gedrag uitgespeel deur seuns in die middelkinderjare."* *"Familie of vriende wat self blootgestel was aan seksuele mishandeling."* *"Ouers wat nie belangstel in hul kind nie, en kind soek liefde en aandag by ander."*	3	11%
Subtotaal			8	29%
Gemeenskaps-faktore soos: Sosio-ekonomiese- en politieke faktore	1. Armoede 2. Werkloosheid	*"Armoede…slagoffer word oortreder."* *"Werkloosheid."*	4	14%
Kulturele faktore	1. Kulturele gebruike en rituele in Suid-Afrika	*"Sekere kulturele gebruike ('rites of passage') en die wyse waarop sekere kultuurgroepe hul dogters/vrouens behandel."*	1	3%
Instellings	Faktore in opvoedkundige inrigtings soos gesagsfigure se blootstelling van die seun aan verkeerde voorbeelde	*"Opvoedkundige faktore."* *"Blootstelling deur middel van gesagsfigure wat veronderstel is om kinders te beskerm en op te voed."*	2	7%
Subtotaal			7	25%

Tema: Ander aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
Ander faktore soos: Enige ander faktore	1. Gebrek aan hulpverlening deur maatskaplike werkers 2. Vorige seksuele mishandeling wat daartoe lei dat die slagoffer die oortreder word 3. Menslike Immuniteitsgebrek Virus (MIV)/Vigs 4. Pedofiele	*"Slagoffers eis ook slagoffers…kinders wat nie gelei is tot ontlonting van seksuele misdrywe nie, doen dieselfde vanuit hul eie verwarring."* *"Dis partykeer 'n fase kringloop wat vorm wanneer manlike slagoffers die oortreder word."* "*HIV/Vigs noodsaak kinders om op 'n seksuele wyse geld/kos te bekom."* *"Pedofiele"*	5	18%
Subtotaal			5	18%
Nie geantwoord nie	Geen faktore geïdentifiseer nie	Geen faktore geïdentifiseer nie	12	44%
Subtotaal			12	44%

N=27

* Deelnemers kon meer as een antwoord gee.

Tabel 5.9 toon die resultate, met betrekking tot ander aanleidende faktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare. Deelnemers se resultate korreleer met die resultate in tabel 5.8. Verskeie individuele faktore, gesinsfaktore en gemeenskapsfaktore is deur deelnemers geïdentifiseer as faktore wat ook aanleidend is tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare.

I. Individuele faktore

Nege deelnemers (9=33%) het ander aanleidende faktore wat voorkom met betrekking tot die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare aangedui as individuele faktore.

i. Geslag

In terme van geslag as individuele faktor, het vier deelnemers (4=14%) aangedui dat geslag ’n aanleidende faktor in die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare is. Kategorieë wat voorkom is middelmisbruik deur die seun, pornografiese materiaal en toegang tot die internet. Deelnemers noem dat “*pornografiese materiaal”*, asook “*mediavryheid en toegang tot* die *internet*” ’n faktor is. Hierdie individuele faktore wat deur deelnemers aangedui is, stem ooreen met literatuur (Biehler, 2009:78-80; Davies et al., 2009:423; Spies, 2006:30), wat aandui dat die seun weens sy geslag meer weerloos is vir seksuele mishandeling, aangesien hy meer gewaagd optree, meer risiko’s neem en daarom mense en plekke besoek wat hom blootstel aan pornografie en middelmisbruik. Die afleiding kan gemaak word dat die seun in sy middelkinderjare weens sy geslag wel ’n hoë risiko het om seksueel mishandel te word en dat sy geslag hom waarskynlik ’n hoër risiko vir blootstelling aan pornografie maak as die dogter.

ii. Ouderdom en ontwikkelingsfase

Ouderdom en ontwikkelingsfase as individuele faktore, is deur drie deelnemers (3=11%) aangedui as ’n aanleidende faktor tot seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare. Kategorieë wat in tabel 5.12 geïdentifiseer is sluit in: groepsdruk, intellektuele gestremdheid soos fetale alkohol sindroom (FAS), asook identiteit en aanvaarding. Een deelnemer beskryf individuele faktore met betrekking tot die seun se ontwikkelingsfase as volg: “*intellektuele gestremdheid soos fetale alkohol sindroom (FAS), maak dat die slagoffer maklik misbruik word en die oortreder weet dat hy of sy baie moeilik uitgevang gaan word – vorige hofsake het dit reeds bewys”*. Deelnemers dui ook aan dat “*groepsdruk*”, *“...identiteit en aanvaarding*” aspekte is wat gepaard gaan met die seun se ouderdom en ontwikkelingsfase, en dat hierdie aspekte aanleidend is tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare.

Hierdie resultate korreleer met literatuur (Spies, 2006:245) wat noem dat die seun se ouderdomsgroep en ontwikkelingsfase daartoe bydra dat hy gemanipuleer kan word om die gevolge wat die seksuele mishandeling vir die oortreder inhou, te verstaan, asook sonder om te verstaan wat die gevolge daarvan vir homself is. Die seksuele mishandeling kan ook tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolg hê dat die seun as slagoffer self ‘n oortreder word. Daar kan afgelei word uit deelnemers se menings dat die seun in sy middelkinderjare nie slegs ’n risiko het om seksueel mishandel te word weens sy geslag nie, maar ook weens sy ouderdom en ontwikkelingsfase. Die afleiding kan daarom ook gemaak word dat die seun in sy middelkinderjare wél in ’n weerlose ouderdom vir seksuele mishandeling is.

iii. Seksuele oriëntasie

Ten opsigte van seksuele oriëntasie, toon twee deelnemers (2=7%) dat hierdie ’n aanleidende faktor tot seksuele mishandeling kan wees. Kategorieë naamlik: kwessies oor seksuele oriëntasie en seksualiteit en eksperimenterende seksuele gedrag by die seun, is geïdentifiseer. Volgens een deelnemer is “‘*gender issues’ ook nog ’n aanleidende faktor in ons land*”. Literatuur (Amsosa, 2009:3,4) korreleer met resultate in tabel 5.9 dat kwessies oor seksualiteit ‘n aanleidende individuele faktor in die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare kan wees. Na aanleiding van die resultate, kan daar afgelei word dat seuns in hulle middelkinderjare, moontlik verwarring en onsekerheid ervaar ten opsigte van hulle seksuele oriëntasie en dat hierdie verwarring en onsekerheid waarskynlik ’n aanleidende rol speel in seksuele mishandeling, veral aangesien eksperimentering ook deur deelnemers aangedui is as aanleidende faktore.

II. Gesinsfaktore

’n Verdere subtema was gesinsfaktore. Ten opsigte van gesinsfaktore wat as ander aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare geïdentifiseer is, het agt respondente (8=29%) gesinsfaktore geïdentifiseer.

i. Verbrokkelde gesinne

Verbrokkelde gesinne as gesinsfaktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van die seun is deur twee deelnemers (2=7%) aangedui. Hanteringsvaardighede en gevoelens van ouers weens werkloosheid, middelmisbruik deur gesinslede, en die gesin se omstandighede wat gepaard gaan met enkelouerskap of afwesige ouers en die gevolge daarvan op die seun, is as kategorieë geïdentifiseer. Deelnemers dui in hierdie verband aan dat “*problematiese gesinsomstandighede lei tot enkelouergesinne*”. Hierdie siening is in ooreenstemming met literatuur (Corby, 2006:144; Roos & Vorster, 2003:113) wat verbrokkelde gesinne weens byvoorbeeld middelmisbruik, enkelouergesinne, dood van een of albei ouers, gesinskonflik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en ‘n tekort aan ouerlike betrokkenheid as aanleidende gesinsfaktore vir die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, identifiseer. Daar kan afgelei word dat alhoewel verbrokkelde gesinne soos die bogenoemde literatuur aandui, ‘n aanleidende gesinsfaktor kan wees, die kategorieë van verbrokkelde gesinne ook gevólge kan wees van verbrokkeling wat reeds plaasgevind het. Dit wil dus voorkom dat die verbrokkeling van gesinne ’n voortgaande proses is en nie slegs as ’n gebeurtenis wat as gevolg van een of meer faktor voorkom, beskou moet word nie.

ii. Gesinsfunksionering

Ten opsigte van gesinsfunksionering, dui twee deelnemers (2=7%) aan dat gesinsfunksionering ’n aanleidende gesinsfaktor is. Kategorieë wat voorkom behels rolverandering in gesinslede en beperkte ouerskapvaardighede. ’n Deelnemer dui in hierdie verband aan dat ‘n “*gebrek aan ouerskapvaardighede en volwasse toesig*” voorkom. Die sienings van deelnemers korreleer met literatuur (Spiegel, 2003:26; Bezuidenhout & Joubert, 2003:222) wat aandui dat beperkte ouerskapsvaardighede kan voorkom en dat rolveranderinge voor kan kom omdat gesinslede verwarring ervaar oor hulle individuele rolle in die gesin. Die afleiding kan gemaak word dat gesinsfunksionering nie slegs ’n aanleidende faktor is met betrekking tot seksuele mishandeling nie, maar moontlik ook met betrekking tot verbrokkelde gesinne.

iii. Kriminele gedrag van ouers

Kriminele gedrag van ouers as gesinsfaktore wat aanleidend is tot seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare is deur een deelnemer (1=3%) aangedui. Gesinsgeweld en geweldadige optrede as kategorie is geïdentifiseer. Die deelnemer is van mening dat “*geweld as aanvaarbare wyse van optrede*” ’n aanleidende faktor is. Resultate met betrekking tot kriminele gedrag van ouers is in ooreenstemming met literatuur. Kriminele gedrag van ouers veroorsaak, volgens literatuur (Corby, 2006:144; Spiegel, 2003:25,26; Browne et al., 2002:206), onstabiliteit in gesinsomstandighede, met die gevolg dat gesinsgeweld, die onvermoë om woede te beheer en konstruktief te hanteer, kan voorkom. Dit wil voorkom dat kriminele gedrag van ouers wel ’n gesinsfaktor is wat nie slegs ’n impak op die gesin het en daarom aanleidend is tot seksuele mishandeling nie, maar wat veral aanleidend is aangesien dit binne die gesin self plaasvind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

iv. Mishandeling en verwaarlosing in die gesin

In terme van mishandeling en verwaarlosing as gesinsfaktore, toon drie deelnemers (3=11%) dat mishandeling en verwaarlosing voorkom. Kategorieë wat geïdentifiseer is behels: familie en vriende wat self blootgestel was aan seksuele mishandeling en die vervulling of onvervuldheid van die seun se emosionele behoeftes soos liefde en aandag deur sy ouers, wat lei tot 'n soeke daarna by andere. Deelnemers noem dat "*familie of vriende wat self blootgestel was aan seksuele mishandeling*" en "*ouers wat nie belangstel in hul kind nie*" aanleidende faktore ten opsigte van mishandeling en verwaarlosing is. Hierdie sienings is in ooreenstemming met literatuur (Richter et al., 2004:80; Spiegel, 2003:42) ten opsigte van mishandeling en verwaarlosing as aanleidende gesinsfaktore, aangesien hierdie skrywers van mening is dat die seun 'n groter waarskynlikheid het as ander seuns om famililede te hê wat self fisiek- of seksueel mishandel was. Dit wil dus voorkom dat familie en vriende van die seun in sy middelkinderjare wat self slagoffers van mishandeling was, die seun se risiko om 'n slagoffer van seksuele mishandeling te wees, kan verhoog.

III. Gemeenskapsfaktore

Met betrekking tot gemeenskapsfaktore, het sewe deelnemers (7=25%) aangedui dat gemeenskapsfaktore wat voorkom ook aanleidende faktore met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare is.

i. Sosio-ekonomiese- en politieke faktore

Ten opsigte van sosio-ekonomiese- en politieke faktore as gemeenskapsfaktore, is twee kategorieë geïdentifiseer, naamlik: armoede en werkloosheid. Vier deelnemers (4=14%) is van mening dat "*armoede...slagoffer word oortreder*" 'n rol speel. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met literatuur (Bezuidenhout & Joubert, 2008:214; Davis & Snyman, 2005:59; Kistner et al., 2004:7) wat aandui dat sosio-ekonomiese- en politieke faktore bydra tot seksuele mishandeling van seuns en dat híérdie faktore, gepaard gaan met verliese aan hulpbronne. Dit wil voorkom asof armoede en werkloosheid beskou kan word as faktore wat, alhoewel dit 'n impak het op die individu en gesin, ook ernstige gevolge inhou vir die gemeenskap aangesien armoede en werkloosheid volgens die menings van deelnemers 'n aanleidende gemeenskapsfaktor is in die seksuele mishandeling van die seun.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ii. Kulturele faktore

Ten opsigte van kulturele faktore het slegs een deelnemer (1=3%) aangedui dat kulturele faktore ’n aanleidende faktor tot die seksuele mishandeling van die seun is. Kulturele gebruike en rituele in Suid-Afrika is as kategorie geïdentifiseer. Soos deur een deelnemer verwoord is, is “*sekere kulturele gebruike (‘rites of passage’) en die wyse waarop sekere kultuurgroepe hul dogters/vrouens behandel*”, gedeeltelik in ooreenstemming met literatuur (Bezuidenhout & Joubert, 2008:214) wat aandui, dat hierdie aanleidende gemeenskapsfaktore beskou moet word vanuit ‘n kultureel interpersoonlike perspektief, soos dit verband hou met die kultuur van armoede in Suid-Afrika. Hierdie skrywers beskou kulturele faktore dus in samewerking met ander aanleidende faktore. Die afleiding kan gemaak word dat kulturele gebruike wel ’n aanleidende faktor is in die seksuele mishandeling van die seun, maar dat hierdie gebruike nie in isolasie bekou moet word nie, maar binne die konteks van die kultuur en gebruike, en as verbandhoudend met ’n kultuur van armoede.

iii. Instellings

Instellings is deur twee deelnemers (2=7%) as ‘ gemeenskapsfaktor wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van die seun, aangedui. In terme van instellings as gemeenskapsfaktor, is die kategorie wat voorkom: die faktore in opvoedkundige inrigtings soos gesagsfigure se blootstelling van die seun aan verkeerde voorbeelde. Deelnemers dui aan dat “*opvoedkundige faktore*” en “*blootstelling deur middel van gesagsfigure wat veronderstel is om kinders te beskerm en op te voed*” ’n rol speel met betrekking tot instellings as aanleidende faktor. Die siening van deelnemers dat die rol van gesagsfigure ‘n aanleidende gemeenskapsfaktor is, is in ooreenstemming met Sageman (2003:574,575) se mening dat instellings byvoorbeeld die skool en kerk, ‘n gemeenskapskultuur is waarbinne seksuele mishandeling kan plaasvind. Dit kom voor dat die risiko in terme van instellings as aanleidende faktor met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun, volgens hierdie deelnemers hoofsaaklik te wyte is aan die gesagsfigure binne die instelling en nié noodwendig aan die instelling as struktuur nie.

IV. Ander aanleidende faktore

Vyf deelnemers (5=18%) het ander aanleidende faktore aangedui wat voorkom. Alhoewel die kategorieë wat geïdentifiseer is, naamlik: ‘n gebrek aan maatskaplike werk dienslewering, vorige seksuele mishandeling wat veroorsaak dat die slagoffer die oortreder word, MIV/Vigs en pedofiele, wel as individuele-, gesin- of gemeenskapsfaktore geklassifiseer kan word,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word dit vir die doel van hierdie studie apart beskou. Deelnemers dui aan dat "*slagoffers eis ook slagoffers...kinders wat nie gelei is tot ontlonting van seksuele misdrywe nie, doen dieselfde vanuit hul eie verwarring*" en "*dis partykeer 'n fase kringloop wat vorm wanneer manlik slagoffers die oortreder word*". "*HIV/Vigs noodsaak kinders om op 'n seksuele wyse geld/kos te bekom*" en "*pedofiele*" is volgens deelnemers se menings ook aanleidende faktore wat in ag geneem moet word. Hierdie faktore wat aangedui is, is wel in die literatuurstudie beskou, maar nie as aanleidende faktore nie. Volgens (Bezuidenhout & Joubert, 2008:36; Heitritter & Vought, 2006:93) is 'n hoë persentasie van seksuele oortreders self as kind fisiek- en/of seksueel mishandel. Ten opsigte van pedofiele dui ook Spiegel (2003:29) aan dat pedofiele se seksuele oriëntasie tot kinders wat nog nie in hulle adolessentefase is nie, sentraal staan ten opsigte van pedofilia. Hierdie resultate is dus in ooreenstemming met die bogenoemde literatuur. Daar kan afgelei word dat ander faktore wat aanleidend is tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, soos deur deelnemers aangedui is, faktore is wat in ag geneem behoort te word.

Dit wil voorkom uit die resultate dat verskeie aanleidende faktore gesamentlik bydra tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare. Met betrekking tot verskillende aspekte van veiligheid, kom dit voor dat die seun se grootste bron van veiligheid en beskerming steeds binne sy gesin lê, te midde daarvan dat hyself moontlik onveilig optree, of sy gemeenskap wat onveilig kan wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.5.4 Vorme van seksuele mishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom

Met betrekking tot die vorme van seksuele mishandeling, is respondente gevra om aan te dui watter vorme van seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom. Tabel 5.10 dui die resultate aan.

Tabel 5.10: Vorme van seksuele mishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings voorkom

Vorme van seksuele mishandeling	Ja f (%)	Nee f (%)	Nie seker f (%)	Nie geantwoord f (%)
Kontak seksuele mishandeling: verkragting, molestering en seksuele aanranding	21(77%)	2(7%)	4(14%)	0(0%)
Kontak seksuele mishandeling: bloedskande	5(18%)	11(40%)	8(29%)	3(11%)
Nie-kontak seksuele mishandeling: blootstelling en toegang tot pornografie	8(29%)	6(22%)	9(33%)	4(14%)

N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Tabel 5.10 dui aan dat een-en-twintig respondente (21=77%), kontak seksuele mishandeling wat verkragting, molestering en seksuele aanranding behels, as seksuele mishandeling wat in hulle gevalleladings voorkom, hanteer. Twee respondente (2=7%) dui aan dat daar nié enige kontak seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom nie. Vier respondente (4=14%) dui aan dat hulle nie seker is of kontak seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom nie. Alle respondente (27=100%) het die vraag beantwoord. Daar kan afgelei word dat kontak seksuele mishandeling van die seun, die vorm van seksuele mishandeling is wat die hoogste voorkoms het in respondente se gevalleladings.

Met betrekking tot kontak seksuele mishandeling wat bloedskande behels, dui vyf respondente (5=18%) aan dat hierdie vorm van seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom. Elf respondente (11=40%) dui aan dat hierdie vorm van kontak seksuele mishandeling, nié in hulle gevalleladings voorkom nie. Agt respondente (8=29%) dui aan dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle nie seker is of hierdie vorm van kontak seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom nie. Drie respondente (3=11%) het nie die vraag beantwoord nie. Dit wil voorkom dat seksuele mishandeling wat bloedskande behels, die laagste voorkoms het ten opsigte van die vorm van seksuele mishandeling wat voorkom in respondente se gevalleladings. Hierdie resultate is in ooreenstemming met literatuur (Heitritter & Vought, 2006:22) dat die rapportering van bloedskande beperk is. Dit wil dus voorkom dat kontak seksuele mishandeling wat bloedskande behels moontlik ‘n hoër voorkoms in respondente se gevalleladings kan hê, maar dat die voorkoms daarvan tans laag is weens beperkte aanmelding.

Ten opsigte van nie-kontak seksuele mishandeling wat blootstelling en toegang tot pornografie behels, dui agt respondente (8=29%) aan dat hierdie vorm van seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom. Ses respondente (6=22%) dui aan dat nie-kontak seksuele mishandeling nié in hulle gevalleladings voorkom nie, terwyl nege respondente (9-33%) aandui dat hulle nie seker is of hierdie vorm van seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom nie. Vier respondente (4=14%) het nie die vraag beantwoord nie. Daar kan afgelei word dat nie-kontak seksuele mishandeling wat blootstelling en toegang tot pornografie behels ’n laer voorkoms het as vorm van seksuele mishandeling wat in respondente se gevalleladings voorkom, as wat die voorkoms van kontak seksuele mishandeling ten opsigte van verkragting, molestering en seksuele aanranding is.

Die lae voorkoms van nie-kontak seksuele mishandeling kan moontlik te wyte wees daaraan dat die pornografiese materiaal deur die oortreder benut word en dus nie noodwendig in die besit van die seun is nie, met die gevolg dat respondente nie bewus raak daarvan in hulle gesprekke met die seun se gesin en tydens tuisbesoeke nie. Skrywers (Gasser et al., 2010:24; Cline, 2009:13) is dit eens dat toegang en blootstelling tot pornografie, asook die benutting daarvan deur oortreders, risiko’s vir die seun in die middelkinderjare se digitale veiligheid inhou. Die lae voorkoms kan ook toegeskryf word daaraan dat digitale veiligheid van seuns moontlik nie deur ouers en professionele persone as deel van die fisieke veiligheid van seuns beskou word nie. Fisieke veiligheid met betrekking tot kontak seksuele mishandeling ontvang daarom moontlik éérder aandag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na aanleiding van die bevindinge soos beskou in tabel 5.10, kan dus afgelei word dat kontak seksuele mishandeling wat verkragting, molestering en seksuele aanranding behels, die mees algemeenste vorm van seksuele mishandeling is wat in respondente se gevalleladings voorkom. Daar kan ook afgelei word dat die voorkoms van nie-kontak seksuele mishandeling ook hoër is, as die voorkoms van kontak seksuele mishandeling wat bloedskande behels. Dit is ook duidelik dat een-en-twintig respondente (21=77%) onseker is of daar een of meer vorm van seksuele mishandeling in hulle gevalleladings voorkom.

Die lae voorkoms van seksuele mishandeling soos blootstelling aan pornografie, weerspreek literatuur (Spies, 2006:29), wat aandui dat die seun ‘n groter kans het om blootgestel te word aan pornografie as die dogter. Dit korreleer ook nie volkome met literatuur (Spiegel, 2003:43) wat aandui dat pornografie gebruik word om die seun te leer oor seksuele aktiwiteite ten einde hom daarin in te trek, nie. Die werklike voorkoms daarvan kan moontlik hoër wees as wat die respondente van bewus is. Die moontlikheid dat nie-kontak seksuele mishandeling nie aangemeld word nie, moet beskou word, aangesien die lae voorkoms ook moontlik te wyte daaraan kan wees dat die seun en sy familie of vriende nie die gevolge daarvan op die seun in sy middelkinderjare besef nie.

5.3.5.5 Ander vorme van mishandeling wat saam met seksuele mishandeling by die seun voorkom

Die respondente is versoek om aan te dui watter ander vorme van mishandeling na hulle mening saam met die seksuele mishandeling, in die meeste gevalle voorkom. Die ander vorme van mishandeling wat deur respondente aangedui word, word beskou in tabel 5.11.

Tabel 5.11: Ander vorme van mishandeling wat saam met seksuele mishandeling by die seun voorkom

Vorme van mishandeling	**f**	**%**
Fisieke mishandeling/gesinsgeweld/dreigemente	13	48%
Emosionele mishandeling	12	44%
Verwaarlosing	3	11%
Geen aangedui	4	14%

N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.11 toon dat dertien respondente (13=48%) aangedui het dat fisieke mishandeling saam met die seksuele mishandeling plaasvind. Twaalf respondente (12=44%) het aangedui dat emosionele mishandeling saam met die seksuele mishandeling voorkom. Drie respondente (3=11%) het aangedui dat verwaarlosing saam met die seksuele mishandeling plaasvind. Vier respondente (4=14%) het geen ander vorm van mishandeling wat saam met die seksuele mishandeling voorkom aangedui nie.

Daar kan afgelei word dat fisieke- en emosionele mishandeling in die meeste gevalle saam met seksuele mishandeling voorkom. In ag genome die resultate van vraag 5.3.5.1, wat verwaarlosing as hoogste voorkoms van mishandeling in respondente se gevalleladings toon, kan daar afgelei word dat indien fisieke- en emosionele mishandeling nié sou voorkom saam met seksuele mishandeling nie, verwaarlosing wel sou kon voorkom.

5.3.5.6 Gevolge van seksuele mishandeling wat by die seun voorkom

Deelnemers is gevra om ‘n beskrywing te gee van die gevolge van seksuele mishandeling wat na hulle mening by die seun voorkom wat seksueel mishandel is. Die data wat bekom is word in tabel 5.12 aangedui. In tabel 5.12 word die gevolge van seksuele mishandeling soos dit voorkom by die seun weens die seksuele mishandeling, ingedeel in vyf afdelings soos ook bespreek in die literatuurstudie

Tabel 5.12: Gevolge van seksuele mishandeling wat by die seun voorkom

Tema: Gevolge van seksuele mishandeling wat by die seun voorkom				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
Fisiologiese gevolge	1. Selfbewustheid oor geslagsdele en liggaam	*“Betasting en blootstelling lei tot selfbewustheid van geslagsdele en liggaam.”*	1	3%
	2. Menslike Immuniteitsgebrek Virus (MIV)/Vigs en Seksueel Oordraagbare Siektes (SOS)	*“Seun doen HIV/Vigs of STD op.”*	2	7%
Subtotaal			3	11%

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tema: Gevolge van seksuele mishandeling wat by die seun voorkom				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
Emosionele gevolge	1. Geïnternaliseerde emosionele ervaringe	*"Die kind word bekommerd, angstig en rusteloos. Daar is 'n verlies van konsentrasie en sy selfbeeld is beskadig."* *"Seuns kan ook onttrek van die samelewing en depressief word."*	9	33%
	2. Geëksternaliseerde emosionele ervaringe	*"Seuns wat aan seksuele aanranding blootgestel was toon in baie gevalle teruggetrokke gedrag."* *"Apaties, woede, hartseer ... Verwerping van biologiese ouers."*	5	18%
Subtotaal			14	51%
Seksuele gevolge	1. Herviktimisasie	*"Kind het 'oop' geword vir verdere seksuele mishandeling."*	1	3%
	2. Slagoffer word oortreder en doen aan andere wat aan hom gedoen is	*"Die seun reageer deur dieselfde, en veel erger optrede word ook ervaar"*	4	14%
	3. Ouderdom ontoepaslike geseksualiseerde gedrag en verwarring oor identiteit	*"Hierdie seuns vind dit moeilik om hulle te beheer (seksueel) en sukkel ook met identiteit."*	3	11%
Subtotaal			8	29%
Sosiale gevolge	1. Gesinsverhoudinge	*"Gesinsverhoudinge verswak, byvoorbeeld kind is geneig om weg te loop van die huis af."*	3	11%

Tema: Gevolge van seksuele mishandeling wat by die seun voorkom				
Subtema	**Kategorieë**	**Narratiewe van deelnemers**	**f**	**%**
		"Beskermend teenoor jonger sibbe."		
	2. Die gesin en die seun se vertroue in mense	*"Die seun vertrou nie maklik mense nie, die vertroue tussen familielede is gebroke." "Vertroue is ook 'n probleem, veral as die oortreder 'n familielid is."*	1	3%
Subtotaal			4	14%
Gedragsgevolge	1. Aggressie, destruktiewe gedrag en selfmoordgedagtes en -pogings	*"Aggressiewe gedragsprobleme, seflmoordneigings of destruktiewe gedrag."*	4	14%
	2. Middelmisbruik en kriminele betrokkenheid	*"Seuns begin met middelafhanklikheid eksperimenteer."* *"Betrokke by misdaad."*	5	18%
	3. Gedragsprobleme binne die skool en gesin	*"Gedragsprobleme in skool verband, gesinsopset en in sy eie jaar groep."*	5	18%
	4. Vroeë skoolverlating en beperkte akademiese vordering	*"Vroeë skoolverlating."*	5	18%
	5. Kennis en insig met betrekking tot seksuele mishandeling	*"Seuns wat slagoffers was van seksuele mishandeling was dikwels min ingelig omtrent seksuele mishandeling… wat dit is."*	1	3%
Subtotaal			20	74%
Nie geantwoord	Geen	Geen	3	11%
Subtotaal			3	11%

N=27

* Deelnemers kon meer as een antwoord gee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.12 dui aan dat verskeie fisiologiese-, emosionele-, seksuele-, sosiale- en gedragsgevolge weens die seksuele mishandeling voorkom. Die voorkoms van die gevolge van seksuele mishandeling wat in tabel 5.12 aangedui word, word vervolgens beskou na aanleiding van die subtemas.

I. Fisiologiese gevolge

Met betrekking tot fisiologiese gevolge, toon drie deelnemers (3=11%) dat gevolge wat voorkom weens die seksuele mishandeling van die seun, in die minderheid van gevalle fisiologies van aard is. Kategorieë wat geïdentifiseer is, is selfbewustheid oor geslagsdele en liggaam, menslike immuniteitsgebrek virus (MIV)/Vigs en seksueel oordraagbare siektes (SOS). Een deelnemer is van mening dat "*betasting en blootstelling lei tot selfbewustheid van geslagsdele en liggaam*". Resultate korreleer met literatuur ("Childline South Africa", 2010; Botash, 2008:3,4; Dorais, 2002:94) met betrekking tot die simptome van fisiologiese gevolge, soos seksueel oordraagbare siektes (SOS) wat kan voorkom. Daar word bevind dat die fisiologiese gevolge van seksuele mishandeling nie 'n hoë voorkoms het nie, en dat dit om hierdie rede dus nie as die ontwikkelingsarea wat die meeste gevolge toon, beskou kan word nie.

II. Emosionele gevolge

Ten opsigte van emosionele gevolge wat weens die seksuele mishandeling by die seun voorkom, dui die meeste deelnemers (14=51%) aan dat hierdie emosionele gevolge voorkom. Kategorieë wat geïdentifiseer is, is geïnternaliseerde emosionele ervaringe en geëksternaliseerde emosionele ervaringe. Twee deelnemers noem dat: "*seuns wat aan seksuele aanranding blootgestel was, toon in baie gevalle teruggetrokke gedrag*". Volgens een deelnemer is die gevolge van seksuele mishandeling wat by die meeste seuns voorkom dat die seun: "*ervaar woede en hartseer waarvoor hy nie kan uiting vind nie*". Die deelnemer verwoord ook dat: "*hy word apaties en dink 'ek word gestraf, vir watter rede ook al'*". Hierdie emosionele gevolge van die seksuele mishandeling het volgens die deelnemer dan ook tot gevolg dat "*verwerping van biologiese ouers wat hom nie kon beskerm nie*", plaasvind. Die menings van deelnemers korreleer met literatuur (Maikovich-Fong & Jaffee, 2010:435; Amsosa, 2009:1-3; Allagia & Millington, 2008:265,266,270; Sageman, 2003:564-565) dat die seun wat seksueel mishandel word, deurlopende denke en gevoelens van woede en wraak kan ervaar en dat verskeie ander gevoelens en denke ook ervaar kan word, wat kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lei tot verwarring en onsekerheid by die seun. Na aanleiding van die resultate kom dit voor dat alhoewel die seun sy gevoelens onderdruk, en depressie, 'n lae selfbeeld en skuldgevoelens kan ervaar, word die emosionele belewenisse van die ervaring van seksuele mishandeling steeds geëksternaliseer, met die gevolg dat verskeie gedragsgevolge waargeneem kan word. Dit wil dus voorkom asof die seun hoofsaaklik emosionele- en gedragsgevolge ervaar, en die ervaring van seksuele mishandeling internaliseer en eksternaliseer.

III. Seksuele gevolge

Agt deelnemers (8=29%) het aangedui dat seksuele gevolge by die seun voorkom weens seksuele mishandeling. Kategorieë wat voorkom ten opsigte van seksuele gevolge, behels herviktimisasie, die slagoffer wat die oortreder word en dieselfde aan ander doen as wat aan hom gedoen is, ouderdom ontoepaslike geseksualiseerde gedrag en verwarring oor identiteit. Een deelnemer beskryf dit as volg: "*seuns wat aan seksuele aanranding blootgestel was tree in sommige gevalle rebels op en pas seksuele mishandeling teenoor ander kinders toe*". Twee ander deelnemers noem: "*die seun probeer dit wat hy beleef het aan ander doen, hy leer ander seuns om te doen wat met hom gebeur het*".

Die resultate ten opsigte van die seksuele gevolge wat die seun kan ervaar, na aanleiding van die deelnemers se menings, is in ooreenstemming met literatuur ("Childline South Africa", 2010; Botash, 2008:10; Hughes, 2001:1,2; Watkins & Bentovin, 1992:1-3) wat aandui dat onvanpaste gedrag met betrekking tot die seun se ontwikkelingsfase kan voorkom. Daar word bevind dat die voorkoms van seksuele gevolge wat die seun ervaar, volgens die sienings van deelnemers in hierdie ondersoekgroep, minder is as die emosionele gevolge wat ervaar word. Daar kan ook afgelei word dat die seksuele gevolge wat die seun ervaar, moontlik ook op ander persone waarmee die seun kontak het 'n negatiewe impak het, aangesien die slagoffer ook die oortreder kan word volgens die menings van deelnemers.

IV. Sosiale gevolge

Rakende sosiale gevolge, het vier deelnemers (4=14%) aangedui dat sosiale gevolge voorkom weens die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare. Ten opsigte van die kategorieë wat voorkom, is gesinsverhoudinge en die gesin en die seun se vertroue in mense geïdentifiseer. Sosiale gevolge word deur deelnemers as volg weergegee: "*geen*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertroue in ander", "*die seun vertrou nie maklik mense nie, die vertroue tussen familielede is gebroke*". Die bogenoemde resultate korreleer met literatuur (Dorais, 2002:94) ten opsigte van die sosiale gevolge, naamlik dat die seun probleme ondervind om verhoudinge wat opreg, empaties en deursigtig is, te vertrou, en wanbalanse met betrekking tot byvoorbeeld sy portuurgroep kom daarom voor.

Daar word bevind dat die sosiale gevolge van seksuele mishandeling volgens die deelnemers, 'n lae voorkoms het. Hierdie bevindinge stem nié ooreen met die resultate van tabel 5.7 wat aandui dat sosiale ontwikkeling, die ontwikkelingsarea is waar die meeste probleme voorkom ten opsigte van die seun in sy middelkinderjare, nie. Die lae voorkoms van sosiale gevolge kan moontlik toegeskryf word aan die hoë voorkoms van emosionele- en gedragsgevolge, aangesien sosiale gevolge ook emosioneel van aard kan wees, en kan lei tot sekere gedrag wat deur die seun geopenbaar kan word. Die afleiding kan dus gemaak word dat sosiale gevolge méér geopenbaar behoort te word by die seun in hierdie ontwikkelingsfase, en dat sosiale gevolge 'n hoër voorkoms in deelnemers se gevalleladings behoort te toon, aangesien die emosionele- en gedragsgevolge wat in deelnemers se gevalleladings geopenbaar word, ook in 'n sosiale konteks plaasvind en sosiale gevolge het.

V. Gedragsgevolge

Volgens die resultate, toon twintig deelnemers (20=74%), dat gedragsgevolge voorkom. Gedragsgevolge wat in die resultate voorkom, is ingedeel in die volgende kategorieë, naamlik aggressie, destruktiewe gedrag en selfmoordgedagtes en -pogings, asook middelmisbruik en kriminele betrokkenheid, gedragsprobleme binne die skool en gesin. Gedragsgevolge soos "*selfmoordneigings of destruktiewe gedrag kan voorkom*" volgens deelnemers. Een deelnemer is van mening dat "*die kind wend negatiewe aandag pogings aan*", terwyl 'n ander deelnemer aandui dat "*die kind raak betrokke by misdaad*".

Daar is ooreenstemming tussen die resultate en die literatuur (Walker et al., 2004:114-115; Dorais, 2002:84), wat toon dat selfdestruktiewe gedrag soos selfmoordpogings, as gedragsgevolge kan voorkom. Dit is ook duidelik vanuit die resultate dat die gedragsgevolge van seksuele mishandeling dikwels destruktief van aard is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verdere kategorieë wat geïdentifiseer is, is vroeë skoolverlating en beperkte akademiese vordering, asook kennis en insig met betrekking tot seksuele mishandeling. Deelnemers dui onder andere die volgende gedragsgevolge van seksuele mishandeling aan, soos dit by die seun in sy middelkinderjare voorkom, naamlik: "*skoolwerk gaan agteruit*", "*daar is 'n verlies aan konsentrasie*", "*vroeë skoolverlating en swak skoolvordering kom voor*". Hierdie gevolge soos dit aangedui is in die resultate, word deur verskeie skrywers ("Childline South Africa", 2010; Botash, 2008:10; Sorsoli et al., 2008:333; Whealin et al., 2007:45,102; Hughes, 2001:1,2; Watkins & Bentovin, 1992:1-3) beskou as gedragsgevolge wat by die seun in sy middelkinderjare kan voorkom weens seksuele mishandeling.

Na aanleiding van die sienings van deelnemers, wil dit voorkom dat die seun hoofsaaklik gedragsgevolge (20=74%) en emosionele gevolge (14=51%) met betrekking tot die seksuele mishandeling wat hy ervaar, openbaar. Fisiologiese gevolge (3=11%) het die laagste voorkoms ten opsigte van gevolge wat by die seun in sy middelkinderjare voorkom, met betrekking tot seksuele mishandeling.

Hierdie resultate korreleer met literatuur ("Prevent Child Abuse America", 2010) wat aandui dat die ervaring van seksuele mishandeling, meer ernstige en komplekse gevolge vir die seun inhou as vir die dogter met betrekking tot gedrags- en emosionele gevolge. Die verskille in die gevolge van seksuele mishandeling tussen seuns en dogters is daarin geleë, dat die seun eksternalisering van die seksuele mishandeling sal toon deur middel van sy gedrag, terwyl die dogter geneig is tot internalisering van die seksuele mishandeling. Daar word dus bevind dat die seksuele mishandeling van die seun verskeie gevolge in alle ontwikkelingsareas van die seun se lewe vir hom inhou en daarom die seun in sy totale menswees beïnvloed.

5.3.6 Klassifikasie van oortreders in die seksuele mishandeling van die seun

Die klassifikasie van oortreders in die seksuele mishandeling van die seun word beskou ten opsigte van die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is, asook die oortreder se ontwikkelingsfase en geslag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.6.1 Die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is

Ten opsigte van die klassifikasie van oortreders in die seksuele mishandeling van die seun, is respondente gevra om die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is, by die meeste gevalle waaraan dienste gelewer word, aan te dui. Tabel 5.13 toon die resultate.

Tabel 5.13: Die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is

Verhouding tussen oortreder en seun	**Hoogste voorkoms f (%)**	**Minder hoogste voorkoms f (%)**	**Laagste voorkoms f (%)**	**Nie geantwoord f (%)**
Binne gesin: ouer, stiefouer, grootouer, saamleefmaat van ouer, ander familielid	13(48%)	7(25%)	4(14%)	3(11%)
Buite gesin: vriend of bekende persoon	15(55%)	9(33%)	2(7%)	1(3%)
Buite gesin: vreemdeling	2(7%)	9(33%)	12(44%)	4(14%)
Ander: opvoeder	0(0%)	1(3%)	2(7%)	24(88%)

N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Volgens die resultate soos dit aangedui word in tabel 5.13 word die verhouding tussen die oortreder en die seun aangedui op grond van die hoogste voorkoms, minder hoogste voorkoms, laagste voorkoms en ook dié respondente wat geen voorkoms aangedui het nie. Die oortreder wat *binne die gesin is as ouer, stiefouer, grootouer, saamleefmaat van die ouer of 'n ander familielid* word deur dertien respondente (13=48%) aangedui as die hoogste en deur sewe respondente (7=25%) as die minder hoogste voorkoms. Vier respondente (4=14%) het aangedui dat die oortreder binne die gesin die laagste voorkoms het, terwyl drie respondente (3=11%) nie die vraag beantwoord het nie. Die afleiding word gemaak dat die oortreder wat binne die gesin is, gereeld (20=74%) in respondente se gevalleladings voorkom. Hierdie bevinding korreleer nie met 'n vorige bevinding in punt 5.3.5.4, waar bevind is dat bloedskande se voorkoms laag is nie. Die rede vir hierdie verskil is onduidelik, maar kan moontlik verband hou met die feit dat respondente moontlik bloedskande slegs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskou het as, tussen ’n ouer en die seun en nie tussen ander familielede nie.

Die verhouding tussen die oortreder wat in die meeste gevalle *buite die gesin is as ‘n vriend of bekende persoon*, en die seun, word deur vyftien respondente (15=55%) aangedui as die hoogste voorkoms. Nege respondente (9=33%) het aangedui dat hierdie oortreder die minder hoogste voorkoms in die meeste van die gevalle in hulle gevalleladings het. Twee respondente (2=7%) het die oortreder buite die gesin as vriend of bekende persoon as laagste voorkoms aangedui. Een respondent (1=3%) het nie die vraag beantwoord nie.

Daar word bevind dat die oortreder wat ‘n vriend of bekende persoon is en buite die gesin is, die oortreder is wat die meeste van die tyd die seun seksueel mishandel, volgens die menings van hierdie ondersoekgroep. Hierdie bevindinge stem ooreen met literatuur (“Prevent Child Abuse America”, 2010; Bezuidenthout & Joubert, 2008:33; Whealin et al., 2007:44,45) dat die seksuele oortreder hoofsaaklik bekend is aan die seun, maar nie verwant aan hom nie.

Twee respondente (2=7%) het aangedui dat die verhouding, tussen die oortreder wat *buite die gesin is as vreemdeling,* en die seun, die hoogste voorkoms het en nege respondente (9=33%) het aangedui dat hierdie oortreder die minder hoogste voorkoms in die meeste van die gevalle toon. Twaalf respondente (12=44%) het die oortreder wat buite die gesin as vreemdeling is, as laagste voorkoms aangedui. Vier respondente (4=14%) het nie die vraag beantwoord nie. Daar kan afgelei word dat die oortreder wat buite die gesin as ’n vreemdeling die seun seksueel mishandel, ‘n laer voorkoms het as wat die oortreder binne die gesin, of die oortreder wat buite die gesin as ‘n vriend of bekende persoon is, het.

Die aard van die verhouding, tussen ‘n *ander oortreder* en die seun, wat die meeste van die tyd in respondente se gevalleladings voorkom, is deur een respondent (1=3%) as die minder hoogste voorkoms aangedui. Geen respondent (0=0%) het ‘n ander oortreder as hoogste voorkoms aangedui nie. Twee respondente (2=7%) het ‘n ander oortreder, as laagste voorkoms aangedui. Vier-en-twintig respondente (24=88%) het nie die vraag beantwoord nie. Die afleiding kan gemaak word dat die respondente nie ander oortreders as wat reeds geïdentifiseer was, in die vraag kon identifiseer nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar kan dus afgelei word uit die resultate, dat die oortreder in die meeste van die gevalle (15=55%), 'n bekende persoon aan die seun is, wat nie verwant is aan hom nie, of 'n bekende persoon wat verwant is aan hom (13=48%). Met betrekking tot die gesamentlike hoogste voorkoms en die minder hoogste voorkoms van die verhouding tussen die oortreder wat binne die gesin is, en die oortreder wat buite die gesin as vriend of bekende persoon is, en die seun, toon die resultate soos beskou in tabel 5.13, 'n verskil van 14%. Dit kom voor dat die oortreder in die meeste gevalle (24=88%), hoofsaaklik 'n oortreder buite die gesin is, máár bekend is aan die seun. Daar kan afgelei word dat die laagste voorkoms met betrekking tot die oortreder se verhouding met die seun, dié van 'n vreemdeling, buite die gesin, is.

5.3.6.2 Die oortreder se ontwikkelingsfase en geslag in die meeste gevalle van seksuele mishandeling van die seun

Respondente is gevra om aan te dui wat die oortreder se ontwikkelingsfase en geslag in die meeste gevalle van seksuele mishandeling van die seun is. Tabel 5.14 dui die resultate aan.

Tabel 5.14: Die oortreder se ontwikkelingsfase en geslag in die meeste gevalle van seksuele mishandeling by die seun

Ontwikkelingsfase van die oortreder	f	%	Manlik f	%	Vroulik f	%
Middelkinderjare (6-12 jaar)	7	25%	6	22%	3	11%
Adolessentejare (12-20 jaar)	15	55%	14	51%	1	3%
Vroeë volwassejare (20-30 jaar)	9	33%	8	29%	1	3%
Middel volwassejare (30-40 jaar)	3	11%	3	11%	0	0%
Laat volwassejare (40 jaar en ouer)	7	25%	6	22%	1	3%

N=27

* Respondente kon meer as een antwoord gee.

Tabel 5.14 se resultate dui aan dat die grootste persentasie (15=55%) van oortreders met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, oortreders is wat in hulle *adolessentejare* as ontwikkelingsfase is. Nege respondente (9=33%) dui aan dat die oortreder in sy vroeë volwassejare is. 'n Gelyke hoeveelheid van sewe respondente (7=25%) dui aan dat die oortreder in sy middelkinderjare is en dui ook aan dat die oortreder in sy laat volwassejare is. Drie respondente (3=11%) dui aan dat die oortreder in sy middel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volwassejare is.

Daar word afgelei dat die oortreder uit alle ontwikkelingsfases afkomstig is, maar dat die oortreder in die middel volwassejare die laagste persentasie (3=11%) van oortreders is. Hierdie bevindinge is in gedeeltelike ooreenstemming met literatuur (Finkelhor, 2009:171:172; Bezuidenhout & Joubert, 2008:32) wat noem dat die manlike oortreder die meeste van die tyd sy seksuele mishandeling van die seun begin, wanneer hy as oortreder in sy adolessentefase is. Seksuele mishandeling vind steeds dikwels plaas gedurende die oortreder se volwasse stadium, wanneer hierdie oortreder in sy dertigerjare is en meer toegang het tot seuns. Hierdie laasgenoemde gedeelte van die literatuur korreleer nié met dié bevindinge, in hierdie ondersoek nie.

In tabel 5.14 word aangedui dat die meerderheid van veertien oortreders (14=51%) *manlike oortreders* in hulle adolessentejare is. Agt oortreders (8=29%) is manlike oortreders in hulle vroeë volwassejare. ‘n Gelyke hoeveelheid van ses oortreders (6=22%) is manlike oortreders in hulle middelkinderjare en laat volwassejare. Die minderheid van drie oortreders (3=11%) is manlike oortreders in hulle middel volwassejare. Die resulate stem ooreen met literatuur (“Prevent Child Abuse America”, 2010; Bezuidenhout & Joubert, 2008:33; Whealin et al., 2007:44,45; Dawes, 2002:4) dat die meeste oortreders mans is. Daar word bevind dat die meeste oortreders van die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare, manlike adolessente oortreders is, alhoewel oortreders in ander ontwikkelingsfases ook voorkom. Dit kan moontlik as gevolg daarvan wees dat die probleem van seksuele mishandeling van seuns in hulle middelkinderjare, nie vroeër aangespreek is in hierdie oortreders se lewens nie. Hierdie oortreders kan dus moontlik seuns wees wat in hulle middelkinderjare self seksueel mishandel is.

In tabel 5.14 word ook getoon dat die meerderheid van drie oortreders (3=11%) *vroulike oortreders* in hulle middelkinderjare is. ‘n Gelyke hoeveelheid van een oortreder (1=3%) is vroulike oortreders in hulle adolessentejare, vroeë volwassejare en laat volwassejare. Geen vroulike oortreder (0=0%) is aangedui by oortreders in hulle middel volwassejare nie. Daar kan afgelei word dat vroulike oortreders wel voorkom ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare. Vroulike oortreders kom na aanleiding van die resultate, in alle ontwikkelingsfases voor, behalwe in die middel volwassejare, maar in die minderheid van gevalle in die adolessentejare (1=3%), vroeë volwassejare (1=3%), en laat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volwassejare (1=3%).

Uit die resultate word dit duidelik dat vroulike oortreders met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare wél voorkom in respondente se gevalleladings. Hierdie bevinding is egter nie in volkome ooreenstemming met literatuur (Whealin et al., 2007:45) wat aandui dat in gevalle van adolessente oortreders, die oortreder die meeste van die tyd van ‘n ander geslag is as die slagoffer nie, aangesien adolessente oortreders wat van dieselfde geslag is, in hierdie ondersoek die hoogste voorkoms toon. Die resultate korreleer ook nie met Koenig et al. (2004:98) en Dawes (2002:4) se menings, wat aandui dat die persentasie van vroulike oortreders die hoogste is wanneer hierdie oortreders in hulle adolessentefase is, omdat die vroulike oortreders in hulle middelkinderjare die hoogste voorkoms toon in hierdie ondersoek.

5.4 SAMEVATTING

Inligting is deur middel van hierdie empiriese ondersoek ingewin ten opsigte van maatskaplike werkers se sienings oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare. Die resultate van die empiriese ondersoek dui daarop dat seksuele mishandeling van seuns in hulle middelkinderjare wél plaasvind, maar dat verwaarlosing en fisieke mishandeling as vorme van kindermishandeling méér voorkom, as wat seksuele mishandeling en eksploitering voorkom. Ten opsigte van die gevolge van seksuele mishandeling op die seun in sy middelkinderjare, het dit ook duidelik geword dat die seun hoofsaaklik emosionele- en gedragsgevolge openbaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare is in literatuur (Heitritter & Vought, 2006:248; Dube et al., 2005:430,436; Richter et al., 2004:353) as ‘n probleem geïdentifiseer waaraan dringend aandag geskenk behoort te word. ‘n Seun in sy middelkinderjare is deur verskeie skrywers (Corby, 2006:205; Spiegel, 2003:40; Roos & Vorster, 2003:111) geïdentifiseer as weerloos met betrekking tot seksuele mishandeling, en volgens sy ontwikkelingsfase, méér weerloos as byvoorbeeld die seun in sy adolessentefase.

Spies (2006:157,158) ondersteun die bogenoemde literatuur en is van mening dat dit vir enige persoon wat met kinders werk nodig is om die ontwikkeling van die seun te verstaan. Hierdie kennis oor die ontwikkelingsfases sal die professionele persoon, soos die maatskaplike werker, instaat stel om nie slegs te verstaan hoe die seun sy huidige ontwikkelingsfases bereik het nie, maar sal ook die maatskaplike werker instaat stel om begrip te ontwikkel met betrekking tot die faktore wat moontlik bygedra het tot die seun se ontwikkeling. Hierdie kennis sal volgens die bogenoemde skrywer, die maatskaplike werker ook instaat stel om vanuit die séún se perspektief na die ervaring van seksuele mishandeling te kyk, met die gevolg dat die maatskaplike werker se intervensie meer effektief kan wees.

Hierdie studie is daarom onderneem met die doel om die sienings van maatskaplike werkers oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare te bepaal. Die doel van die studie is bereik na aanleiding van die doelwitte wat gestel is.

In hoofstuk twee is die *eerste doelwit* bereik, naamlik om die middelkinderjare as ontwikkelingsfase, binne ‘n menslike ontwikkelingsperspektief te bespreek. Die verskillende ontwikkelingsfases is bespreek, waarná spesifieke fokus op die middelkinderjare as ontwikkelingsfase geplaas is. *Doelwit twee* om die seksuele mishandeling van die seun as maatskaplike werk verskynsel te verduidelik ten einde begrip met betrekking tot die probleem van seksuele mishandeling van seuns te ontwikkel, is in hoofstuk drie bereik. Die seksuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mishandeling van seuns as maatskaplike werk verskynsel is beskou deur te fokus op die definiëring van seksuele mishandeling; aanleidende faktore tot seksuele mishandeling; die vorme van seksuele mishandeling en die konteks en motivering van seksuele mishandeling van seuns. In hoofstuk vier is die *derde doelwit* van die studie bereik, naamlik om die verskillende tipes oortreders in die seksuele mishandeling van seuns te bespreek en om ondersoek in te stel na die motiverings van oortreders ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns. *Doelwit vier* is bereik deur ondersoek in te stel na die sienings van maatskaplike werkers ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare. Die *vyfde doelwit* word in hoofstuk ses bereik, naamlik om aanbevelings te maak ten opsigte van die bevordering van maatskaplike werk dienslewering aan die seksueel mishandelde seun.

Hoofstuk ses het ook ten doel om aanbevelings te maak ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare. Die gevolgtrekkings en aanbevelings is gedeeltelik gedoen volgens die formaat van die vraelys, die empiriese ondersoek, en aan die hand van die literatuurstudie in hoofstuk vyf. Die gevolgtrekkings en aanbevelings word vervolgens beskou.

6.2 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die gevolgtrekkings en aanbevelings is gebaseer op die resultate van die ondersoek wat geanaliseer en verwerk is. Die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak met betrekking tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare.

6.2.1 Werkondervinding van maatskaplike werkers

Uit die sewe-en-twintig respondente wat deelgeneem het aan hierdie navorsingstudie, is bevind dat die meerderheid respondente ses jaar of minder werkondervinding as maatskaplike werker het. Hierdie bevindinge stem ook ooreen met die resultate dat ongeveer die helfte van respondente ses jaar of minder verbonde is aan hulle huidige organisasie.

Gevolgtrekkings

Daar word tot die gevolgtrekking gekom, na aanleiding van die respondente se ouderdom, jare ondervinding as maatskaplike werker en hulle werkondervinding by hulle huidige organisasies, dat die meeste respondente in ‘n plattelandse area in die Wes-Kaap

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maatskaplike werkers in hulle vroeë volwasse jare is, en wat oor ‘n vier jaar graad in maatskaplike werk as hoogste kwalifikasie beskik.

Die meerderheid respondente beskik oor minder as drie jaar se maatskaplike werk ondervinding. Weens die beperkte werkondervinding, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie respondente in hulle intervensie aan die seksueel mishandelde seun, hoofsááklik steun op hulle voorgraadse tersiêre opleiding.

Die meerderheid respondente is by die Staat as maatskaplike werker in diens. Die gevolgtrekking word gemaak dat daar moontlik beperkte Nie-regeringsorganisasies in die plattelandse area, waar hierdie ondersoek onderneem is, wat maatskaplike werkers in diens stel, bestaan. Die feit dat die meerderheid respondente by die Staat as maatskaplike werker in diens is, kan moontlik ook te wyte wees aan beurse wat die Staat aan respondente beskikbaar gestel het, wat weer vereis dat hulle na voltooiing van hulle opleiding as maatskaplike werker, by die Staat dan ’n sekere aantal jare diens móét verrig.

Aanbevelings

- Daar word aanbeveel dat daar geleenthede geskep word deur werkgewers, vir jong maatskaplike werkers om mentorskap te ontvang vanaf maatskaplike werkers wat oor tien jaar of meer jare werkondervinding beskik. Mentorskap moet nie slegs deur maatskaplike werkers wat by dieselfde organisasie of instelling werksaam is, plaasvind nie. Hierdie geleenthede vir jong maatskaplike werkers om gementor te word, behoort egter nie supervisie te vervang nie, maar eerder te ondersteun.

6.2.2 Kwalifikasies en opleiding van maatskaplike werkers

Kwalifikasies en opleiding van respondente is ondersoek met betrekking tot maatskaplike werk en kwalifikasies en opleiding wat verbandhoudend daarmee is.

Gevolgtrekkings

Na aanleiding van die resultate word daar bevind dat die meerderheid respondente oor ’n vier jaar B.A. maatskaplike werk of B. Diac maatskaplike werk graad as hoogste kwalifikasie beskik. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat respondente se kwalifikasies van so ’n aard is dat hulle oor basiese teoretiese kennis oor die veld van kinderbeskerming beskik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geen respondente het nagraadse kwalifikasies in maatskaplike werk bekom nie. Kwalifikasies wat bekom is, was sertifikaatkursusse wat op bestuur, assessering en trauma-berading gefokus was en nie op seksuele mishandeling van die seun nie.

Op grond van die resultate word daar bevind dat die minderheid respondente opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun ontvang het. Opleiding wat respondente ontvang het, het die seun as slagoffer van kindermishandeling, ingesluit by verskillende vorme van mishandeling. Géén maatskaplike werker het opleiding ontvang wat slégs gefokus was op die seksuele mishandeling van die seun, of spesifiek die seun in die middelkinderjare nie. Die beperkinge in opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun, blyk te wyte te wees aan die feit dat die seun en dogter gesamentlik gehanteer word as slagoffers van kindermishandeling binne die opleiding wat aangebied word.

Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

- Méér beurse deur die Staat, kerke en ander instellings beskikbaar gestel moet word aan maatskaplike werkers om verdere kwalifikasies in maatskaplike werk te bekom, aangesien geen respondente oor verdere kwalifikasies in maatskaplike werk, of wat verbandhoudend is met maatskaplike werk, beskik nie.
- Opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers oor kindermishandeling moet saamgestel word deur opvoedkundige instellings en toesighouers, met die fokus op die seun in die middelkinderjare wat die slagoffer van seksuele mishandeling is. Opleiding moet ‘n teoretiese onderbou aan maatskaplike werkers bied ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun, maar behoort ook só saamgestel te word dat dit binne ’n multi-dissiplinêre span toegepas kan word.

Opleiding behoort die volgende aspekte aan te spreek:

- Kennis ten opsigte van verskillende ontwikkelingsfases en ontwikkelingsareas, asook die risiko’s wat hierdie ontwikkelingsfases en -areas inhou met betrekking tot die seksuele mishandeling van die seun.
- Definiëring van kindermishandeling en seksuele mishandeling ten opsigte van kinders van verskillende geslagte.
- Identifisering van die verskillende vorme van seksuele mishandeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die verband tussen die verskillende vorme van kindermishandeling en seksuele mishandeling.
- Aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun met betrekking tot verskillende ontwikkelingsfases.
- Gevolge van seksuele mishandeling op die seun ten opsigte van verskillende ontwikkelingsfases en ontwikkelingsareas.
- Die identifisering van verskillende tipes seksuele oortreders.
- Motivering van oortreders met betrekking tot die seksuele mishandeling van seuns.
- Die impak van die verhouding tussen die seun en die oortreder met betrekking tot seksuele mishandeling.

6.2.3 Ontwikkelingsareas in die middelkinderjare waar die meeste probleme voorkom

Ontwikkelingsareas ten opsigte van die seun in die middelkinderjare is ondersoek, en die areas waar die meeste probleme in hierdie ontwikkelingsfase voorkom, na aanleiding van die sienings van die respondente, is beskou.

Gevolgtrekkings

Die ontwikkelingsareas waarin die meeste probleme voorkom, is deur die meerderheid deelnemers in volgorde aangedui, as die areas van sosiale ontwikkeling, emosionele ontwikkeling en seksuele ontwikkeling. Met betrekking tot die ontwikkelingsareas waarin die minste probleme voorkom, het die meerderheid deelnemers die areas van fisiologiese- en kognitiewe ontwikkeling aangedui. Die gevolgtrekking word gemaak dat die ontwikkeling van die seun vanuit ’n menslike ontwikkelingsperspektief, afhanklik is van verskillende ontwikkelingareas, maar dat die ontwikkelingsareas van sosiale ontwikkeling, emosionele ontwikkeling en seksuele ontwikkeling, soos deur die meerderheid deelnemers aangedui is, wél ’n meer prominente rol speel as ander ontwikkelingsareas.

Dit kom voor dat die seun in sy middelkinderjare se sosiale ontwikkeling ten opsigte van die invloed van belangrike ander persone soos sy ouers, portuurgroep en rolmodelle, die belangrikste ontwikkelingsarea is. Indien die seun se sosiale ontwikkeling nie voldoende plaasvind nie, blyk dit dat emosionele ontwikkeling en seksuele ontwikkeling moontlik ook nie voldoende kan plaasvind nie. Die gevolgtrekking word daarom gemaak dat die seun se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sosiale ontwikkeling 'n prominente rol speel in sy ontwikkeling, en dat hierdie ontwikkelingsarea hoofsaaklik afhanklik is van die seun se ouers, portuurgroep en rolmodelle in die gemeenskap.

Hierdie sosiale ontwikkeling waarin sy ouers, portuurgroep en rolmodelle betrokke is, sal behels dat hy kennis ontvang en insig moet toon in aspekte wat sy emosionele ontwikkeling en seksuele ontwikkeling sal beïnvloed. Na aanleiding van die resultate wat toon dat in terme van sosiale ontwikkeling die seun se sosialisering met betrekking tot homself, andere en die gemeenskap beïnvloed word, kom dit ook voor dat sosiale ontwikkeling se area van invloed, wýd uitkring.

Daar word daarom tot die gevolgtrekking gekom dat indien die seun se ondersteuningsisteem faal, dit kan gebeur dat hy moontlik nié sy ontwikkelingsmylpale in elke ontwikkelingsarea en ontwikkelingsfase bereik nie. Sy ontwikkelingsareas blyk dus nie slegs afhanklik te wees van hom as individu nie, maar óók van hom as individu binne die gesin en binne die gemeenskap. Om hierdie rede kan die sosiale ontwikkeling as die belangrikste ontwikkelingsarea vir die seun in sy middelkinderjare beskou word.

Die gevolgtrekking word gemaak dat net soos die seun nie onafhanklik staan van die gemeenskap nie, staan sy verskillende ontwikkelingsareas en ontwikkelingsfases nie los van mekaar en van hom as individu nie.



Figuur: 6.1: Ontwikkelingsfeer

Hierdie ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare kan op 'n sfeer van beïnvloeding voorgestel word soos beskou in figuur 6.1 waar die seun se fisiologiese ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling die kern vorm vir alle ontwikkeling. Die seun se fisiologiese ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling stel hom instaat om sosiaal te kan ontwikkel, wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die primêre sirkel van ontwikkeling tot gevolg het. Daarna volg die sekondêre sirkels van emosionele ontwikkeling en seksuele ontwikkeling. Hierdie sirkels van ontwikkeling staan in wisselwerking tot mekaar en is afhanklik van mekaar tot volkome ontwikkeling. Hulle het ook ‘n invloed op mekaar, maar behou steeds elkeen kenmerkende eienskappe wat die ander ontwikkelingsareas nie kan oorneem of vervul nie. Alhoewel die sosiale ontwikkeling van die seun in hierdie fase van ontwikkeling dus as baie belangrik beskou kan word en ander ontwikkelingsareas beïnvloed, kan dit steeds nie die ander ontwikkelingsareas se rol vervang nie. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat die verskillende ontwikkelingsareas afsonderlik beskou moet word, maar ook as geheel vanuit ’n menslike ontwikkelingsperspektief.

Aanbevelings

- Die gesinsisteem behoort die fokus van aandag te wees van maatskaplike werk hulpverlening, aangesien die sosiale ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare, binne die gesinsisteem begin. Sodoende kan die gesin ‘n plek van veiligheid en ondersteuning vir die seun word.
- Die maatskaplike werk hulpverlening op verskillende vlakke van dienslewering, moet die gesin se funksionering versterk, sodat die gesin se funksionering nié slegs die nodige ondersteuning en leiding aan die seun kan bied ten opsigte van veral sosiale ontwikkeling nie, maar ook ten opsigte van ander ontwikkelingsareas.

6.2.4 Aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare

Met betrekking tot individuele faktore, gesinsfaktore en gemeenskapsfaktore as aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare, is deelnemers se sienings ten opsigte van hierdie faktore se aanleidende bydra tot die seksuele mishandeling van die seun, beskou.

Gevolgtrekkings

Ten opsigte van aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, is bevind dat gesinsfaktore deur die meerderheid respondente as die hoogste voorkoms aangedui is. Dit kom voor dat indien die seun in sy middelkinderjare se gesinsfunksionering funksioneel en gesond is, kan die seun moontlik meer beskerm en veilig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wees en voel ten opsigte van seksuele mishandeling. Gesinsfaktore blyk die grootste impak as aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun ten opsigte van die middelkinderjare as ontwikkelingfase, asook ten opsigte van die verskillende ontwikkelingsareas binne hierdie ontwikkelingsfase, te hê.

Gemeenskapsfaktore is aangedui as die tweede hoogste voorkoms met betrekking tot aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare. Hierdie gemeenskapsfaktore soos armoede en werkloosheid blyk druk uit te oefen op gemeenskappe, maar ook op gesinne. Hierdie druk wat gesinne binne gemeenskappe ervaar, blyk disfunksionering tot gevolg te hê vir gemeenskappe, wat dán kan aanleiding gee tot seksuele mishandeling van die seun.

Individuele faktore is as laagste voorkoms van aanleidende faktore deur die respondente aangedui. Daar word bevind dat die aanleidende faktore tot seksuele mishandeling, volgens hierdie ondersoekgroep, nie primêr afhang van die individu in terme van sy bevolkingsgroep, geslag, ouderdom, ontwikkelingsfase en seksuele oriëntasie nie, maar eerder van die gesin en gemeenskapsfaktore. Na aanleiding van die verskeie gesinsfaktore, gemeenskapsfaktore en individuele faktore wat kan voorkom, blyk dit dat die gesin vanuit verskeie perspektiewe beskou moet word.

Dit wil voorkom dat indien gesinne se ware behoeftes ten opsigte van die verskeie aanleidende faktore nié aangespreek word deur maatskaplike werk hulpverlening nie, gesinne se disfunksionering kan vererger. Indien hierdie hulpverlening aan die gesin nie korrek geïmplementeer word nie, kan dit moontlik tot gevolg hê dat gesinne later nié meer op hulle eie hindernisse sal kan oorkom nie. Hierdie gevolgtrekking word gemaak aangesien literatuur (Bezuidenhout & Joubert, 2008:214) aandui, dat ‘n kultuur van armoede in Suid-Afrika bestaan wat onder andere die gebrek aan vervulling van emosionele behoeftes behels. Nie alleenlik is die seun daarom onbeskermd nie, maar het gesinne nie meer ‘n gevoel van beskerming en veiligheid nie. Gesinne is daarom ook nie instaat om beskerming en veiligheid aan die seun in verskillende ontwikkelingsareas te bied nie.

Die gevolgtrekking word gemaak na aanleiding van die hoë voorkoms van gesinsfaktore as aanleidende faktore tot die seksuele mishandeling van die seun, tesame met probleme wat deur deelnemers aangedui is met betrekking tot ontwikkelingsareas van die seun in sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

middelkinderjare, dat gesinne emosioneel, psigologies, geestelik en moreel verarm is. Die gesinstruktuur blyk nie meer ‘n ondersteuningsisteem vir die seun en ook vir die gemeenskap te wees nie. Hierdie verandering in die gesinstruktuur en gesinsfunksionering is ‘n bewys daarvan dat aanleidende faktore nie slegs individueel beskou moet word nie, maar dat daar ook na aanleidende faktore gekyk moet word in terme van hulle wisselwerking. Die uitkoms van die aanleidende faktore gesamentlik in kohesie met mekaar, blyk ‘n nuwe faktor te skep wat ander uitkomste tot gevolg het as slegs aanleidende faktore op hulle eie. Die seun raak byvoorbeeld nie slegs betrokke by die kyk van pornografie weens individuele faktore soos sy geslag en ontwikkelingsfase wat aandui dat hy in hierdie tydperk risiko’s neem nie, maar raak moontlik vasgevang in ‘n pornografiese web, aangesien gesinsfaktore soos die afwesigheid van ouers ook ‘n rol speel. Die gevolge verander dus indien verskillende aanleidende faktore in hul wisselwerking met mekaar, beskou word.

Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

- Maatskaplike werkers gesinsfaktore as aanleidende faktore aanspreek, aangesien aanleidende faktore wat gesinne ervaar, disfunksionering tot gevolg blyk te hê.
- Maatskaplike werk hulp aan gesinne gebied word in areas van sosiale-, emosionele-, en seksuele ontwikkeling van die seun in die middelkinderjare, ten einde gesinne instaat te stel om hindernisse op hulle eie te kan oorkom.
- Maatskaplike werkers meer aandag skenk aan die gesin se gesinstruktuur. Die seun behoort nie sonder die teenwoordigheid en in agneming van sy gesin deur die maatskaplike werker hanteer te word nie, aangesien die gesin as primêre ondersteuningsisteem beskou kan word.
- Ouerplanne (“parenting plans”) wat maatskaplike werkers saamstel, nie slegs benut word vir die seun wat geraak word deur egskeiding, of ouers wat verwyderd is van mekaar nie, maar ook benut word vir alle verbrokkelde- of disfunksionele gesinne waar die seun ‘n slagoffer van seksuele mishandeling of ander vorme van mishandeling is of was. Ouerplanne vir hierdie gesinne behoort benut te word ten einde die gesinsisteem sover moontlik te herstel en die gesinsfunksionering te verbeter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.5 Seksuele mishandeling van seuns as maatskaplike werk verskynsel

Respondente is gevra om die verskillende vorme van kindermishandeling en seksuele mishandeling wat in hulle gevalleladings voorkom, aan te dui.

Gevolgtrekkings

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat verwaarlosing as die hoogste voorkoms aangedui is met betrekking tot verskillende vorme van mishandeling wat in respondente se gevalleladings voorkom. Fisieke mishandeling en emosionele mishandeling is gesamentlik deur die helfte van respondente as die minder hoogste voorkoms aangedui. Eksploitering en seksuele mishandeling het die laagste voorkoms in gevalleladings gehad. Ten opsigte van seksuele mishandeling, het kontak seksuele mishandeling wat verkragting, molestering en seksuele aanranding behels, ‘n hoë voorkoms in die meerderheid van die respondente se gevalleladings getoon. Ander vorme van seksuele mishandeling, naamlik kontak seksuele mishandeling soos bloedskande, asook nie-kontak seksuele mishandeling soos blootstelling en toegang tot pornografie toon ‘n lae voorkoms in die meerderheid van die respondente se gevalleladings. Hierdie lae voorkoms kan moontlik te wyte wees aan die proses van bekendmaking, aangesien literatuur (Alaggia, 2010:32) aandui dat 60% tot 80% van gevalle van seksuele mishandeling van die seun wat plaasvind, na beraming nié bekend gemaak word nie. Daar kan moontlik ‘n leemte bestaan met betrekking tot die aanmelding van kontak seksuele mishandeling soos bloedskande, en nie-kontak seksuele mishandeling soos blootstelling en toegang tot pornografie, wat tot gevolg kan hê dat die voorkoms van kontak seksuele mishandeling soos bloedskande, en nie-kontak seksuele mishandeling moontlik hoër kan wees.

Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

- Maatskaplike werkers bewus behoort te wees van die voorkoms van seksuele mishandeling in kombinasie met verwaarlosing.
- Maatskaplike werkers meer aandag aan verwaarlosing, seksuele mishandeling en eksploitering behoort te skenk, aangesien dit voorkom dat daar ‘n verband tussen die weerloosheid van die seun met betrekking tot verwaarlosing, en seksuele mishandeling en eksploitering as vorme van mishandeling bestaan. Verwaarlosing en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eksploitering moet deur maatskaplike werkers in verband gebring kan word met seksuele mishandeling ten einde die identifisering van seksuele mishandeling te kan bevorder. Maatskaplike werkers behoort bewus te wees daarvan dat seksuele mishandeling in kombinasie met ander vorme van kindermishandeling kan voorkom en dat daar ’n verband kan wees tussen verwaarlosing en seksuele mishandeling.

- Maatskaplike werkers se onkunde oor die kombinasie tussen die verskillende vorme van mishandeling wat kan voorkom, behoort aangespreek te word tydens supervisie deur toesighouers.
- Maatskaplike werkers moet opleiding ontvang ten opsigte van die proses van bekendmaking van seksuele mishandeling ten einde aanmelding van seksuele mishandelings naamlik kontak seksuele mishandeling soos bloedskande en nie-kontak seksuele mishandeling soos blootstelling en toegang tot pornografie te kan bevorder.
- Die risiko’s en gevare van pornografie via internet, media en tegnologie, maar ook as hulpmiddel vir oortreders in hulle seksuele misdade, behoort meer aandag te ontvang tydens voorkomingsprogramme wat deur maatskaplike werkers aangebied word, aangesien toegang en blootstelling tot pornografie bydra tot die seun se weerloosheid tot seksuele mishandeling.
- Die definiëring van pornografie binne Suid-Afrikaanse wetgewing behoort hersien te word, aangesien die lae voorkoms van eksploitering ’n aanduiding kan wees daarvan dat wanbegrippe oor pornografiese materiaal moontlik bestaan. Hierdie hersiening blyk ook nodig te wees ten einde pornografiese materiaal soos pornografiese beelde wat in vroue tydskrifte en advertensies voorkom, en wat nié as pornografie deur wetgewing beskou word nie, maar wat in werklikheid skade aan die seun berokken, te kan herdefinieer.
- Voorkomingsprogramme en oueraande in skole wat geïmplementeer word deur maatskaplike werkers, behoort die proses van “grooming” en nie-kontak seksuele mishandeling aan te spreek ten einde die seun en sy gesin te bemagtig.

6.2.6 Gevolge van seksuele mishandeling

Met betrekking tot die gevolge van seksuele mishandeling is die impak van verskeie gevolge beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gevolgtrekkings

Daar word bevind dat die meerderheid deelnemers gedragsgevolge as die hoogste voorkoms, en emosionele gevolge as die tweede hoogste voorkoms, met betrekking tot die gevolge van seksuele mishandeling op die seun in die middelkinderjare, aangedui het. Die gedrags- en emosionele gevolge blyk hoofsaaklik destruktief van aard op die seun self te wees, of op ander persone waarmee hy in kontak is, aangesien gedrag soos middelmisbruik, aggressie, swak gesinsverhoudinge, depressie en selfmoordpogings kan voorkom. Die gevolgtrekking word daarom gemaak dat die seun sy ervaring hoofsaaklik eksternaliseer vanuit die emosionele gevolge wat hy ervaar.

Die gevolgtrekking word ook gemaak dat die veranderde denkprosesse en verwarring wat die seun as gevolge van die seksuele mishandeling beleef, veroorsaak dat hy moontlik nie meer realisties met betrekking tot homself, andere en die wêreld kan dink en optree nie. Hy kan daarom destruktief optree sonder om die gevolge van sy gedrag in ag te neem. Die seun benodig daarom hulp om sin te maak ten opsigte van sy ervaringe en om denkprosesse te hervorm. Weens die seun se disfunksionele gesinsisteem wat hom in die meeste gevalle nie kan ondersteun en kan help om sin te maak uit die gebeure nie, ontstaan die risiko dat hy as slagoffer later self ‘n oortreder kan word. Daar word bevind dat die gevolge wat die seun beleef weens die seksuele mishandeling, dus die potensiaal het om sáám met die aanleidende faktore, voort te gaan om ‘n negatiewe impak op die seun uit te oefen, aangesien die seun se disfunksionele gesinsisteem nie veiligheid en beskerming aan hom kan bied in sy herstelproses nie.

Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

- Maatskaplike werkers elke aanmelding van gesinsdisfunksie wat deur hulle ontvang word, ondersoek met betrekking tot ‘n geskiedenis van mishandeling en spesifiek seksuele mishandeling.
- Die gesin toegerus word deur die maatskaplike werker om die seun van hulp te kan wees met betrekking tot die hantering en verwerking van die ervaring van seksuele mishandeling en die gevolge daarvan, aangesien die gevolge wat die seun ervaar weens die seksuele mishandeling, verskil van die gevolge van die seksuele mishandeling wat die gesin ervaar.
- Die seun wat die slagoffer van seksuele mishandeling is, ingeskakel word by ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rehabilitasieprogram waar hy opgeneem word vir ten minste vyf weke ten einde destruktiewe denke en gedrag te kan verander in konstruktiewe denke en gedrag. In die rehabilitasieprogram sal die seun die vryheid en vrymoedigheid hê om openlik te kan praat oor sy belewenis, aangesien hy saam met ander seuns wat dieselfde ervaringe gehad het in terme van "'n slagoffer van mishandeling", binne die rehabilitasieprogram sal wees. Hierdie tipe rehabilitasieprogramme, veral vir seuns in hulle middelkinderjare, is egter nie algemeen in Suid-Afrika nie en daar word daarom aanbeveel dat rehabilitasieprogramme wat opname vereis vir behandeling in Suid-Afrika, tot stand gebring word. Daar bestaan dus 'n behoefte aan rehabilitasieprogramme wat binne rehabilitasiesentrums hierdie leemtes aanspreek.

- Terapeutiese dienslewering deur die maatskaplike werker wat in 'n terapeutiese atmosfeer plaasvind aan die seun en sy gesin gebied word, ten einde die herstel van denkprosesse te bevorder en die seun en sy gesin te help om sin te maak uit die gebeure.

6.2.7 Klassifikasie van oortreders

Die klassifikasie van oortreders word beskou, ten opsigte van die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is.

Gevolgtrekkings

Daar word bevind dat die hóógste voorkoms van seksuele mishandeling van die seun in die middelkinderjare, deur oortreders wat bekend is aan die seun en buite of binne die gesin is, plaasvind. Die láágste voorkoms van seksuele mishandeling vind plaas deur oortreders wat 'n vreemdeling buite die gesin is. Die hoë voorkoms van bekende oortreders buite en binne die gesin dui daarop dat die ontwikkeling van die verhouding tussen die seun en die oortreder 'n belangrike aspek in die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare is. In ag genome die feit dat die meerderheid van seksuele mishandeling deur 'n bekende persone plaasvind, tesame met resultate ten opsigte van sosiale ontwikkeling as die area waar die mééste probleme voorkom, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die seun in sy middelkinderjare nie instaat is om die intensies van ander persone te kan onderskei nie.

Risikogedrag van die seun in sy middelkinderjare blyk tot gevolg te hê dat hierdie seun sy vertroue plaas in enige persoon wat 'n bekende is, óf die rol van sy ouers kan vervul en vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom kan bied wat hy in werklikheid van sy ouers benodig, met die gevolg dat hy homself in situasies plaas waar hy seksueel mishandel word. Daar kan daarom tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie risikogedrag, aanleiding kan gee tot ’n kombinasie van verskillende vorme van mishandeling wat binne en buite die gesin kan plaasvind ten opsigte van die seun in die middelkinderjare. Die sosiale ontwikkeling van die seun in sy middelkinderjare blyk dus ’n verband met die seksuele mishandeling wat plaasvind, te toon.

Daar word bevind dat die meeste oortreders volgens die respondente, manlike oortreders in hulle adolessentefase is, terwyl vroulike oortreders in hulle middel volwassejare die laagste voorkoms het. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die oortreders hoofsaaklik mans is, alhoewel vroulike oortreders wat in alle ontwikkelingsfases is, buiten die middel volwassejare, ook kan voorkom. Die meeste vroulike oortreders blyk volgens die meerderheid van respondente, in hulle middelkinderjare te wees, maar toon steeds ’n laer voorkoms as die laagste voorkoms van manlike oortreders wat deur respondente aangedui is.

Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

- Ouers of voogde van seuns in hulle middelkinderjare betrek word by voorkomingsprogramme wat deur die maatskaplike werker geïmplementeer word en waar inligting gegee word met betrekking tot oortreders. Sodoende kan ouers of voogde instaat gestel word ten einde die seuns fisiek, emosioneel en ten opsigte van elke ontwikkelingsarea te kan beskerm én voorkomend te kan optree.
- Die voorkoms van manlike en vroulike oortreders onder die ouderdom van agtien jaar wat seksuele oortreders is, geïdentifiseer word tydens maatskaplike werk ondersoeke ten einde voorkomingsprogramme en intervensies ten opsigte van hierdie oortreders vroegtydig te kan implementeer.
- Geslagsverskille binne die verskillende vorme van kindermishandeling meer uitgebreid eksploreer moet word en dat verbeterde metodes ten opsigte van die insameling van seksuele mishandelingsgeskiedenis van gesinne moet plaasvind.
- ‘n Verhoogde bewusmaking ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns plaasvind, en dat hierdie bewusmaking gepaard gaan met die identifisering van manlike en vroulike oortreders.
- Waar maatskaplike werkers, polisiebeamptes, gesondheidsdienswerkers en amptenare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Die Departement van Justisie kindermishandeling vermoed, en waar kindermishandeling plaasvind of reeds plaasgevind het, spesifiek seksúéle mishandeling, behoort gesamentlike besprekings gehou te word, ten einde hulpverlening met betrekking tot die veiligheid van hierdie seuns en hulle gesinne te bespreek. Sodoende kan effektiewe assessering en intervensie ook bewerkstellig word.

- Na aanleiding van die gevalle in hulle gevalleladings wat maatskaplike werkers bestuur, daar één gesamentlike verslag ten opsigte van hulpverlening aan hierdie seuns, op 'n intranetstelsel geplaas behoort te word. Die intranetstelsel behoort vrye toegang vir die maatskaplike werkers in verskillende departemente soos onderwys, gesondheid, polisie en korrektiewe dienste, wat as sleutelpersone betrokke is by die seun, te bied. Hierdie stelsel behoort die verskillende maatskaplike werkers betrokke, ook in staat te stel om nie net insette te lewer ten opsigte van die assessering en intervensie aan die seun en sy gesin nie, maar ook om die vordering van die seun en sy gesin op verskeie gebiede, te kan meet en evalueer. Hierdie intranetstelsel behoort ook kommunikasie en samewerking tussen die verskillende departemente en organisasies te bevorder.

6.2.8 Aanbevelings vir verdere studie

Na aanleiding van hierdie studie en te midde van verskeie navorsing wat oor jare gedoen is, blyk dit dat daar steeds verskeie aspekte ten opsigte van seksuele mishandeling is wat verdere studie vereis.

Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

- Verwaarlosing as aanleidende faktor tot seksuele mishandeling verder ondersoek word.
- Verdere studie ten opsigte van die voorkoms van kinders as seksuele oortreders, dit wil sê seksuele oortreders onder die ouderdom van agtien jaar, aandag vereis.
- Die invloed van pornografie deur die internet, media en tegnologie ten opsigte van die impak en gevolge wat dit op die kind in verskillende ontwikkelingsfases het, verder ondersoek word, asook ten opsigte van die aanleidende faktor wat dit in seksuele mishandeling speel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Aandag geskenk word aan navorsing met betrekking tot die definisie van pornografie via verskillende media en die impak wat die definiëring van pornografie het in verskillende vorme van mishandeling.

6.3 SAMEVATTING

Na aanleiding van die empiriese ondersoek kom dit voor dat dit die sienings van maatskaplike werkers is, dat verwaarlosing as vorm van mishandeling, die hoogste voorkoms het in hulle gevalleladings, terwyl seksuele mishandeling en eksploitering die laagste voorkoms het. Die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare as ’n enórme probleem, soos beskou in die literatuurstudie, weerspreek hierdie ondersoekgroep se sienings.

Daar blyk nie onsekerheid by maatskaplike werkers te wees of die seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare wél voorkom nie, óók nie oor die aanleidende faktore betrokke of die gevolge van die seksuele mishandeling op die seun nie. Die sienings van maatskaplike werkers ten opsigte van die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare, naamlik dat die voorkoms daarvan nie baie hoog is nie, blyk egter problematies te wees. Dit kom voor dat die lae voorkoms van seksuele mishandeling wat in maatskaplike werkers se gevalleladings aangedui word, daartoe aanleiding kan gee dat voorkomings- en vroeë intervensieprogramme nie beplan word nie, en dat opleiding dalk mínder fokus op terapeutiese dienslewering. Hierdie leemtes kan moontlik daartoe bydra dat seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare nie aangespreek word nie, en dat hierdie seuns self oortreders kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

Abel, G.G. & Harlow, N. 2001. **The Abel and Harlow child molestation prevention study.** [Web] Beskikbaar: http://www/childmolestationprevention.org/pages/research [Toegang op 31/01/2010].

Allagia, R. & Millington, G. 2008. Male child sexual abuse: a phenomenology of betrayel. **Clinical Journal of Social Work**, 36(3):265-275.

Allagia, R. 2010. An ecological analysis of child sexual abuse disclosure: Considerations for child and adolescent mental health. **J Can Acad Child Adolesc Psychiatry**, (19):32-39.

Amsosa UK. 2009. **Male rape, and it's effects upon you today.** [Web] Beskikbaar: http://www.amsosa.com/rape.htm [Toegang op 18/11/2009].

Anderson, N. & Ho-Foster, A. 2008. 13915 Reasons for equity in sexual offences legislation: a national school-based survey in South Africa. **International Journal for Equity in Health**. [Web] Beskikbaar: http://www.equityhealth.com/content/7/1/20 [Toegang op 19/11/2009].

Badenhorst, M.C. 2008. **The grooming process in child pornography: a social work case study**. Potchefstroom: Magister Artium.

Barnett, O., Miller-Perrin, C.L. & Perrin, R.D. 2011. **Family violence across the lifespan: an introduction** (3e uitgawe). California: Sage Publications.

Bear, Z. 1998. **Good practice in councelling people who have been abused.** London: Jessica Kingsley Publishers.

Bezuidenhout, C. & Joubert, S. 2008. **Child and youth misbehaviour in South Africa: a holistic approach** (2e uitgawe). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Biovin, M., Petitclere, A., Feng, B. & Barker, E.D. 2010. The developmental trajectories of peer victimization in middle to late childhood and the changing nature of their behavioral correlates. **Merril-Palmer Quarterly,** 56(7):231-260.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Botash, A.S. 2008. **Pediatrics, child sexual abuse.** [Web] Beskikbaar: http://emedicine.medscape.com.article [Toegang op 30/08/2010].

Bourke, J. 2007. **Rape: a history from 1860 to the present.** Great Brittain: Virago Press.

Browne, K.D.; Hanks, H.; Stratton, P. & Hamilton, C. (Red.) 2002. **Early prediction and prevention of child abuse: a handbook.** England: John Wiley & Sons, Ltd.

Burke Draucker, C. & Steele Martsolf, D. 2006. **Counselling survivors of childhood sexual abuse** (3e uitgawe). Londen: Sage Publications.

Childline S.A. 2010. **Extracts from prevention and education manual.** [Web] Beskikbaar: http://www/childlinesa.org.za [Toegang op 31/01/2010].

Cline, V.B. 2009. **Pornography's effects on adult and child.** [Web] Beskikbaar: http://mentalhealthlibrary.info/library/porn [Toegang op 24/06/2009].

Collins, G.R. 2005. **Die A tot Z van berading.** Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Collins, M.E., Kim, S.H. & Amodeo, M. 2009. **Empirical studies of child welfare training effectiveness: methods and outcomes.** Springer Science and Business Media, LLC. USA: Boston University School of Social Work.

Corby, B. 2006. **Child abuse toward a knowledge base** (3e uitgawe). Engeland: Open University Press.

Davies, D. 1999. **Child development: a practitioner's guide.** New York: The Guilford Press.

Davies, M., Rogers, P. & Hood, P.A. 2009. Perceptions of child sexual abuse in a hypothetical cybersexploitation case: the importance of perpatrator honesty outcome type and respondent gender. **Journal of Child Sexual Abuse,** 18:422-441.

Davis, L. & Snyman, R. (Red.) 2005. **Victomology in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Dawes, A. 12 Maart 2002. **Sexual offences against children in South Africa: considerations for primary prevention.** Children's Institute. South Africa: University of Cape Town.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions** (3e uitgawe). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Denov, M.S. 2003. The myth of innocence: sexual scripts and the recognition of child sexual abuse by female perpatrotors. **The Journal of Sex Research**, 40(3):303-314.

Department of Social Development. 2006. **Integrated service delivery model toward improved social services**. Pretoria: Staatskoerant.

Dickman, B.J. & Roux, A.J. 2005. Complainants with learning disabilities in sexual abuse cases: A 10-year review of a psycho-lagal project in Cape Town, South Africa. **British Journal of Learning Disabilities,** 33:138-144.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2002. **Educational psychology in social context** (2e uitgawe). Cape Town: Oxford University Press.

Dorais, M. 2002. **Don't tell: the sexual abuse of boys.** Canada: McGill-Queen's University Press.

Doyle, C. 2006. **Working with abused children** (3e uitgawe). New York: Palgrave MacMillan.

Dube, S.R., Anda, R.F., Whitfield, C.L., Brown, D.W., Felitti, V.J., Dong, M. & Giles, W.J. 2005. Long-term consequences of childhood sexual abuse by gender of victim. **American Journal of Preventative Medicine**, 28(5):430-438.

Engelbrecht, L.K. 1997. **Inleiding tot maatskaplike werk.** Wellington: Lanzo.

Enough is Enough: Protecting our children online. 2006-2008. **Internet safety 101.** A 501 © (3) organization founded in 1992. [Web] Beskikbaar: http://www.enough.org [Toegang op 13/01/2011].

Enslin, K. 2007. **Waardes en praktykbeginsels in maatskaplike werk: 'n oorsig.** Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (MA-Tesis)

Erikson, E.H. 1959. **Psychological issues: The life cycle.** England: Faber and Faber Limited.

Erikson, E.H. 1971. **Identity: Youth and crisis.** England: Faber and Faber Limited.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ferrara, F.F. 2002. **Childhood sexual abuse: developmental effects across the lifespan.** USA: Brooks/Cole.

Finkelhor, D. 2009. The prevention of childhood sexual abuse. **The Future of Children**, 19(2):169-194.

Fredericks, J. 2010. **Sexual abuse and exploitation of boys in South Asia: a review of research findings, legislation, policy and programme responses.** Innocenti Working Paper No. 2010-02. Florence: UNICEF Innocenti Research Centre: United Nations Children's Fund (UNICEF).

Gasser, U., Maclay, C. & Palfrey, J. 2010. **An exploratory study by the Berkman Center for internet & society at Harvard University, in collaboration with UNICEF.** USA: Harvard University Press.

Geldard, K. & Geldard, D. 2002. **Counselling children: a practical introduction** (2e uitgawe). London: Sage Publications.

Gries, L.T., Goh, D.S., Andrews, M.B., Gilbert, J., Praver, F. & Stelzer, D.N. 2000. Positive reaction to disclosure and recovery from child sexual abuse. **Journal of Child Sexual Abuse,** 9(1):29-51

Heitritter, L. & Vought, J. 2006. **Helping victims of sexual abuse: a sensitive biblical guide for counselors, victims, and families.** USA: Bethany House Publishers.

Hendry, L.B. & Kloep, M. 2002. **Lifespan development: resources, challenges en risks.** London: Thompson Learning.

Henning, E. with Van Rensburg, W. & Smit, B. 2004. **Finding your way in qualitative research.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Hollely, K. 2012. **Inviting psychology into the legal arena: helping presiding officers understand the disclosure process in child sexual abuse cases.** [Web] Beskikbaar: www.lsrcl.org [Toegang op 03/05/2012].

Horne, A.M. & Kiselica, M.S. (Red.) 1999. **Handbook of counselling boys and adolescent males: a practitioner's guide.** California: Sage Publications.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hughes, D.R. 2001. **Protecting children in cyberspace: Signs of sexual abuse.** [Web] Beskikbaar: http://www.protectkids.com/abuse/abusesigns.htm [Toegang op 09/04/2010].

Huston, R.L., Prihoda, T.J., Parra, J.M. & Foulds, D.M. 1997. Factors associated with the report of penetration in child sexual abuse cases. **Journal of Child Sexual Abuse**, 6(2):63-74.

Job, A. 2010. Impact of sexual abuse can be life-changing – expert. **Cape Times**. http://intrawp.pgwc.gov.za/articles [Web] Beskikbaar: [Toegang op 25/08/2011].

Johnson, L.C. & Yanca, S.J. 2004. **Social work practice: a generalist approach.** Boston: Pearson Education, Inc.

Jones Johnson, R. 2008. Advances in understanding and treating childhood sexual abuse: implications for research and policy. **Family Community Health**, 31(1S):S24-S31.

Juig. 2009. **Die psige, sedes en die silwerdoek.** Tydskrifartikel – Mei 2009.

Keenan, T. & Evans, S. 2009. **An introduction to child development** (2e uitgawe). London: Sage Publications.

Kirmayer, L.J., Lemelson, R. & Barad, M. 2008. **Understanding trauma: integrating biological, clinical, and cultural perspectives.** New York. Cambridge University Press.

Kistner, U., Fox, S. & Parker, W. 2004. **Child sexual abuse and HIV/AIDS in South Africa: a review.** Johannesburg: Centre for AIDS Development, Research and Evaluation (CADRE)/Department of Health.

Koenig, L.J., Doll, L.S., O'Leary, A. & Pequegnat, W. 2004. **From child sexual abuse to adult sexual risk: trauma, revictimization and intervention.** Washington, DC: American Psychological Association.

Lombard, A. 2006. **Social change through integrated social and economic development.** Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie, Universiteit Pretoria.

London, K., Bruck, M., Ceci, S.J. & Shuman, D.W. 2005. Disclosure of child sexual abuse: What does research tell us about the ways that children tell? **Journal of Psychology, Public Policy and Law**, 11(1):194-226.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike ontwikkeling** (3e uitgawe). Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Maartens, M. (Red.) 2006. **Deur trauma.** Pretoria: Lapa Uitgewers (Edms.) Bpk.

Maikovich-Fong, A.K. & Jaffee, S.R. 2010. Sex differences in childhood sexual abuse charactarestics and victims' emotional and behavioral problems: findings from a national sample of youth. **Journal of Child Abuse and Neglect,** (34):429-437.

Maree, J.G., Kruger, D.C. & Delport, R. 2003. Narratiewe terapie aan die seksueel mishandelde kliënt: gevalstudie ter illustrasie van die herskryf van die verhaal van 'n kliënt met 'n "ander seksuele versteuring" **South African Journal of Education**, 23(4):297-306.

McAlpine, K. 23 Augustus 2006. **Culture and attitude play a key role in child sexual abuse.** Mkombozi Centre for Street Children. Tanzania. [Web] Beskikbaar: http://www.mkombozi.org [Toegang op 11/06/2010].

Meece, J.L. & Daniels, D.H. 2008. **Child & adolescent development for educators** (3e uitgawe). New York: McGraw-Hill.

Mills, R.S.L., Arbeau, K.A., Lall, D.I.K. & De Jaeger, A.E. 2010. Parenting and child characteristics in the prediction of shame in early and middle childhood. **Merril-Palmer Quarterly**, 56(4):500-528.

Mitchell, K.J., Finkelhor, D. & Wolak, J. 2007. Online requests for sexual pictures from youth: risk factors and incident characteristics. **Journal of Adolescent Health**, 41:196-203.

Molestation, Sexual Abuse, Rape. 2010. **Contributing factors of molestation, sexual abuse, incest, rape and statistics in South Africa.** [Web] Beskikbaar: http://www.molestation/Contributing_factors_Statistics.html [Toegang op 07/04/2010].

Mouton, J. 2001. **How to succeed in your master's & doctoral studies: a South African guide and resource book.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Mudaly, N. & Goddard, C. 2006. **The truth is longer than a lie: children's experiences of abuse and professional interventions.** London: Jessica Kingsley Publishers.

Munro, E. 2002. **Effective child protection.** London: Sage Publications.

Munro, E. 2007. **Effective child protection.** London: Sage Publications.

Newman, J. 2005. **Protection through participation: young people affected by forced migration and political crisis**. IOM. RSC Working Paper No.20. United Kingdom: Department of International Development: University of Oxford.

O'Leary, P.J. & Barber, J. 2008. Gender differences in silencing following childhood sexual abuse. **Journal of Child Sexual Abuse**, 17(2):133-143.

Odendal, F.F. & Louw, R.H. 2000. **HAT: verklarende handwoordeboek van die afrikaanse taal** (3e druk). Midrand: Perskor Uitgewers.

Perry, B.D. 2010. **Helping children move from the comfortable and familiar, and take on new challenges.** Developmental Hot Zone. [Web] Beskikbaar: http://teacher.scholastic.com/professional/bruceperry/hot_zone/htm [Toegang op 10/12/2010].

Prevent Child Abuse America. 1995-2010. **Sexual abuse of boys.** Fact Sheet. Chicago. [Web] Beskikbaar: http://www.preventchildabuse.org/publications/index.shtml [Toegang op 13/03/2010].

Price, L., Maddocks, A., Davies, S. & Griffiths, L. 2002. Somatic and psychological problems in a cohort of sexually abused boys: a six year follow up case control study. **Journal of Archives of Disease in Childhood**, 86(3):164-167.

Pritchard, C. 2004. **The child abusers: Research and controversy.** England: Open University Press.

Rainn. 2009. **Types of sexual assault.** Rape, Abuse & Incest National Network. America. [Web] Beskikbaar: http://www/rainn.org/get-information/types-of-sexual-assault.html [Toegang op 09/04/2010].

Ray, S.L. 2001. Male survivors' perspectives of incest/sexual abuse. **Perspectives in Psychiatric Care**, 37(2):49-59.

Redpath, J. 2003. South Africa's heart of darkness. Sex crimes and child offenders: some trends. **S.A. Crime Quarterly**, 4:17-24.

Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, C. 2004. **Sexual abuse of young children in Southern Africa.** Kaapstad: Human Sciences Research Council.

Roos, N. 2005. **Praat daaroor**. Pretoria: Lapa Uitgewers (Edms) Bpk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Roos, V. & Vorster, C. (Red.). 2003. **An introduction to forensic psychology.** Wingate Park: Verbum Publishers.

Ross, M. & Shellenberger, S. 2010. **What your son isn't telling you: unlocking the secret world of teen boys**. Minneapolis: Bethany House.

Royse, D. 2008. **Research methods in social work** (5e uitgawe). USA: The Thompson Corporation.

RSA. Departement van Gesondheid, Weskaap. 21 September 2000. **Paediatric Case Management Guidelines: Management of Child Abuse.** Circular H102/2000. Pretoria: Staatskoerant.

RSA. Kinderwet van Suid-Afrika, 38 van 2005. 16 Junie 2006. Pretoria: Staatskoerant.

RSA. Ministry for Welfare and Population Development. 1997. **White Paper for Social Welfare, Notice 1108 of 1997.** Government Gazette, 386, No. 18166, 8 Augustus 1997. Pretoria: Staatskoerant.

Sageman, S. 2003. The rape of boys and the impact of sexually predatory environments: Review and case reports. **Journal of the American Academy of Psychoanalysis and Dynamic Psychiatry**, 31(3):563-580.

Segal, E.A., Gerdes, K.E. & Steiner, S. 2007. **An introduction to the profession of social work: becoming a change agent** (2e uitgawe). Belmont, CA: Thompson-Brooks/Cole.

Silovsky, F. & Bonner, B.L. 2004. **Sexual development and sexual behavior problems in children ages 2-12.** National Center on Sexual Behavior of Youth: National Center on Child Abuse and Neglect, University of Oklahoma Health Sciences Center. Fact Sheet. USA: Department of Justice. [Web] Beskikbaar: http://www.ncsby.org/pages/publications/Sexual%20DEvelopment%20of20%Child.pdf [Toegang op 20/04/2010].

Skweyiya, Z. 2006. **Integrated service delivery model for developmental social services.** Department of Social Development. Pretoria: Government Printers.

Snowman, J., McCown, R. & Biehler, R. 2009. **Psychology applied to teaching** (12e Uitgawe). USA: Houghton Mifflin Company.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sorsoli, L., Kia-Keating, M. & Grossman, F.K. 2008. "I keep that hush-hush": male survivors of sexual abuse and the challenges of disclosure. **Journal of Counselling Psychology**, 55(3):333-345.

Spiegel, J. 2003. **Sexual abuse of males: the SAM model of theory and practice.** Great Britain: Brunner-Routledge.

Spies, G.M. 2006. **Sexual Abuse: dynamics, assessment and healing.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Steytler, J. & Strydom, H. 2007. The void left with the boy in his late middle childhood by the absent father. **SA-eDuc Journal**, 4(1):29-39.

Stoop, D. & Stoop, J. (Red.) 2004. **The complete parenting book: practical help from leading experts.** USA: Fleming H. Revell.

"United Nations Office on Drugs and Crime" (UNODC) (2011:1)

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. **Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk: Hersiene en uitgebreide uitgawe.** Kaapstad: CTP Book Printers (Pty) Ltd.

Walker, J.L., Carey, P.D., Mohr, N., Stein, D.J. & Seedat, S. 2004. Gender differences in the prevalence of childhood sexual abuse and in the development of pediatric PTSD. **Archives of Women's Mental Health**, (7):111-121.

Walker, M. 2005. **The statutory social worker's role in prevention and early intervention with children.** Summary Report. 21st Century Social Worker Review Group. University of Stirling. [Web] Beskikbaar: http://www.scotland.gov.uk/Publications/2005/12/16103746 [Toegang op 03/06/2006].

Watkins, B. & Bentovin, A. 1992. The sexual abuse of male children and adolescents: A review of current research. **Journal of Clinical Psychology and Psychiatry**, 33(10):197-248.

Weskaapse Onderwys Departement. 2001. **Stop misbruik: effektiewe hantering van kindermisbruik.** Kaapstad: WKOD.

Whealin, J.M., Zinzow, H.M., Salstrom, S.A. & Jackson, J.L. 2007. Sex differences in the experience of unwanted sexual attention and behaviors during childhood. **Journal of Child**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sexual Abuse, 16(3):41-104.

White Paper for Social Welfare. 1997. **Principles, guidelines, recommendations, proposed policies and programmes for developmental social welfare in South Africa.** RSA: Pretoria.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE A: AFRIKAANSE INGELIGTE TOESTEMMINGSVORM

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
INWILLIGING OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING

VRAELYS OOR MAATSKAPLIKE WERKERS SE SIENINGS OOR DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS IN DIE MIDDELKINDERJARE

U word gevra om deel te neem aan ’n navorsingstudie wat uitgevoer word deur Susanna Maria Theron, B.Diac (mw.), van die Departement van Maatskaplike Werk aan die Universiteit Stellenbosch. Die resultate van hierdie navorsingstudie sal deel word van ’n tesis. U is as moontlike deelnemer aan die studie gekies omdat u ’n maatskaplike werker in die Weskus is wat dienste lewer aan seuns in hulle middelkinderjare.

1. DOEL VAN DIE STUDIE

Die studie het ten doel om die sienings van maatskaplike werkers oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare te bekom.

2. PROSEDURES

Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, vra ons dat u die volgende moet doen:

Die vraelys is konfidensieel en u het nie nodig om u naam of enige besonderhede op die vraelys aan te dui nie. Voltooi die vraelys deur ’n X te maak in die gepaste blokkies waar daar gevra word dat u die voorkoms van die spesifieke aspek moet aandui.

Waar daar in die vraelys gevra word dat u die hoogste/laagste of meeste/minste getal moet aandui, skryf die nommer van die toepaslike getal in die blokkie en nie slegs ’n X nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indien daar in die vraelys gevra word dat u ’n spesifieke aspek moet beskryf, moet u in u eie woorde u mening gee. Skryf asseblief in volledige sinne en moet nie slegs woorde lys nie.

U het twee weke vanaf ontvangs van die vraelys, om dit te voltooi. Sodra u die vraelys voltooi het moet u dit voor of op die laaste dag van die twee weke periode aan u toesighouer terug besorg. U toesighouer sal alle vraelyste van u kantoor terug besorg aan my na afloop van die twee weke wat vir voltooiing van die vraelys voorsien is.

3. MOONTLIKE RISIKO’S EN ONGEMAKLIKHEID

Indien u onsekerheid ervaar met betrekking tot spesifieke woorde of vraagstelling binne die vraelys of enige aspek met betrekking tot wat van u verwag word, kan u my telefonies kontak om dit te bespreek.

4. MOONTLIKE VOORDELE VIR PROEFPERSONE EN/OF VIR DIE SAMELEWING

Die navorsingstudie sal maatskaplike werkers se sienings oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare bekom. Die navorsingstudie sal ’n bydrae lewer tot die veld van kindermishandeling.

5. VERGOEDING VIR DEELNAME

Geen vergoeding sal vir enige vorm van deelname aan die navorsingstudie gegee word nie.

6. VERTROULIKHEID

Enige inligting wat deur middel van die navorsing verkry word en wat met u in verband gebring kan word, sal vertroulik bly en slegs met u toestemming bekend gemaak word of soos deur die wet vereis. Vertroulikheid sal gehandhaaf word deur middel van koderingstappe wat sal behels dat elke vraelys ’n nommer sal ontvang. Alle vraelyste sal slegs deur die ondersoeker hanteer, geanaliseer en verwerk word en in veilige bewaring gehou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7. DEELNAME EN ONTTREKKING

U kan self besluit of u aan die studie wil deelneem of nie. Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, kan u te eniger tyd u daaraan onttrek sonder enige nadelige gevolge. U kan ook weier om op bepaalde vrae te antwoord, maar steeds aan die studie deelneem. Die ondersoeker kan u aan die studie onttrek indien omstandighede dit noodsaaklik maak, byvoorbeeld indien u ander proefpersone beïnvloed in die voltooiing van hulle vraelyste.

8. IDENTIFIKASIE VAN ONDERSOEKER

Indien u enige vrae of onsekerheid omtrent die navorsing het, staan dit u vry om in verbinding te tree met Susan Theron by sel.: 083 3388 339 of 027-213 1795.

9. REGTE VAN PROEFPERSONE

U kan te eniger tyd u inwilliging terugtrek en u deelname beëindig, sonder enige nadelige gevolge vir u. Deur deel te neem aan die navorsing doen u geensins afstand van enige wetlike regte, eise of regsmiddel nie. Indien u vrae het oor u regte as proefpersoon by navorsing, skakel met Me Maléne Fouché [mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622] van die Afdeling Navorsingsontwikkeling, Universiteit Stellenbosch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING DEUR PROEFPERSOON/DEELNEMER OF SY/HAAR REGSVERTEENWOORDIGER

Die bostaande inligting is aan my, _____, gegee en verduidelik deur _____, in Afrikaans. Ek is dié taal magtig of dit is bevredigend vir my vertaal. Ek,_____is die geleentheid gebied om vrae te stel en my vrae is tot my bevrediging beantwoord.

Ek willig hiermee vrywillig in om deel te neem aan die studie. 'n Afskrif van hierdie vorm is aan my gegee.

_____

Naam van proefpersoon/deelnemer

_____

Naam van regsverteenwoordiger (indien van toepassing)

_____ _____

Handtekening van proefpersoon/deelnemer of regsverteenwoordiger Datum

VERKLARING DEUR ONDERSOEKER

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie dokument vervat, verduidelik het aan die maatskaplike werker se toesighouer/kantoorhoof. Hy/sy is aangemoedig en oorgenoeg tyd gegee om vrae aan my te stel. Dié gesprek is in Afrikaans gevoer en geen vertaler is gebruik nie.

_____ _____

Handtekening van ondersoeker **Datum**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE B: VRAELYS - AFRIKAANS

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE WERK
SEMI-GESTRUKTUREERDE VRAELYS

VRAELYS OOR MAATSKAPLIKE WERKERS SE SIENINGS OOR DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS IN DIE MIDDELKINDERJARE

Respondent nommer	

Alle inligting wat ingesamel word uit hierdie vraelys sal konfidensieel hanteer word.

VIR DIE DOEL VAN HIERDIE STUDIE WORD DIE SEUN IN DIE MIDDEL-KINDERJARE AS 'N SEUN TUSSEN DIE OUDERDOMME VAN 6 JAAR EN 12 JAAR OUD BESKOU.

Instruksies:

- Hierdie vraelys is konfidensieel.
- Maatskaplike werkers moet die vraelys voltooi met betrekking tot hulle sienings oor die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare.
- Dui u antwoord met 'n X in die gepaste blokkie aan.
- Gee asseblief u siening waar dit binne die vraelys gevra word.

1. OUDERDOM EN WERKONDERVINDING

1.1 Ouderdom? _____

1.2 Jare ondervinding as maatskaplike werker?

_____

1.3 Tydperk verbonde aan huidige organisasie?

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. KWALIFIKASIES EN OPLEIDING

2.1 Dui u hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk aan

Kwalifikasie	
Diploma in maatskaplike werk	
B.A. maatskaplike werk (3 jaar)	
B. maatskaplike werk (4 jaar)	
B.A. maatskaplike werk (4 jaar)	
B.Diac maatskaplike werk (4 jaar)	
Honeurs B.A. maatskaplike werk	
M.A. maatskaplike werk	
D.Phil maatskaplike werk	

2.2 Ander kwalifikasies wat bekom is en verbandhoudend met maatskaplike werk is?

_____

_____

_____

2.3 Watter opleiding het u ten opsigte van seksuele mishandeling van die seun ontvang?

_____

_____

_____

2.4 Indien u wel opleiding ten opsigte van die seksuele mishandeling van die seun ontvang het, beskryf kortliks die inhoud van die opleiding.

_____

_____

_____

3. HUIDIGE WERKSITUASIE

3.1 Dui die tipe organisasie waar u in diens as maatskaplike werker is, aan.

Staat		**NRO**		**Ander: spesifiseer**	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Aan hoeveel individuele kliënte lewer u dienste?

_____

4. DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE VANUIT 'N MENSLIKE ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEF

4.1 In watter ontwikkelingsareas van die seun in die middelkinderjare kom daar na u mening die meeste probleme voor? Merk slegs die areas van ontwikkeling waarin die meeste probleme voorkom met 'n X in die toepaslike blokkies en dui deur middel van voorbeelde aan hoe hierdie probleme manifesteer.

Ontwikkelingsareas binne die middelkinderjare as ontwikkelingsfase	**Voorkoms**	**Manifestasie/ Voorbeeld**
Fisiologiese ontwikkeling		
Kognitiewe ontwikkeling		
Sosiale ontwikkeling		
Emosionele ontwikkeling		
Seksuele ontwikkeling		

5. SEKSUELE MISHANDELING VAN SEUNS AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL

Dui aan watter van die verskillende vorme van kindermishandeling kom in u gevallelading voor, op grond van die hoogste voorkoms en die laagste voorkoms. Merk slegs die vorme wat op u gevallelading van toepassing is met 'n X in die toepaslike blokkies.

Vorme van kindermishandeling	**Hoogste voorkoms**	**Laagste voorkoms**
Fisieke mishandeling		
Seksuele mishandeling		
Emosionele mishandeling		
Verwaarlosing		
Eksploitering		

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2 Watter van die volgende faktore is na u mening aanleidend in die gemeenskappe waar u dienste lewer tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare? Dui die voorkoms van hierdie faktore met 'n X aan volgens die hoogste, minder hoogste en laagste voorkoms.

Aanleidende faktore tot seksuele mishandeling van die seun in sy middelkinderjare	**Hoogste voorkoms**	**Minder hoogste voorkoms**	**Laagste voorkoms**
Individuele faktore: bevolkingsgroep, geslag, ouderdom en ontwikkelingsfase, seksuele oriëntasie			
Gesinsfaktore: middelmisbruik van ouers, verbrokkelde gesinne, geestelike gesondheid van ouers, kriminele gedrag van ouers, voorkoms van mishandeling en verwaarlosing in gesin			
Gemeenskapsfaktore: sosio-ekonomiese- en politieke faktore, verliese aan hulpbronne in die gemeenskap, kulturele faktore, godsdienstige faktore			

5.3 Watter ander faktore wat nie hierbo genoem is nie, is na u mening aanleidend tot die seksuele mishandeling van seuns in die middelkinderjare?

_____

_____

_____

5.4 Watter vorme van seksuele mishandeling kom na u mening in u gevallelading voor, by seuns wat slagoffers van seksuele mishandeling was? Dui u antwoord met 'n X in die blokkies aan.

Vorme van seksuele mishandeling	**Ja**	**Nee**	**Nie seker**
Kontak seksuele mishandeling: verkragting, molestering en seksuele aanranding			
Kontak seksuele mishandeling: bloedskande			
Nie-kontak seksuele mishandeling: blootstelling en toegang tot pornografie			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.5 Watter ander vorme van mishandeling het na u mening in die meeste gevalle saam met seksuele mishandeling by die seuns voorgekom?

_____

_____

_____

_____

5.6 Beskryf die gevolge wat na u mening by die meeste seuns waaraan u dienste gelewer het, weens die seksuele mishandeling, voorgekom het?

_____

_____

_____

_____

6. KLASSIFIKASIE VAN OORTREDERS IN DIE SEKSUELE MISHANDELING VAN DIE SEUN

6.1 Wat was die aard van die verhouding tussen die oortreder en die seun wat seksueel mishandel is by die meeste gevalle waaraan u dienste gelewer het? Dui die aard van die verhouding aan deur die hoogste, minder hoogste en laagste voorkoms daarvan met 'n X te merk.

Verhouding tussen oortreder en seun	**Hoogste voorkoms**	**Minder hoogste voorkoms**	**Laagste voorkoms**
Binne gesin: ouer, stiefouer, grootouer, saamleefmaat van ouer, ander familielid			
Buite gesin: vriend of bekende persoon			
Buite gesin: vreemdeling			
Ander: spesifiseer			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2 Wat was die oortreder se ontwikkelingsfase en geslag in die meeste gevalle van seksuele mishandeling van die seuns waarby u as maatskaplike werker betrokke was? Merk slegs die toepaslike kategorie.

Ontwikkelingsfase van die oortreder	**Ontwikkelingsfase**	**Geslag**
Middelkinderjare (6-12 jaar)		
Adolessentejare (12-20 jaar)		
Vroeë volwassejare (20-30 jaar)		
Middel volwassejare (30-40 jaar)		
Laat volwassejare (40 jaar en ouer)		

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE C: ENGELSE INGELIGTE TOESTEMMINGSVORM

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

STELLENBOSCH UNIVERSITY
CONSENT TO PARTICIPATE IN RESEARCH

QUESTIONNAIRE WITH REGARDS TO SOCIAL WORKERS' OPINION OF THE SEXUAL ABUSE OF BOYS IN MIDDLE CHILDHOOD

You are asked to participate in a research study conducted by Susanna Maria Theron, B.Diac (sw.), from the Department of Social Work at Stellenbosch University. The results from this study will be contributed to a thesis. You were selected as a possible participant in this study because you are a social worker in the West Coast that delivers services to boys in middle childhood.

1. PURPOSE OF THE STUDY

The study is designed to establish the opinions of social workers with regards to the sexual abuse of boys in middle childhood.

2. PROCEDURES

If you volunteer to participate in this study, we would ask you to do the following things:

The questionnaire is confidential; you therefore need not to indicate your name or any personal information on the questionnaire. Complete the questionnaire by making an X in the relevant blocks where you are required to indicate the presentation of a specific aspect.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Where the questionnaire require of you to indicate the highest/lowest number, write the number in the relevant block and not just an X.

If in the questionnaire you are required to describe a specific aspect, you must give your opinion in your own words. Please write in full sentences and don't just indicate a list of words.

You have two weeks from the date of reception, to complete the questionnaire. After completion of the questionnaire, before or on the last of the two week period, you must hand in your questionnaire at your supervisor. Your supervisor will hand in all questionnaires of your office to me after the two weeks given for the completion of the questionnaire.

3. POTENTIAL RISKS AND DISCOMFORTS

If you experience any uncertainty with regards to certain words or questions within the questionnaire, or any aspects required of you, you can contact me by telephone in order to discuss it.

4. POTENTIAL BENEFITS TO SUBJECTS AND/OR TO SOCIETY

The research will establish social workers' opinions with regards to the sexual abuse of boys in middle childhood. The research will benefit the field of child protection.

5. PAYMENT FOR PARTICIPATION

No payment will be given for any form of participation in the research.

6. CONFIDENTIALITY

Any information that is obtained in connection with this study and that can be identified with you will remain confidential and will be disclosed only with your permission or as required by law. Confidentiality will be maintained by means of numbering of questionnaires. All questionnaires will be handled, analyzed and processed by the researcher and will be in safe keeping.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7. PARTICIPATION AND WITHDRAWAL

You can choose whether to be in this study or not. If you volunteer to be in this study, you may withdraw at any time without consequences of any kind. You may also refuse to answer any questions you don't want to answer and still remain in the study. The investigator may withdraw you from this research if circumstances arise which warrant doing so, for example if you influence other respondents in the completion of their questionnaires.

8. IDENTIFICATION OF INVESTIGATORS

If you have any questions or concerns about the research, please feel free to contact Susan Theron by cell.: 083 3388 339 or 027-213 1795.

9. RIGHTS OF RESEARCH SUBJECTS

You may withdraw your consent at any time and discontinue participation without penalty. You are not waiving any legal claims, rights or remedies because of your participation in this research study. If you have questions regarding your rights as a research subject, contact Ms Maléne Fouché [mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622] at the Division for Research Development.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SIGNATURE OF RESEARCH SUBJECT OR LEGAL REPRESENTATIVE

The information above was described to me,_____by _____ in Afrikaans/English and I _____ am in command of this language or it was satisfactorily translated to me. I was given the opportunity to ask questions and these questions were answered to my satisfaction.

I hereby consent voluntarily to participate in this study. I have been given a copy of this form.

_____

Name of Subject/Participant

_____

Name of Legal Representative (if applicable)

_____ _____

Signature of Subject/Participant or Legal Representative **Date**

SIGNATURE OF INVESTIGATOR

I declare that I explained the information given in this document to the social worker's supervisor/head of office. He/she was encouraged and given ample time to ask me any questions. This conversation was conducted in Afrikaans and no translator was used.

_____ _____

Signature of Investigator **Date**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE D: ENGELSE VRAELYS

QUESTIONNAIRE – ENGLISH

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
DEPARTMENT OF SOCIAL WORK
SEMI-STRUCTURED QUESTIONNAIRE

QUESTIONNAIRE WITH REGARDS TO SOCIAL WORKERS' OPINION OF THE SEXUAL ABUSE OF BOYS IN MIDDLE CHILDHOOD

Respondent number	

All information pertaining to this questionnaire will be treated with confidentiality.

FOR THE PURPOSE OF THIS STUDY, THE BOY IN MIDDLE CHILDHOOD WILL BE REGARDED AS A BOY BETWEEN 6 AND 12 YEARS OF AGE.

Instructions:

- This questionnaire is confidential.
- Social workers must fill out the questionnaire with regards to their opinion pertaining to the sexual abuse of boys in middle childhood.
- Indicate your response with an X in the relevant block.
- Please give your opinion where required in the questionnaire.

1. AGE AND WORK EXPERIENCE

1.1 Age? _____

1.2 Years experience as social worker?

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.3 Time appointed to current organization?

_____

2. QUALIFICATIONS AND TRAINING

2.1 Indicate your highest qualification in social work.

Qualification	
Diploma in social work	
B. social work	
B.A. social work (3 years)	
B. social work (4 years)	
B.A. social work (4 years)	
B.Diac social work (4 years)	
Honnours B.A. social work	
M.A. social work	
D.Phil social work	

2.2 Other qualifications that you obtained relevant to social work?

_____

_____

_____

_____

2.3 What training did you obtain with regards to the sexual abuse of the boy?

_____

_____

_____

_____

2.4 If you obtained training with regards to the sexual abuse of the boy, describe briefly what the training consisted of?

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. CURRENT WORK ENVIRONMENT

3.1 Indicate the type of organization where you are currently employed as social worker.

Government		**NGO**		**Other: specify**	

3.2 How many individual clients do you deliver services to? _____

4. MIDDLE CHILDHOOD AS DEVELOPMENTAL PHASE THROUGH A HUMAN DEVELOPMENTAL PERSPECTIVE

4.1 According to your opinion, in which areas of development of the boy in middle childhood do the most problems occur? Only indicate the areas of development in which the most problems occur with an X in the relevant blocks and give examples of how these problems manifest.

Area of development in middle childhood as developmental phase	**Presentation**	**Manifestation/Example**
Physiological development		
Cognitive development		
Social development		
Emotional development		
Sexual development		

5. SEXUAL ABUSE OF BOYS AS SOCIAL PROBLEM

5.1 Indicate what different types of child abuse present itself in your case load. Indicate the highest and lowest presentation with an X in the relevant columns. Only indicate the types relevant to your case load.

Types of child abuse	**Highest presentation**	**Lowest presentation**
Physical abuse		
Sexual abuse		
Emotional abuse		
Maltreatment		
Exploitation		

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2 According to your opinion, which of the following are inclining factors with regard to sexual abuse of boys in middle childhood? Indicate the highest, least high and lowest inclining factors with an X in the relevant columns.

Inclining factors in the sexual abuse of the boy in middle childhood	**Highest presentation**	**Least high presentation**	**Lowest presentation**
Individual factors: race, gender, age and developmental phase, sexual orientation			
Family factors: parents' substance abuse, dysfunctional families, parents' mental health, parents' criminal behavior, presentation of abuse and maltreatment in family			
Community factors: socio-economical- and political factors, lack of resources in community, cultural factors, religious factors			

5.3 According to your opinion what other factors not mentioned above are inclining factors to the sexual abuse of boys in middle childhood?

_____

_____

_____

5.4 According to your opinion, which types of sexual abuse present itself in your case load, with regard to boys that are victims of sexual abuse? Indicate your answer with an X in the relevant blocks.

Types of sexual abuse	**Yes**	**No**	**Not sure**
Contact sexual abuse: rape, molestation, sexual assault			
Contact sexual abuse: incest			
Non contact sexual abuse: exploitation and access to pornography			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.5 In your opinion what other types of abuse accompanied the sexual abuse of boys in most cases?

_____

_____

_____

_____

5.6 Describe the consequences of sexual abuse that occur, in your opinion, with most of the boys in your case load that you deliver services to.

_____

_____

_____

_____

_____

6. CLASSIFICATION OF PERPETRATIORS IN THE SEXUAL ABUSE OF THE BOY.

6.1 What was the foundation for the relationship between the perpetrator and the boy that was sexually abused in most of the cases that you deliver services to? Indicate the highest, least high and lowest presentation of the foundation for the relationship with an X in the relevant column.

Relationship between perpetrator and boy	**Highest presentation**	**Least high presentation**	**Lowest presentation**
Within family: parent, stepparent, grandparent, partner, other family member			
Outside family: friend or person known to the boy			
Outside family: stranger			
Other: specify			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2 What was the perpetrator's developmental phase and gender in most of the cases of sexual abuse of boys where you as social worker where involved in? Indicate only the relevant category.

Developmental phase of perpetrator	Developmental phase	Gender
Middle childhood (6-12 year)		
Adolescent (12-20 year)		
Early adulthood (20-30 year)		
Middle adulthood (30-40 year)		
Late adulthood (40 year and older)		

THANK YOU FOR YOUR COOPERATION